

DIE TRIOMF
VAN AFRIKAANS

KWARTEEU-SERIE — NASIONALE PERS, BPK.



KWARTIEU - SERIE



NATIONALE PERS BPK.





NATIONALE PERS. BEPERK. Kaapstad

DIE TRIOMF VAN AFRIKAANS

PROF. DR. E. C. PIENAAR

Die Triomf van Afrikaans

HISTORIESE OORSIG VAN DIE WORDING,
ONTWIKKELING, SKRIFTELIKE GEBRUIK EN
GELEIDELIKE ERKENNING VAN ONS TAAL

NATIONALE PERS BEPERK.—KAAPSTAD
BLOEMFONTEIN EN PORT ELIZABETH

1943

„Die één enigste witmans-taal
wat in Suid-Afrika gemaak is en nie
oor die seewater klaar gekom het nie;
wat die spore van lief en leed dra
wat alles wat ons en ons vadere hier
deurleef en deurworstel en deurtriomfeer het;
die één band wat ons as nasie aan mekaar heg;
die uitgedrukte siel van ons volk”

—LANGENHOVEN

Aan die Jeug van Suid-Afrika
word hierdie werk opgedra

INHOUD

Hoofstuk

Bladsy

I. DIE WORDINGSPERIODE

1. Jan van Riebeeck (1652)	1
2. H. A. van Rheeде tot Drakenstein (1685)	2
3. „Crimineele Justitiën" (1706)	4
4. Otto Frederik Mentzel (1732-1740)	5
5. Hendrik Jacob Wikar (1775-1779)	7
6. Lied ter Eere van de Swellendamsche en diverse andere Helden by de bloedige Actie aan Muisenberg in dato 7 Aug. 1795	9
7. J. A. Uytенhage de Mist (1802-1804)	11
8. Hinrich Carl Lichtenstein (1802-1806)	14
9. Struktuur van Afrikaans	16

II. DIE ANGLISERINGSPERIODE

1. Die Britse Veroweraar (1806)	21
2. Sir John Cradock (1811)	25
3. Lord Charles Somerset (1814)	27
4. Vryskole en Privaatskole	34
5. Somerset en die Kaapse Kerk	44
6. Toenemende Verengelsing ná 1840	58

III. DIE AANVOORPERIODE

1. Hollands en Afrikaans	69
2. Klaas Waarzegger (1860)	75
3. Gevolge van Klaas Waarzegger se Optrede	75
4. Eerste Afrikaanse Digwerk (1861)	81
5. Samuel Zwaartman (1870)	82
6. Francis William Reitz (1870)	85
7. Arnoldus Pannevis (1872)	86

8.	Casper Peter Hoogenhout (1873)	91
9.	Een Ware Afrikaander (1874)	98
10.	Klaas Waarzegger, Jr., en Ware Afrikaander	101
11.	Dr. Johannes Brill (Mei 1875)	104
12.	Tweede Brief van Pannevis (1874)	107

IV. DIE PROPAGANDAPERIODE

1.	'n Voorlopige Vergadering (14 Aug. 1875)	112
2.	Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land	117
3.	Die Afrikaanse Volkslied	121
4.	Manifes van die G.R.A.	125
5.	„Die Afrikaanse Patriot”	127
6.	Eerste Afrikaanse Spraakkuns (1876)	146
7.	Eerste Afrikaanse Geskiedenisboek (1877)	149
8.	Die Afrikaanse Almanak (1877)	154
9.	Afrikaanse Kinderboekies (1878)	157
10.	Eerste Versameling Afrikaanse Gedigte (1878)	162
11.	Prysvrae (1879)	164
12.	Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging (1880)	167
13.	Afrikaans ons Volkstaal (1891)	172
14.	Bybelvertaling	180
15.	Eerste Afrikaanse Taalkongres (1896)	190
16.	„Ons Klyntji” (1896)	194
17.	Tweede Afrikaanse Taalkongres (1897)	205
18.	Eerste Afrikaanse Woordeboek (1902)	205
19.	Ondergang van die Patriotbeweging	206

V. DIE TRIOMFERINGSPERIODE

1.	Ná Vereeniging — 31 Mei 1902	217
2.	Naoorlogse Taaltoestande	220
3.	Eerste Tekens van Verset	228
4.	Herlewing van die Afrikaanse Taalgedagte	235

5.	„De Goede Hoop” (1903)	238
6.	Laat 't Ons Toch Ernst Wezen!	246
7.	Die Gras aan Brand	257
8.	Stigting van Afrikaanse Taalgenootskap (1905)	268
9.	Kaapland Skrik Wakker	272
10.	Stigting van Afrikaanse Taalvereniging (1906)	278
11.	Die Nuwe en die Oue	288
12.	Nou is dit Erns!	305
13.	Stigting van Akademie (1909)	316
14.	„Die Brandwag” (1910)	320
15.	Wij Zullen Handhaven (1911)	325
16.	Afrikaans in die Skool (1914)	331
17.	„Ons Moedertaal” (Julie 1914)	342
18.	Afrikaans in die Kerk (1916)	350
19.	Die Finale Oorwinning (1925)	361
20.	Handhaaf en Bou! (1929)	370
21.	Die Hoogste Triomf (1933)	388
22.	Afrikaanse Psalm- en Gesangberyming (1933-1943)	412

I

DIE WORDINGSPERIODE

1. *Jan van Riebeeck (1652)*

Op 6 April 1652 skryf Jan van Riebeeck (wat reeds op 23 Desember 1651 met die skepe Dromedaris, Reiger en Goede Hoop van die vaderlandse kus afgevaar was) in sy Dagverhaal: „Wij, Gode lof, . . . met eene mooiye zuidelijke koeltjen, even na zonsondergang, nevens het jagt de Goede Hoop in de Tafelbaai voor de Versche Rivier, op 5 vademen zandgrond, wel en salvo (d.i. veilig) ten anker kwamen.”¹⁾

In hierdie saaklike aantekening het die skrywer, seker sonder dit self te besef, 'n historiese feit van die grootste betekenis vir Suid-Afrika geboekstaaf, en daarmee ook die eerste groot datum van ons geskiedenis neergeskryf. En toe hy die volgende dag aan die voet van Tafelberg aan wal gestap het, sal hy wel allermins vermoed het dat dáár 'n permanente volksplanting sou ontstaan, waaruit mettertyd 'n nuwe volk met 'n nuwe taal gebore sou word wat binne die eersvolgende paar eeue die hele suidhoek van Afrika sou beslaan.

¹⁾ „Dagverhaal van Jan van Riebeeck,” Deel I, p. 3; uitg. Historisch Genootschap, Utrecht, 1884.

Die taal wat op daardie historiese datum op Kaapse bodem oorgeplant word, was die Nederlandse volkstaal van die 17e eeu, soos ons dit uit Van Riebeeck se Dagverhaal self kan leer ken. Dit sou egter nie lank sy Nederlandse vorm en karakter bly behou nie, want namate die volksplanting uitbrei na die noorde, verander ook gaandeweg die omgangstaal van die nedersetters, ondergaan dit 'n proses van vormwysiging en afslyting wat al spoedig die aandag van vaderlandse reisigers en ander besoekers begin te trek.

Dit val buite die opset en bestek van hierdie historiese oorsig om nader in te gaan op die veelbesproke vraag van hoe, waarom en onder watter invloed, al dan nie, op Kaaplandse bodem 'n nuwe taal tot stand gekom het. Wat ons hier in die eerste plek interesseer, is die feit van sy ontstaan, wanneer dit ongeveer plaasgevind het, en die verdere geskiedenis van hierdie jongste loot van die ou Dietse stam.

2. *H. A. van Rhee de tot Drakenstein (1685)*

Reeds so vroeg as die jaar 1685 skryf H. A. van Rhee de in sy joernaal:

„Hier is een gewoonten onder al ons volck dat lerende dese inlanders (d.i. die Hottentotte) de Nederduysche spraek, en dat deselve dié op haer manieren seer krom en bij nae onverstandelyk (d.i. onverstaanbaar) spreken, soo volgen de onse haer daer in nae, ja soodanigh de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aanwendende, een

gebroken spraek gefondeert werd die onmogelyck sal wesen nae de hand te verwinne." ²⁾

Van Rheede het as kommissaris-generaal van die Oosindiese Kompanjie drie maande lank aan die Kaap vertoef, met die doel om toestande aldaar grondig te ondersoek en van sy bevindinge verslag te doen aan Here Sewentien in Amsterdam. As so 'n hoë amptenaar dit dus nodig gevind het om in sy verslag spesiaal melding te maak van die „gebroken spraek” aan die Kaap, mag ons wel aanneem dat hy daarmee veel meer bedoel het as net die byna onverstaanbare krom-Nederlands van die slawe en Hottentot-bediendes. Hy sal vermoedelik hierdie verskynsel in opvallende mate waargeneem het ook onder die blanke bevolking, volwassenes sowel as kinders, anders sou hy hom seker nie so pertinent daarvoor uitgelaat het nie.

Dus reeds in Simon van der Stel se tyd, en nog voor die koms van die Hugenote, merk 'n skerpsinnige waarnemer al op dat daar 'n nuwe, van die Nederlands afwykende, spraakgebruik aan die Kaap in wording is, en spreek hy die mening uit dat dit met verloop van tyd sodanig „gefondeert” sal word, dat dit later nie meer te verhelp sal wees nie.

Die verdere ontwikkeling van hierdie „gebroken spraek” (wat ons ter onderskeiding van vaderlandse Nederlands, sowel as van die Afrikaans van later datum, voorlopig „Kaaps-Nederlands” sal noem) sal

²⁾ Aanghaal deur W. Blommaert in „Die Huisgenoot” van Sept. 1921.

die bewys lewer dat Van Rhee de se vermoede nie ongegrond was nie. Sy mening sal deur latere waarnemers in steeds duideliker bewoordinge bevestig word. Laat ons enkele verdere gegewens insake Kaaps-Nederlands chronologies nagaan.

3. „Crimineele Justitiën” (1706)

Die „Crimineele Justitiën” van die Kaapse Hof van die jare 1706-07 vermeld herhaaldelik die gebruik van die kenmerkend-Afrikaanse *ons* (i.p.v. *wij*) in sake wat voor die hof gedien het. Die volgende is enkele uit meer voorbeelde:

„Ons soek kost hier, ons al gedaan wegloopen, ons denk jou ook soo; ons wil dat niet doen, ons het jou tabak niet van doen.”

Dit is uitdrukkinge wat telkens in die aangetekende getuienis van gekleurdes uit daardie tyd voorkom.³⁾ Opvallend is hier verder die buigingslose meervoudsvorme van die werkwoord, en daaronder veral die tipies-Afrikaanse „*ons het*” (Ned. „*wij hebben*”), waaruit ons kan aflei dat die Kaaps-Nederlandse omgangstaal aan die begin van die 18e eeu, veral in die binneland, al ’n sterk Afrikaanse kleur moes vertoon het. En dat hierdie spraakgebruik nie alleen tot „kleurling-Nederlands” beperk was nie, sal op oortuigende wyse blyk uit wat Mentzel ’n dertig jaar later aangaande hierdie bepaalde *ons*-gebruik opmerk.

³⁾ Aangehaal deur L. C. van Oordt in „Die Huisgenoot” van Mei 1956.

4. *Otto Frederik Mentzel (1752-1740)*

O. F. Mentzel was van Duitse afkoms en het einde 1752 as soldaat in diens van die Oosindiese Kompanjie na die Kaap gekom. Tydens sy agtjarige verblyf alhier het hy 'n grondige kennis van Nederlands opgedoen en volop geleentheid gehad om die land en sy bevolking te leer ken, soos duidelik blyk uit twee hoogs belangrike werke oor die Kaapse volkspanting wat hy veertig jaar later in Duitsland die lig laat sien het.⁴⁾

Die Kompanjie het dikwels soldate aan die boere „geleen” om tydelik as opsigters of skoolmeesters op die plase diens te doen. So het ook Mentzel twee jaar in die binneland deurgebring, waarskynlik as skoolmeester. Verder het hy in Kaapstad, waar sy militêre pligte nie veeleisend was nie, as privaatreester opgetree vir kinders van enkele vername ingesetenes.

Mentzel was 'n fyne waarnemer en het met alle klasse van die bont samelewing van sy tyd in aanraking gekom, maar ongelukkig vir ons het hy hom nie in besonderhede oor die destydse taal-aangeleenthede uitgelaat nie. In een van sy werke kom egter die volgende hoogs belangwekkende passasie voor:

„Die Sprache der Landleute ist eben so wenig reine holländische Mundart, als die teutschen Bauern reines

⁴⁾ Hierdie werke is in 'n Engelse vertaling uitgegee deur die Van Riebeeck-vereniging (Nos 2, 4 en 6).

Teutsch spreken. Die Mannspersonen nehmen das Maul dabei sehr voll, und das Frauen-Volk hat redensarten angenommen, die zuweilen recht lächerlich sind.

Zum Exempel: Man frägt etwan, ob sie keine Bibel haben, so erfolgt die Antwort: *Onz heeft geen Bibel*, zu Teutsch: Uns hat keine Bibel, welches soviel sagen will, wir haben keine Bibel. Wann man sie aber alsdann frägt: Wie viel Unzen gehen auf ein Pfund? so werden sie schamroth." ⁵⁾

Dis werklik jammer dat Mentzel ons nie meer insake die taalgebruik vertel nie, want blykens hierdie mededeling was hy so goed op die hoogte dat hy ongetwyfeld baie waardevolle inligting sou kon verskaf het. Uit sy beperkte gegewens kan ons egter 'n paar belangrike gevolgtrekkings maak.

Hy konstateer allereers 'n definitiewe verskil in spraakgebruik tussen die landelike en die stedelike bevolking, want hy het dit hier oor die „Landleute“ in teenstelling tot die mense wat nog „rein Hollands“ praat, en waar anders kon hy die laaste leer ken het as in die beskaafde kringe van Kaapstad? Daardie verskil vind hy net so groot as dié wat daar bestaan tussen die streekspraak en die algemene beskaafde taal van die Duitser.

Verder vind hy, veral onder die vroumense, 'n spraakgebruik wat vir hom soms regtig snaaks klink, sodat hy sy lag nie kan hou nie; en die enkele voorbeeld wat hy ter illustrasie aanhaal, is veelseggend. Hy wil sy Duitse lesers veral goed laat

⁵⁾ „Vollständige Beschreibung des Afrikanischen Vorgebirges der Guten Hoffnung.“ Glogau, 1787, Dl. II, pp. 157-158.

verstaan dat *onz heeft i.p.v. wij hebben* vir die geskoolde Nederlandse oor net so lagwekkend klink as *uns hat i.p.v. wir haben* vir die geskoolde Duitse oor. Die lagwekkende daarvan word dan nog onderstreep deur die bekende spotvraag: hoeveel sulke *onse* gaan daar op 'n pond?

Uit hierdie mededeling blyk dus baie duidelik hoe sterk die taal van die boere in Mentzel se tyd reeds moes afgewyk het van die deftige Nederlands van Kaapstad. Want hoewel hy die verskil deur slegs een voorbeeld toelig, bestaan daar by hom klaarblyklik so weinig twyfel oor die saak, dat hy sy totaalindruk saamvat in die ondubbelsinnige uitspraak dat die taal van die Kaaplandse boere-gemeenskap (hy noem hulle reeds „afrikanische Bauern”) beslis nie meer suiwer Nederlands is nie — 'n uitspraak wat verder bevestig sal word deur 'n belangrike werk uit die tweede helfte van die 18e eeu, te wete Wikar se reisverhaal.

5. Hendrik Jacob Wikar (1775-1779)

Hoogs belangrike gegewens insake die verdere ontwikkeling van Kaaps-Nederlands vind ons in die reisverhaal van Hendrik Jacob Wikar (1775-1779).⁶⁾ Hy was 'n Sweed wat in 1773 in diens van die Oosindiese Kompanjie na die Kaap gekom het, en wens skulde as gevolg van dobbelary in 1775

⁶⁾ Uitgegee deur die Van Riebeeck-vereniging (No. 15). Die taal van Wikar word daarin ontleed deur J. L. M. Franken.

gedeserteer en vier-en-'n-half jaar lank onder die boerebevolking van die binneland, en veral onder die Hottentotte langs die Grootrivier, rondgeswerf het.

Sy aantekeninge van „wat ik gehoord ende gezien hebbe” het hy by sy terugkeer na die Kaap in chronologiese volgorde op skrif gestel ter voorlegging aan goewerneur Van Plettenberg. Hoewel hy onderdanig om verskoning vra „dat dit mijn verhaal zo eenvoudig en ongereguleerd geschreeven is,” moet ons aanneem dat hy dit in sy beste Nederlands sal probeer stel het, en moontlik nog bygestaan is deur landdros Olof de Wet van Stellenbosch, deur wie sy verhaal later „op verscheyde aan my gedane vraagen vermeerderd en in ordentlyke styl gebragt” is.

Ons tref in hierdie verhaal tal van woorde en vorme aan wat vandag tipies Afrikaans is, soos b.v. *renoster*, *beeste*, *trop*, *sop*, *klapperdop*, *tree*, *vinnig*, *ongedierte*, *pampoen*, *deeskant*, e.d.m. En dis opmerklik dat juis al sulke woorde later deur De Wet weer „in ordentlyke styl” gebring, d.w.s. „vernederlands” word, waaruit duidelik blyk hoe onnederlands Wikar se taalgebruik vir die landdros se geskoolde oor moes geklink het. Ons kan dus as naastenby seker vasstel dat die omgangstaal van Wikar se tyd, veral onder die boerebevolking van die binneland, reeds 'n veel sterker Afrikaanse kleur moes gehad het as wat uit sy reisverhaal self blyk. Want ná dit deur homself in sy beste Nederlands opgestel was, het die landdros dit nodig gevind om

Wikar se teks nog 'n slag te „vernederlands,” sodat sy oorspronklike aantekeninge ongetwyfeld veel nader aan Afrikaans as aan Nederlands sal gestaan het

6. *Lied ter Eere van de Swellendamsche en diverse andere Helden by de bloedige Actie aan Muisenberg in dato 7 Aug. 1795*

Teen die end van die 18e eeu word die Kaaps-Nederlandse omgangstaal wat, soos ons gesien het by Mentzel en veral by Wikar, nou reeds baie sterk op Afrikaans begin te lyk, vir die eerste maal, sover ons weet, in bewus-literêre vorm aangewend.

Dit geskied in 'n anonieme hekeldig onder die titel: „Lied ter Eere van de Swellendamsche en diverse andere Helden, ens.”

Soos die titel aandui, het die lied betrekking op die histories bekende slag van Muisenberg, waarby daar egter van 'n „slag” nouliks sprake was. Want hoewel die Kompanjie se troepe by Muisenberg gekonsentreer was, en die burgers van alle kante, selfs so ver as Swellendam, opgedaag het om die vaderland te help verdedig teen die Engelse, het die weerstand ná die eerste paar skote reeds in duie gestort, sodat die vyandelike opmars van Simonstad na Kaapstad ongehinderd voortgesit kon word. Op 16 Sept. 1795 het die kapitulasie van Kaapstad plaasgevind en die Kaap vir die eerste maal in Engelse hande oorgegaan.

Die titel van die lied is reeds sterk ironies, want by die „bloedige actie” het daar geen druppel bloed

gevloei nie, omdat die „helden” padgegee het voor dit kon gebeur. Verder word die lafhartige optrede van die Swellendammers en hul kommandant skerp gehekel. Dis ons hier egter nie te doen om die twyfelagtige literêre gehalte van die spotlied nie, maar wel om die taalvorm waarin dit gestel is.

Afrikaans is hierdie taalvorm nog nie, maar dis nog minder Nederlands. Want naas deftige Nederlandse wendinge soos „hy schoot een groote vette bonte bok . . . hy zette onze landdrost af,” merk ons dadelik die tipies-Afrikaanse inslag in vorme soos ons *juig*, ons *kies*, ons *is vrolyk*, ons *kan begryp*, die *beste ding*; die aanspreekvorm: *ja Neef*; die uitroep: *ari Neef*, e.d.m.⁷⁾

Dit was die skrywer blykbaar te doen om die omgangstaal van die Swellendammers naastenby weer te gee. En as ons nou in gedagte hou hoe geweldig sterk die ou Nederlandse skryftaaltradisie nog ingewerk het op die verse van bekende Afrikaanse digters soos Celliers en Totius aan die begin van hierdie eeu, toe daar tog nie meer die minste twyfel bestaan het insake die Afrikaanse taalstruktuur nie, dan kan met veiligheid aangeneem word dat hierdie Swellendamse lied, net soos Wikar se reisverhaal, die weerspieëling was, sy dit dan in nog onbeholpe vorm, van 'n spraakwerklikheid wat beslis nie meer Nederlands en selfs nie meer Kaaps-Nederlands was nie, maar Afrikaans.

⁷⁾ Enkele fragmente van die lied is afgedruk in Nienaber: „Geschiedenis van die Afrikaanse Letterkunde,” 1941, p. 26.

Kortom — ons het hier veeleer te doen met Nederlands-gekleurde Afrikaans onder invloed van die Nederlandse skryftradisie (wat selfs tot op die huidige dag nog nawerk, o.a. by Preller), as met „sterk verafrikaanste Nederlands,” soos tot dusver algemeen aangeneem is.⁸⁾ Ons kan dus nou reeds vasstel dat Afrikaans sy beslag as spreektaal gekry het voor die end van die 18e eeu. Hierdie mening sal deur 'n paar definitiewe uitsprake uit die eerste jare van die 19e eeu verder bevestig word.

7. J. A. Uytenhage de Mist (1802-1804)

„Men zal jaaren werk hebben eer men de Caabenaars weder *Nederlanders* kan maaken, en zonder de wedergeboorte van eene nationaalen geest en smaak tot voorkeur van nationaale zeden, gewoonte, klederdragt, manufactuuren, enz., enz., durft men zich van alle politieke veranderingen weinig goeds belooven.”⁹⁾

So skryf J. A. Uytenhage de Mist in sy bekende „Memorie” (1 Febr. 1802), wat hy in opdrag van die Bataafse regering opgestel het „omtrent den voet en wyze, waarop de Regecring van Caab de Goede Hoop eventueel zal behooren te worden ingericht.”

Soos bekend, is De Mist dan ook einde 1802 self as kommissaris-generaal na die Kaap gestuur om,

⁸⁾ O.a. deur J. J. Smith, F. C. L. Bosman en die Nienabers. Vgl. die laaste t.a.p., p. 27.

⁹⁾ „Memorandum on the Cape” (De Mist) — uitgegee deur die Van Riebeeck-vereniging, met 'n Engelse vertaling daarby (No. 3), p. 18.

saam met genl. J. W. Janssens, die bestuur weer van die Britse interim-bewind oor te neem en sy eie aanbevelinge daar in werking te gaan stel.

By die aanvang van die 19e eeu staan dit vir De Mist dus reeds vas dat die Kapenaars nie meer *Nederlanders* (hy onderstreep self die woord) is nie; waaruit vanself volg dat ook hul taal, die volkskenmerk by uitnemendheid, nie meer Nederlands kon wees nie. En al sou die Kaap weer onder Nederlandse bestuur kom, sal die saak daardeur nie verhelp word nie. Volgens sy mening is daar veel meer nodig as net „politieke veranderinge”; daar sal niks minder as ’n algehele nasionale, d.w.s. Nederlandse, „wedergeboorte” moet plaasvind om van die Kapenaars weer *Nederlanders* te kan maak.

Opmerklik is dit dat De Mist hierdie mening uitgespreek het nog voor hy persoonlik met die Kaapse toestande kennisgemaak het, en as hy die illusie mag gekoester het dat die idaal van so ’n nasionale wedergeboorte nog bereikbaar was, sal sy tweejarige verblyf alhier hom wel van die teendeel oortuig het. Hoewel hy, blykens sy „Memorie,” besonder goed op die hoogte was van algemene toestande aan die Kaap, moes hy tog later ná persoonlike ondersoek sy oordeel oor baie sake wysig. Wat die taal van die koloniste betref, het sy persoonlike waarneming hom egter daarvan oortuig dat hy dit hier inderdaad nie meer met *Nederlanders* te doen gehad het nie.

In Okt. 1803 het De Mist ’n uitgebreide landsreis

van ses maande lank deur die Kolonie onderneem, en in sy verslag daarvan kom die volgende belangwekkende mededeling voor insake die boerebevolking en hul taal. Hy vind hulle beskaafd, sindelik, spraaksaam en welvoeglik. Nooit het 'n mens onbehoorlike woorde gehoor nie. Jagavonture is vertel „op eenen zeer vrolijkcn trant in de korte, krachtige, Afrikaansch-Hollandsche taal.”¹⁰⁾

Dit was in die Hantamstreek. 'n Week later ontmoet hy op 'n plaas in die Midderoggeveld 'n juffrou Coetzee wat hom verbaas het deur „de zuiverheid, waarmede zij het Hollandsch uitsprak.”¹¹⁾

Op grond van hierdie mededeling kan twee belangrike feite gekonstateer word. Ten eerste was daar in die jaar 1803 tot taamlik diep in die binneland nog boeremense wat Nederlands suiwer kon praat. Maar ten tweede het dit juis De Mist se verbasing gewek, waaruit blyk dat hy op sy maandelange reis niks anders moes gehoor het nie as die „korte, krachtige, Afrikaansch-Hollandsche taal.” In die vir hom so opvallende uitsondering het ons dus juis 'n bevestiging van die algemene reël insake die spraakgebruik van die boeremense. Verder is dit opmerklik om so vroeg reeds die benaming *Afrikaansch* in gebruik te sien, al word dit vanselfsprekend deur De Mist nog gekoppel aan *Hollandsch*.

¹⁰⁾ „Reizen in Zuid-Afrika” (Molsbergen), II, p. 180 (Linschotenvereniging, Dl. XII).

¹¹⁾ Idem, p. 182.

8. *Hinrich Carl Lichtenstein (1802-1806)*

Hinrich Lichtenstein was van Duitse afkoms en medikus van beroep. Hy het einde 1802 in die gevolg van genl. Janssens na die Kaap gekom, waar hy tydens sy driejarige verblyf die land en sy bevolking baie goed leer ken het, veral as gevolg van vier verskillende reise wat hy deur die Kolonie gemaak het, o.a. saam met De Mist.

Ná die tweede oorgawe van die Kaap is hy begin 1806 saam met Janssens weer terug na Europa, waar hy later professor aan die Berlynse universiteit geword het en 'n uitvoerige en besonder lesenswaardige beskrywing van sy Kaapse reise die lig laat sien het.¹²⁾ Hy het daarby, soos in sy Voorrede vermeld word, ruimskoots gebruik gemaak van 'n manuskrip wat deur De Mist aan hom afgestaan was.

In Band I (p. 262) van die Nederlandse teks kom die volgende mededeling voor:

„De eerste Europeanen, die zich in Zuidafrika neerzetterden en zich in de noodzakelijkheid bevonden om de wilden hunne taal te leeren spreken, begrepen het zeker voordelig te zijn, wanneer zij zichzelf en zoowel als hunnen leerlingen dit werk, zoo veel mogelijk, poogden te verligten en de denkbeelden, in zoo verre zulks geschieden kon, verzinlijkten. Dus noemden zij eenen heuvel *rug*, eenen bergtop *kop*, een Hottentotsch dorp, uit hoofde van deszelfs gelijkvormigheid met eenen snoer kralen, dien men om den

¹²⁾ „Reisen im südlichen Africa in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806,” Berlin, Dl. I, 1811; Dl. II, 1812.

In Nederlands vertaal deur W. Goede onder titel: „Reizen in het zuidelijk gedeelte van Afrika” (4 bande), Dordrecht, 1813-15.

hals draagt, *kraal*, elke soort van schietgeweer *roer*, het rundvee bij uitstek *beesten*, het gansche geslacht van Antilopen *bokken*, enz.

Langs dezen weg is er in deze zoodanig verarmde en bedorven spraak, aan welke alle aanduidingen van afgetrokkene begrippen vreemd zijn, en die nu de algemeene taal der Colonisten geworden is, eene kortheid en naïviteit van uitdrukking gekomen, die vaak aan het dichterlijke en aan de oosterse beeldspraak grenst, terwijl die haar in den beginne zelfs voor eenen geboren Hollander onverstaanbaar maakt. Hierin moet men dus ook de reden zoeken (dit sê hy na aanleiding van die benaming *Schurfsdeberg* in die Koue Bokveld), waarom zij ligchamen, die eene ruwe, oneffen oppervlakte hebben, *schurfd* noemen."

De Mist se uitsprake, hierbo vermeld, word dus deur Lichtenstein nie alleen bevestig nie, maar hy stel die saak nog veel sterker. Hy praat van 'n „algemeene taal” van die koloniste wat reeds sodanig afwyk van Nederlands dat mense uit Patria dit aanvanklik nie meer verstaan nie. Die tipies-Afrikaanse voorbeelde wat hy naas die Nederlandse ekwivalente aanhaal, bewys dan ook waarom dit vir hulle „onverstaanbaar” moes gewees het. Die taalvorme in hierdie bepaalde gevalle sal hulle wel nog herken het, maar deur die gewysigde betekenis was die taalinhoud vir hulle vreemd.

Hier het ons dus 'n treffende bevestiging van wat Van Rhee al so vroeg as 1685 voorspel het insake die „gebroken spraek,” waarvan hy die eerste spore toe reeds waargeneem het. Inderdaad was dit hier aan die begin van die 19e eeu al sodanig „gefondeert” dat Lichtenstein dit beskou as 'n afsonderlike en

algemeen gebruiklike taal van die destydse Kolonie. Hy bevestig verder Van Rhee se opvatting insake die aard daarvan, want hy noem dit 'n „verarmde en bedorven spraak,” veral ten opsigte van die aanduiding van abstrakte begrippe. Maar terselfder tyd word hy getref deur die goeie hoedanighede daarvan — die „korthed en naiviteit” wat dikwels selfs vir hom „dichterlijk” klink en wat herinner aan die „oostersche beeldspraak.”

Die fout wat Lichtenstein hier begaan, soos baie ná hom nog sal doen, is om die „afgetrokkene begrippe” op die verkeerde plek te gaan soek, naamlik by die taal self, in plaas van by die mense wat die taal gebruik, by hul lewensomstandighede en algemene ontwikkelingspeil. Want dieselfde „verarmde spraak” sou later tot alles in staat blyk, waartoe die mense wat dit praat in staat is.

Verder val dit op dat hy die koloniste meermale aandui as „de Afrikanen.”

9. *Struktuur van Afrikaans*

Ons het nou op grond van beskikbare gegewens, hoofsaaklik bestaande uit getuienisse van reisigers, kon vasstel dat die ontwikkeling van Nederlands tot Afrikaans plaasgevind het in die loop van anderhalwe eeu sedert die stigting van die Kaapse volksplanting.

Daar is egter sekere aspekte van ons huidige taalstruktuur wat nog verder die stelling bevestig dat Afrikaans sy beslag moes gekry het voor die end

van die 18e eeu. Die eerste is die opvallende afwesigheid van Afrikaanse dialekte, 'n verskynsel wat by die ouer Europese tale so veelvuldig voorkom.

Soos ons weet, bestaan in alle beskaafde lande 'n aantal plaaslike tongvalle of streeksprake wat hulle van die algemeen beskaafde taalgebruik onderskei deur allerlei afwykinge in klanke, vorme, woordgebruik, woordbetekenis, segswyse, sinswendinge, ens. So is daar in Nederland, byvoorbeeld, tal van dialekte wat beperk is tot 'n bepaalde gewes of streek of stad, of selfs 'n stadswyk, wat onderling van mekaar sowel as van die algemeen beskaafde taal verskil.

In Suid-Afrika is dit egter nie die geval nie. Ons ken hier geen dialekte nie. Hoogstens sou ons van die kleurlingtaal van Kaapland, en miskien ook die taal van die Griekwas en Basters, kan praat as dialekte van Afrikaans. Maar wat die Afrikaanssprekende blanke bevolking betref, bestaan daar, ten spyte van die groot uitgestrektheid van ons taalgebied, in ons mondelinge sowel as skriftelike taalgebruik 'n opvallende taaleenheid.

Natuurlik is volstreekte taaleenvormigheid om verskillende redes nie moontlik en selfs nie wenslik nie. Taal is in die eerste plek 'n sosiale omgangsmiddelem en moet dus vanselfsprekend die wisselende patroon van die maatskaplike lewe reflekteer. Orals bestaan daar sosiale taalkringe wat bepaal word deur stand, beroep, vak, bedryf, groep, e.d.m. Dit

is die geval by alle beskaafde omgangstale, maar dit raak nie die diepere wese van taaleenheid nie.

So ook by ons. As hier dus gewys word op die merkwaardige taaleenheid van die Afrikanerdom, dan bevat dit geen ontkenning van genoemde verskeidenheid-in-keenheid nie. Verder sal niemand ontken dat daar in ons uitgestrekte taalgebied lokale of gewestelike afwykinge in uitspraak en woordgebruik voorkom wat b.v. die Kolonialer van die Transvaler, of die Swartlander van die Namakwaland, onderskei nie. Maar sulke punte van verskil is ten slotte so gering, in vergelyking met al die punte van ooreenkoms, dat dit weinig of niks afdoen aan die homogene aard van ons eenheidstaal nie.

Maar hoe moet hierdie opvallende verskynsel nou verklaar word? Ons sou verwag dat juis in Suid-Afrika dialekvorming aktief moes gewees het as gevolg van die betreklik snelle uitbreiding van die Kolonie en die ontstaan van min of meer geïsoleerde gemeenskappe, namate die koloniste die bergreekse oorgetrek het en dus al minder gereelde kontak behou het met Kaapstad en sy naaste omgewing.¹³⁾ Nog gunstiger vir dialekvorming was die byna volledige isolering van bepaalde koloniste-groepe as gevolg van die Groot Trek en die vestiging van afsonderlike trekgeselskappe in Natal en benoorde die Oranje en die Vaal. Maar ten spyte van hierdie

¹³⁾ Stellenbosch is gestig in 1679, Waveren (later Malmesbury) in 1743, Roodezand (later Tulbagh) in 1744, Swellendam in 1747, Graaff-Reinet in 1786.

geweldige uitbreiding van die taalgebied en ander verbrokkelende faktore het Afrikaans, van die Kaap tot aan die Limpopo, weinig van sy gemeenskaplike struktuur verloor.

Dit alles pleit daarvoor dat die taal sy beslag moes gekry het voordat dialekvorming aktief kon word, dus toe die boeregemeenskap nog 'n min of meer aancengeslote geheel gevorm het. Dit wil dus sê omstreeks 1750, en in elk geval beslis voor die Groot Trek, anders sou die spraakgebruik van die noordelike provinsies vandag seker 'n ander beeld vertoon het as dié van Kaapland.

Die tweede opvallende verskynsel in verband met ons huidige taalstruktuur lê in die feit dat Afrikaans, ten spyte van al die kenmerkende veranderinge wat dit vandag van Nederlands onderskei, in sy wese tog 'n suiwer Dietse loot van die ou stam gebly het, soos genoegsaam blyk uit die massa Dietse erfgoed wat tot ons taalskat behoort. Hieruit volg dat Engels geen invloed gehad het op die oorspronklike vorming van Afrikaans nie, anders moes die taalbeeld vanselfsprekend veeleer sterk gemarkeerde Albionse in plaas van Dietse familietreкке bewaar het.

Ons weet maar alte goed hoe sterk die anglisistiese invloede hulle later laat geld het, veral sedert die begin van ons eeu. Maar ons woordeskat, woordvorming, sinsbou, idioom, ens., lewer die bewys dat daardie invloede nog nie aanwesig kon gewees het in die wordingsperiode nie. Die anglisistiese gevaar, waarteen die afgelope kwarteeu so 'n hardnekkige

stryd gevoer moes word, en waarvan ons taal op die huidige dag ook die duidelike littekens vertoon, dateer maar eers vanaf die tweede en finale besetting van die Kaap aan die begin van die 19e eeu, en in versnelde tempo sedert die begin van die 20e eeu.

Maar juis die feit dat hierdie gevaar onder offisiële begunstiging mettertyd so aktief geword en sulke duidelike spore nagelaat het, veral omdat dit heeltemal vry spel gehad het tot aan die offisiële erkenning van Afrikaans, bevestig die stelling dat ons Diets-Afrikaanse taalstruktuur klaar gevorm was toe Engels in die spel gekom het, dus voor die end van die 18e eeu. Was dit nie die geval nie, dan sou ons taal vandag sonder enige twyfel reeds 'n onverbeterlike Engels-Afrikaanse mengeltaal gewees het.

Ons kom dan tot die slotsom dat die wordingsperiode van Afrikaans gestel moet word op die tydsduur van drie tot vier geslagte sedert die stigting van die Kaapse volksplanting, dus tot omstreeks 1750-75, en in elk geval nie later as die begin van die 19e eeu nie.

II

DIE ANGLISERINGSPERIODE

1. *Die Britse Veroweraar (1806)*

Ons het in die vorige hoofstuk gesien hoedat die Nederlandse volksplanting aan die Kaap gaandeweg tot 'n kolonie van boere ontwikkel het, en hoe saam met daardie ontwikkeling ook die taal van hierdie boerebevolking 'n nuwe vorm aangeneem het. Kortom — ons het die evolusie waargeneem van *boer* tot *Boer*, met 'n eie, hom kenmerkende Boerespraak. Voortaan sal hierdie nuwe benaming (*Boer*) nie net sy boerebedryf aandui nie, maar dit sal hom tewens hoe langer hoe meer stempel tot 'n nuwe nasieman in onderskeiding van sowel Nederlander as Engeland.

Maar nou ontstaan die vraag: Hoe kom dit dat hierdie Boerespraak wat aan die begin van die 19e eeu reeds oor 'n uitgestrekte taalgebied algemeen gangbaar was in die volksmond, eers meer dan honderd jaar later, en selfs dan nog eers ná 'n heftige taalstryd, offisiële erkenning as landstaal van staatsweë sou verkry?

Die antwoord kan in drie woorde opgesom word: die Britse veroweraar. In 1795 neem Engeland die Kaap met wapengeweld „in bewaring” om dit

sogenaamd vir Nederland teen Frankryk te beskerm.¹⁾ Dat dit egter van die aanvang af in die bedoeling gelê het om hierdie bewaring van permanente aard te maak, blyk uit die feit dat daar reeds in 1796 sprake is van 'n kroonkolonie, en dat derhalwe van alle burgers 'n eed van trou aan die Engelse koning geëis word, waarteen o.a. die Graaff-Reineters in verzet kom en deur geweld sowel as valse beloftes tot onderwerping gedwing moet word.

Ingevolge 'n bepaling van die vrede van Amiens (1802) word die Kaap egter in Febr. 1803, onder groot vreugdebetoon van die inwoners, weer aan die Bataafse Republiek (Nederland) teruggegee, maar hierdie teruggawe blyk van korte duur te wees. Die oorlog tussen Engeland en Frankryk word hervat, met die gevolg dat begin 1806 'n groot Britse vloot van 60 skepe met ruim 6000 soldate in Tafelbaai verskyn en die Kaap, ná die slag by Blaauwbergstrand, vir die tweede maal — en nou finaal — deur Engeland in besit geneem word.

Daarmee begin 'n heeltemal nuwe hoofstuk in die geskiedenis van Suid-Afrika; daarmee breek aan wat in ons geskiedenis bekend en berug geword het as „die Eeu van Onreg”; daarmee word al die ras- en taalprobleme van die toekoms in die lewe geroep — dieselfde probleme waarmee ons tot op die huidige dag nog opgesaai sit; daarmee word die

¹⁾ Dit was nie die eerste keer dat Engeland begerige oë op die Kaap gerig het nie. Reeds in 1781 is 'n Engelse vloot uitgestuur om die Kaap te verower, maar hierdie poging is deur Frankryk verdedel.

bekende politieke leer van „verdeel en heers” op Afrikaanse bodem oorgeplant, die wrange vrugte waarvan tot op hierdie hede nog gepluk word; daarmee word geboorte gegee aan ’n nuwe geslag van Afrikaners — die „Anglomanne” — wat met verloop van tyd onder baie ander name bekend sal staan, maar in wese dieselfde sal bly — Empire-aanbidders; van daardie oomblik af sal die verdere ontwikkeling van die Boerevolk stelselmatig in anglisistiese rigting geforseer word.

By die kapitulasie-verdrag van Papendorp (Woodstock) op 10 Jan. 1806 word in art. 8 bepaal: „The Burghers and Inhabitants shall preserve *all their Rights and Privileges* (ek kursiveer) which they have enjoyed hitherto; Public Worship, as at present in use, shall also be maintained without alteration.”²⁾

Onder daardie „Regte en Voorregte” was natuurlik in die eerste plek ook taalregte ingesluit, want die eersgeboortereg van elke mens en elke volk is sy taal. Maar dit sou al spoedig blyk dat hierdie belofte van krag was alleen . . . op papier, want reeds op 16 Mei 1806, dus vier maande later, word by proklamasie bekendgemaak „dat voortaan geene Brieven, Rekwesten of eenige andere Officieele Papieren ten Gouvernements Huize, of ter Gouvernements Secretarie zullen worden aangenomen, tenzij dezelve van een Translaat in de Engelsche Taal worden vergezeld.”³⁾

2) „Records of the Cape Colony,” Vol. V. p. 264.

3) Dr. W. J. Leyds: „De Eerste Annexatie van de Transvaal,” p. 45.

Die burgers sou dus voortaan as doofstommes in hul eie vaderland behandel word, tensy hulle bereid was om self die taal van die veroweraar te leer, of anders 'n vertaler te bekostig. Maar let wel: pas vier maande nadat die veroweraar 'n plegtige belofte met sy eie handtekening onderskryf het, verbreek hy dit reeds! En honderd jaar later, ná die onderwerping van die twee noordelike republieke, sal ons presies dieselfde weer sien gebeur — op papier word beloop en gewaarborg wat dit nie die bedoeling is om in die praktyk uit te voer nie.

Maar wat die saak nog veel bedenkliker maak, is die feit dat sulke gewetenlose woordbreuk blykbaar as heeltemal geregverdig beskou word, solank as Empire-belange maar daardeur kan bevorder word. Die „regte van klein nasies” as politieke speelbal in die hande van agressiewe grootmoondhede — wat 'n skouspel daarvan gee die wêreldgeskiedenis nie te sien nie! Solank as b.v. Napoleon die agressor is, kan b.v. John Bull poseer as beskermer, maar sodra die eerste nie meer kan baaspeel nie, word die laaste die baasspeler. Sonder doekies omdraai stel die Engelse historikus Theal die saak dan ook as volg:

„They were only a little over thirty thousand in number (nl. die Boerebevolking wat nou onder Britse bewind kom), and it seemed absurd (ek kursiveer) that such a small body of people should be permitted to perpetuate ideas and customs that were

not English in a country that had become part of the British Empire." ⁴⁾

So 'n absurditeit as 'n Boer in 'n Britse kolonie kan nou eenmaal nie geduld word nie, en daarom moet daar so spoedig moontlik 'n end aan gemaak word. En die eerste aangewese middel daartoe is om die Boer se kind in die hande te probeer kry. So beveel genl. Collin reeds in 1809 aan: „Import English teachers, and the next generation will be Englishmen." ⁵⁾ So doodeenvoudig was die saak egter nie, maar honderd jaar lank sou doelbewuste pogings aangewend word om daardie ideaal te probeer verwesenlik.

Die eerste Engelse goewerneur, graaf Caledon, het dan ook in 1809 „the establishment of a public school at each drostdy" aanbeveel, maar dit is voorlopig nie uitgevoer nie. ⁶⁾

2. *Sir John Cradock (1811)*

Teen die end van 1811 word sir John Cradock goewerneur van die Kaapkolonie en hy oorweeg onmiddellik planne om die angliseringsbeleid versigtig toe te pas deur „the cautious and progressive introduction of the same laws, the same principles, and the same institutions of the parent state." ⁷⁾

Dit was slim taktiek, maar hoe duidelik blyk hier reeds die tipies-Britse baasmentaliteit wat ons met

⁴⁾ „Progress in South Africa," p. 110.

⁵⁾ E. G. Malherbe: „Education in South Africa (1652-1922)," p. 57 (8).

⁶⁾ J. du P. Scholtz: „Die Afrikaner en sy Taal (1806-1875)," p. 12.

⁷⁾ Scholtz, t.a.p., p. 7.

verloop van jare so goed sou leer ken. Want nog maar vyf jaar nadat hy hier voet aan wal gesit het, praat die veroweraar al van Engeland as die vanselfsprekende „parent state” van die Kaapkolonie! Groter absurditeit as dit kan ’n mens jou nouliks voorstel. So vroeg reeds word dus die kiem oorgeplant van die later so bekende „home”-kompleks, waardeur groot getalle van hier te lande gebore en getoë Afrikaners aangetas sou word.

Die „cautious introduction” was nog maar die dun end van die wig. Sy Eksellensie was veral begaan oor die gebrek aan onderwys in die Kolonie, en gevolglik word in al die buitedorpe „Church Clerk Schools” in die lewe geroep, waar die plaaslike voorleser, na behoorlike ondersoek in Kaapstad, tot onderwyser benoem word teen £60 per jaar plus die helfte van die skoolgelde en ’n stukkie grond.⁸⁾

So ontstaan daar dertien „Kosterskole” onder toesig van ’n skoolkommissie, waarvan die goewerneur die beskermheer was. Aan die voorsitter van hierdie liggaam skryf hy in 1812 dat in die toekoms veral gelet moet word op ’n kennis van Engels by aanstellings en „that he will authorize an annual addition of 100 rixdollars to the salary of any schoolmaster who possesses capability and will undertake to instruct his pupils in the English tongue.”⁹⁾

Hierdie Kosterskole het egter nie die verwagte

⁸⁾ E. Eybers: „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,” Junie 1926, p. 219.

⁹⁾ Scholtz, t.a.p., p. 12.

resultate opgelewer nie, omdat 'n tweetalige onderwyser in die jaar 1812 vanselfsprekend nog 'n rariteit was en die onderrig buitendien nie in die behoeftes van die bevolking voorsien het nie.

Cradock besluit nou om sy versigtige beleid te laat vaar en 'n bietjie meer dwang uit te oefen. In 1813 beduie hy aan die bevolking hoe noodsaaklik 'n kennis van Engels is, hoeveel moeilikheid die vertaling van regcringsdokumente oplewer, en dat hy derhalwe „will consider himself obliged in all future appointments to make the possession of the English Language an indispensable condition.”¹⁰⁾

Dis van belang om daarop te let dat al hierdie maatreëls van Cradock getref word in die jare 1812-13, dus nog voordat Nederland noodgedwonge sy kolonie moes prysgee kragtens bepaling van die Weense vredeskongres van 1814-15.

So begin die angliseringsproses dan by die onderwys en die staatsdiens, en spoedig sal die Engelse skroef heelwat stywer aangedraai word.

3. *Lord Charles Somerset (1814)*

Soos reeds terloops vermeld, het die Kaapkolonie in 1814 definitief 'n Britse besitting geword. Hierdie keer was daar geen sprake meer van teruggawe nie, want Napoleon se mag was gebreek en Engeland kon dus na willekeur dikteer. Hoewel Nederland aangedring het op die teruggawe van sy besette

¹⁰⁾ Scholtz, t.a.p., p. 8.

kolonies, was die antwoord van die Britse regering kort en bondig: „Het is aan ons om te oordeelen terug te geven of te behouden.”¹¹⁾ Dit was dus reeds by voorbaat 'n uitgemaakte saak dat Nederland die Kaap nie weer terug sou kry nie.

Die Prins van Oranje is dan ook feitlik gedwing om namens Nederland op 13 Aug. 1814 in Londen 'n traktaat te onderteken, waarvolgens Groot-Brittanje wel sekere ander kolonies sou teruggee, maar heer en meester sou bly van die Kaapkolonie. En hierdie ooreenkoms is later deur die Weense vredeskongres van 1814-15, waar die buit ná die verdwyning van Napoleon finaal tussen die grootmoondhede verdeel is, bekragtig. Daarmee was die lot van die Kaapkolonie definitief beslis; en om 'n skyn van regmatigheid te verleen aan wat niks anders as hebsugtige Empire-agressie genoem kan word nie, is daarna deur tal van Engelse skrywers die legende versprei dat Nederland die Kaap aan Engeland sou verkoop het vir drie miljoen pond, totdat prof. Heeres in 1896 met afdoende bewyse die onwaarheid van daardie legende aan die kaak gestel het.¹²⁾ En tog kom 'n eerlike historikus soos Theal in 1900 nog weer met dieselfde storie voor die dag.¹³⁾

Engeland het dus nou vry spel gehad om ongehinderd sy reeds aangevange angliseringsbeleid

¹¹⁾ Leyds, t.a.p., p. 17.

¹²⁾ Leyds, t.a.p., pp. 15-20.

¹³⁾ „Story of the Nations (South Africa),” p. 146.

in sy nuwe besitting na hartelus te propageer. Die man wat aan hierdie beleid stelselmatig uitvoering moes gee, was lord Charles Somerset wat in 1814 goewerneur van die Kaap geword het. Hierdie Britse lord van hoë afkoms sou diep spore in Suid-Afrika trap — spore wat onuitwisbaar afgedruk staan op die bladsye van ons volksgeskiedenis. Hy was 'n hooghartige tipe van mens wat reeds 'n jaar ná sy aankoms vir homself 'n blywende monument opgerig het:

„Op Slagtersnek staan 'n ereboog
 wat 'n swarte skaduwee werp
 oor die pad wat daar onderdeur loop —
 dis die pad van Suid-Afrika.”¹⁴⁾

Somerset se naam sal vir ons altyd vasgekoppel bly aan die galg van Slagtersnek (1815), en dit was maar die eerste van 'n reeks verbasingwekkende misgrepe wat deur Britse bewindvoerders in Suid-Afrika begaan sou word.

Na sorgvuldige voorbereiding van sy planne om, behalwe die Staat, ook die Skool en die Kerk vir sy angliseringspolitiek diensbaar te maak, kom hy op 5 Julie 1822 met die volgende ingrypende taalproklamasie voor die dag:

„Whereas it has been deemed expedient, with a view to the prosperity of this Settlement, that the Language of the *Parent Country* (ek kursiveer) should be more universally diffused, and that a period should now be fixed, at which

¹⁴⁾ Langenhoven: „Die Pad van Suid-Afrika,” p. 29.

the English Language shall be exclusively used in all Judicial and Official Acts, Proceedings and Business, within the same: The long and familiar intercourse which has happily taken place between the good Inhabitants of this Colony, and the very numerous British-born Subjects, who have established themselves, or have been settled here, has greatly facilitated a measure, which is likely still more closely to unite the loyal Subjects of their common Sovereign. The system which I have previously adopted, with a view to this exigence, of employing British-born Subjects, conversant in both languages, in the parochial duties of the Reformed Religion, as established in this Colony, has likewise paved the way to the amelioration now contemplated.

It has pleased His Majesty most graciously to approve that measure, and to enable me to act more extensively upon it, not only by having commanded Clergymen of the Established Church of Scotland (whose religious tenets are precisely similar to those of the Reformed Church of this Country), who have received instruction in the Dutch Language in Holland, to be sent hither to be placed in the vacant Churches, but by having authorised competent and respectable Instructors being employed at public expense, at every principal place throughout the Colony, for the purpose of facilitating the acquirement of the English Language to all classes of Society.

These teachers having now arrived, the moment appears favourable for giving full effect to His Majesty's Commands; and I, therefore, hereby order and direct, by virtue of the Power and Authority in me vested, that the English Language be exclusively used in all Judicial Acts and Proceedings, either in the Supreme or Inferior Courts in this Colony, from the 1st day of January of the Year of our Lord, One Thousand Eight Hundred and Twenty-seven; and that all Official Acts and Documents of the several Public Offices of this Government (the Documents and Records of the Courts of Justice excepted) be drawn up and promulgated in the English Language, from and after

the 1st day of January, One Thousand Eight Hundred and Twenty-five; and that all Documents, prepared and issued from the Office of the Chief Secretary to this Government, be prepared in the English Language, from and after the 1st day of January next, One Thousand Eight Hundred and Twenty-three; from and after which periods, respectively, the English Language shall, in such Judicial and Official Acts and Proceedings, be exclusively adopted." ¹⁵⁾

Vanaf begin 1823 sou Engels dus geleidelik ingevoer word, sodat dit vanaf begin 1827 die enigste erkende taal van die staatsdiens sou wees, en die reeds aangekome Skotse predikante sowel as Engelse onderwysers sou behulpsaam wees om dit onder alle klasse van die samelewing te propageer. Die inhoud van hierdie proklamasie laat geen die minste twyfel aangaande Somerset se bedoelinge nie; hy was vasbeslote om alle moontlike middele aan te wend om die Kolonie feitlik stormenderhand te verengels.

As die meerderheid van die destydse bevolking nou nog Engelssprekend was, sou hierdie drastiese maatreëls, alhoewel nie verdedigbaar nie, ten minste verstaanbaar gewees het. Maar selfs as die 5000 Britse setlaars wat hulle in 1820-21 in die omgewing van Port Elizabeth kom vestig het, bygereken word, was nog geen één uit die tien van wat die goewerneur so vry was om te bestempel as „loyal Subjects of their common Sovereign,” in gebore staat om „the Language of the Parent Country” te praat nie.

¹⁵⁾ G. W. Eybers: „Select Constitutional Documents,” p. 23.

Somerset se voortvarendheid het vanselfsprekend 'n onhoudbare toestand geskep by die uitoefening van die regspraak, omdat daar nie voldoende Engelstalige jurieslede vir die Rondgaande Hof gevind kon word nie. Buitendien het die regspraktyk in Kaapstad en elders sulke sterk proteste laat hoor, dat die regering in Des. 1826 (Somerset was toe reeds terug na Engeland) verplig was om die bepaling insake die gebruik van Engels in die geregshowe voorlopig op te skort.¹⁶⁾ Vanaf 1828 het Somerset se proklamasie egter in al sy konsekwensies van krag geword, toe ook ou instellinge soos die Landdroste en Heemrade e.a. afgeskaf en vervang is deur „Resident Magistrates” met 'n heeltemal Engelse regstelsel.¹⁷⁾

Sulke dwangmaatreëls kon nie anders as verset uitlok nie, veral toe dit later al duideliker geword het dat Somerset veel meer beoog het as net die verengelsing van die staatsdiens, en daarom sou hierdie voortvarende beleid ten slotte die so gretig begerde samesmelting van die twee rasse nie net vertraag nie, maar ook verydel. Theal stel die saak volkome juis as hy beweer dat die bevolking geleidelik vanself sou verengels het as gevolg van immigrasie, ondertrouery en ander faktore, indien daar geen dwang in die spel gekom het nie. „But the deepest feelings of the old colonists were stirred by an order of the imperial government that after

¹⁶⁾ Eybers, p. 107.

¹⁷⁾ Idem, p. 109.

the 1st of Jan. 1825 all official documents, and after the 1st of Jan. 1828 all proceedings in courts of law should be in English. In Simonstown, Grahamstown, and Port Elizabeth, the exclusive use of the English language in the courts of law was not objected to; but in other places, where Dutch was spoken by nearly the whole people, the order was regarded as a very serious grievance. Many requests were made to the government to annul it, but to no purpose, and upon the dates named English became the official language of the country. It would have been difficult to devise a measure more calculated to irritate the Dutch inhabitants." ¹⁸⁾

Maar aan die ander kant was die jonger geslag wat reeds onder Britse vlag gebore was, veral op plekke waar die vermaak- en sportliewende Engelse element vinniger toegeneem het as elders, meer vatbaar vir Engelse invloede, waarby faktore soos dinees en bals, konserte en toneelopvoerings, klubs en perdewedrenne 'n vername rol gespeel het. So verklaar Cowper Rose in 1829: „Most conquered or ceded colonies receive from the conquerors the stamp of their manners and customs; and though the elder Africanders keep a sore and sullen distance, yet their sons and daughters move with the march of events (if not of intellect), and make an attempt at imitation not always unsuccessful. It is thus the society of Capetown is a copy of English society. Then the Cape ladies are frequently pretty, dance

¹⁸⁾ G. M. Theal: „The Story of the Nations (South Africa),” p. 158.

well, flirt readily, and speak their broken English softly." ¹⁹⁾)

Hieruit blyk dat die Engelse suurdeeg op die duur vanself sy natuurlike werking sou verrig het, as regeringsdwang nie orals gebruik was om die deursuringsproses te forseer en gevolglik te bederf nie.

4. *Vryskole en Privaatskole*

Deur middel van die staatsdiens alleen sou die verengelsing van die Kolonie egter nie bewerkstellig kon word nie, en as dit eventueel langs daardie weg sou slaag, sou dit in elk geval 'n baie langsame proses wees. Want die landelike bevolking het grotendeels 'n vrywel onafhanklike bestaan gevoer op die afgeleë boereplase en weens die nog beperkte verkeersmiddele maar betreklik selde met die gesentraliseerde regeringskantore in aanraking gekom. Om hierdie rede het hulle weinig las ondervind van die nuwe taalverordeninge, waarom die saak hulle aanvanklik ook min of meer koud gelaat het.

Lord Charles Somerset was natuurlik volkome bewus van hierdie beswaar, en om sake te bespoedig,

¹⁹⁾ C. Rose: „Four Years in Southern Africa,” aangehaal deur G. S. Nienaber in G.R.A.-Gedenkboek, p. 13.

In 'n rapport van 1826 oor Koloniale toestande kom die volgende voor: „A different feeling pervades the younger portion of the community, who, born under the British government, are beginning to acquire a taste for the habits and language of Englishmen, and evince a disposition to adopt their modes of thinking.” (Records xxvii, p. 375.)

sou hy nou die skool as verdere propagandamiddel aanwend, temeer omdat die jeug van vandag die burgery van môre uitmaak. Met die oog daarop het hy 'n stelsel van vryskole ontwerp en „competent and respectable instructors” deur ds. George Thom van Caledon in Brittanje laat aanwerf om aan die hoof van hierdie skole geplaas te word. Hy het dan ook met die afkondiging van sy taalproklamasie gewag tot ná die aankoms van sy eerste onderwys-rekrute, want uit die proklamasie self blyk dat hulle kort voor 5 Julie 1822 in die Kaap moes aangekom het.

Die tyd was nou ryp om sy voorgenome planne met alle erns in werking te stel. „At each drostdy a high-class government school was established, to which parents were invited to send their children free of charge.”²⁰⁾ So ontstaan in 1822 die eerste vryskole. Dis interessant om te let op die name van die eerste ses uitgesoekte onderwysers „of known loyal principles” en die plekke waar hulle aangestel is: William Robertson (Graaff-Reinet), James Rose-Innes (Uitenhage), Archibald Brown (Stellenbosch), William Dawson (George), James Rattray (Tulbagh), Robert Blair (Worcester). In 1823 het nog bygekom E. Arnold (Swellendam) en Joseph Reid (Paarl).²¹⁾

In 1826 is op die begroting voorsiening gemaak vir die salarisse van Engelse onderwysers (£100 p.a. elk plus vrye woning) op die volgende plekke:

²⁰⁾ Theal: „South Africa,” p. 160.

²¹⁾ E. Eybers: „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,” Sept. 1926, p. 35.

Wynberg, Simonstown, Somerset (Wes), Stellenbosch, Paarl, Worcester, Tulbagh, Clanwilliam, Caledon, Swellendam, George, Uitenhage, Port Elizabeth, Port Frances, Grahamstown, Bathurst, Somerset (Oos), Cradock, Graaff-Reinet, Winterberg, Beaufort, en nog drie in Kaapstad.²²⁾

Uit hierdie lys blyk dat dit die Britse bewind inderdaad erns was met sy angliseringsbeleid, en die spesiale doel waarvoor al hierdie onderwysers ingevoer is, blyk nog verder uit die volgende opmerking (par. 16) in die terme van aanstelling: „The difficulties which the Teachers will have to contend with, are chiefly the habits and manners of many of the Colonists and Children — (and) the Dutch language which, however, will be easily attained so as to have a sufficient knowledge of it. *in order to communicate English* (ek kursiver), in six or eight months.”²³⁾

Die vakke van onderrig sou die volgende wees: „It is required that the English Language be taught grammatically — Writing — Arithmetic — the first principles of Sacred Music — and the Principles of Religion, as exhibited in the Dutch Catechism, which are the same contained in the Catechism of the Church of Scotland.”²⁴⁾

Die Engelse taal word dus voorop gestel. Van die Hollandse taal kon daar natuurlik geen sprake

²²⁾ Records xxvii, p. 527.

²³⁾ Records xiv, p. 98.

²⁴⁾ Records xiv, p. 97.

wees nie, want dit moes juis uitgeroei word. Buitendien was al die onderwysers eentalig Engels en het hulle nie nodig gehad om self van Hollands notisie te neem nie, behalwe in sover dit dienstig kon wees vir die propagering van Engels. En dit was 'n doodcenvoudige sakie van ses of agt maande om vir daardie doel „a sufficient knowledge” bymekaar te skraap! Maar hoe graag sou 'n mens oor- en ooggetuie wou gewees het van die eerste verskyning van, sê maar, Mr. William Robertson voor sy Afrikaanssprekende leerlinge in die jaar 1822 op Graaff-Reinet . . . Wat 'n unieke opvoedkundige skouspel van 'n meester en skoliere wat geen stomme woord van mekaar se taal verstaan nie! En dit sal die geval gewees het op die meeste dorpe, behalwe dan in die meer Engelse sentra van oostelike Kaapland waar die Engelse setlaars gevestig was.

Nietemin moes dit die vryskole aanvanklik, ondanks die taalbeswaar, blykbaar voor die wind gegaan het, as ons ten minste moet oordeel volgens 'n skoolrapport van die jaar 1824, waarin die volgende voorkom: „The interest which the Parents take to have their Children instructed in that Language which, in a short time, will be the prevailing one throughout the whole Colony, and in which every branch of official business will be transacted (hoe aangenaam moes so 'n stellige bewering Somerset in die ore geklink het, al het hy waarskynlik self gevoel dat dit baie optimisties was), is such as to have excited them without any

compulsion to place their Children in the English Schools, where an opportunity is offered them to get their Children instructed without incurring any expense." ²⁵⁾)

Hierdie vryskole was ongetwyfeld 'n sterk lokaas, en dat baie ouers van so 'n gulde geleentheid om gratis onderrig vir hul kinders te kry, gretig gebruik sou gemaak het, lê voor die hand; temeer, as ons in gedagte hou dat dit 'n tyd was toe skoolfasiliteite net so skaars was as die geldmiddele om so 'n essensiële vereiste te kan bekostig. Buitendien was ouers, hoe vyandig miskien ook gesind teenoor die taalbeleid van die regering, verplig om rekening te hou met die belange van hul kinders as toekomstige burgers van 'n land wat nou tog eenmaal onder Engelse bewind te staan gekom het, veral as die kinders later vir 'n moontlike betrekking in die staatsdiens in aanmerking wou kom. Verder sal daar destyds ook maar ouers gewees het (soos daar ná die tyd baie was, en tot op die huidige dag nog is) wat die welbekende mening toegedaan was dat die kinders maar Engels moes leer, want Hollands sou wel vanself kom; en dan was 'n goeie Engelse opvoeding darem nog altyd beter as 'n swak Hollandse, of miskien glad niks.

Om al hierdie redes word dit begryplik waarom die Engelse vryskole in die eerste paar jaar sodanig opgang gemaak het, dat die Hollandse skole op dieselfde dorpe begin leegloop het en verskeie

²⁵⁾ Scholtz, t.a.p., p. 32.

daarvan gesluit moes word. Dit was o.a. die geval op Tulbagh, Caledon, George en Uitenhage.²⁶⁾ Volgens hierdie aanduidings het dit dus inderdaad begin lyk of Somerset se taalpolitiek, wat die skoolwese betref, sou slaag.

Maar toe gebeur daar iets wat die Boerebevolking se oë goed oopgemaak het. In dieselfde jaar van bovermelde rooskleurige skoolrapport (1824) is die eerste Sinodesitting van die Kaapse Kerk gehou, en blykens die besprekinge sowel as sekere besluite wat daar geneem is,²⁷⁾ het dit heeltemal duidelik geword dat die goewerneur van plan was om ook die taal van die godsdiens en die Kerk aan te tas — iets wat vanselfsprekend die gemoedere sal gaande gemaak het soos niks anders dit kon doen nie.

Soos ons uit die geskiedenis weet, was die konserwatiewe Boer van die ou stempel veral besonder geheg aan sy kerklike instellings en godsdiensstige gebruike. Ons hoef maar net te herinner aan die jarelange teenstand wat daar nog in ons tyd deur die ouer geslag gebied is teen die invoering van Afrikaans in die Kerk. Toe Somerset dus onmiskenbaar blyke gee van wat sy eintlike doel was met die invoering van die Skotse predikante, het die Boerebevolking agterdochtig geword teenoor sy hele taal- en skoolbeleid. Hulle het begin insien dat die vryskole sonder Hollands nie waarlik vry was nie, maar in werklikheid niks anders nie as mooi

²⁶⁾ Scholtz, t.a.p., p. 33.

²⁷⁾ Vergelyk die volgende afdeling: „Somerset en die Kaapse Kerk.”

gecamoufleerde slagysters om hul kinders mee te vang; nie die opvoeding nie, maar die verengelsing van hul kinders — dit het nou al meer geblyk die werklike motief te wees van die oënskynlik so grootmoedige gratis onderwys. En indirek moes hulle, deur belastings van die staat, nog daarvoor help betaal ook!

So het die privaatskole weer herleef op 'n veel groter skaal as vroeër. Al moes ouers dan ekstra betaal, en al moes hulle tevrede wees met veel swakker leerkragte, Hollands, die taal van hul godsdiens, sou daar ten minste tot sy reg kom en die jeug sou in die eerste plek voorberei kon word vir die aanneming. Want — om 'n latere benaming te gebruik — wat die Boerekinders veral nodig gehad het toe daar maar min tyd was om skool te gaan, was nie die Engelse matriek nie, maar die „Boere-matriek” — leer lees, skryf, reken, sing en veral Bybelkennis opdoen.

Die gevolg was dat baie kinders aan die vryskole onttrek is, sodat hulle ná 'n bloeiperiode van ongeveer vyf jaar begin kwyn het. Dit blyk duidelik uit die volgende syfers. Van 1822 tot 1827 het die vryskole toegeneem van ses tot 26, met oor die 1700 leerlinge; tien jaar later (1837) was die getal gedaal tot 17, met 750 leerlinge; nog twee jaar later (1839) was daar maar 11, met 503 leerlinge.²⁸⁾

Daarteenoor het die Hollandse privaatskole van 1830 tot 1839 vermeerder van 39 tot 94, dus meer

²⁸⁾ E. G. Malherbe, t.a.p., p. 85.

as verdubbel.²⁹⁾ Maar omdat die groot meerderheid van die Boerbevolking op afgeleë plase gewoon het, was daar naas die dorpse vryskole en privaatskole verder nog 'n groot aantal „swerwende meesters” wat van plaas tot plaas getrek het en teen baie geringe betaling die mees elementêre onderrig aan die menigte plaaskinders verskaf het. Om net een voorbeeld te noem: in 1839 was daar in die drie distrikte Caledon, Graaff-Reinet en Somerset(-Oos) oor die 90 van hierdie plaasmeesters werksaam,³⁰⁾ en in 1841 was daar in die distrik Caledon alleen 50 sulke plaasmeesters wat les gegee het aan oor die 300 kinders, teenoor een Engelse vryskool op die dorp self.³¹⁾

Die algemene toestand van die vryskole word begin 1857 deur die „Commercial Advertiser” as volg opgesom: „In 1822 and after, a considerable number of schools were established throughout the Colony, some of which were in a flourishing condition six or seven years ago, but at present we are induced to suspect that with scarcely a single exception, they are declining or very nearly extinct. At Swellendam, for example, there is no teacher; at some other places there are scarcely any pupils.”³²⁾

Lord Charles Somerset se „Government English

²⁹⁾ Malherbe, t.a.p., p. 68.

³⁰⁾ Malherbe, t.a.p., p. 80.

³¹⁾ Eybers, t.a.p., p. 44.

³²⁾ Eybers, t.a.p., p. 40.

Free Schools" met hul ingevoerde leerkragte het dus op 'n mislukking uitgeloop, omdat hulle te uitgesproke propagandisties was, nie in die werklike behoeftes van die Boerebevolking voorsien het nie, slegs 'n klein persentasie van die kinders bereik het, en die meeste onderwysers op die duur nie gedeug het nie. Daarmee was die eerste doelbewuste aanslag op die eersgeboortereg van die Boerkind voorlopig verydel, maar daarmee het die regering die saak nog nie gewonne gegee nie. Hy het nou van taktiek verander en langs 'n omweg, in plaas van regstreeks, probeer om sy beoogde doel te bereik.

Dit begin met oënskynlike konsessies aan die Hollandse taal op skool. Eers word in 1834 bepaal dat in regeringskole „the teacher shall instruct all children, whose parents may apply for it, in the principles of the Dutch language, as well as of the English language.”³³⁾

As dit blyk dat hierdie toewyding nie die gewenste uitwerking het nie, hoofsaaklik omdat die onderwysers nie tweetalig was nie, word in 1839 'n stap verder gegaan. James Rose-Innes, een van die knapste onderwysers (sy naam kom hierbo voor onder die eerste ingevoerdes), word benoem tot eerste „General Superintendent of Public Education” en terselfdertyd 'n nuwe stelsel van onderwys in die lewe geroep, waarby ook vir Hollands (as middel tot 'n doel) plek ingeruim word „by making the Dutch language a

³³⁾ Scholtz, t.a.p., p. 74.

part of the elementary course of instruction in all schools where it is required." ³⁴⁾

In 1843 volg nog 'n verdere toegewing, deurdat nou ook aan Hollandse privaatskole 'n regerings-toelaag beloof word, maar op voorwaarde dat in al sulke skole „where the Dutch Language prevails, *English shall also be taught* (ek kursiveer), and that, as soon as practicable, it shall be made the language of intercourse between the Master and Pupils at a certain hour each day, and in connection with some branch of instruction." ³⁵⁾ Heelwat skole het hierdie toelaag geweier, maar baie het dit aanvaar en dus staatsondersteunde skole geword wat aan inspeksie onderhewig was.

Eindelik volg in 1845 nog as laaste toegewing „that at all stations, where the Dutch language forms part of the course, certain hours are to be set apart for exercise in reading and writing the language correctly, and for translating both orally, and writing passages from one language into the other." ³⁶⁾

Die gevolg van al hierdie konsessies was dat die regering ten slotte oneindig meer gekry het as wat hy gegee het, want in 1845 was die aantal leerlinge in staatsondersteunde en regeringskole byna twaalf maal so groot as wat die vryskole in 1839 gehad het. ³⁷⁾ Die nuwe taktiek het dus uitnemend geslaag,

³⁴⁾ Scholtz, t.a.p., p. 77.

³⁵⁾ Idem, p. 77.

³⁶⁾ Eybers: „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,” April 1927, p. 120.

³⁷⁾ Idem, p. 121.

veral as gevolg van die diplomatiese optrede van Rose-Innes, die nuwe onderwyshoof. Hy het die Boeremense goed leer ken en geweet hoe om deur taktvolle maatreëls gaandeweg hul teenstand te oorwin.

So het Somerset se taalbeleid op die skole uiteindelik tog, deur middel van een van sy beste rekrute van 1822, geseëvier. Voortaan sou die angliseringsproses op die skole sonder veel hindernis sy verdere loop kon neem.

5. Somerset en die Kaapse Kerk

Soos uit bovermelde proklamasie van 5 Julie 1822 blyk, het Somerset voor daardie tyd reeds 'n begin gemaak met die aanstelling van Skotse predikante in vakante gemeentes van die Kaapse Kerk, want predikante is destyds en nog lank daarna uit die staatskas besoldig, en derhalwe het die regering ook seggenskap gehad oor hul aanstelling.

Die volgende is die name van die eerste drie Skotte deur Somerset aangestel: George Thom (Caledon, 1818), John Evans (Cradock, 1818) en John Taylor (Beaufort-Wes, 1820).³⁸⁾ Hulle was toe reeds in die Kolonie werksaam gewees in diens van die Londense Sendinggenootskap en blykbaar reeds voldoende tweetalig om in Hollands te kan preek.

Soos verder uit die proklamasie blyk, moes die Skotse predikante wat voortaan na die Kaap sou

³⁸⁾ Scholtz, t.a.p., p. 10.

kom, eers 'n tydjie in Holland vertoef om vertrouwd te raak met die Hollandse taal, waarsonder hulle natuurlik nie in staat sou wees om met die Boerebevolking om te gaan nie. In hierdie geval het Somerset dus, al was dit ook noodgedwonge, 'n veel verstandiger beleid gevolg as met die ingevoerde onderwysers wat al gaande maar self op een of ander manier die taal van die kinders moes optel. Maar dat hy met die invoering van die Skotte nie net die geestelike welsyn van die Boerebevolking op die oog gehad het nie, sou weldra duidelik genoeg blyk.

Onder die eerste aankomelinge vanaf 1822 vind ons die volgende name, met die gemeentes waar hulle geplaas is: Andrew Murray (Graaff-Reinet, 1822), Alexander Smith (Uitenhage, 1823), Henry Sutherland (Worcester, 1824), Colin Fraser (Beaufort-Wes, 1824), George Morgan (Somerset-Oos, 1826);³⁹⁾ ná hulle sou nog baie ander volg. So verskyn die Murrays, Frasers, MacDonalds, MacGregors, Robertsons e.a. in die pastorieë van die Ned. Ger. Kerk, om mettertyd die stamvaders te word van bekende en agtenswaardige families wat vandag deel uitmaak van die Afrikanervolk. Sommige van bogenoemde name het uitgestorf, ander het in wese Engels gebly, maar die meeste is opgelos in die Boerebevolking. En as ons in gedagte hou dat hierdie mense hul eie geboorteland verlaat het om in 'n ander wêrelddeel en onder 'n vreemde

³⁹⁾ Theal: „History of South Africa since 1795,” Vol. I, p. 370.

volk die Evangelie te kom verkondig, dan het ons geen reg om op grond van Somerset se byoogmerke ook hul eie goeie bedoelings in twyfel te trek nie. Daar sal natuurlik uitsonderinge gewees het, maar ons moet aanneem dat die meeste van hierdie Skotte liewe, goeie mense was wat hulle by die nuwe lewensomstandighede aangepas het, wat die sieleheil van hul gemeentes inderdaad op die hart gedra het en ook daarin geslaag het om mettertyd die vertroue van die Boerebevolking te wen.

Maar terselfdertyd mag ons nie uit die oog verloor nie dat hulle menslike mense was, en derhalwe ook „Home”-mense, wat die band met hul eie geboorteland natuurlik sterk sal aangevoel het en dus nie onverskillig sal gestaan het teenoor die politieke oogmerke van die regering nie. Temeer nog, omdat hulle deur die regering aangewerf, aangestel en besoldig is, en daar verder nog deur „Political Commissioners for Church Affairs” ’n wakende oog gehou is oor alle kerklike sake.

Reeds so vroeg as Sept. 1806, dus agt maande ná die tweede oorgawe van die Kaap, word bepaal:

1. The Commissary Politic shall as heretofore has been customary always sit in the Vestry (kerkraad) in order that their deliberations do not extend to nor interfere in any concerns of Government.
2. Ecclesiastical affairs, or those belonging to the Department of the Vestry only, shall be transacted there in the presence of the Commissary Politic, yet without his interference.

3. No Vestry therefor to be held without previous knowledge of the Commissary Politic.
4. The Commissary Politic is hereby authorized to peruse and examine all the Resolutions, letters and other Papers of the Vestry.
5. The Books and different Accounts shall henceforth be yearly examined and closed in his presence and be signed by him as *examined*." ⁴⁰⁾

Verder moes hierdie beampte toesig hou oor alle kerkeiendomme, begraafplase, verdeling van sitplekke, ens. Selfs die verkiesing van kerkraadslede was onderhewig aan meer as goewerneurlike sanksie, want toe die Kaapstadse kerkraad in Nov. 1806 die name van sekere verkose ouderlinge en diakens ter goedkeuring aan die goewerneur voorlê, moes die kerkraad tot sy verbasing verneem „that you must submit the usual number of Persons eligible for the situation of Deacons to your Church for His Excellency to select those he may think best qualified" ⁴¹⁾ (ek kursiveer). Sy Eksellensie, hoewel self geen lid van die Kerk nie, was dus beter bevoeg om te oordeel as die kerkraad self! Hierdie verdere verkragting van die kapitulasieverdrag van 10 Jan. 1806, waarvolgens „Public Worship as at present in use, shall also be maintained without alteration," het tot herhaalde botsings aanleiding gegee. Maar alle proteste het niks gebaat nie. In Jan. 1811 het die Kaapstadse kerkraad hom die volgende skerp

⁴⁰⁾ A. Dreyer: „Boustowwe vir die Geskiedenis van die N.G. Kerke in S.A.," Dl. III, p. 102.

⁴¹⁾ Idem, p. 110.

teregwysing van die goewerneur op die hals gehaal:

„Gentlemen, I should not act with the candour which is due to you or myself if I did not explicitly state to you that I have in some late instances observed on the part of the Consistory of the Reformed Church a disposition but too evidently manifested to oppose the orders and wishes of His Majesty's Government, a disposition which I am led to believe has arisen from a mistaken conception of your privileges as a Clerical body.

It has, Gentlemen, been my invariable desire to support and uphold you, but *I can never suffer the Ecclesiastical establishment of this Colony to separate itself from the Government, nor yield my right to control over it* (ek kursiveer) as well as over every other department.”⁴²⁾

Die goewerneur het homself dan ook beskou as „Hoofd der Kerk in deze Volksplanting” en in 1814 sy jurisdiksie ook tot die plattelandse gemeentes uitgebrei, soos blyk uit die volgende offisiële kennisgewing:

„The Landdrosts of the several Country Districts are henceforth to act as Political Commissioners for Church Affairs in their respective Districts, and to be guided in this duty by the Instructions of the Political Commissioner of Cape Town, in so far as those Instructions are applicable to the Country Districts.”⁴³⁾

So diep het die regering in kerklike sake ingegryp dat in Jan. 1814 selfs 'n voorgeskrewe gebed vir

⁴²⁾ Dreyer: „Boustowwe,” Dl. III, p. 133.

⁴³⁾ Idem, p. 135.

die oorwinning van die geallieerde leërs in die Napoleontiese oorlog op twee agtereenvolgende Sondae in alle kerke afgelees moes word.⁴⁴⁾ Blykens al hierdie maatreëls het die Kaapse Kerk dus van die begin af die sterk hand van die nuwe Engelse bewind in kerklike sake ondervind, en met die koms van lord Charles Somerset sou daardie hand hom nog sterker laat voel.

Op versoek van die Kaapstadse predikante (Von Manger, Berrangé en Faure) het Somerset verlof gegee om in Nov. 1824 die eerste „Algemeene Kerkvergadering” van die Ned. Ger. Kerk in Kaapstad te hou. Dit is met alle plegtigheid geopen in teenwoordigheid en onder toesig van twee „political commissioners” en bygewoon deur twaalf predikante en tien ouderlinge.⁴⁵⁾ Hoewel slegs vier van die predikante Skotte was, kry ’n mens uit die verslag van die verrigtinge die indruk dat die Kaapse Kerk teen hierdie tyd reeds volkome onderworpe was aan die gesag van die regering en sy kommissarispolitiek. Dit blyk uit die onderdanige, indien nie byna slaafse, houding wat hierdie eerste Sinode openbaar het teenoor die goewerneur — „onzen Geëerbiedigten Oppergebieder” — en sy angliseringsbeleid.

Weliswaar het ’n voorstel „to affect a closer union with the Scotch Church” geen algemene byval gevind nie, „because the principal Members of the

⁴⁴⁾ Dreyer: „Boustowwe,” Dl. III, p. 169.

⁴⁵⁾ Idem, p. 203.

Reformed Church are not convinced that the doctrine and discipline of the Scots and Reformed Churches agree entirely in every respect; besides which they unequivocally signified, that they would not give their consent that the Colonial Reformed Church should be subject to the supremacy of a Foreign Church" — luidens die verslag van die kommissaris-politiek.⁴⁶⁾

Maar aan die ander kant is besluit „that the translation of the Heidelberg Catechism be printed in order to be used in the English Schools for the Children belonging to the Reformed Church.⁴⁷⁾ Waaruit blyk dat die Sinode werklik bereid was om ook die godsdiensonderwys van Afrikaanse kinders op die regeringskole voortaan deur medium van Engels te laat geskied. Verder het hy hom bereid verklaar om sy steun te verleen aan die algemene propagering van die Engelse taal, blykens die volgende mededeling van die kommissaris-politiek:

„On the occasion of the debates in the Synod, on the utility of promoting the general knowledge of the English language, I must do the members justice to say, that they *unanimously signified their inclination hereto* (ek kursiveer), and acknowledging the liberal protection, which the Reformed Church has enjoyed under Your Excellency's Government, *evinced every possible disposition to assist in promoting Your wise and beneficial object in all other respects in this line* (ek kursiveer).”⁴⁸⁾

⁴⁶⁾ Dreyer: „Boustowwe,” Dl. III, p. 263.

⁴⁷⁾ Idem, p. 259.

⁴⁸⁾ Idem, p. 265.

Geen wonder dat Somerset hom hiermee besonder ingenome verklaar het nie, want dit het volkome gestrook met sy eie oogmerke. Maar terselfdertyd kon hy nie nalaat om in sy antwoord op die Sinode-besluit nogeens met die groots moontlike nadruk die aanleer van Engels te beklemtoon nie, soos blyk uit wat volg:

„His Excellency cannot too strongly impress upon the minds of the Synod the necessity, for the benefit of the people themselves, that the rising Generation should be instructed in the English language — as the only means of their attaining employment under the Government. He therefore entirely approves of the Translation of the Heidelberg Catechism into English for the use of the Schools.

At the same time however he feels Himself bound to impress in the strongest manner the necessity of the general Introduction of the English Language, as the only Language to be made use of in future, in all public and legal transactions of every kind.”⁴⁹⁾

Die kommissaris-politiek⁵⁰⁾ het dit egter nodig gevind om Sy Eksellensie op taktvolle en onderdanige manier daarop te wys dat hy insake „Religious Worship” nie te haastig moes wees nie, want dit het vir hom duidelik geword „that an apprehension is fast spreading among the public (ek kursiveer), that their children will not be allowed to receive any

⁴⁹⁾ Dreyer: „Boustowwe,” Dl. III, p. 270.

⁵⁰⁾ Dit was sir John Truter, gebore Kapenaar en lid van die Kaapse Kerk, maar om sy kruiperigheid teenoor die Engelse bewind beloon met 'n sir-skap.

further instruction in Dutch, and that the language is to be totally proscribed." ⁵¹⁾)

Om hierdie rede het Somerset voorlopig geen beswaar gemaak „to Religious Instruction being for some time to come given in the Dutch Language, provided always that the English Language be taught in all the Schools." ⁵²⁾)

Die besprekings en besluite van die eerste Sinode van 1824 sowel as die meegaande houding van sy lede insake die propagering van die Engelse taal, gesien in die lig van Somerset se taalproklamasie van 1822 en sy invoering van Skotse predikante, het die oë van die Boerebevolking terdeë oopgemaak vir die angliseringsgevaar waaraan hul kinders blootgestel was. Dit blyk baie duidelik uit die volgende opmerking van die Nederlandse reisiger, Teenstra, wat in 1825 enkele maande aan die Kaap vertoef het:

„Overall wordt de godsdienst in de Hollandsche taal gehouden. Het Engelsch gouvernement heeft, wel is waar, reeds eenige voorlopige voorstellen gedaan om dit in het Engelsch te doen, maar het vond zeer veel tegenkantingen, zoo wel van de leeraars, als van de overige ingezetenen zelve, zoodat het dit niet durfde doorzetten; ook zoude het, volgens sommige doordryvers, meer dan 40,000 menschen tegen hetzelfde in het harnas gejaagd hebben." ⁵³⁾)

Vandaar die reaksie teen die vryskole wat hierbo in die vorige afdeling bespreek is. En dat die Skotse

⁵¹⁾ Dreyer, t.a.p., p. 267.

⁵²⁾ Dreyer, t.a.p., p. 270.

⁵³⁾ Scholtz, t.a.p., p. 42.

predikante aanvanklik nie juis met ope arms ontvang is nie, blyk uit uitlatings soos die volgende in offisiële briewe aan die Britse regering:

„The fact is that members of the Scottish clergy have of late years poured into the Colony so abundantly that a feeling has been excited amongst the colonists which I lament to see arise” (Somerset aan Bathurst, 1825).

„We are aware that there exists among the native Dutch Inhabitants a certain degree of jealousy of the preference that has been shewn to the Scotch Clergy by the late selection which has been made of them for the service of the Reformed Church” (Britse Kommissie van Ondersoek aan Bathurst, 1826).⁵⁴⁾

Maar op die duur sou ook die Kerk, die sterkste bolwerk van die volk se eie geestesgoed, nie bestand blyk teen die groeiende verengelsingstroom nie. Met die invoering van Skotse predikante is ondertussen voortgegaan, sodat einde 1834 dertien van die drie-en-twintig dienende predikante Skotte was. Hulle was dus in die meerderheid in die vierde Sinode van Nov. 1834 en het hulle nou blykbaar sterk genoeg gevoel om die volgende beskrywingspunt in te dien: „Keurt de Synode het goed dat er in onze kerken door onze Leeraars in het Engelsch gepredikt wordt?”⁵⁵⁾

Hierdie eerste openlike poging om ook die kansels van die Kaapse Kerk vir Engels oop te stel, het natuurlik opspraak verwek en teenstand uitgelok

⁵⁴⁾ Scholtz, t.a.p., pp. 35 en 36.

⁵⁵⁾ Dreyer, t.a.p., p. 339.

binne sowel as buite die Sinode, sodat ten slotte tot die volgende besluit geraak is: „dat een ieder vrijheid hebbe, en aangemoedigd worde, waar zulks geschieden kan en nodig is, om dit te doen, mits zonder nadeel aan de Hollandsche gemeente, en met voorafgegane kennis aan den Kerkeraad omtrent het gebruik van het kerkgebouw.”⁵⁶⁾

Hiermee het die Engelse preek sy intree in die Ned. Ger. Kerk gemaak, want hoewel die Sinode niemand verplig het om in Engels te preek nie, het hy niemand verhinder om dit te doen nie, maar dit selfs aangemoedig. In die Sinode van 1837 is 'n verdere poging aangewend om die deur 'n bietjie wyer oop te maak deur die volgende beskrywingspunt: „dat eene genoegsame kennis der Engelsche Taal in alle nieuw aankomende Leeraars voortaan als een noodzakelijke vereischte beskouwd worde, en dat, waar een bepaald getal Engelsche inwoners en geen Engelsche Leeraar zich bevindt, de Leeraar der Nederduitsch-Hervormde Kerk verpligt zal zijn ook in het Engelsch te prediken.”⁵⁷⁾

Die voorstel is egter in die vergadering teruggetrek, waaruit af te lei is dat die Sinode so 'n verpligting waarskynlik nie sou aanvaar het nie. Maar terselfdertyd is besluit „dat het noodzakelijk was om niet alleen den Catechismus maar ook de Formulieren te vertalen, of de reeds gedane vertaling na te zien en te laten drukken.”⁵⁸⁾

⁵⁶⁾ Scholtz, t.a.p., p. 90.

⁵⁷⁾ Idem, p. 92.

⁵⁸⁾ Idem, p. 93.

Teen hierdie tyd was daar geen behoefte meer aan die invoering van Skotse predikante nie, want in Junie 1836 was daar reeds drie Afrikaner-predikante (H. A. Moorrees, J. J. Brink en S. P. Heyns) wat na voltooide studie in Holland nog geen vaste aanstelling gehad het nie, terwyl die volgende agt studente binnekort uit Holland sou terugkeer: G. Reitz, A. Roux, W. Scholtz, P. B. Marchand, P. du Toit, E. du Toit, P. K. Albertyn en W. A. Krige.⁵⁹⁾

Dit het die Ring van Kaapstad aanleiding gegee om in Junie 1836 die goewerneur te nader met die versoek „that His Excellency may be pleased to represent to the consideration of His Gracious Majesty the wishes of the members of the Dutch Reformed Church, that in the future appointment to any vacancy in the Reformed Church of this Colony, the claims of these young men, who are and shortly will be in holy orders, may be taken into consideration.”⁶⁰⁾

Die Ring van Graaff-Reinet, bestaande uitsluitend uit Skotse predikante, sowel as twee Skotte van die Ring van Swellendam, het egter geweier om hierdie billike versoek te steun en die regering gevra om rekening te hou met die „baie mense wat graag Engelse naas Hollandse dienste wil hê.”⁶¹⁾

Hierdie tweespalt onder die predikante van die Kaapse Kerk bewys maar net hoe sterk die Skotse

⁵⁹⁾ Dreyer, t.a.p., p. 384.

⁶⁰⁾ Dreyer, t.a.p., p. 382.

⁶¹⁾ Scholtz, t.a.p., p. 94.

meerderheid hom teen hierdie tyd reeds gevoel het en hoe diep die angliseringsproses reeds in die Kerk deurgedring was.

Die goewerneur het egter die billikheid van die versoek erken en dit ook sterk bepleit by die ryksregering, maar terselfdertyd die Graaff-Reinetse Ring gesteun „dat alle predikante in staat behoort te wees om ook in Engels te preek, en dat hulle daartoe verplig moet word as 'n voldoende aantal ingesetenes daarom versoek.”⁶²⁾

Die Britse regering het ten slotte in Mei 1838 die knoop deurgehak deur albei partye op 'n manier tegemoet te kom, en as volg geantwoord:

„While Her Majesty's Government are unable to give a positive pledge that native Candidates will in all instances be preferred to others, they are fully prepared to admit and to act upon the general principle that in preferments to the Dutch Reformed Churches, the most favourable consideration should be given to Natives of this Colony properly qualified for the office.

In weighing the respective qualifications of Candidates, it will be of importance to bear in mind the suggestion of the Graaff-Reinet presbytery, that persons appointed to the Ministry of the Colonial Church should be able at least to perform divine service in the English as well as the Dutch Language.

Whether it may be expedient to enforce the regular performance of the service in English once on every Sunday, is a question which must depend on the relative number of the Inhabitants of each Class.

⁶²⁾ Scholtz, t.a.p., p. 94.

I observe that those Students in Theology whose names are recorded as having studied in Europe (dis die lys van name hierbo genoem), appear to have done so exclusively at the Dutch Universities, and not in this country. In this choice they probably have been influenced by familiarity with the Dutch language and perhaps by motives of economy, but I consider it an object of some importance, that young men destined for stations of so much influence in the Colonial society should, if possible, receive at least a portion of their education in this country; and for this purpose the Scotch universities afford many advantages.

I wish it therefore to be understood that between Candidates whose qualifications are in other respects equal, the Government would be disposed to give preference to those whose Theological Studies have not been exclusively finished in a Foreign Country." ⁶³⁾

Aan die een kant was dit seker 'n oorwinning vir die Afrikanerelement in die Kaapse Kerk, omdat die toevoer van Skotse predikante deur hierdie beslissing oorbodig geword en eindelik ook heeltemal opgehou het, sodat hulle gaandeweg hul oorwig verloor en heeltemal in die minderheid geraak het. Maar aan die ander kant is die beginsel van verpligte tweetaligheid in die Kerkdiens ingevoer, en dit het mettertyd so diep wortel geskiet dat honderd jaar later nog steeds van Kweckskoolstudente op Stellenbosch 'n Engelse proefpreek geëis is, selfs lank nadat die Nederlandse proefpreek deur 'n Afrikaanse vervang was. Die Nederlandse proefpreek het reeds in 1920 verdwyn met die algemene aanvaarding van Afrikaans as Kerктаal, maar die

⁶³⁾ Dreyer, t.a.p., p. 385.

Engelse proefpreek het in ere gebly tot in 1940, hoewel dit byna sonder uitsondering sedert baie jare al die eerste en laaste Engelse preek was wat 'n teologiese kandidaat afgesteek het.

En hoeveel stryd het dit nie gekos nie, nog in ons tyd aan die begin van hierdie eeu, om die Engelse aandpreek van baie Afrikaanse kansels verwyder te kry. Want dit het 'n vaste gebruik gebly in baie Kaaplandse gemeentes lank nadat daar reeds plaaslike Engelse gemeentes ontstaan het, waardeur die noodsaak om in die geestelike behoeftes van kerklose Engelse ingesetenes te voorsien, nie meer bestaan het nie. En tot op die huidige dag is daar nog gemeentes van die Ned. Ger. Kerk (b.v. Drieankerbaai en tot kort gelede Simonstad), waar die Engelse preek nog steeds sy houvas nie verloor het nie, al word hy dan ook alleen nog gehoor onder die vriendelike beskerming van die aandskemerling.

6. *Toenemende Verengelsing ná 1840*

Soos uit die voorgaande bladsye van hierdie hoofstuk geblyk het, is die gesamentlike magte van die Staat en die Skool en die Kerk hoe langer hoe meer in diens gestel van die regering se angliseringsbeleid, met die gevolg dat veral sedert 1840 die verengelsing van die Boerebevolking hand oor hand toegeneem het. Daartoe het o.m. ook die volgende faktore meegewerk:

(a) VERSTERKING VAN DIE BRITSE ELEMENT

Met die koms van die Britse setlaars van 1820-21 is die reeds aanwesige Engelse element meteens versterk deur ongeveer 5000 nuwe aankomlinge,⁶⁴⁾ en sedert daardie tyd het 'n gercelde toevocr van oorsese immigrante die Engelse bevolking in die Kaapkolonie nog verder laat toeneem.⁶⁵⁾

(b) VERSWAKKING VAN DIE AFRIKANERELEMENT

„To people of England one of the strangest events of the present century is the abandonment of their homes by thousands of Cape colonists after 1836, and their braving all the hardships of life in the wilderness for no other cause than to be free of British rule.”⁶⁶⁾

Dis nie hier die plek om uit te wci oor die geweldige betekenis van hierdie unieke volksverhuising van die dertiger jare van die vorige eeu nie. Terloops kan alleen opgemerk word dat dit die Groot Trek was wat die vryheidsideaal vir die Afrikanerdom gered en lewendig gehou het tot op die huidige dag. Die luisterryke Eeufees met die simboliese Ossewatrek van 1938 het daarvan die mees welsprekende bewyse gelewer.

Dit word bereken dat die Groot Trek tydens die jare 1836-40 meer as 10,000 siele aan die Kaapkolonie onttrek het.⁶⁷⁾ Dit het natuurlik 'n

⁶⁴⁾ Theal: „South Africa,” p. 157.

⁶⁵⁾ Colenbrander: „De Afkomst der Boeren,” pp. 107-108.

⁶⁶⁾ Theal: „South Africa,” p. 195.

⁶⁷⁾ F. Lion Cachet: „De Worstelstryd der Transvalers,” p. 112.

geweldige verswakking van die Afrikanerelement meegebring, veral in die oostelike distrikte, en daardeur ook 'n moontlike verafrikaansing van die Engelse setlaars aldaar grotendeels uitgeskakel. In tweeledige opsig het hierdie volksverhuising die verengelsingsproses in die suide dus ten goede gekom.

Maar aan die ander kant het die Groot Trek weer 'n aansienlike deel van die Boerbevolking aan die Engelse invloed sfeer onttrek en gevolglik die verengelsingsproses, wat betref die Trekkers en hul nakomelinge, nie net ernstig gestrem nie, maar op die duur ook verydel. Want in die noordelike republieke wat as gevolg van die Groot Trek ontstaan het, was Hollands die enigste offisiële taal; en hoewel daardie gebiede in die laaste kwart van die 19e eeu, as gevolg van die ontdekking van goud en diamante, deur Engelse fortuinsoekers oorstroom is, het die Engelse taal eers ná die Tweede Vryheidsoorlog 'n faktor van betekenis geword in die noorde. Maar toe het dit ook dadelik in die kragtige oplewende Afrikaanse taal met 'n sterk mededinger te doen gekry wat eventueel die status van offisiële landstaal naas Engels in die Unie van Suid-Afrika sou verower. In 1902 het Engels oënskynlik die laaste Afrikanerveresting wat nog oor was, stormenderhand platgeloop, maar dit sou later blyk dat Groot-Brittanje daardie vernietigingsoorlog gewen het om Suid-Afrika te verloor.

(c) CAPE OF GOOD HOPE CONSTITUTION ORDINANCE

As gevolg van 'n hele reeks petisies aan die ryksregering in Londen is eindelik in Julie 1853 parlementêre bestuur (egter sonder verantwoordelike ministers) aan die Kaapkolonie toegestaan onder bovermelde ordinansie. Artikel 89 daarvan lui as volg: „That all debates and discussions in the Legislative Council and House of Assembly respectively shall be conducted in the English language, and that all journals, entries, minutes, and proceedings of the said Council and Assembly be made and recorded in the same language.”⁶⁸⁾

Hiermee is mede-seggenkap in die landsbestuur dus definitief aan die Boer ontsê, tensy hy in staat en bereid was om Engels te praat. Ten spyte van herhaalde pogings om die ordinansie gewysig te kry, omdat sommige volksverteenwoordigers maar beswaarlik Engels kon praat, is hierdie toestand gehandhaaf tot in 1882, toe Hollands vir die eerste maal in die Kaapse parlement toegelaat is.

(d) AANPASSING VAN DIE JONGER GESLAG

In die vyftiger jare was die ouer generasie reeds grotendeels vervang deur die nuwe geslag van Afrikaners wat onder die Britse vlag gebore was. As gebore Britse onderdane het die laaste dus vanself minder vreemd gestaan teenoor heersende Engelse toestande as wat met hul ouers die geval gewees

⁶⁸⁾ Eybers: „Select Const. Documents,” p. 55.

het, omdat die vreemde juk nie meer in dieselfde mate as vroeër geskaaf het nie. Buitendien het hierdie jonger geslag al gaande, laat ons maar sê, meer „broadminded” geword en derhalwe die veronregting van hul taal nie meer so sterk gevoel nie, of in elk geval die oorheersende posisie van Engels min of meer lydelik aanvaar as 'n noodwendigheid waaraan tog niks meer te verander was nie. Die volgende uitlatings kan dien om hierdie nuwe tydgees te illustreer:

„Het is thans in de Kolonie *alles Engelsch*, en wij, hoe ook verkleefd aan de taal waarin wij opgevoed zijn, of welke wij onze moedertaal noemen, kunnen even zoo min de eb en vloed der zee keeren, als beletten dat de Engelsche taal algemeen worde. Getuige de laatste jaren: het *Parlement*, het *Hooge Gerechtshof*, de *Magistraats Hoven*, alle publieke bezigheden, zoowel van het *Gouvernement* als die waaraan de ingezetenen deel hebben — het is alles Engelsch. In meest alle scholen maakt het Engelsch het hoofdonderwijs uit — en misschien met een of twee uitzonderingen, waar men in het *Hollandsch* ook onderwijst, worden de scholen voor jonge jufvrouwen bij uitsluiting bestuurd door Engelsche onderwijzeressen, die geen enkel woord *Hollandsch* verstaan” (*Het Volksblad*, 25 Okt. 1859).⁶⁹⁾

„Die eenigzins met onze landsbevolking bekend is, weet dat naarmate de begeerte der ouders naar eene onbekrompene opvoeding hunner kinderen toeneemt, naar die mate ook bij hen de begeerte levendig wordt hunne kinderen niet de Engelsche *met* de *Hollandsche* taal, maar

⁶⁹⁾ Aangehaal deur Anna J. D. de Villiers: „Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika,” p. 82.

uitsluitelik de Engelsche taal te doen aanleeren. Zij vragen naar *Engelsche* onderwyzers en onderwyzeressen. Zij zenden hunne kinderen naar *Engelsche* scholen. Alleen de bekrompen buitenman, die meent dat zijn kind aan wat schrijven, lezen, cijferen, en katechizeren genoeg heeft, bekommert zich niet over het Engelsch. Men kan niet ontkennen dat zelfs in de verste buitendistricten koloniale beschaving met de heerschappij van de Engelsche taal hand aan hand gaat

Hier [in Kaapstad] wordt het Engelsch al meer en meer, ik zeg niet de taal des dagelykschen verkeers, *maar de taal des huisgezins!* En het Hollandsch? — Liever hoor ik het platte plumpe Hollandsch van den achterlijksten boer, dan het verengelschte Hollandsch van het Kaapstadsche jonge geslacht.”⁷⁰⁾ (Ook uit die jaar 1859.)

Hier het ons dus 'n bevestiging van wat Rose reeds so vroeg as 1829 opgemerk het, nl. dat „though the elder Africanders keep a sore and sullen distance, yet their sons and daughters move with the march of events.”

(e) ENGELSE PERSPROPAGANDA

Die tradisionele houding van die Engelse pers in Suid-Afrika teenoor alles wat nie Engels is nie, sowel as sy volslae onvermoë om andersdenkendes se standpunt te probeer begryp, het sedert jaar en dag reeds spreekwoordelik geword in ons land. Hierdie pers was dan ook van die begin af een van die magtigste middele om die angliseringsproses te help propageer. Die volgende ontboeseming is kensketsend van die „superior race and superior

⁷⁰⁾ Aangehaal deur Scholtz, t.a.p., pp. 147-148.

language"-mentaliteit wat ons met verloop van tyd so goed leer ken het. Dis uit 'n hoofartikel van die oorbekende *Cape Argus* van 19 Sept. 1857:

„The language of the Cape!—As if the miserable, bastard jargon, which is the vernacular of this country, is worthy of the name of language at all; or as if the Dutch, as spoken in Holland, and as used by the Dutch clergymen in the pulpit, is properly understood by two-thirds of their hearers. The Dutch of Holland is almost a foreign language here But even supposing the Dutch of Holland was the vernacular of this country, which it is not, why seek to perpetuate it here in an English colony? Dutch has no *status* amongst the languages of Europe. Nobody ever learns it; and all ranks above the lowest in Holland prefer to speak French The fact is that Dutch, with some very good points about it, is not an attractive language. Very well fitted for pulpit eloquence, no doubt, but shockingly unsuited for sentiment and poetry Why seek to perpetuate it then? Why kick against the pricks? The language of this country is destined to become English; it is becoming more and more so every day. Leave off hankering after Dutch schoolmasters; preach English from your pulpits, and encourage your children to learn and use, in familiar discourse, the language of Shakespeare and Milton And you, whom fate has ordained to become liege subjects of Her Majesty of England, may as well hasten to become English in language, sentiment, and feeling, for to that complexion must you come at last.”⁷¹⁾

(f) DIE ONDERWYSWET VAN 1865

Teen die sestiger jare het die verengelsing van die Kaapkolonie reeds sulke afmetinge aangeneem

⁷¹⁾ Aangehaal deur Scholtz, t.a.p., p. 110.

dat dit vir die regering nie langer nodig was om rekening te hou met enige teenkanting wat nog hier en daar mog bestaan het nie. Daarom kon al die halfslagtige konsessies van vroeër ten opsigte van Hollands by die onderwys nou ook definitief herroep word; die Hollandse lokaas was nie meer nodig nie. Dit het gebeur in die nuwe Onderwyswet van 1865, waarvolgens geen skool in die toekoms enige regeringsteun sou ontvang nie, tensy aan die volgende voorwaarde voldoen word:

„The medium of instruction in all First and Second Class Public Schools was to be English, and in the Third Class Schools (d.i. hoofsaaklik plattelandskole) it was to be introduced at the lapse of 12 months.”⁷²⁾

Hiermee word die Afrikanerkind dus, wat die staatskool betref, heeltemal van sy eersgeboortereg beroof. Van sy eie moedertaal kon daar natuurlik geen die minste sprake wees nie, want dit was niks meer as „a miscrable, bastard jargon” wat die naam van taal nie eens werd was nie. Maar selfs die bietjie afskeep-Dutch wat hom darem nog op ’n manier tot dusver gegun was, word nou ook uit die skool verban.

Nou ontstaan die erbarmelike skooltoestande waarvan *Die Eselskakebeen* van dr. O’Kulis so ’n droewig-komiese beeld te sien gee. Die Boerekind moet eers verlear wat hy ken, om te kan leer wat hy nie ken nie en wat vir hom van geen nut is

⁷²⁾ Malherbe: „Education in S.A.,” p. 97.

nie. „Ek moes dieselfde *a b c* wat ek by my Ma geleer het, weer van vooraf vat; net ek moes hulle ander name gee. Die *a* word *y*, *b* word *bie*, *c* word *sie*, ens. My eerste gedagte was: As die Miss my nou nie van die wal in die sloot help nie, dan was my Ma verkeerd, glad verkeerd. Maar ek het gemaak soos die Miss sê, want sy was by my en had 'n kweperlat.”⁷³⁾

Later het hierdie seun kennismaking met „Jokrivier,” maar „in ons Geography was Engeland die aarde en die aarde was Engeland.” Nog later het „Cape History” bygekom en dit „het my eers laat vergeet dat die oumense [die Voortrekkers] my voorvaders was en later het dit bewerk dat ek my vir hulle geskaam het.”⁷⁴⁾ Die skoolervaringe van hierdie seun was kenmerkend van wat geslagte van Boerekinders moes deurmaak onder 'n denasionaliserende onderwysstelsel.

Dit was omstreeks hierdie tyd dat kennisgewings by publieke skole verskyn het: „It is forbidden to speak Dutch.” En wie die gebod oortree, kry 'n skandbordjie om die nek met die opskrif „Donkey,” waarvan hy eers ontslae kon raak as hy 'n medeleerling op dieselfde misdaad kon betrap, of anders moes hy ná skoolure die feit betreur dat hy so dom was om sy eie taal te praat.

⁷³⁾ Aldaar, p. 26.

⁷⁴⁾ Aldaar, p. 45. Dr. O'Kulis was die skuilnaam van ds. Willem Postma wat een van die vroegste voorvegters vir Afrikaans was in die eerste jare van hierdie eeu. Sy bydraes was getitel *Oogdruppels*, en deur 'n misverstand het die setter van *Okulis* (oogdokter) gemaak *dr. O'Kulis*.

Hoef dit dan verwondering te wek dat menige Boerekind homself ten slotte begin skaam het vir alles wat sy eie was en sy bes gedoen het om maar so gou moontlik 'n nagemaakte Engelsman te word? Want noodwendig moes die besef in sy siel ingebrand word dat dit 'n doodsonde was om Afrikaner-Boer te wees en 'n hemelse voorreg om Afrikaner-Brit te kan word, wanneer hy ná skoolure moesaam honderd keer en meer in skoonskrif die martelende refrein moes herhaal: „I may not speak Dutch.”⁷⁵⁾

Dit was sulke toestande wat aan 'n Patriotdigter van die sewentiger jare die noodkreet ontlok het:

„Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jy sien
 en hoor;
 In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal
 vermoor.
 Ag hoe word ons volk verbaster, daartoe werk ons
 leraars saam;
 Hollands nog in sekere skole: is bedrog, 'n blote
 naam!
 Wie hom nie laat anglisere word geskolde en
 gesmaad;
 Tot in Vrystaat en Transvaal al, oweral dieselfde
 kwaad.”

Maar juis in hierdie periode van skynbaar volslae verengelsing neem ons ook die eerste kéntering van die gety waar, deurdat iemand op die gedagte moes kom om die tot dusver miskende Boeretaal in ernstig

⁷⁵⁾ Vgl. verder Nienaber: „Geschiedenis van die Afrikaanse Beweging.” p. 58 vlg.

bedoelde skriftelike vorm te gebruik, hoewel allermins met die bedoeling om hierdie taalvorm op sigself te propageer. Dit was maar net 'n middel tot 'n politieke doel, soos hierna verder sal blyk. Maar daardeur word op ewe onbedoelde as onverwagte wyse die eerste stoot gegee aan wat later sou ontwikkel tot 'n magtige volksbeweging, waardeur die Engelse taal gaandeweg van sy oorheersende posisie teruggedring sou word tot die meer beskeie rol van tweede landstaal in Suid-Afrika.

III

DIE AANVOORPERIODE

1. *Hollands en Afrikaans*

Die jaar 1860 kan beskou word as die eintlike geboortejaar van Afrikaans as skryftaal, d.w.s. as ernstig bedoelde *skriftelike* uitingsvorm. Hoewel hierdie Boeretaal toe reeds sedert honderd jaar tevore algemeen gangbaar was in die volksmond as omgangstaal, soos hiervoor in die eerste hoofstuk aangetoon is, het dit egter nog altyd gegeld as 'n minder beskaafde vorm van Hollands wat wel as *spreekvorm* dienstig en gewettig was, maar nie as *skryfvorm* gebruik mog word nie. En selfs tot in ons tyd (ek bedoel die begin van die 20e eeu), voordat ons as Afrikanervolk werklik volkbewus en taalbewus geword het, is Hollands nog steeds beskou as ons „moedertaal,” hoewel dit geslagte lank nie meer op hierdie benaming aanspraak kon maak nie. Dit het die onverbiddelike logika van 'n Langenhoven vereis om so laat as 1911 eers die onhoudbaarheid van hierdie taaltoestand op afdoende wyse aan die kaak te stel, toe hy uitgeroep het:

„Hoe lank sal ons bly hink op twee gedagtes? Als Nederlands ons taal is, waarom praat ons hom nie? Als Afrikaans ons taal is, waarom skryf ons hom nie? Is die

een te hoog om te praat en die ander te laag om te skryf? Dan is die posisie eenvoudig dit: vir een soort gebruik is die taal van ons moeders nie goed genoeg nie, en vir die ander soort gebruik is die kinders van ons moeders nie goed genoeg nie. En so staat ons voor die oog van die wêreld als die een en enigste nasie op die aarde, wat ons op die aansprake van ons moedertaal beroep, terwyl ons nie weet wat ons moedertaal is nie!" ¹⁾

Die Boerevolk het dus meer dan anderhalwe eeu in die sonderlinge posisie verkeer dat hy in werklikheid drie verskillende taalvorme vir drieërlei soorte van gebruik aangewend het.

Ten eerste was daar die amptelike taal, mondeling sowel as skriftelik, van die regering, die skool en die kansel, nl. Hooghollands (Nederlands), vir sover dit dan nie Engels was nie. Ten tweede was daar die alledaagse omgangstaal, wel goed genoeg om te praat, maar nie goed genoeg om te skryf nie, nl. Afrikaans. Ten derde was daar nog 'n onvaste tussenvorm wat nie Nederlands en ook nie Afrikaans was nie.

Wanneer iemand in die openbaar moes optree, by watter geleentheid ook, het hy hom van Hooghollands bedien; dit was behalwe amptelike taal ook die taal van die huisgodsdienste en die gebed, van die trou- en die begrafnisplegtigheid, van die debatsvereniging en die publieke verhoog. Maar aangesien alleen die werklik Hollands-geskoolde spreker hierdie taalvorm magtig was, en dit was by

¹⁾ „Ons Land,” 15 Aug. 1911.

hoë uitsondering die geval, het dit by die meeste sprekers gewoonlik uitgelooop op 'n tussenvorm, 'n soort van deftige gesukkel wat miskien die beste aangedui kan word as „Laaghollands” of „Hoogafrikaans.” En as so iemand dan die pen opgeneem het, was die resultaat natuurlik dieselfde. 'n Mooi voorbeeld van hierdie tussenvorm lewer die Dagboek van Louis Trichardt (1836), soos uit die volgende staaltjie kan blyk:

„De middag kwam Pieta, zei, dat zij geen pad kan krijgen waar een wagen op ken, en dat de mis op de bergh leg, dat zij aan de ander kand van de bergh niet zien ken. Is hij omgedraaid, en dat ouwe Botha zeg, dat hij kans ziet met de wagens op te komen als wij ze uit malkander maak. De avond kwam ouwe Botha, zei, dat hy aan deze kand drie paaijen gekregen heb, maar in de ander kand geen een plek daar de vee of wagen af ken, het is éene krans. Maar hij had dan een nek gezien, waar de berg van de ander kant een hoek in geef, wil hij nog de andere dag eers gaan zien of wij daar niet over ken.”²⁾

Hierdie sonderlinge twee- of liewer drieslagtigheid van die taalgebruik was aan die een kant natuurlik te wyte aan 'n diepgewortelde Nederlandse skryftradisie uit die tyd van Jan Kompanjie, en aan die ander kant aan die verskyning van John Bull en die propagering van sy taal, soos hiervoor in die tweede hoofstuk aangetoon is, waardeur vir Dutch al hoe minder afskeep-aandag oorgebly het. Die gevolg was dat die kennis van Hollands afgeneem het namate dié van Engels toegeneem het. Tussen

²⁾ Uitgawe van Preller, 1938, p. 208.

die twee moes Jan Boer maar voortsukkel onder die las van Jan Kompanjie se tradisie enersyds en die mag van John Bull se oorheersing andersyds, oorgelaat met sy eie „onskryfbare” Boerespraak aan die genade van die oop veld, waar die ou Statebybel in die wakies of voorkamer darem op ’n manier gesorg het dat hy nie totaal verwilder nie. En dit sou baie lank duur, tot so laat as 1925, voordat uiteindelik finaal besef en erken sou word dat hierdie Boerespraak vir alle doeleindes ook skryfbaar was, en die afgeleefde ou Nederlandse skryftradisie sy laaste snik sou gee.

In 1860 dan word hierdie tradisie vir die eerste maal ernstig aangetas. Wel is daar voor die tyd af en toe geskryf in Afrikaans, of wat dan daarvoor moes deurgaang, maar dit was hoofsaaklik brokstukkies van Hotnotafrikaans („De Temperantisten,” „Kaatje Kekkelbek”) terwille van komiese effek, waarin miskien nog die oorsprong gesien moet word van die „Hotnotstaal”-tradisie wat Afrikaans so lank sou bly aankleef. Een bepaalde skrywer (Meurant) het nou en dan Boereafrikaans geskryf, maar ook dit het selde ’n ander bedoeling gehad as om die laglus te prikkel. In elk geval was niks wat voor 1860 in Afrikaans geskryf is, van sodanige betekenis dat dit besondere aandag getrek of enige noemenswaardige uitwerking gehad het nie. Gans anders was egter die geval met die samespraak van „Klaas Waarzegger” wat teen die end van 1860 begin verskyn het en vroeg in 1861 in pamfletvorm uitgegee is.

2. Klaas Waarzegger (1860)

In Des. 1860 verskyn op 'n los byblad van *The Cradock News* onder Hollandse opskrif, maar met Afrikaanse inhoud, die eerste twee dele van die tans bekende „Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar.” Dit word in Jan. 1861 voortgesit in die inmiddels opgerigte *Het Cradocksche Nieuwsblad* (wat juis ontstaan het as gevolg van die onmiddellike populariteit van die Samespraak) en op 6 April 1861 verskyn die ondertussen tot ses dele aangegroeide Samespraak as afsonderlike boekie van 75 bladsye onder die titel:

„Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het onderwerp van Afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie.”³⁾

Dit was die allereerste boekie wat in Afrikaans die lig gesien het.

„Klaas Waarzegger” was die skuilnaam van Louis Henri Meurant, gebore in Kaapstad (1811) van Frans-Engelse ouers, maar ná die vroeë dood van sy moeder opgegroeï in 'n Afrikaanse huisgesin en later getroud met die dogter van sy pleegouers. In die jare 1844-50 het hy in Grahamstad uitgegee *Het Kaapsche Grensblad*, waarin onder verskillende skuilname af en toe bydraes in Afrikaans van hom verskyn het. Van 1853 tot 1882 was hy in die

³⁾ Uitgegee met inleiding en aantekeninge deur dr. G. S. Nienaber. Uitgawe van die Patriot-Vereeniging, No. 1, 1940.

staatsdiens as magistraat werksaam en is in 1893 op Riversdal oorlede.⁴⁾

Meurant was, toe hy die Samespraak geskryf het, magistraat op Cradock. Die aanleiding daartoe was 'n aktuele politieke vraagstuk van die dag — die afskeidingsbeweging — waarvan hy 'n sterk voorstander was. Daar het egter geen eenstemmigheid oor die saak bestaan nie. Die Afrikanerboere van die Oostelike Provinsie, veral van die middellandse en noordelike distrikte, was meendeels teen afskeiding gekant, blykbaar omdat hulle daarin 'n bedekte poging gesien het om hulle los te maak van hul eie volksgenote in die Westelike Provinsie en te betrek onder die Engelse invloedssfeer van plekke soos Grahamstad en Port Elizabeth.

Om nou hierdie teenstanders tot sy standpunt te probeer oorhaal, het Meurant op die gedagte gekom om die Samespraak te skryf, waarin hy twee waardige Boere as sy mondstukke in hul eie taal laat optree. Dit is 'n baie oulik en dikwels geestig gestelde dialoog, waarin die anonieme skrywer hom openbaar as gevatte propagandis vir die saak wat hy bepleit, en terselfdertyd ook as kenner van die taal, sedes, gewoontes en mentaliteit van die Boerebevolking. Maar dis ook duidelik dat Klaas Waarzegger, al poseer hy ook as „ware Dopper,” nie geskryf het uit liefde vir die taalvorm wat hy

⁴⁾ Volledige lewensbesonderhede word gegee deur J. du P. Scholtz („Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,” Julie 1934) en G. S. Nicnaber (uitgawe van die Patriot-Vereniging, No. 1).

gebruik, of vir die mense wat hy tot sy sienswyse wou bekeer nie. As uitgesproke lojale Britse onderdaan het hy uitsluitend 'n politieke doel beoog — 'n afsonderlike Engelse regering vir die Oostelike Provinsie. En vir die propagering van daardie doel het hy „in the lowest vernacular, or the real South African patois” die aangewese middel gesien „for the purpose of enlightening the ignorant Dutch Farmers of the interior on the merits of the question.”

Meurant het in daardie doel nie geslaag nie, want die afskeidingsbeweging het ten slotte op niks uitgeloop nie. Maar hy het iets anders gedoen wat allermens in sy bedoeling gelê het — hy het die *Boer se oë oopgemaak vir die deugdelikheid en doeltreffendheid van sy eie tot dusver miskende Boeretaal as skryfmedium*, en daardeur onwetend die eerste voorloper geword van 'n totaal ander beweging wat ten slotte sou uitloop op die volledige triomf van Afrikaans as kultuurtaal.

3. Gevolge van Klaas Waarzegger se Optrede

Die Samespraak van Klaas Waarzegger het dadelik groot belangstelling gewek. So skryf die *Cradock News* van 18 Des. 1860, na verskyning van die eerste twee dele:

„Our esteemed friends Jan Twyfelaar and Klaas Waarzegger will be glad to learn that their Zamenspraak has attracted very great attention, and is much admired everywhere. We printed 1,500 copies, at their request,

every one of which is gone; and by the last post we received applications for additional copies from every direction, one order alone being for 300 copies, so that we shall be obliged to print a second edition of 1,500. This we believe to be the largest circulation ever attained by any Colonial Newspaper." ⁵⁾)

Dat dit nie bloot as oordrewe propagandaberig vir die afskeidingsbeweging beskou moet word nie, blyk daaruit dat vooraanstaande Hollandse blaaië soos *Het Volksblad* en *De Zuid-Afrikaan*, albei van Kaapstad, dadelik die Samespraak, of dele daarvan, oorgeneem het, al was hulle dit ook nie met die strekking daarvan eens nie. So verklaar *Het Volksblad* van 25 Des. 1860:

„Vele onzer lezers zullen zeker niet zonder genoegen het gesprek over de Afscheiding lezen dat wij uit de *Cradock News* hebben overgenomen. De schrijver is blijkbaar even goed bekend met den eigenaardigen spreektrant onzer boerenbevolking als met de zaak der Afscheiding; en schoon de redeneringen al evenzeer mank gaan als er meerendeels in de Oostelijke Provincie over de Afscheiding verkondigd wordt, is er geen twijfel aan of zij zullen op de oostersche boeren meer effect maken dan de Katechismus." ⁶⁾)

Die gewildheid van die Samespraak blyk verder uit die volgende uitlating van die *Cradock News* van 8 Jan. 1861, waarin propaganda gemaak word vir die voorgename *Het Cradocksche Nieuwsblad*:

⁵⁾ Aangehaal deur Scholtz, t.a.p., p. 210, en ook Nienaber, P.V. 1, p. 19.

⁶⁾ Aangehaal deur Smith, G.R.A.-Gedenkboek, p. 36.

„The Dutch population of the Eastern Province are said not to be a *reading* people. We do not believe it; at all events the immense circulation acquired by the simple Dialogue of Klaas Waarzegger, which was recently issued from this office, flatly contradicts such an opinion. Our recent trip to Colesberg has convinced us that the Dutch Boers *are* a reading people, provided what they are expected to read is prepared for them in a simple, agreeable, and understandable style. Not a Dutch farm house did we enter, scarcely a Boer did we meet, residing between this village and Colesberg, but who had seen, read, and digested the Dialogue, and some actually repeated the whole thing by heart, without an error.”⁷⁾

Dit sal om begryplike redes 'n bietjie aangedik wees na albei kante toe, sowel wat betref die leesgierigheid van die Boere as die gewildheid van die Dialoog; maar die blote feit dat die eenaars van die *Cradock News* kans gesien het om nog 'n Hollandse koerant ook uit te gee, bewys dat daar geen twyfel bestaan het aangaande Klaas Waarzegger se populariteit nie, want in die nuwe blad sou sy Samespraak voortgesit word.

Met die verskyning van die Samespraak in boekvorm was Klaas Waarzegger se taak egter nog nie afgedaan nie. Aan die slot daarvan het hy aan oom Jan beloof dat hy self na Kaapstad sou gaan om die parlementêre besprekings insake afskeiding by te woon en alles noukeurig te rapporteer. Die resultaat was 'n vervolg van die Samespraak in die vorm van 'n reeks briewe in *Het Cradocksche*

⁷⁾ Aangehaal deur Scholtz, t.a.p., p. 211, en ook Nienaber, P.V. 1, p. 22.

Nieuwsblad, waarin Klaas op besonder onderhoudende wyse vertel van alles wat hy in Kaapstad sou beleef het. Geestig is sy beskrywing van die opening van die parlement — dieselfde uitheemse gedoente wat tot vandag nog in gebruik is:

„Oom! daar was zoo veel mense, dat ek oom nie kan vertel nie wie hulle allemaal was. Net om twaalf ure het de Gofferneur ingekom, met zyn volle mondering, en toe het de Muziek gespeul, ik geloof de Koningins Psalm [„God save the Queen”] — maar dit staat gloof nie in oom zyn psalm boek nie. Daar was een heele boel mense wat van kop tot toon toegetakel was met goud, en zulver, en rooye bant, en party hulle kleere was gemaak van goed nets ons voor zaalkleedjes gebruik. En toe kom de heere van de Wetgevende Raad binne — voor hulle loop een karel met een lange swarte kirrie — zooals Tukker my vertel, is dit om op te pas dat van de lage mense niet aan hulle kleere vat nie, en voor de leden van de Wetgevende Raad was die mooye, kleine, dikke Jutsie wat net maar eenmaal onder by ons was; hy is de President, — zyn kleere was koddig, — maar de koddigste was een groote witte bokvel mus wat hy op zyn kop had. Die ding hang af tot na zyn schouwers. Dit het vir my gelyken, oom, nets die mus gemaak is van een gebreide bokramsvel, van de lang harige, gekrulde blouwschimmel soort. Ik het eenmaal zoo een ram onder myn bokke gehad, wat de hare veel mooyer van was, als van die groote mus wat de kleine Jutsie op hat.”⁸⁾

Hierdie briewe is natuurlik in Cradock geskryf, maar op grond van sy intieme kennis van Kaapstad en omgewing, sowel as persverslae wat hy sorgvuldig

⁸⁾ Hierdie briewe is deur Nienaber saam met die Samespraak afgedruk in P.V. 1.

gelees het, kon Klaas die indruk skep asof die briewe werklik uit Kaapstad afkomstig was. Hulle het nog groter populariteit geniet as die Samespraak, wat o.a. daaruit blyk dat hulle deur die meeste koerante met graagte oorgeneem is uit *Het Cradocksche Nieuwsblad*.

Die gevolg van hierdie wydvertakte verspreiding van Klaas Waarzegger se stukke was dat sy naam algemene bekendheid en beroemdheid verwerf het, en daar is ywerig gegis na die identiteit van die anonieme skrywer wat die Bocretaal so vaardig kon hanteer; maar dit het 'n geheim gebly tot lank ná sy dood.⁹⁾ Maar dit was nie al nie. Van veel groter betekenis vir ons taal is die feit dat sy voorbeeld so aansteeklik gewerk het, dat wyd en syd Afrikaanse penne in beweging gekom het soos nooit tevore nie. Dr. Scholtz verklaar: „Van nou af verskyn daar sonder onderbreking talryke Afrikaanse briewe en samesprake in die koerante, veral in *Het Volksblad*, maar ook in *De Zuid-Afrikaan* en ander blaaië. Tussen 1861 en 1869 het ek in by die drie honderd nommers van verskillende koerante stukke in Afrikaans aangetref. Klaas Waarzeggers en Jan Twyfelars skrywe nou uit alle dele van die land; sommige korrespondente onderteken hul stukke Gert of Piet Waarzegger, maar verreweg die meeste kies nuwe, meestal grappige skuilname. 'n Enkele keer sê 'n korrespondent uitdruklik dat hy aan-

⁹⁾ Vgl. P.V. 1, p. 65.

gemoedig is om te skrywe deur die stukke van Klaas Waarzegger." ¹⁰⁾

Meurant se voorbeeld het tot in die Vrystaat en Transvaal navolging gevind. Van al die korrespondente kan hier twee genoem word — Tryna Snaaks wat in *De Tyd* (Bloemfontein) 'n reeks briewe geskryf het in lewendige geselstoon oor landsake en veral oor die modes (hoepelrokke en pieringhoede), en Behrend Moddermannetjie wat in die *Transvaal Argus* oor sake van allerlei aard sy mening gelug het, albei uit die tweede helfte van die sestiger jare. ¹¹⁾

Meurant se groot betekenis vir Afrikaans lê in die feit dat hy, strydig met sy eintlike bedoeling, nl. die propagering van 'n suiwer politieke ideaal, die skryfbaarheid van die Afrikaanse spreektaal in die mode gebring en bokant alle twyfel verhef het, en daardeur aan wat hy self bestempel het as „the real South African patois” 'n status gegee het wat dit voor die tyd nòg as spreektaal nòg as skryftaal besit het. En dis seker 'n hoogs merkwaardige speling van die ironie van die geskiedenis dat iemand wat nie van Boereherkoms was nie, maar as Engelse joernalis allereers die draer wou wees van die imperialistiese gedagte in Suid-Afrika („we shall endeavour to inculcate — deur middel van *Het Cradocksche Nieuwsblad* — sentiments of LOYALTY

¹⁰⁾ „Die Afrikaner en sy Taal,” p. 217.

¹¹⁾ Vgl. Nienaber: „Gesiedenis van die Afr. Letterkunde,” p. 70 vlg. Ook Kritzing in Akademie-Jaarboek XIII, p. 137.

towards our beloved Queen")¹²⁾ onwetend die instrument moes word om die eerste groot stoot te gee juis aan die propagering van die daarmee strydige Afrikaanse gedagte. Daarom vorm die jaar 1860 die eerste groot baken in die geskiedenis van ons Afrikaanse Boeretaal.

4. Eerste Afrikaanse Digwerk (1861)

Teen die end van dieselfde jaar waarin die eerste prosageskrief in Afrikaans verskyn het, is ook die eerste digwerk uitgegee, soos blyk uit die volgende aankondiging in *Het Volksblad* van 2 Nov. 1861:

„Een bundel gedichtjes in echt boeren-Kaapsch, en ook door een Kaapschen boer geschreven, is onlangs bij de uitgevers van dit blad gedrukt, doch alleen voor de kinderen en vrienden van den dichter. Zij zijn eenvoudig, hartelijk en in godsdienstigen toon geschreven, en daar het rijm en de versificatie geheel naar den Kaapschen tongval ingerigt is, kan men zeggen dat zij evenzeer voor de eerste dichtwerken in het Kaapsch kunnen gelden, als de gesprekken van Klaas Waarzegger voor de eerste Kaapsche prosa; want de geestige geschriften van den heer Boniface waren slechts gedeeltelijk in den echt Kaapschen tongval geschreven.”¹³⁾

Blykens hierdie mededeling was die oplaag maar beperk, en dit sal wel die rede wees waarom tot dusver nog geen eksemplaar van hierdie versbundeltjie teruggevind is nie. Ons weet dus

¹²⁾ Nienaber, P.V. 1, p. 24.

¹³⁾ Aangehaal deur Smith in G.R.A.-Gedenkboek, p. 37.

ongelukkig niks meer daarvan as wat hier meegedeel word nie. Maar dit lê voor die hand dat ook hierdie onbekende digter in Afrikaans, soos so baie ander skrywers, die aansteeklike invloed van Klaas Waarzegger sal ondergaan het. Dis verder van belang om van 'n tydgenoot te verneem dat die Samespraak van Klaas Waarzegger beskou moet word as die „eerste Kaapse prosa” en hierdie versbundel as die „eerste digwerk in Kaaps.”

5. Samuel Zwaartman (1870)

In die jaar 1870 tree 'n tweede belangrike skrywer in Afrikaans op die voorgrond, en dis opvallend dat ons dit hier weer met 'n Engelssprekende te doen het wat net soos Meurant die pen in Afrikaans hanteer. Hy was 'n sekere H. W. A. Cooper, wetsagent op Fraserburg, wat onder die skuilnaam „Samuel Zwaartman” van Jan. tot Aug. 1870 weekliks 'n bydrae in *Het Volksblad* (Kaapstad) gelewer het onder die opskrif „Boerenbrieven uit Fraserburg,” waarin allerlei plaaslike nuus meegedeel word.

In die derde brief, gedateer 10 Jan. 1870, kom o.m. die volgende interessante stukkie nuus betreffende 'n nuwe vervoermiddel voor:

„Maar Neef (op hierdie gemeensame geselstoon rig hy hom tot die redakteur), ik moet jou vertel van die wiele waar die dokter en Vinley op rij. Hulle noem ver hom baai-siekkel, maar hulle moet liever seg kaap-siekkel, want hy het nie van de baai gekom nie. Die ding het zeker

nooit Portlisbet gezien nie, want toe Diederik laas bij mij was, zeg hij, hij het de ding met zijn waa laat kom. Maar ik moet vir jou seg, de kerel die rij op die wiele dat dit zoo gons, en hulle gaat gou oer die pat. Hulle het mij vertel van zes maal zoo gou als een te paert. Wat ver uitvinsels is daar toch in de wereld!"¹⁴⁾

Hierdie geselsbriewe van Samuel Zwaartman het onder leserskringe van *Het Volksblad* nog aansteekliker gewerk as Klaas Waarzegger se stukke van tien jaar tevore, al het sy invloed nie so ver gereik as dié van sy voorganger nie. Dit blyk uit 'n hele familie Zwaartmanne wat deur hom in die lewe geroep word, maar veral uit die volgende opmerking van *Het Volksblad* van 18 Junie 1870:

„De producten van Sam. Zwaartman schijnen een verschrikkelijken schrijflust in het Boerenhollandsch te hebben in het leven geroepen. Onze lessenaar is opgestapeld met brieven gerigt aan ‚Meneer Krantmaker,‘ en ware de één maar beter dan de ander, dan ging het nog, maar de een is al slechter dan de ander. Hier en daar komen er nog al tamelijke luimige zetten in voor, maar over het geheel zijn zij het drukken niet waard.”¹⁵⁾

As verdere bewys van Samuel se gewildheid haal die redaksie dan die volgende van 'n korrespondent aan:

„Van dat Samuel gebegin het om te skrij in jou korant, lees mos alle mense dit, en di's sommer pikswart gesmeer

¹⁴⁾ 'n Fotodruk van hierdie brief kom voor in Kritzinger se Plateatlas, p. 15.

¹⁵⁾ Aangehaal deur Scholtz, p. 221.

zoo's die mense dit rondstuur. Jij kan ver mij gloo dat die plat Hollans meer gelees wor onder ons boere as die wat Sankion ver ons wil leer in zijn boekies." ¹⁶⁾

Die verwysing na Changuion se Nederlandse skoolboekies, sowel as die opsetlik afgekapte vorme *skrij* en *wor*, bewys dat hierdie skrywer 'n Hollander was wat Afrikaans nog maar swak geken het, en tog behoefte gehad het om ook mee te doen aan die nuwe skryfmode.

Van Maart tot Junie 1871 sit Samuel Zwaartman sy bydraes in *Het Volksblad* voort in die vorm van 'n reeks artikels onder die opskrif: „Kaapsche Schetsen,” waarin hy die samestelling van die landsbestuur behandel. Hy skryf o.m. oor die Goewerneur, Parlement, Hooggeregshof, Magistraats-hof, Afdelingsrade, ens. Ook hierdie artikels moes besonder in die smaak geval het, want in die uitgawe van 17 Julie 1873 vra iemand:

„Waar is oom Samuel Zwaartman dan, dat hij nie meer skrijf nie? Ik mis zijn stukkes al te banja in jou krant. Ieder maal as ik die naam Zwaartman in die krant zien, dan dink ik dit is oom Samel, maar ik is altijd teleurgestel, want neef Piet, Gert en Jan Zwaartman skrijf mos ook in die krant.” ¹⁷⁾

Cooper moes Fraserburg egter verlaat, waarmee daar vanself 'n end gekom het aan sy skrywery; hy is ten slotte na Londen, waar hy oorlede is. ¹⁸⁾

¹⁶⁾ Aangehaal deur Scholtz, p. 221.

¹⁷⁾ Aangehaal deur Scholtz, p. 222.

¹⁸⁾ Kritzinger: Plateatlas, p. 15, voetnoot.

6. Francis William Reitz (1870)

Om nog 'n ander rede as Samuel Zwaartman se optrede vorm die jaar 1870 'n tweede belangrike tydbaken in die geskiedenis van Afrikaans as skryftaal, te wete om die verskyning in die *Cape Monthly Magazine* van „Klaas Gezwint en zijn Paert” (oorgedruk in *Het Volksblad*, 19 Julie 1870) — 'n geestige verafrikaansing van Robert Burns se „Tam O'Shanter” uit die pen van F. W. Reitz (1844-1934), die later algemeen bekende president van die Oranje-Vrystaat (1888-95). Hy was destyds as jong advokaat in Kaapstad gevestig en 'n bewonderaar van Burns, van wie hy later 'n hele reeks gedigte in Afrikaans sou bewerk.

By 'n vergelyking met die teks van Burns blyk dadelik dat hierdie gedig geen vertaling is nie, maar grotendeels 'n oorspronklike bewerking. Die situasietekening, lokale kleur, atmosfeer, eg-Afrikaanse taalwendinge en beeldspraak laat Tam O'Shanter so 'n gedaantewisseling ondergaan, dat hy in die figuur van Klaas Geswind die pure besope Hotnot word, soos die skrywer hulle in sy jong dae baie gesien het op die Suurbraakse Sendingstasie. 'n Enkele aanhaling kan dien om die verskil tussen die oorspronklike en die bewerking te laat sien. Plesier word deur Burns as volg aangedui:

„But pleasures are like poppies spread,
 You seize the flower, its bloom is shed!
 Or like the snowfall in the river,
 A moment white — then melts for ever.”

Daarvan maak Reitz die volgende (in die oorspronklike spelling):

„Plezier is nets een jong komkommer,
 Als jy hom pluk verlep hij sommer;
 Of nets een schulpad in zij dop in,
 Zoo's jij hom vat dan trek hij kop in.”

Hier word Afrikaans dus vir die eerste maal op besonder geslaagde wyse in versmaat aangewend, en as ons die onbekende digter van 1861 buite rekening laat, omdat sy teks ongelukkig verlore gegaan het, dan is F. W. Reitz ons eerste Afrikaanse digter.¹⁹⁾

7. *Arnoldus Pannevis* (1872)

Ons kom nou tot 'n derde en nog veel belangriker tydbaken as die twee reeds genoemde, te wete 1872. In hierdie jaar tree 'n figuur op wat ten slotte deur sy stille maar kragtige invloed 'n definitiewe beweging in die lewe sou roep met die uitgesproke doel om Afrikaans as skryftaal te propageer. Dit was Arnoldus Pannevis (1838-1884), Nederlander van geboorte, wat in Julie 1866 in Kaapstad aangekom het en kort daarna benoem is tot onderwyser in die klassieke tale aan die Paarlse Gimnasium. Die latere ds. S. J. du Toit was een van sy knapste leerlinge, op wie hy 'n beslissende invloed uitgeoefen het, soos ook op verskeie ander

¹⁹⁾ In „Werda,” pp. 165-180, het ek die betekenis van F. W. Reitz vir ons taal en letterkunde breedvoerig bespreek.

persone wat later vir Afrikaans sou ywer. Hierdie leerling het later verklaar:

„En hier kan ons nie nalaat 'n man te noem, wat werklik die eerste met erns die gedagte uitgespreek het en ons o'ertuig het, dat ons 'n eie taal het, en wel 'n voortrefflike taal, wat ons moet erken en beoefen. Die man is o'erlede Meneer Pannevis, molik die grootste taalgeleerde wat ons ooit in ons land had; 'n man wat in die oue tale (Grieks en Latyn) sowel as in die nuwe volkome tuis was; in die Romaanse tale sowel as in die Germaanse, tot Deens en Sweeds in kluis; 'n man wat ver syn pelsier in die aand op syn bed 'n treurspel van Eschulus of 'n blyspel van Aristophanes uitlees. En die man het die Afrikaanse taal nie alleen erken nie; hy het dit bewonder.”²⁰⁾

Verder vertel D. F. du Toit (die later bekende „Oom Lokomotief”) hoedat Pannevis met mense in die Paarl „begin praat het om die spreektaal ook als skryftaal te erken en te gebruik. Algar was ons toen al meer of min van die Engelse goggatjie gebijt en het hom uitgelag Dan, mnr. Pannevis het veld gewin en een na die ander oortuig, dat sijn idee meer als 'n hersenskim was.”²¹⁾

En G. R. von Wielligh, nog 'n bekende figuur uit daardie tyd, verklaar: „Die ereplaas moet aan mnr. Arnoldus Pannevis as ontdekker van die waarde van Afrikaans as taal aangewys word As hy nie as vader van Afrikaans beskou word nie, dan is hy seker die Columbus, wat sy geboorteland verlaat het om hier die waarde van die Afrikaanse

²⁰⁾ S. J. du Toit: „Afrikaans Ons Volkstaal,” p. 74.

²¹⁾ J. D. du Toit: „Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk,” p. 102.

taal te ontdek." ²²⁾ En nogeens: „Pannevis het sy jong student, S. J. du Toit, die oë en ore geopen vir die skoonhede van Afrikaans, so ook dié van Hoogenhout en Oom Lokomotief, maar in ds. Du Toit het hy raakgesien die man wat die Beweging moes lei." ²³⁾

Hier tree dus nou vir die eerste maal 'n taalgeleerde op die toneel wat op wetenskaplike gronde die deugdelikheid van die Afrikaanse volkstaal aantoon en die bestaansreg daarvan bepleit. Sy invloed word aanvanklik in beperkte kring uitgeoefen, maar dit sou gestadig deurwerk en weldra tot vérreikende gevolge lei. Dit was Pannevis wat vir die eerste maal in Suid-Afrika stellinge soos die volgende verkondig het wat vandag vir ons vanselfsprekend is, maar wat destyds niks minder as revolusionêr moes geklink het in die ore veral van Hooghollands-gesindes nie:

„Die Afrikaander, die onze taal *Hottentotstaal* noemt, scheldt zichzelf daarmee voor een verachtelijke Hottentot uit. Op anderen scheldende, scheldt hij zichzelf, en de zonde keert op zijn eigen hoofd terug.”

„Wanneer men er eens toe komt om onze taal behoorlik te gebruiken als middel om aan en onder ons alle kennis mede te delen, en zij dientengevolge aangekweekt en naar de eis der onderwerpen van kennis verrijkt wordt, zal men inzien . . . dat wij een taal hebben, even goed als andere als voermiddel geschikt voor de diepzinnigste en geleerdste

²²⁾ „Eerste Skrywers,” pp. 21 en 70. Hier word deurgaans verwys na die tweede druk van hierdie werk (1922).

²³⁾ G.R.A.-Gedenkboek, p. 61.

gedachten. Een naauwgezette studie en beoefening onzer taal zal haar eigenaardige kracht en biezondere schoonheid aan het daglicht brengen, en men zal zich nog eenmaal over dat verachte Afrikaans verwonderen (ek kursiveer)."²⁴)

Op 7 Sept. 1872 verskyn onder die skuilnaam „Een Vriend van het Nuttige” ’n brief van Pannevis in *De Zuid-Afrikaan* oor „De Bijbel in het Afrikaansch,” waarin hy ter wille van die kleurlinge pleit vir die oorsetting van die Bybel of Nuwe Testament in eenvoudige Afrikaans. Dit was sy eerste openbare optrede; en hoewel hierdie brief geen pleidooi vir Afrikaans as taal bevat nie, omdat dit die skrywer hier alleen te doen was om „het geestelijk heil van de gekleurde bevolking van dit land,” het dit in tweeledige opsig ’n hoogs belangrike uitwerking gehad. Ten eerste word hier vir die eerste maal ’n saak aangeroer wat vyftig jaar lank nog die heftigste teenkanting sou uitlok en so laat as 1919 eers finaal beslis sou word — te wete die gedagte van ’n Afrikaanse Bybelvertaling. Dit was iets ongehoords en juis daarom het dit die aandag getrek.

Maar ten tweede word hier indirek ook vir die voorgestelde taalmedium vanselfsprekend, juis omdat daar geen woord oor gerep word nie, ’n status opgeëis wat menigeen destyds seker met stomme

²⁴) Du Toit: „Weg en Werk,” pp. 103, 105.

Hieruit sowel as uit die aangehaalde getuicnisse blyk hoe onjuis Scholtz se voorstelling is, waar hy enkel op grond van Pannevis se twee Bybel-briewe verklaar dat hy geen blyk gegee het „dat hy enige belangstelling of liefde vir Afrikaans as taal of geloof in sy toekoms het” („Die Afrikaner en Sy Taal,” p. 247).

verbasing sal geslaan het. Want Afrikaans het nog steeds gegeld as onbeskaafde kleurlingtaal, en hier kom jou waarlik iemand met die vermetele voorstel om die Bybel, van alle boeke, daarin te vertaal.

Geen wonder dat Pannevis se brief dadelik 'n lewendige polemiekie in *De Zuid-Afrikaan* uitgelok het nie. Daarby het dit wel hoofsaaklik oor die voorgestelde Bybel en minder oor die taalmedium gegaan, maar dit was juis die Afrikaanse Bybelgedagte, waarvan die kiem hier deur Pannevis geplant is, wat gestadig sou groei en ryp word, meer pleitbesorgers te voorskyn sou roep, en drie jaar later tot doelbewus-georganiseerde aksie sou lei — nie in eerste instansie ten gunste van die voorgestelde Bybel nie, maar van die *Afrikaanse taal*.

Pannevis se Bybel-brief het die Afrikaanse taalsaak 'n definitiewe stoot gegee in die rigting van 'n georganiseerde beweging, as gevolg waarvan ook sy Bybel-ideaal eventueel verwesenlik sou word, sestig jaar later. En of hy nou ook al die vader of grootvader (soos Totius dit gestel het) of Columbus (soos Von Wielligh dit gestel het) van die Afrikaanse taal genoem moet word, sy optrede hier en later nogeens het tot gevolg gehad 'n hoogs betekenisvolle gebeurtenis — die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners op 14 Aug. 1875.

Pannevis se groot verdienste is dat hy deur sy aktiewe belangstelling as taalgeleerde aan Afrikaans 'n nuwe status gegee het; dat hy sekere sluimerende kragte ontdek en bevrug het met die Afrikaanse

taalgedagte, met die gevolg dat hulle weldra in volle bloei sou uitbot; dat hy die Afrikaanse Bybelgedagte geplant het, wat die aanleiding sou word tot die eerste nasionale frontvorming en doelstelling — „om te staan vir ons *Taal*, ons *Nasie* en ons *Land*.”

8. *Casper Peter Hoogenhout (1873)*

Onder regstreckse invloed van Pannevis kom in 1873 'n tweede Nederlander op die Afrikaanse toneel in die persoon van C. P. Hoogenhout, 'n man wat later een van die steunpilare van die G.R.A. sou word en algemene bekendheid sou verwerf as Patriotdigter onder die skuilnaam „(Oom) Jan wat versies maak.”

Hoogenhout (1843-1922) is in Amsterdam gebore, het op 13-jarige leeftyd sy moeder verloor, weens onsimpatieke behandeling van 'n stiefmoeder sy geboorteland verlaat en in 1860 na 'n reis per seilskip van drie maande in Kaapstad aangekom, waar hy aanvanklik by die Nederlandse konsulaat werksaam was as klerk. Kort na Pannevis se aankoms in 1866 moes die twee bevriend geraak het, en hulle het boesemvriende geword en gebly tot aan Pannevis se dood in 1884. Hoogenhout het herhaaldelik van Pannevis gepraat as sy „dierbaarste vriend op aarde,” en by sy dood het hy die volgende getuienis op skrif gestel: „Op 14 Augustus, zijnde de negende verjaardag van het Genootskap van Regte Afrikaners is ontslapen mijn dierbaarste vriend en broeder, Arnoldus Pannevis, aan wien ik

zulke verpligting heb als de ceuwigheid eens zal openbaren." ²⁵⁾

Hierdie verpligting was dat sy ontslape vriend, self innig vroom, hom nie alleen tot bekering gelei het nie, maar ook deur privaatles onderrig het, sodat hy in 1870 onderwyser kon word by Groenberg (Wellington), waar hy meer as 40 jaar lank werk-saam was. Dit was ook Pannevis wat Hoogenhout se oë oopgemaak het vir die moontlikhede van Afrikaans en hom aangemoedig het om die pen op te neem; en daarom is dit begryplik dat Hoogenhout se eerste openbare optrede in verband gestaan het, net soos dié van Pannevis, met 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Albei manne het gehandel uit godsdienstige oortuiging; hulle was veral begaan oor die sieleheil van die minderbevoorregte deel van die bevolking en het in 'n Afrikaanse Bybel die aangewese middel gesien om in die geestelike nood te voorsien.

Op 12 April en weer op 6 Julie 1873 verskyn twee anonieme stukke van Hoogenhout in *De Zuid-Afrikaan* onder die opskrif „Die Bybel in die Afirkaans.” In die eerste daarvan sê hy dat baie mense die Bybel nie meer verstaan nie en vervolg dan:

„En hoe kom dit? Omdat hulle die Hollanse taal nie reg verstaan nie, daarom dink ik dat et hoog nodig is dat ver sulke mense Afirkaans geskrijwe wort. Ek weet daar sal banja wees wat ver mijn sal uitlag, of met mijn sal

²⁵⁾ G.R.A.-Gedenkboek, p. 98.

spot, maar daaraan sal ek mijn nie steur nie, want hulle wat soo maak mot nog eers leer om te verstaan wat hulle lees in Marc. 16 : 15, 16, waar die Heer Jesus seh dat die Evangelie an alle mense sonder onderskijt mot geprekk wort. En as dit die geval is dan spreek van self dat et mot gedaan wort in die taal wat die mense die beste kan verstaan, en daar is mos geen taal wat hulle beter kan verstaan nie as die taal wat hulle praat Jij sal miskien seh die Engelse het oweral skole en kerke ver die bruin mense opperig. Maar nou vra ek weer, as hulle dan nie eens die Hollanse taal reg kan verstaan nie, hoe sal hulle dan die Engelse verstaan? Nee! daar mot meer gedaan wort, daar mot in hulle eige taal geskrijwe en ver hulle gepreek wort, 1 Cor. 14, en nie alleen ver die bruin mense nie, maar ook ver banja blanke, want daar is ook regte banja blanke wat die Hollanse taal nie half verstaan nie." ²⁶⁾

In die tweede stuk toon hy aan hoe nutteloos dit is om die tyd van Boerekinders op die dorpskole te verspil aan Engels en Hooghollands, want hulle begryp daar maar baie min van

„Wanneer sal die mense dan tog wil begriip, dat Hollans en Engels hier in Afirka as vreemde tale mot behandel wort, en dat die Afirkaners ook eers in Afirkaans mot geleer wort. Hulle kan mos naderhand Hollans en Engels leer as daar tijd voor is Onder mijn skrijwe denk ek soo aan de briewe van Klaas Waarzegger wat omtrent 12 jaar geleden in die koerante was. Die skrijwer daarvan mot een verstandige kerel gewees het, want hij kan et nie beter aangeleg het nie, om te seh wat hij wou seh, dan in die eige taal van Afirka." ²⁷⁾

²⁶⁾ Aangehaal deur Scholtz, pp. 228-229.

²⁷⁾ Aangehaal deur Scholtz, p. 231.

Kinders, sê hy verder, en veral kleurlinge verstaan nie meer die Bybel en Nederlandse preke nie, en daarom is dit hoog tyd dat die Bybel vertaal word. Ongeveer gelyktydig met hierdie stukke het hy ook, op aansporing van sy vriend Pannevis, Matthéüs 28 in Afrikaans vertaal en aan die *Kerkbode* gestuur. Dit was natuurlik net die verkeerde adres. „Ek sou graag wel om 'n hoekie gestaan het om te sien met hoeveel verbasing en veragting die stukke stukkend geskeur is,” sê hy in 'n brief aan Von Wielligh.²⁸⁾ Onder sy nagelate manuskripte is egter 'n kopié van hierdie vertaling gevind.²⁹⁾ Hoogenhout was dus die eerste wat 'n proewe van Bybelvertaling in Afrikaans gelewer het.

Met hierdie stukke van Hoogenhout begin die eintlike propaganda vir Afrikaans as skryftaal in die pers. Tot dusver was daar sedert 1860 wel heelwat in Afrikaans geskryf, maar voortaan sal in Nederlands sowel as Afrikaans veral oor *die taal self* geskryf en die bestaansreg daarvan as skryfmedium bepleit word. In alle erns knoop Hoogenhout onder die skuilnaam „Klaas Waarzegger, Jr.” (hier blyk duidelik ná 13 jaar nog die nawerking van Meurant) die pennestryd aan in 'n reeks lewendige „Gesprekke tussé Oom Jan Vasvat en Neef Daantje Loslaat,” waarvan die eerste op 26 Julie 1873 en die dertiende

²⁸⁾ „Eerste Skrywers,” p. 129.

²⁹⁾ Die vertaling is deur Nienaber afgedruk in P.V. 2, pp. 24-26. Von Wielligh vestig die aandag op die eienaardigheid van Hoogenhout om *mot* i.p.v. *moet* te gebruik; hulle het dit aanvanklik ook in sy spraak waargeneem (Gedenkboek, p. 59).

op 18 Sept. 1875 in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het. Oom Jan is 'n voorstander en Neef Daantje 'n teenstander van Afrikaans, maar die laaste word al gou bekeer en trou later met Oom Jan se dogter. Die eerste gesprek gaan oor „Hollandsch, Engelsch, Afrikaansch.” Ter illustrasie kan die volgende fragment dien:

„OOM: Maar wat het jij geseh van die kerel wat laas in Afirkaans geskrewe het? Jij is tog nie teun hom nie?

NEEF: Ja oom, ek is regte kwaad voor hom, dat hij ons nes swartvolk reken, wat nie kan latsoenlik in Hollans gezels nic. Ek het geseh dat hij weer in die koerant een lange stuk geskrewe het, ower een Afirkaanse Bijbel.

OOM: Hoor, Daniel ek het jou papa goet geken, ou neef David was een verstandige ou kerel, en ek skaam mij regtig, dat sijn seun soo dom is; dat hij nie kan begriip nie, dat die man wat seh dat daar een Afirkaanse Bijbel en Afirkaanse boeke mot wees nog net die verstandigste in die koerant het geskrewe. Mijn lieve kerel, is *jij* dan soo slim, dat jij alles kan verstaan as die perkant preek? . . . (dan vaar hy uit teen die toenemende verengelsing) . . . Engels! kerel, alles is teunswoorig Engels, nes een een kleine bietje kan Engels praat, dan seh die mense hoor hij is slim; hij het een banja goeje edekasie gehat . . . Arrie! ek het laas banja kwaad gewort voor een Engelsman, denk soo'n aap hij durf seh dat Engels in die hemel gepraat wort.”³⁰⁾

³⁰⁾ Aangehaal deur Scholtz, p. 233, en Nicnaber, P.V. 2, p. 30.

In die tweede gesprek sê Oom Jan o.m.:

„Afirkaans is een gawe taal, net maar daar is banja wat te parmantig is om dit te erken. Wag maar, partij mense begin dit al in te sien al, en nie soo maar oliekoeke nie, partij perkante ook! Ou neef, ons taal sal nog reg kom, wag maar. Onse liewe Heer sal dit nie gedooë nie, dat ons taal langer sal vertrap wort nie! Die taal sal nog beskaaf wort en in oefening kom, jii mot kijk, hoor Daniel!”³¹⁾

In die verdere gesprekke word ook politieke vraagstukke van die dag aangeraak en historiese gebeurtenisse behandel. In die sesde b.v. word breedvoerig aangetoon hoe Engeland die diamantvelde van Kimberley ingepalm het, en in die dertiende vermeld hy die stigting van „een vereniging van ware Afrikaanders” (dit was die G.R.A.). Hierdie gesprekke het ’n lewendige korrespondensie uitgelok, sodat die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* (11 Okt. 1873) „die voorstanders van Afrikaans moes versoek om hul skryflus ’n bietjie te bedwing, omdat daar tydens die aanstaande sinodesitting min ruimte in die blad beskikbaar sou wees.”³²⁾

Ondertussen het Hoogenhout ook verdere aanvoerk werk verrig in verband met sy lieflingsidee van ’n Afrikaanse Bybel. Dit was weer op aansporing van Pannevis dat hy in 1872 begin het met die opstelling van ’n „klein boekie in Afrikaans” wat in 1873 in Kaapstad verskyn het onder die titel *Die Geskiedenis*

³¹⁾ Aangehaal deur Scholtz, p. 254.

³²⁾ Scholtz, p. 255.

van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huissouwens, in hulle eige Taal geskrywe deur een vrind. 1 Cor. 14 : 6. Dit was 'n beskeie boekie van 36 bladsye, met 'n oplaag van 500 eksimplare, die druk waarvan deur Gideon Malherbe (in sy huis is later die G.R.A. gestig) bekostig is. Op eenvoudige en vertroulike geselstoon, waarby hy hom telkens tot sy kinderlesers rig, word die verhaal van Josef uit die Bybel oorvertel. Sy voorwoord eindig aldus:

„En als die boekie voor mijn Afirkaanse vrindjes nou aangenaam is, dan sal ek, as God mijn die leve spaar, nog meer mooi stories in hulle taal skrywe. Die kindertjes mot nou maar mooi oplet en die storie van Josef nie alleen in die kop nie, maar ook in die hart bewaar.”

En in sy „Besluit” sê hy:

„Nou wil ek voor julle een ding vra en dat is: As julle bid dan mot julle ook meteens aan onse liewe Heer vra, dat die Bijbel tog vertaal mag worde in die Afirkaanse taal ook. Hy sal dat seker doen; want die Bijbel is Syn Woord en die Woord mot aan alle mense bekend gemaak wort in hulle eige taal, Mark. 16 : 15, 16.”³³⁾

Na die Samespraak van Meurant is dit die tweede prosageskrif wat in Afrikaans uitgegee is, en soos S. J. du Toit later opgemerk het, was dit die „sondebok wat al die vyandskap moes dra.”

³³⁾ „Die Geskiedenis van Josef” is opnuut uitgegee deur die Patriot-Vereniging, No. 2, 1940, met 'n inleiding oor Hoogenhout deur dr. P. J. Nienaber.

Hoogenhout self verklaar in die voorwoord by die tweede druk (in die spelling wat later gevolg is):

„Dis ruim tien jaar gelede, dat di boeki gedruk werd. Dit was die eerste proef in Afrikaans. Ag, wat het di arme Josef oek in Suid-Afrika moet uitstaan; amper net so veul as die held van ons geskiedenis valselewe in Noord-Afrika! Wat 'n haat en nijd, wat 'n koerant-geskrijf te'en di Afrikaanse Josef. En tog, hij leef nog!”

Aan Hoogenhout kom dus die eer toe dat hy, al was dit deur toedoen van Pannevis, die eerste was wat in die pers vir Afrikaans begin propaganda maak het, die eerste proewe van Bybelvertaling gelewer het, en na Meurant die eerste Afrikaanse boekie geskryf en uitgegee het.

9. *Een Ware Afrikaander (1874)*

In 1874 tree eindelijk in die persoon van die jong ds. S. J. du Toit, die vroeëre leerling van Pannevis, die man op wat deur sy aangebore leiersgawe die losstaande en nog koerslose aanvoorkragte sou saamsnoer tot 'n gemeenskaplike en doelbewuste taalfrent. Die eerste twee onbewuste propageerders van skriftelike Afrikaans, Meurant en Cooper, was Engelssprekendes wat Afrikaans geskryf het nie ter wille van die taal self nie; die volgende twee, Pannevis en Hoogenhout, was Nederlandssprekendes wat allereers 'n godsdienstige ideaal beoog het — die vertaling van die Bybel; die vyfde persoon was egter

van huis uit Afrikaanssprekende wat as kampvegter vir die taal self opgetree het, en dit uit hartstogtelike, christelik-nasionale oortuiging. Daarom kon hy seker geen passender skuilnaam gekies het nie, want kragtens geboorte, spraak, oortuiging en roeping was hy onder hierdie aanvoorders inderdaad die „Ware Afrikaner.”

Stephanus Jacobus du Toit (1847-1911), gebore uit 'n ou Hugenote-familie op die plaas Kleinbos („de Kleyne Bos”) in Daljosafat tussen Wellington en die Paarl, was die dertiende en jongste van die gesin. Hy was egter „g'n swakke agternakomertjie nie, maar die saamtrekking van die familiekrag.” Vroeg het sy ouers en onderwysers al opgemerk dat hy 'n buitengewone kind was. Na plaasskool-onderrig het hy tot sy 19e jaar die boerdery help behartig en toe gehoor geggee aan 'n onweerstaanbare innerlike drang om predikant te word. Aan die Paarlse Gimnasium het hy grotendeels privaat gestudeer, vernaamlik onder leiding van Pannevis, sodat hy na 'n jaar en nege maande die admissie-eksamen tot die Kweekskool met sukses kon aflê. Na voltooiing van sy teologiese studie op Stellenbosch was hy tydelik werksaam in die gemeentes van Kaapstad, Wellington en Kruisvallei (Tulbagh). In 1875 het hy predikant geword van die pasgestigte gemeente Noorder-Paarl.

In *De Zuid-Afrikaan* van 8, 11 en 22 Julie 1874 verskyn daar onder die skuilnaam „Een Ware Afrikaander” drie artikels in Nederlands uit die pen

van S. J. du Toit oor „De Afrikaansche Taal,”³⁴⁾ waarin hy op bekwame wyse die bestaansreg van Afrikaans bepleit en sy landgenote ernstig waarsku teen volslae denasionalisering. Die artikels is gerig „Aan alle Ware Afrikaanders,” en Du Toit onderskei hom dadelik van sy medestanders deur die veel ruimer blik wat hy openbaar en die veel breër terrein wat hy bestryk. Nie net taalhandhawing nie, maar ’n algehele nasionale ontwaking het hy op die oog.

Met Esther 1 : 22 as teks, toegelig deur verdere bewyse uit die Heilige Skrif, toon hy in die eerste artikel aan dat elke mens en elke volk maar een moedertaal besit — die taal van die hart — wat deur tal van assosiasies van jongsaf aan elkeen gcheilig is; wie dus ’n volk sy taal ontroof, laat dit wees deur lis of geweld, begaan ’n groot onreg, want hy handel nie net strydig met die eersgeboortereg van volkere nie, maar ook in stryd met Gods Woord.

Met 1 Kor. 14 : 19 as teks bestry hy in die tweede artikel die drogredenasië dat Afrikaans geen taal is nie, omdat dit dan geen eie inhoud en vorm sou besit nie, maar slegs ’n armoedige dialek van Nederlands sou wees. As dit waar is, dan is Engels ook geen taal nie, want vir elke eie woord het Engels minstens twee vreemde woorde uit ander tale oorgeneem. As jy b.v. alleen die woorde van Latynse oorsprong uit die Engelse woordeskat sou wegneem, sou die Engelman nie in staat wees om een enkele gedagte in sy

³⁴⁾ Hierdie artikels is herdruk in „Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging,” anoniem in 1880 uitgegee deur S. J. du Toit.

die taal uit te spreek nie. Engels is dus 'n saamgeflanste taal sonder *die* inhoud; en wat sy vorm betref, is hy maar net so sonder verbuigings as Afrikaans, en was hy eers ook maar 'n dialek net soos alle ander tale.

Met Jes. 33 : 19 as teks toon hy in die derde artikel aan hoe uiters treurig dit, as gevolg van die onregverdige angliseringsbelcoid van John Bull, met Hollands gesteld is in die Parlement, Geregshof, Skool („Hier vindt gij John Bull in zijn glorie!”) en Kerk, waar die Engelse preek, aanneming en nagmaal reeds binnegedring het. Hy besluit met die volgende woorde: „Afrikaanders! Merkt gij het nog niet waar het henen wil? 't Is tijd dat gij ontwaakt! Weldra is het te laat! Wij bedoelen Afrika's toekomst — een eigen nationaliteit. Doch zonder taal geen natic. Daarom, Afrikaanders, houdt uw land, uw volk, *uwe taal* in eere!”

Dit was duidelike taal, op die man af, wat nie sonder uitwerking kon bly nie; dit was 'n wekroep wat spoedig weerklank sou vind en tot gesamentlike optrede sou lei. In die slotwoorde word ook reeds die leuse aangekondig wat die Genootskap van Regte Afrikaners 'n jaar later op sy vaandel sou skryf — „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land.”

10. Klaas Waarzegger, Jr., en Ware Afrikaander

Die knap gestelde artikels van Ware Afrikaner het die perspolemie oor Afrikaans weer verlewendig. In 'n anonieme brief van Pannevis (*De Zuid-*

Afrikaan, 4 November 1874) word selfs voorgestel om 'n genootskap in die lewe te roep, met die doel om 'n elementêre spraakkuns en 'n woordeboek saam te stel en uit te gee. Dit sal elkeen wat nie blind is nie, laat sien dat Afrikaans „wel wesenslik een taal is.”³⁵⁾

Maar die vernaamste resultaat was 'n openbare perskorrespondensie tussen Klaas Waarzegger, Jr., en Ware Afrikaner in *De Zuid-Afrikaan* wat tot in Julie 1875 voortgesit is. Op 24 Oktober 1874 rig eersgenoemde die volgende brief aan Ware Afrikaner:

„Beste Neef, — Dat jy soo fluks op in die koerante skrywe, het myn hart banja goed gedaan. Jy sal wel gesien het dat ek ook soo dan en wan van myn laat hoor. Dit skyn, dat die mense nog al ons stukke lees; want waar ek kom, by ou mense of jonge, op bruilofs of picknics, op vendusies of basaars, oeral praat hulle van ons

Maar jy seh miskien, wat skry Klaas aan myn, ons ken makkaar nie; nou juis, ek wil graag met jou kennis maak, en daarom mot jy die neef Koerantdrukker permissie gewe, om stiltjes ver myn te seh wie jy is.*) Ek het banja mot jou oer die Afirkaanse taal te praat, daar mot tog een taalkunde gemaak word, en vaste regels, hoe een mens mot spel, soo dat ons nie soo maar hot en haar skrywe nie. Jy mot daar oer een bietjie in die koerante skry, en jy mot ook een dag een stuk in Afirkaans skrywe om ver myn te laat sien hoe jy die woorde spelde. Ons kerels wat voor die Afirkaans is, mot met makkaar kennis maak, dan kan ons saamwerk, dat sal banja beter wees.”

³⁵⁾ Vgl. Scholtz, p. 241.

*) Dit was natuurlik maar oëverblindery, want hulle het mekaar goed geken. Geheimhouding was noodsaaklik, soos hierna verder sal blyk.

Daarop antwoord Ware Afrikaner (25 Nov. 1874):

„Beste Neef, — Ek het jou brief an myn gelees in die *Zuid Afrikaan* van die 24ste October, en was regte bly daaro'er. Ek het oek al lank tyd gewens om met jou kennis te maak. Jy kan myn naam mar vra ver die neef koerantdrukker. Hy sal ver jou sê, wie't ek is. Maar gé dan ver hom die reg om ver myn oek te sê, hoe jou naam is. Dit wort hoog tyd dat ons nou ma'ka'er leer ken, en begin same te werk ver ons taal. Jy moet mar angaan met skrywe, neef. Die mense lees danig jou briewe. Party knip dit uit en ber'e dit dan by ma'ka'er. En ek denk als jy klaar het met skrywe, dan moet jy al jou briewe same laat druk in een boekie. Die mense sal dit graag lees.”

In plaas van 'n grammatika stel hy voor om voorlopig net 'n paar algemene spelreëls op te stel en liewer eers 'n boek te skryf onder die titel „Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk.”

„Di's een skande dat daar nog nie eens in Hollans een Geskiedenis van ons land geskrywe is nie. In Engels is daar wel. Mar elkeen kan self begryp hoe een Engelsman die Geskiedenis van ons land sal beskrywe. Die Engelse het altyd reg, en die arme boer wort mar altyd sleg gemaak.”

Dan stel hy sewe spelreëls op, waarvan die eerste lui: „Ons skryf so's ons praat”; (2) eiename en vreemde woorde behou die oorspronklike spelling; (3) s in plaas van z, behalwe in vreemde woorde; (4) net een klinker in ope sillabes; (5) die weglatings-

teken waar 'n medeklinker uitval (*ho'e, la'e, ens.*);
 (6) vier e-klanke, nl. *e, é, ê, è* (soos in *gegé, sê, nè*);
 (7) *sk* in plaas van *sch* (*skool*).

Klaas Waarzegger, Jr., antwoord weer (19 Des. 1874) en keur die spelreëls goed, sowel as die voorgestelde Geskiedenis:

„Jou plan om die Geskiedenis te skrywe is gaaf, neef, gaaf, net gaaf! Ek wil nie die hele werk op myn neem nie, maar jy kan daarop reken, dat ek jou sal help wat ek kan.”

Hy stel verder voor om al die voorstanders van Afrikaans tot samewerking aan die Geskiedenis uit te nooi, wat dan ook later gebeur het. „Hou maar moed — so besluit hy — Jan Brand sê mos, dat sal alles reg kom. Nog banja werk ver ons. Die Bybel in Afrikaans wag oek nog.”³⁶⁾

11. Dr. Johannes Brill (Mei 1875)

Terwyl Klaas Waarzegger, Jr., en Ware Afrikaner in die suide besig was om die losstaande Afrikaanse kragte te mobiliseer, het daar uit die noorde onverwags hoogs waardevolle hulp opgedaag. Dit was die beroemde Bloemfonteinse voorlesing wat deur dr. Johannes Brill, as deel van 'n reeks openbare voorlesings in die Vrystaatse hoofstad, in Mei 1875 voor 'n groot gehoor in die stadsaal aldaar oor „De Landstaal” gelewer is.

³⁶⁾ Hierdie hele korrespondensie is volledig herdruk in S. J. du Toit se „Geskiedenis van die Afr. Taalbeweging.”

Johannes Brill was Nederlander van geboorte (1842), wat in 1867 aan die Universiteit van Utrecht, waar sy vader professor was, gepromoveer het tot Doktor in die Lettere, en in 1873 benoem is tot rektor van die Grey-Kollege in Bloemfontein, 'n pos wat hy tot in 1907 bekleed het.

Hier tree dus nou vir die eerste maal op 'n openbare verhoog 'n wetenskaplik-onderlegde vakgeleerde op om die goeie reg van die landstaal te verdedig, en hy laat nie die minste twyfel oor wat hy met „landstaal” bedoel nie:

„Verstaat mij wel. Door de Landstaal versta ik op het oogenblik niet de officieele landstaal, mijne Moedertaal, het Hollandsch; ik versta daaronder thans de onofficieele taal, de taal, die niet geschreven, maar gesproken en verstaan wordt van de Kaapstad tot ver in de binnelanden van Afrika, zonder welke geen vreemdeling, hij zij Engelschman of Duitscher die het land bereist, zich redden kan — de Zuid-Afrikaansche taal.”³⁷⁾

Vir die eerste maal word hier ook die tradisionele en populêre opvatting weerlê dat Hollands nog die „landstaal” van Suid-Afrika of die „moedertaal” van die Afrikaner sou wees. Dit was iets heeltemal nuuts vir daardie tyd, want selfs S. J. du Toit (wat hom as *ware Afrikaner* tot *ware Afrikaners* rig) besef nog nie die opvallende inkonsekwensie daarvan nie dat hy herhaaldelik van Hollands praat as „onze moedertaal,” terwyl hy besig is juis om die regte van

³⁷⁾ Hierdie redevoering is herdruk in S. J. du Toit se „Geschiedenis van die Afr. Taalbeweging,” pp. 28-30, en in Von Wielligh se „Eerste Skrywers,” pp. 23-54.

Afrikaans te bepleit. Hy kon daarmee bedoel het dat Hollands beskou moet word as „moeder” van Afrikaans, maar dis klaarblyklik nie sy bedoeling nie; hy sit nog vas in die ou Hollandse moedertaal-tradisie. Soos in die eerste paragraaf van hierdie hoofstuk aangetoon is, sou Langenhoven eers op afdoende wyse hierdie inkonsekwensie aantoon, maar Brill was die eerste om die aandag daarop te vestig.

In 'n wetenskaplike betoog toon hierdie taalgeleerde dan verder aan dat Afrikaans geen verbasterde Hollands of veragtelike dialek is nie; dat dit net soos Hollands en Engels volgens normale taalwette ontstaan het; dat 'n „verwonderlike vereenvoudiging” die bruikbaarheid daarvan verhoog het; dat die toekomstige status daarvan en 'n moontlike letterkunde daarin sal afhang van 'n kragtige en selfbewuste Afrikaanse nasionaliteitsgevoel. Hy besluit sy betoog aldus:

„Van eene zaak mogen wij ons echter overtuigd houden. Alles zal afhangen van de levenskracht der nationale beweging, die zich begint te openbaren. Willen wij dus een eigen onafhankelijk volksbestaan, eene eigene taal, eenmaal misschien eene eigene letterkunde van Zuid-Afrika, dan rust op ons de dure verplichting om, tegenover machtigen vreemden invloed, die nationale beweging te steunen en te beschermen, dat nationaal bewustzijn te koesteren en aan te kweeken, het nationale leven met alle ons ten dienste staande middelen te bevorderen en te handhaven.”

Profetiese woorde wat grotendeels reeds in vervulling gegaan het. Deur die pers het hierdie

redevoering ook in die suide bekend geraak en is deur Hoogenhout o.a. met geesdrif begroet. Hy verwonder hom in sy laaste persbrief (28 Julie 1875) aan Ware Afrikaner dat dié geen melding daarvan gemaak het nie. „Hy is een de'elike kerel, net so fluks as sy papa, Prof. Brill in Holland. Ek reken so, ons kan op syn medewerking staat maak. Ons helpers word ieder dag meer. In die laaste tyd is al banja steeks perde vasgemaak; party wat vinnig teun die Afrikaans gekap het, is nou met hart en siel daarvoor.”³⁸⁾

Moet Du Toit se stilswye miskien daaraan gewyt word dat hy in Brill se ondubbelsinnige uitspraak insake die groot verskil tussen „mijne moedertaal, het Hollandsch” en die werklike landstaal, Afrikaans, ’n stilswyende teregwysing aan sy eie adres gesien het?

12. Tweede Brief van Pannevis (1874)

Ondertussen het Pannevis, blykbaar met medewerking van Hoogenhout, op 7 Nov. 1874 ’n private skrywe aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Londen gerig, waarin nogeens ’n Afrikaanse Bybelvertaling bepleit word, maar hierdie keer met die oog op die blanke sowel as die gekleurde bevolking. Hy skryf as volg:

„I feel obliged and take the liberty to write to you on a subject of the highest importance. The language of Cape Colony, originally a Dutch settlement, is a kind of

³⁸⁾ Scholtz, p. 246, en Nienaber, P.V. 2, p. 38.

corrupted Dutch. Ever since the English took possession of it in the beginning of this century, the English language has been patronised and the Dutch tongue gradually suppressed. Especially in our days the secular and clerical authorities conspire wholly to eradicate the remnants of the Dutch language (wat 'n rake kommentaar op die heersende toestande van destyds!) and to secure for the English language a thorough and universal dominion. Perhaps they may succeed, and in the course of time all the inhabitants of South Africa may use and understand the English speech, but many years have yet to elapse before that period commences.

In the meantime what will be the state of affairs? At present the English Bible is of no use for the greater part of the people, and at the same time for thousands and thousands among the Dutch speaking population the Dutch Bible must be regarded as a closed book. For in the course of years, partly by the neglect of the native tongue, a dialect has been formed, idiomatically quite different from the Holland Dutch; and as there are no other Dutch Bibles printed than in the Holland Dutch language, we may say indeed that many thousands in Cape Colony are without any Bible; and this also is undoubtedly one of the causes of the degradation, rapidly increasing among the colonists, especially the coloured population.

A fearful prospect lies before us! The Bible only can help us! Professor Holmeyr of the Seminary of the Dutch Reformed Church at Stellenbosch lately acknowledged to me in a letter the necessity of a Cape Dutch translation of the Holy Scriptures. Many thousands may be won and society improved.

I bring this important affair to your notice, hoping that the Lord of Mercy may bend your hearts and fill your spirits with mighty ardour for the increase of His Kingdom in South Africa.

I conclude by observing that for a few thousand inhabitants in the Dutch West Indian Islands a New

Testament in a Dutch dialect has been printed, while the many thousand South Africans under British rule have up to this time as yet been neglected! The number of souls for whom the edition of a Cape Dutch Bible is desirable, may be estimated at more than a million. Others compute the number at more than a million and a half." ³⁹⁾

Sonder sy medewete word verder die naam en adres van ds. S. J. du Toit genoem as iemand wat die bekwaamheid besit en ook gewillig sal wees om die vertaling te onderneem. Blykens die inhoud van hierdie brief het Pannevis deur 'n paar ongelukkige uitdrukkinge, hoewel met die beste bedoelinge, sy eie saak net mooi bederf. Dis vreemd dat die opstellers dit nie besef het nie, temeer as ons met Imker Hoogenhout aanneem dat sy vader medeverantwoordelik was vir hierdie brief.³⁹⁾ Hulle moes vooraf geweet het dat die B.B.B.G. nie geneë sou wees om „a kind of corrupted Dutch” in druk te bestendig nie, en veral nie as dit tog eventueel deur Engels verdring sou word nie.

Die B.B.B.G. het dan ook aan hul plaaslike verteenwoordiger in Kaapstad, ds. George Morgan van die Skotse Kerk, geantwoord dat „we are by no means inclined to perpetuate jargons by printing Scriptures in them,” maar nietemin Pannevis se brief

³⁹⁾ Hierdie teks is in Pannevis se handskrif in potlood gevind onder Hoogenhout se nagelate manuskripte, wat die mening bevestig dat laasgenoemde daarvan geweet het. Dis later op 'n paar puntjies gewysig en aangevul, en die vertaalde teks kom volledig voor in S. J. du Toit se „Geschiedenis van die Afr. Taalbeweging,” p. 43, en ook in Von Wielligh se „Eerste Skrywers,” p. 68. Hierdie Engelse teks is deur P. Imker Hoogenhout afgedruk in die G.R.A.-Gedenkboek, p. 103.

na hom verwys met die opdrag om verder ondersoek in te stel.

In Julie 1875 vind daar 'n konferensie van predikante op Wellington plaas en ds. Morgan bring die saak daar te sprake, maar dit word deur die meerderheid afgekeur. Daarop volg 'n persoonlike onderhoud tussen hom en ds. Du Toit, omdat dié se naam in Pannevis se brief spesiaal vermeld was. Du Toit beloof hom om die saak met enkele voorstanders van Afrikaans te bespreek en hul mening in te win alvorens die inligting te verskaf wat hy verlang, en dit lei tot die historiese vergadering in die huis van Gideon Mallherbe, waar besluit word om 'n genootskap ter bevordering van Afrikaans op te rig.

Ons sien dus hoedat sake in die eerste helfte van die sewentiger jare al vinniger ontwikkel het in die rigting van die gedenkwaardige gebeurtenis van 14 Augustus 1875 — die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners; hoe die gedagte van 'n Afrikaanse Bybelvertaling in eerste en laaste instansie die aanleidende oorsaak daartoe was, waarby veral Pannevis en Hoogenhout die beweegkragte uitmaak het, ten spyte van daardie ongelukkig gestelde tweede brief aan die B.B.B.G.; en hoe S. J. du Toit ten slotte met leiersblik en vaste hand die koers bepaal het.

Die veelbesproke vraag van wanneer en deur wie die Afrikaanse Taalbeweging presies ontstaan het — waarby daar nutteloos geredekawel is en word oor

datum, plek en vaderskap — kan goedskiks in die midde gelaat word. Want van wesenlike belang is alleen die *feit* van die ontstaan van 'n beweging wat al sterker aan die dag kom, al vaster koers kry, en ten slotte op 'n bepaalde tydstip saamgesnoer word tot 'n hegte organisasie, met 'n bepaalde doelstelling en 'n definitiewe program van aksie.

Dit het hier gebeur op 14 Augustus 1875. Daarmee was die min of meer koerslose aanvoortperiode afgelopen; die doelbewuste propagandaperiode kon begin.

IV

DIE PROPAGANDAPERIODE

1. 'n Voorlopige Vergadering (14 Aug. 1875)

„Mogelik sal 'n latere geskiedskrywer — as teenwoordige vooroordele al uitgestorwe is en die tyd elke gebeurtenis na waarde sal gerangskik hê — die veertiende Augustus 1875 opteken as 'n gedenkwaardige dag in die Geskiedenis van Suid-Afrika. Dis die dag waarop *Die Genootskap van Regte Afrikaners* opgerig is.”¹⁾ So skryf S. J. du Toit in die jaar 1880. Hy het volkome gelyk gehad, soos hierna verder sal blyk.

Ingevolge sy belofte aan George Morgan, Kaapse verteenwoordiger van die B.B.B.G., vergader op genoemde datum 'n agtal voorstanders van Afrikaans in die huis van Gideon Malherbe, Pastorielaan, Paarl, om die vraag van 'n Afrikaanse Bybelvertaling te oorweeg. Blykens die notule was dit „een voorlopige Vergadering van Afrikaanders,” blykbaar saamgekom op spesiale uitnodiging van ds. Du Toit. Die notule vermeld die name van die aanwesiges as volg:²⁾

¹⁾ „Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging,” p. 50.

²⁾ Hierdie notule is letterlik afgedruk in J. D. du Toit se lewensbeskrywing van sy vader: „Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk,” p. 66.

Wel Eerw. S. J. du Toit
 Meneer G. J. Malherbe
 .. August Ahrbeck
 .. D. F. du Toit D.P.soon
 .. D. F. du Toit D.F.soon
 .. C. P. Hoogenhout
 .. P. J. Malherbe D.F.soon
 .. S. G. du Toit A.soon

Onder hulle was daar een predikant (S. J. du Toit, 27 jaar); twee onderwysers (Hoogenhout, 32 jaar, en D. F. du Toit, D.P.seun, 29 jaar, later bekend as „Oom Lokomotief”); twee studente (Ahrbeck, 24 jaar, en S. G. du Toit, 20 jaar); en drie wynboere (Gideon J. Malherbe, 42 jaar; P. J. Malherbe, 22 jaar; en D. F. du Toit, D.F.seun, 25 jaar, later bekend as „Dokter”). Die feit dat op twee na almal onder 30 jaar was, sou weldra aanleiding gee tot die smalende verwysing na „daardie jong skoolmeestertjies en Dalse wynboertjies” wat dit in hul kop gekry het om ’n Hotnotstaal tot skryftaal te wil verhef.

Hoogenhout word gekies tot voorsitter van die vergadering en Ahrbeck tot sekretaris, met S. G. du Toit as hulpsekretaris.³⁾ Dan vermeld die notule allereers die aanname van die volgende voorstel: „Om die naam en re’els van die Genootskap deur een Commissie te laat opstel en bij een vol’ende Vergadering te laat voorlê.” Die kommissie word

³⁾ Die bekende fotodruk van die eerste blad van die notule in S. G. du Toit se handskrif is herhaaldelik gereproduseer, o.a. in Kritzinger se Plateatlas, p. 23.

dadelik benoem, en al die aanwesiges verklaar hulle bereid om lede van die Genootskap te word.

Hoewel die notule met geen woord daarvan melding maak nie, moes die vraag van 'n Genootskap dus eerste onder bespreking gewees het en, blykens bovermelde voorstel (waarin sonder meer sprake is van „die Genootskap”) tot die stigting daarvan besluit geword het. Verder vermeld die notule die aanname in hierdie volgorde van nog vier voorstelle insake:

- (1) Verspreiding van die Afrikaanse Volkslied om gevoelens daaroor in te win met die oog op publikasie deur die Genootskap;
- (2) verdere raadpleging deur 'n tweede benoemde kommissie met ds. Morgan oor die moontlike uitgawe van 'n Afrikaanse Bybel deur die B.B.B.G.:
- (3) die opstel van 'n Afrikaanse Spraakkuns;
- (4) die opstel van 'n Afrikaanse Woordeboek, waartoe al die aanwesige lede versoek word om mee te werk deur dadelik te begin met die aanlê van alfabetiese lyste van suiwer Afrikaanse woorde. Ten slotte word lede versoek om „ander mense wat hulle kan vertrou” saam te bring na die volgende vergadering.

Hoewel die notule van hierdie „Voorlopige Vergadering” baie beknopt gestel is, en behalwe die name

van die aanwesiges feitlik alleen die vyf voorstelle vermeld as „algemeen aangenomen,” met die name en opdragte van twee kommissies, moet ons aanneem dat behalwe die stigting van 'n Genootskap ook die vraag van 'n Bybelvertaling onder bespreking moes gewees het, waarby ds. Du Toit verslag sal gedoen het van sy eerste private onderhoud met ds. Morgan. Want met die oog op hierdie twee belangrike sake word staande die vergadering twee spesiale kommissies benoem om by die eersvolgende vergadering verslag te doen.

Skriftelike besonderhede betreffende die gevoerde korrespondensie tussen Pannevis en die B.B.B.G. het ds. Du Toit dan ook eers in 'n skrywe van ds. Morgan, gedateer 18 Aug. 1875, ná die vergadering ter hand gekom, sodat hierdie saak eers op die tweede vergadering van 25 September behoorlik ter sprake kon gekom het. Op hierdie laaste datum antwoord ds. Du Toit ook eers op Morgan se briewe van 18 Aug. en 'n latere van 14 Sept., en uit hierdie antwoord kom ons iets meer te wete van wat op die twee vergaderings moes voorgeval het.

Blykens hierdie skrywe van 25 Sept 1875⁴⁾ aan Morgan was die voorstanders van Afrikaans eenparig van gevoele dat Pannevis oorhaastig gehandel het met sy private skrywe aan die B.B.B.G. van 7 Nov. 1874. Want hoewel hulle graag die groot

⁴⁾ In Du Toit se „Gesk. v. d. Afr. Taalbeweging,” p. 48, kom hierdie brief voor onder datum 25 Sept. 1879. Die jaartal is klaarblyklik foutief en word in die 2e druk van 1909 korrek as 1875 aangegee.

noodsaaklikheid van 'n Afrikaanse Bybel saam met hom wil onderskryf, omdat dit 'n eerste vereiste is as beskawingsmiddel van blank sowel as gekleurde, is hulle van mening dat die tyd daarvoor nog nie ryp is nie. Vooraf moet 'n ander tweeledige taak eers aangepak word: (1) Die Afrikanervolk moet eers tot erkenning en aanvaarding van sy eie taal, die werklike moedertaal, gebring word, „en die taak is moeiliker as dit, oppervlakkig beskou, lyk”; (2) die taal self moet eers as skryftaal gebruik en beoefen word om tot 'n vaste skryfvorm te geraak. Om hierdie tweeledige taak uit te voer, is reeds 'n Genootskap van Afrikaners in die lewe geroep, en hulle koester die hoop dat die dag nie meer veraf is nie dat hulle met volle vrymoedigheid tot die B.B.B.G. sal kan kom om ondersteuning vir die uitgawe van 'n Afrikaanse Bybel.

Uit hierdie toedrag van sake word dit duidelik waarom Pannevis op die eerste twee vergaderings gemis word. Hy is blykbaar met opset buite gehou tot na afhandeling van sy brief en die korrespondensie wat daarvoor gevoer is, sodat hy op die derde vergadering van 6 Nov. 1875 eers sy verskyning maak en as lid toetree. Hy het egter reeds op 15 Sept. 1877 skriftelik sy bedanking ingedien, oënskynlik om gesondheidsredes, maar meer waarskynlik omdat hy teleurgesteld was dat sy lieflingsidee van 'n Afrikaanse Bybel, waarop hy herhaaldelik by ander lede aangedring het en wat hom meermale in botsing gebring het met ds. Du Toit, nie dadelik deur die Genootskap aangepak is nie.

Pannevis het gemeen: vertaal eers die Bybel en die volk sal dit lees en sodoende met sy taal versoen raak; Du Toit het gemeen: versoen eers die volk met sy taal en dan sal hy self om 'n Afrikaanse Bybel vra. Die geskiedenis het die juistheid van Du Toit se standpunt bevestig, maar dit sou lank duur voordat sy verwagting verwesenlik sou word. Dit het inderdaad 'n nog moeiliker taak geblyk om die volk met sy taal te versoen as wat hy hom dit self voorgestel het; en toe dit eindelijk sover was, het dieselfde B.B.B.G. wat aanvanklik so afsydig gestaan het, ten slotte in 1933 aan die tot sy taal bekeerde volk sy Afrikaanse Bybel in druk besorg.

2. *Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land*

Op 25 Sept. 1875 vind 'n tweede vergadering plaas, waarop die reeds gestigte Genootskap sy finale beslag kry. Die volgende „Algemene Bepalings” word vasgestel:

- „1. Die naam van ons Vereniging is: Genootskap van Regte Afrikaanders.
2. Die doel van ons Genootskap is: *om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land.*
3. Die Bestuur van ons Genootskap sal in die hande wees van een President, Sekretaris en Tresurier, wat alle jare weer moet gekies worde.
4. Op al onse vergaderings en in alle offisiële stukke moet die Afrikaanse Taal gebruik worde.”⁵⁾

⁵⁾ Du Toit: „Gesk. v. d. Afr. Taalbeweging,” p. 51.

Die verdere „Aparte Bepalings” handel oor lidmaatskap, vergaderings en voorgestelde werkplan. Die eerste taak sou wees die uitgawe van ’n maandblad van 16 bladsye onder die titel „Die Afrikaanse Patriot”; verder word vermeld die uitskryf van prysvrae en die uitgawe, so spoedig moontlik, van ’n woordeboek, spraakkuns en ander skoolboekies.

Daar was twee bepalinge wat sommige simpatiek gesinde persone weerhou het om lid te word. Die eerste was die saak van geheimhouding. Elke lid moes hom deur sy handtekening verbind om die name van sy medeledes sowel as besluite van die Genootskap streng geheim te hou, en selfs bedanking of uitsetting weens oortreding van die reëls sou iemand nie van daardie verpligting onthef nie; dit was bindend tot die dood toe. Hierdie geheimhouding het al gou die beskuldiging van „dis ’n Vrymesselaarspul” uitgelok, maar ds. Du Toit se antwoord daarop was dat die Vrymesselaars wel hul persone openbaar maak, maar hul werke geheim hou; die Genootskappers daarenteen handel volgens die Skrif (Mat. 5 : 16) deur hul persone nie op die voorgrond te stel nie, maar hul werke openlik te publiseer. Hierin is waarskynlik die verklaring te vind waarom lede van die Genootskap later so oordrewe beskeie was om iets oor hul aandeel in die Patriotbeweging mee te deel.

Die noodsaaklikheid van geheimhouding blyk daaruit dat al spoedig gepraat is „van teer en veer,

van sambok en bedorwe eiers, pap tamaties en dies al meer — nee, selfs van doodskiet, al was dit nie so letterlik gemeen nie, maar tog iets vernederends kon enige tyd op die lede gepleeg word.”⁶⁾ Buitendien het verskeie lede openbare betrekkinge beklee wat weens die bykans ongelooflike vyandskap wat met die verskyning van *Die Patriot* ontstaan het, in die gedrang kon kom. So moes ds. Du Toit van een van sy beste vriende en kerkraadslede hoor: „als ik weet wie dié Lokomotief is (dit was die skuilnaam van die redakteur), skiet ik hom met mijn hand dood.”⁷⁾

Die tweede saak wat sommige persone afgeskrik het, was die bepaling dat niemand lid kon word nie, tensy hy glo in die versoeningsdood van Christus. Die Genootskap het egter hierop gestaan, omdat die lede hul diepe afhanklikheid van God gevoel het in die besef dat hul taak alleen met welslae bekroon kon word as dit op godsdienstige fondament opgebou word. Daarom was een van die bepalings dat elke vergadering met gebed geopen en gesluit moes word; en Von Wielligh vertel dat hulle die groot onderneming 'n saak van daaglikse gebed gemaak het, terwyl op hul vergaderings herhaaldelik die smeekbede gehoor is: „Here, sonder U sal ons nie optrek nie.”

Daar was dan ook veel meer nodig as net persoonlike oortuiging en geesdrif vir die goeie reg

⁶⁾ Von Wielligh: „Eerste Skrywers,” p. 46.

⁷⁾ J. D. du Toit: „Weg en Werk,” p. 65.

van die taal; dit was 'n taak wat geloofsmoed en hoë idealisme vereis het, want so ontsaglik groot as wat die voorgestelde taak was, so klein was daarteenoor die Gideonsbende en so beperk die geldmiddele en werkkragte; dit sou heelhartige toewyding en onbaatsugtige liefdediens verg wat alle smaad en hoon, sowel as die bitterste teenstand en vyandskap, sou kon trotseer sonder om tou op te gooi.

Uit die driedelige doelstelling sowel as uit die voorgestelde werkplan blyk duidelik hoe groots en omvattend die G.R.A. sy ideaal gesien en sy taak gestel het. Dit het hier gegaan nie bloot om Afrikaans as skryfmiddel te gebruik, dit tot vaardige taalwapen te smee en tot doeltreffende draer van die strydende gedagte te maak nie. Dit het in die eerste plek daarom gegaan ja, want die taal was die aangewese middel om die nasie te bereik en te bearbei, maar dit het om nog veel meer gegaan. Die vloedgolf van verengelsing het teen hierdie tyd naby sy hoogwatermerk gestaan, terwyl die nasionale bewussyn van die Afrikaner op laagwatermerk gesluimer het. Hierdie nasionale bewussyn moes wakker geroep, desnoods wakker geskree word, want die volkstoekoms was op die spel en dit kon weldra te laat wees om die volk van nasionale ondergang te red. Maar naas hierdie kulturele en politieke ideale het ook die ekonomiese landsbelange ernstige aandag vereis.

Kortom — „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land” het vir die G.R.A. niks minder beteken nie as die teweegbring van ’n algehele nasionale wedergeboorte wat alle terreine van die volkslewe sou raak. Dit word duidelik versinnebeeld op die wapen wat later deur Von Wielligh geteken is. Die toekomsdroom van hierdie handjievul manne was ’n „Verenigde Suid-Afrika met één algemene taal,” soos Hoogenhout dit ook in „Ons toekomstige Volkslied” onder woorde gebring het; en deur geloof, hoop en liefde (versinnebeeld deur ’n kruis, anker en hart, met die Bybel as sentrale motief) sou hulle saamgesnoer en aangevuur word in hul gemeenskaplike strewe na die verwesenliking van daardie grootse volksideaal van die toekoms — één Afrikaanse Moedertaal — één verenigde Boerevolk — één onafhanklike Vaderland.

3. *Die Afrikaanse Volkslied*

Die lede van die Genootskap van Regte Afrikaners was manne van die daad wat dadelik met hul propagandawerk begin het deur die publikasie van twee belangrike stukke, ten einde die publiek voor te berei op wat weldra sou volg. Die eerste stuk waarmee hulle voor die openbare voetlig verskyn en hul eerste figuurlike buiging gemaak het, was „Die Afrikaanse Volkslied.” Ons moet hierin geen toevalligheid sien nie, maar doelbewuste optrede. Die amptelike volksliedere van die twee noordelike republieke het ’n plaaslike karakter gedra en was

buitendien in Nederlands gestel; die amptelike volkslied van die Kaapkolonie was dié van Groot-Brittanje; daar was dus geen lied wat die nasionale sentiment van die Afrikanervolk as geheel vertolk het nie. Hier word nou 'n eerste poging aangewend om daardie leemte aan te vul. En let daarop — dis nie sommer 'n volkslied nie, maar die Afrikaanse volkslied wat vir homself hier 'n bepaalde status opeis.

Reeds voor die stigting van die G.R.A. het hierdie volkslied in die perskorrespondensie tussen Ware Afrikaner en Klaas Waarzegger, Jr., ter sprake gekom, want daar is toe al aan gewerk; en op die stigtingsvergadering is besluit „dat al die lede wat te' enwoordig is, so veul as mo'entlik is, die Afrikaanse Volkslied sal versprei en die gevoelens van mense daaro'er sal hoor. Dan kan ons dit naderhand op naam van die Genootskap verbeter en uitgé.”

Hoewel dit nie meer moontlik is om uit te maak presies hoe die lied in sy huidige vorm tot stand gekom het nie, omdat die mededelings van die opstellers daaromtrent van mekaar verskil, staan dit in elk geval vas dat die lied sy ontstaan te danke het aan die samewerking van vier van die prominentste lede van die Genootskap — nl. Pannevis, Hoogenhout, D. F. en S. J. du Toit.⁸⁾ Die eerste twee het met die opstel daarvan begin en die laaste twee het die teks gesuiwer, gewysig en aangevul, sodat hierdie volkslied in sy finale vorm

⁸⁾ Vgl. P. J. Nienaber: „Gedigte van C. P. Hoogenhout,” P.V. no. 4, pp. III-VII.

inderdaad as die stem van die G.R.A. beskou kan word. Op die tweede vergadering is besluit om 500 afdrukke daarvan te laat maak ter verspreiding, en dis later deur die bekende musikus, J. S. de Villiers (Jan Orrelis) van die Paarl, getoonset.

„'n Ider nasie het syn LAND,
 Ons woon op Afrikaanse strand,
 Ver ons is daar gen beter grond
 Op al die wy'e wereldrond.
 Trots is ons om die naam te dra
 Van kinders van Suid Afrika.

'n Ider nasie het syn TAAL.
 Ons praat, van Kaap tot in Transvaal,
 Wat almal maklik kan verstaan,
 Wat gaat die ander tale ons aan?
 Ons praat, so's Pa en Oupapa,
 Die Landstaal van Suid Afrika.”

So lui die eerste twee verse; dan volg drie verse om aan te toon dat elke volk sy Wet, Reg en Tyd het, met die verwagting dat Suid-Afrika se dag ook nog sal kom, om te eindig met die slotvers:

„Want al die nasies het één God.
 Hy re'el ider volk syn lot;
 Hy het vir ider volk syn Taal,
 Syn Land, syn Reg, syn Tyd bepaal.
 Wie dit verag sal Syn straf dra.
 O God, beskerm Suid Afrika!”

Hier word dus 'n beroep gedoen op die nasionale sentiment van die Afrikaner, deur hom daaraan te

herinner dat hy 'n eie vaderland en moedertaal besit, terwyl die godsdienstige inslag van die eie volksaard in die slotvers beklemtoon word.

Dit spreek vanself dat 'n gedig wat deur vier persone met meet en pas inmekaar gesit word, moeilik aan die eise van die kuns kan beantwoord; en daarom moet ons hier nie soek na die digterlike skoonheid van klank en beeld en ritme wat so treffend uit „Die Stem” van Langenhoven tot ons spreek nie. Want hoewel die gedig betreklik suiwer van toon is in vergelyking met die stortvloed van kreupel rymwerk wat deur die *Patriot* ontketen sou word (en hoe kon dit anders?), is dit geen kunsuiting nie, maar 'n beredeneerde en berymde opsomming van die bestaansreg van die Afrikanervolk met sy eie land, taal, sedes en tradisies. Die strekking is uitgesproke propagandisties — dit wil die ontstamde Afrikaner uit sy Engelse slaaproes wakkerskud.

Daarom mag ons hier ook nie met kunseise aangedraf kom nie, want dan sou ons van die opstellers verlang wat hulle onder die destydse bedeling nie wou en ook nie kon gee nie. Waar ons hier staan aan die ingang van die propagandistiese skryfperiode van die volkstaal, moet ons in hierdie eerste patriotiese stem van die pasgestigte G.R.A. niks meer sien nie as 'n klinkende wekroep, 'n uitdagende strydkreet wat die sluimerende volkskragte tot die wapen roep en die oormoedige volksvyande die stryd aansê.

4. *Manifestes van die G.R.A.*

Die tweede stuk wat ongeveer gelyktydig met die volkslied in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het, was 'n openlike verklaring of Manifestes onder die titel: „Die Genootskap van Regte Afrikaanders groet al hulle landgenote en wens hulle vrede!” Dit sluit direk aan by die volkslied, maar wat daar in beredeneerde versmaat gestel is, word hier met gloedvolle oortuiging in spontane prosa uitgesê. Ons herken dadelik Ware Afrikaner se stem in hierdie stuk, want dis grotendeels 'n samevatting van sy eerste en derde artikel wat die vorige jaar in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het.

God het verskillende nasies op die aarde gestel en aan elk een sy eie taal gegee; dit leer die Skrif ons op tal van plekke. So het Hy ook ons volk hier in Suid-Afrika geplant en aan ons die Afrikaanse taal gegee. Maar wat het gebeur? Die Engelse het nie alleen ons land in besit geneem nie, maar ons taal op alle moontlike maniere onderdruk deur hulle taal in die parlement, die geregshowe en die skole in te voer en tot enigste amptelike taal van die land te proklameer.

„Op die manier wil hulle nou met geweld ons moedertaal by ons kinders uitroei. En di's 'n vreselike onreg. Want as jy 'n volk syn taal afneem, dan maak jy hom tot 'n doolstomme: jy ontnem hom die wysheid van syn voorvaders wat bewaard is in al die spreuke, spreekwoorde, en uitdrukkens, ens.

En die ergste is nog, hulle ontnem ons wat hulle ons nooit weer kan ge nie. Want daar is mar één moedertaal,

die taal van ons hart. Die taal waarin ons an moeders bors *pa* en *ma* leer sê het, — die taal waarin ons die eerste indrukke ontvang het, — die taal waarin ons vrome moeder ons as kinders geleer het om die dierbare naam van onse Here Jesus uit te spreek, — die taal waarin ons ou'ers altyd hulle God gedien het, — die taal waarin ons brawe vader ons op syn sterfbed nog vermaan het, die taal waarin ons moeder stervende haar laatste asem uitgeblaas het in 'n gebed ver ons; — *die taal blyf ons heilig* — die taal kan ons ver gen ander taal op die wêreld verruil nie . . .

Mar di's hulle nog nie geluk om ons moedertaal uit te roei nie. Onse Liewe Heer het dit nie toegelaat nie. In 70 jare tyd het hulle die 20,000 blanke Afrikaners nog nie tot Engelse kan maak nie. Né, Afrikaans is nog die baas. Daar is vandag meer wat Afrikaans praat as in 1812. Die grootste gros van ons natie praat almal nog Afrikaans.

Mar daar is daarom drie soorte van Afrikaners. Dit moet ons in die oog hou. Daar is *Afrikaners met Engelse harte*. En daar is *Afrikaners met Hollanse harte*. En dan is daar Afrikaners met **AFRIKAANSE harte**. Die laaste noem ons **REGTE AFRIKANERS**, en die veral roep ons op om an ons kant te kom staan.

En wat gaat ons dan maak? Regte Afrikaners, ons roep julle op om same met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat die Liewe Here ver ons gege het; en om same met ons te staan ver ons taal deur dik en dun, en nie te rus nie voor dat ons taal in alle opsigte algemeen erkend is as die volkstaal van ons land. Vaarwell!⁹⁾

Van hierdie manifes is 1000 afdrucke gemaak om versprei te word, en die volkslied sowel as die manifes is later weer herdruk in die eerste nommer van die *Patriot*. Volgens ds. Du Toit het albei stukke, maar

⁹⁾ Aangehaal uit S. J. du Toit: „Gesk. v. d. Afr. Taalbeweging,” pp. 57-58.

veral die laaste, „'n diepe en blywende indruk gemaak op die harte van vele Afrikaners.”

Met hierdie oortuigende beleidsverklaring, aan die slot waarvan ons in die kernagtige karakterisering van die drie soorte van Afrikaners tewens 'n verklaring vind van die naam van die G.R.A., was die propagandaperiode definitief in die openbaar ingelui. Ons sou dit in moderne krygstaal ook kan bestempel as die eerste voltrefter op die ingegrawe tradisionele stellings van die ou taalorde, vanwaar na die eerste ontsteltenis weldra 'n venynige teenvuur van grofgeskut op die moedige klompie Genootskappers sou losbrand.

5. *Die Afrikaanse Patriot*

In die „Re'els en Bepalings” van die G.R.A., soos vasgestel op die tweede vergadering van 25 Sept. 1875, kom die volgende voor: „Ons eerste werk sal wees om alle maande 'n blad uit te gé, wat die naam sal dra van *Die Afrikaanse Patriot*, in die vorm van 'n boekie van sestien bladsy'e.” Tereg het hulle ingesien dat 'n eie orgaan onmisbaar sou wees, want voortaan sou daar nie meer gereken kon word op die gasvryheid van die Hollandse pers nie; en die taal self moes beoefen word; daar moes leeslus en skryflus opgewek word; daar moes oortuigingswerk verrig word. Daarom was 'n eie mondstuk 'n onontbeerlike vereiste — „die *Patriot* moes hulle tong wees by die bevolking.”

Sonder verwyl is dan ook begin met die opstelling van die blad en op Saterdag, 15 Jan. 1876, het die eerste uitgawe sy verskyning gemaak. Die eerste artikel handel oor die blad self en begin as volg:

„Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders, een koerant in ons ei'e taal! Dit het baie moeite gekos om so v'er te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks p'erde, hulle wil mos nie glo dat ons 'n ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollanse* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks p'erde te leer pronk in die voortuig. Ons wil nou met ons *Patriot* an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil”

Dan volg 'n aansporing om op die blad in te teken vir die geringe bedrag van vyf sjielings per jaar — „een mens gé in een jaar tyd meer oulappe en stuiwers ver syn kinders om tammeletjies en ander lekkergoed te koop”; agente wat intekenaars werf, sal die blad gratis ontvang. Dan lui dit verder:

„Afrikaanders! vraag julle altemitters wat daar in die koerant sal te lees wees, of, in andere woorde, hoe ons die blad sal inrig? Kyk dan, hier is die plan:

1. Een Inleiding — 2. Afrikaanse Correspondensie — 3. Afrikaanse Geskiedenis — 4. Afrikaanse Gedigte — 5. Afrikaanse Taalkennis — 6. Een Maandelikse O'ersig van die voornaamste nuus — 7. Vra'e en andwoorde.

No. 1. Die *Inleiding* skryf ons selwers o'er belangrikke sake.

No. 2. *Afrikaanse Correspondensie* is ver julle om te skrywe. Julle kan Afrikaanse briewe en stukke opstuur.

Druk op dat dit help! Die grootste gros van ons nasie was tot nog toe so's doofstomme gereken. Dis hulle vertel, „julle het geen taal nie!” En in een seker sin was dit so. Want die meeste Afrikaanders het nie so veel Hollans of Engels geken dat hulle daarin goed kan praat of skrywe nie, want dis ver ons twé vreemde tale, en ons het nog geen tyd en skole gehad om vreemde tale te leer nie. En ons eie taal was nog nie erkend nie. So moes meer as een Afrikaander wat *verstand* en *gees* het stil bly, omdat hy *geen taal* het waarin hy hom kon uitdruk nie. En die Hollanse of Engelse taal wat hy daartoe wou gebruik, kom hom net so sleg te pas as Sauls wapenrusting ver David. Né, jonge Afrikaanders! goi nou weg die vreemde wapenrusting nes David! Vat julle slinger! En goi elke vyand, al is hy so groot as Goliath, teun die grond. Ja, nou kan elke Afrikaander skrywe wat hy wil in sy eie taal. Wat traak ons verder met Hollanse Spraakkuns of Engelse Woordeboek. Nou skryf ons nes ons praat, en seg net wat ons wil.

Kom nou voor 'n dag, verborge pèrels en diamante! Waarom langer onder die vreemde stof begrawe en met vreemde voete vertrap? Kom uit nou, Afrikaanders! en laat ons sien of Afrikaanders nie net so veel gees het as eenig ander nasie op die wereld nie! Waarom moet ons hart langer die graf wees van ons gedagte? Kom uit! Skrywe julle taal! Hulle skryf wel Kaffertaal en Boesman-geklap te'enwoordig. Waarom ons taal dan gesmoor? Kom uit! Ons weet daar is gees genoeg; dis net nog maar verborge!

No. 3 Is ook ver julle — Ons sal saamwerk. Julle moet, maskie klein brokkies, van die Geskiedenis van ons voorouers by makkaar maak en ver ons stuur. As julle wil weet hoe, kyk dan na die stuk van Ware Afrikaander o'er die Hugenote — dis die manier! [Hierdie stuk het in die eerste uitgawe verskyn.]

No. 4 Is ook ver julle. Julle kan nou rym en dig dat dit nie maklik is nie. Jonge Afrikaanders! julle kan mos fluks rym! Stuur julle gedigte, kerels! Stuur mar! Die

wat een beter gedig stuur as ons ‚Volklied,‘ die kry van ons een pluimpie. En die wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reg help.

No. 5 Is ver julle en ver ons same, om te skrywe o’er ons taal. Een taal is een ding wat nie soemar kant en klaar uit die hemel val nie. Kyk mar Hollans en Engels, hoe ’t hulle dit eers geskrywe, en hoe nou! Daarom moet ons oek begin te skrywe o’er ons taal.

No. 6 Blyf ver ons

No. 7 Is ver ons Intekenaars. Elke intekenaar het reg om eenige vraag in ons blad te doen, en elke intekenaar het reg om eenmaal daarop te andwoorde

Is daar nog Afrikaanders wat vra wat ons doel is? Ons andwoord is: ‚*Om te staan ver ons taal, ons nasie en ons land.*‘

Is daar spotters? (daar is seker baiang). Spot mar fluks op! Ons troos ons daarmé, julle spot uit DOMHEID! Alle dinge word bespot. Stoom is mé gespot. Gaslig is mé gespot, ens. En sou die Afrikaanse taal dan vryloop? Een Regte Afrikaander sal nie spot nie, en dis ver Regte Afrikaanders, Afrikaanders met Afrikaanse harte, wat ons skrywe, en nie ver spotters!

Ons sal an al die Hollanse koerante in die land ons *Patriot* stuur. Wil hulle ver ons oek so dan en nou een koerant stuur, ons sal dit dankbaar ontvang. Wil hulle van ons stukke o’erneem, hulle is welkom. Ons sal an die Editeur van die *Zuid-Afrikaan en Volksvriend* altyd dankbaar wees ver die hulp en vriendskap wat hy ons betoon het en nog bewys.

En nou: Klein begin, Anhou win. Dis tog mar een al te ware woord. Een babetje kan een reus worde; en waarom sou die *Afrikaanse Patriot* nie een Afrikaanse reus kan worde nie? Waarom sou ons intekenaars nie later alle da’e een koerant kan ontvang in plaas van alle maande? Ons wil die beste hoop en die beste wens. En met die gegronde hoop, en die welgemeende wens, stuur ons die eerste nommer van die *Patriot* die wereld in. En skree al

wat ons kan, en roep ieder ‚Regte Afrikaander‘ toe om oek saam te skree: ‚Hoerê ver die *Afrikaanse Patriot!*

‚*Afrikaanse Patriot* bo‘e!!!

‚Hip, hip, hip, hoerê!!!‘ ”¹⁰⁾

Wat ’n byna kinderlike opgetoënheid spreek daar uit hierdie jubelkreet en wat ’n optimisme en toekomstgeloof straal daar uit die hele artikel! Dis ’n strydvaardige stuk, hierdie eerste stormloop op die tradisionele taalstellings van die ou orde — beurtelings uitdagend, informerend, aanvallend, jubilerend — met hier en daar ’n beeld wat aansteeklik sal gewerk het op die Boereleser. Daar is die plaasbeeld van „steeks perde” wat geleer moet word „om te pronk in die voortuig”; daar is die Bybelbeeld van Dawid wat die belemmerende wapenrusting opsy moet gooi om net sy vertroude slinger te hanteer teen die Goliat-reus; daar is die delwersbeeld van „verborge pêrels en diamante” wat onder die vreemde stof uitgehaal moet word. En reeds by voorbaat word moontlike spotters op effektiewe wyse ontwapen.

Die verskyning van hierdie eerste Afrikaanse blad het ’n groot opskudding veroorsaak. Die geskryf oor Afrikaans in die pers het die meeste mense nog min of meer koud gelaat, maar hier kom hulle jou waarlik

¹⁰⁾ Aangehaal uit die eerste nommer van die eerste jaargang wat in besit is van die Universiteitsbiblioteek, Stellenbosch. Dit dra die volgende inskripsie: „Present vir die Boekery van die Universiteit van Stellenbosch. C. P. Hoogenhout, 28 Augs. 1919.” Hierdie artikel is eiehandig deur die skenker met die letters C.P.H. onderteken, waaruit blyk dat hy die skrywer daarvan was.

nou met 'n blad in die Hotnotstaal voor die dag! Dit het veral die Hooghollandse gemoedere gaande gemaak. Von Wielligh vertel dat hulle dikwels moes hoor: „Vrind, jy is welkom in my huis solank as jy daardie vuilgoed, die *Patriot*, nie met jou saambring om dit aan my kinders te wys nie. Ek is nog in staat om my kinders Hollands te laat leer.”¹¹⁾

Die merendeel van die Hollandse sowel as Engelse pers het die blad heftig te lyf gegaan. As tiperende voorbeeld kan die volgende uitlating van die *Cradocksche Afrikaner* dien: „Dit blad komt ons geregeld ter hand. Daar het in een taal geschreven is, geschikt voor halve barbaren, nemen wij zelden de moeite het te lezen. De geheele geschiedenis van *De Patriot* is armzalig. Halfgeleerde Griquas zullen zeker smaak vinden in het blad.”¹²⁾

In die uitgawe van 6 Des. 1878 skryf Oom Lokomotief o.m.:

„'n Hele resiment van vyande staat rondom ons. Eers wou hulle ons *doodswyge* deur gen notisie van ons te neem nie. Mar nou die saak te sterk toeneem, wort die vyandskap openbaar en nou wil hulle ons *doodslaan* of *doodtrap* soos een van hulle geseg het . . . Pas dreig die *Argus* ons met England syn lange arm en sware hand, of die *Cape Times* wil ons doodtrap met 'n lompe Engelse voet. Skaars lat hy ons los, of die *Graaff-Reinet Advertiser* verguis ons met die hardste woorde wat hy kan kry, en toon dat hy ons sou *vergruis* as hy kon. Nouweliks begin die Transvalers te erken, dat ons ver hulle regte pleit, of die *Volksstem* maak ons veragtelik, ten minste so ver as

¹¹⁾ „Eerste Skrywers,” p. 48.

¹²⁾ „Weg en Werk,” p. 96.

hy kan . . . die *Patriot* begin net mooi wortel skiet in die Vrystaat, of die *Express* wil ons met wortel en tak uitroei, as hy kon."

Ouers het hul kinders verbied om die blad te lees; kosgangers is gestraf omdat hulle die blad in die koshuis gebring het; ander wat lede geword het van die G.R.A., moes bedank of anders die koshuis verlaat; onderwysers is met afdanking bedreig as hulle op die blad inteken; predikante het daarteen gewaarsku; die Kaapse Sinode van 1880 het byna twee dae gewy aan 'n bespreking van die blad, sy afkeuring oor die gees en strekking daarvan uitgespreek, en ten slotte duisende pamflette daarteen versprei — wat natuurlik 'n uitstekende gratis advertensie vir die blad was. *De Volksstem* het dit as 'n „seldsame geluk" vir die *Patriot* beskou en hom verder as volg oor die Sinode-besluit uitgelaat:

„Onzes inziens had de Synode beter gedaan met zich niet in te laten met de *Patriot*. Wij zijn geen bewonderaars van dat blad, maar evenmin behoren wij tot deszelfs heilige tegenstanders en alles dat we door de Synode uitgericht kunnen zien is dit, dat zij aan het licht heeft gebracht dat de *Patriot* een veel grotere macht in het land is dan vroeger bekend was, en dat die macht veel waarschijnlijker vergroot dan verminderd zal worden door de discussie en het genomen besluit. Geen politieke noch kerkelijke banbliksems zijn in staat een nieuwsblad te vernietigen dat een behoefte in het land vervult en, schoon wij de taal verafschuwen waarin de *Patriot* geschreven is en vele der door haar geuite gevoelens veroordeelen, kunnen we toch de oogen niet sluiten voor het feit dat zij een van de krachtigste factoren is geweest om het volk van Zuid-Afrika

een besef te doen krijgen van zijne politieke rechten en verantwoordelijkheden." ¹³⁾

Selfs die destydse hoofregter van die Kaapkolonie, die latere lord Henry de Villiers, het hom in 'n toespraak op die jaarvergadering van die Kaapstadse Biblioteek (13 Mei 1876) geroepe gevoel om sy banvloek oor Afrikaans en die Patriotmanne uit te spreek, en die voorspelling gewaag dat die toekomstige landstaal van S.A. niks anders kan en sal wees nie as Engels; Hollands se tyd is uitgedien en Afrikaans is te arm in alle opsigte om ooit 'n letterkundige taal te word; daarom sou die Patriotmanne hul energie veel nuttiger bestee as hulle liewers die volk sou oorhaal tot aanvaarding van die „ryke en heerlike Engelse taal met 'n letterkunde van die eerste rang." ¹⁴⁾

Maar ten spyte van al hierdie teenstand en veroordeling, en seer seker ook tengevolge daarvan, het die *Patriot* sodanig opgang gemaak dat dit die tweede jaar reeds 'n klein weekblad geword het wat die derde jaar vergroot kon word tot gewone koerant-formaat. By die begin was daar skaars 50 intekenaars, na agt maande agtmaal soveel, na 'n jaar 500, na drie jaar 1500, en na vyf jaar oor die 3000.

Die *Patriot* het egter ook moeilike tye beleef as gevolg van geldelike tekorte. Aanvanklik is dit in

¹³⁾ Aangehaal in „Weg en Werk," p. 92.

¹⁴⁾ Hierdie redevoering is afgedruk in Du Toit: „Gesk. v. d. Afr. Taalbeweging," pp. 78-91.

Kaapstad gedruk, met 'n oplaag van 200 eksemplare, maar later het die G.R.A. 'n klein drukpersie bekom in die Paarl. Toe dit 'n weekblad word, het die drukkoste sodanig gestyg dat ds. Du Toit verplig was om van sy eie boeke te verkoop om die geldelike verpligtinge te kan dek. Daar was selfs sprake van tou op te gooi, omdat sommige lede nie met vrywillige bydraes kon voortgaan nie. Maar toe het, begin 1878, 'n aantal vriende die Paarlse Drukkery in die lewe geroep en die uitgawe van die blad op hulle geneem. Verder is 'n beroep op die lesers gedoen, aangesien daar voortdurend van hulle kant aangedring was op vergroting van die weekblad, om vrywillige gifte ten einde 'n groot snelpers te kan aankoop. Die gevolg was dat honderde ponde van ondersteuners ingekom het wat die uitbreiding moontlik gemaak het.

Die merkwaardige vooruitgang van die *Patriot* moet in die eerste plek nie toegeskryf word aan die feit dat die blad in *Afrikaans* verskyn het nie. Dit was eerder 'n nadeel as 'n voordeel, temeer omdat sy taal 'n sterk Bolandse kleur vertoon het. Op grond van sy taalvorm alleen sou die blad seker nie so spoedig, indien ooit, daardie populariteit verwerf het nie. Maar dit was die nasionale politiek wat die blad sedert die tweede jaar van sy bestaan begin verkondig het, wat hom so gewild gemaak het.

Die eintlike aanleiding daartoe was die plotselinge anneksasie van die Transvaal deur sir Theophilus Shepstone op 12 April 1877. Hierdie nuwe daad

van agressie van Engelse kant het die nasionale gevoel van die hele Afrikanervolk in noord en suid diep geskok, en die *Patriot* het dadelik die anneksasie skerp veroordeel as 'n daad van roof en geweld, Shepstone as 'n indringer gebrandmerk, en as vurige kampvegter van die Boereszaak opgetree. Die gevolg was dat hy spoedig die raadgever en mondstuk van die Transvaalse Boere geword het, met die verdere gevolg dat hy nie net 'n politieke mag in die land geword het nie, maar dat baie mense ingeteiken het, veral in die noorde, om die politieke mening van die blad te verneem, ook al was hulle nog nie versoen met sy taal nie.

Aanvanklik het die *Patriot* „lydelik verset” voorgestaan. Sy raad was: „Moet nie veg teen die Engelse nie. Sit stil. Lat onse liwe Heer ver julle stry. Blyf by julle protes, en bepaal julle by lydelik verset.”¹⁵⁾ Maar toe dit blyk dat deputasies en petisies in Londen niks uitrig nie, het die *Patriot* van 8 Okt. 1880 'n hoofartikel bevat onder die opskrif „Lydelik verset nou ydelik verset,” waarvan die strekking was dat Transvaal nou moes kies tussen onderwerping of oorlog. Die raadgewing was in bedekte bewoording gestel, want die Kaapse regering het reeds 'n oog op die *Patriot* gehad en tweemaal sonder sukses probeer om die blad weens hoogverraad te laat aankla. Maar die Transvalers het die artikel so goed verstaan dat genl. Nikolaas Smit

¹⁵⁾ „Weg en Werk,” p. 223.

na lesing daarvan gesê het: „Mense, maak skoon julle roers.”

Op 31 Des. 1880 skryf die *Patriot*: „Ons is *loyale* mar gen *verblinde* onderdane van onse Koningin nie. Die bloed van onse Transvaalse broeders en van Engelse troepe wat alreeds gestort is, roep tot God om wraak teen Englands onreg, trotsheid en geweld, en sal bydra om die beker van Gods oordeel o'er England nog gouer te vul.”¹⁶⁾

Dwarsdeur die Eerste Vryheidsoorlog het die *Patriot* die Boersaak ook op tasbare wyse gesteun, o.a. deur die insameling van fondse ter verlening van mediese hulp, waarvoor in Mei 1881 reeds £7000 ingesamel was. Die blad het hom ook hartelik verheug oor die gunstige alloop van die oorlog, en onder leiding van ds. Du Toit het die hele Paarl die Transvaalse oorwinning op feestelike wyse gevier. Na aanleiding daarvan is sy bekende „Transvaalse Vryheidslied” gedig, met die mooi aanhef:

„Die Vierkleur van ons dierbaar land
Die waai weer o'er Transvaal,
En wee die Godvergete hand,
Wat dit weer neer wil haal!”

As gevolg van die oorlog is die *Patriot* oorstroom met vaderlandse verse. Veral „Oom Jan” (Hoogenhout) het feitlik die hele verloop daarvan, met al die veldslae, in versmaat navertel. Hy het ook 'n „Vredelied” geskryf wat aldus begin:

¹⁶⁾ „Weg en Werk.” p. 234.

„Vrede! vrede in Transvaal!
 Kniel neer,
 Loof en dank tienduisendmaal
 Die Heer!
 Roem en prys Syn grote Naam,
 Man en vrou en kind te saam;
 Spreek met eerbied en ontsag
 Van Syn wondre dag an dag.”

Waar hier van die *Patriot* gepraat word, moet daaronder deurgaans verstaan word ds. S. J. du Toit, want hy was in hierdie jare hoofredakteur onder die algemene skuilnaam „Oom Lokomotief” (wat later op sy broer D. F. oorgegaan het). Sy standpunt insake die oorlog was: „Engeland is magtig, maar God is almagtig; Transvaal het reg, en God sal die onreg nie laat heers nie.”¹⁷⁾

Aan sy bekwame verdediging van die Boeresak het die *Patriot* dus in eerste instansie sy toenemende populariteit te danke gehad. En daarmee het hy as mondstuk van die G.R.A. maar net uitvoering gegee aan die tweede deel van die Genootskap se drieledige doelstelling — om te staan vir ons *Nasie*. Maar ook in die suide was die blad in hierdie jare die groot stukrag wat rigting gegee het aan die oplewende nasionale gevoel. So skryf hy in die uitgawe van 4 Okt. 1878:

„Dit lyk of die Engelse kourante nou nie meer die *Patriot* met stilswyende veragting kan ansien nie. 'n Tyd

¹⁷⁾ „Weg en Werk,” p. 223.

gelede het die *Argus* indirek ons vermaan om gen oproer te stook in Transvaal nie, want England syn arm is lank en syn hand is swaar. Nou het die *Cape Times* weer 'n lange artikel reelreg teen die *Patriot*. Hy is bang dat die stem van die *Patriot*-party sig binnen kort in die Parlement oek sal lat hoor, en seg hulle moet alle kragte verenig om dit „met die voete dood te trap” (stamping it out)! Dis 'n voorbeeld van die fyne (?) Engelse beskawing om syn teenstander onder die voete dood te trap! En sulke nonsens en haat teen alles wat Afrikaans is, wort nou by alle stasies uitgeveil en in alle strate rondgedra om te verkoop ver 'n *oulap*. Ja, dit is oek wel 'n *oulap* werd! Mar een ding het die *Cape Times* tog getoon: dat hulle begin bang te worde ver die *Patriot*”¹⁸⁾

Daar was rede vir die vrees van die *Cape Times*, want met onvermoeide volharding het die *Patriot* daarop aangestuur om die Koloniale Afrikaners nie net taalbewus te maak nie, maar ook nasiebewus in politieke sin, deur die stigting te bepleit van 'n politieke organisasie onder die naam van „'n Afrikaner-Bond, waarin al wat Afrikaner is sig kan thuis voel en samewerk tot heil van 'n Verenigde Suid-Afrika.” Hierdie ideaal is in 1880-81 verwesenlik, en dis bekend watter groot rol die Afrikanerbond later in Suid-Afrika gespeel het. S. J. du Toit was die man wat deur middel van die *Patriot* die idee „in die volkshart ingedra het,” en daarom word hy tereg die vader van die Bond genoem.

Een van die eerste belangrike vrugte van hierdie

¹⁸⁾ „Weg en Werk,” p. 203.

organisasie was die erkenning in Mei 1882 van Hollands naas Engels in die Kaapse parlement, waarby J. H. Hofmeyr (die later bekende „Onse Jan”) die voortou geneem het.¹⁹⁾ Hy het egter maar net gemaai wat jarelank deur die *Patriot* gesaai was, want dit was die Patriotmanne wat die eerste die stryd aangeknoop het vir die regte van die Hollandse taal, deur in 1880 petisies te laat teken om by die Kaapse parlement ingedien te word. Die *Patriot* het dan ook die stigting van die S.A. Taalbond in Okt. 1890, ter bevordering van Hollands, verwelkom en sy medewerking toegesê. En dit was op inisiatief van ds. Du Toit dat die bekende Taalbondeksamens in 1892 ingestel is, waarvan die eerste in die Hollandse taal en S.A. Geskiedenis (hoër en laer) in Junie van daardie jaar plaasgevind het, en waaraan 129 kandidate van die Paarl en Wellington deelgeneem het. Die Taalbond-hoofbestuur het eers in 1896 hierdie voorbeeld gevolg deur die instelling van die twee Taal- en twee Geskiedenis-eksamens wat vandag nog bestaan. Dus ook wat die Hollandse taal en S.A. Geskiedenis betref, het ds. Du Toit pionierswerk verrig.

Dis meermale ten onregte beweer dat die Patriotbeweging teen Hollands gekant was. Hierdie ongegronde beskuldiging het vermoedelik sy oorsprong gehad in die onbenullige rympie van Herholdt:

¹⁹⁾ Op 13 Junie 1882 is die eerste Hollandse toespraak in die Kaapse parlement gehou deur Luttig van Beaufort-Wes.

„Oom Lokomotief!
 Jy is myn so lief.
 Hou jy tog mar styf,
 Al kom daar gekyf.

Set Engels opsy,
 Ons taal sal jy kry.
 Werk Hollans mar uit,
 Stuur weg met die skuit!”

Die redaksie het egter daarby opgemerk: „Ons stem nog nie met hom same, dat die Hollans nou met die skuit moet weggestuur worde na Holland toe nie. Ons het Hollans vereers nog nodig.”²⁰⁾ Verder is dit bekend dat die Patriot-drukkery met verloop van tyd meer Hollandse as Afrikaanse boeke uitgegee en versprei het.

Maar die *Patriot* het van die aanvang af, ingevolge die derde deel van die G.R.A. se drieledige doelstelling — om te staan vir *ons Land* — ook sy aandag aan ekonomiese landsbelange gewy. As intelligente boerseun was sy redakteur geen vreemdeling op landbougebied nie, en die blad het lekker gesels met sy lesers oor boerdcrysake, vrae beantwoord, raad gegee en orals voorligting verskaf. Dit was egter nie al nie. Die *Patriot* het verder die organisering van landboukragte en algemene ekonomiese belange sterk voorgestaan, o.a. deur die oprigting van boereverenigings, boerewinkels, nasionale banke en handelsverenigings te bepleit — almal saadkorrels wat mettertyd wortel sou skiet.

²⁰⁾ Die *Afr. Patriot*, 15 Maart 1876, p. 44.

So skryf die blad in sy uitgawe van 19 Nov. 1880: „Een van die vele snare wat ons angeroer het en wat weerklank gevonde het in die harte van duisende Afrikaners, en nog gedurig vorttril, is: dat vreemde geluksoekers die handel in ons land heeltemal in hulle hande het; dat die ver hulle verryk met onbillike winste te neem; en dan nog die eie geld van onse Boere gebruik om hulle te onderdruk soos die geluksvools eers dik en vet is.” Voorbeelde word genoem van Afrikaanse handelsmaatskappye wat reeds in wording is, en dan word die koöperatiewe gedagte op nasionale grondslag geformuleer: „Deur heel Suid-Afrika behoort die Afrikaners hulle hande ineen te slaan en een grote vereniging te vorm, met verskillende takke of verskillende vereniginge onderling verbonde, ten einde self onse handel in hande te kry, en nie langer toe te laat dat vreemdelinge duisende ponde trek van wat ons met ons sweet en bloed verdien en self kon behou het nie.”²¹⁾

Die gevolg was dat orals Boerewinkels begin ontstaan het, en na aanleiding daarvan wys die *Patriot* daarop dat ook by sulke ekonomiese ondernemings die nasionale gedagte voortdurend op die voorgrond gestel behoort te word:

„Net een ding, die Boerewinkels moet deur en deur Hollans of Afrikaans wees, nie Engels nie. Gen Engelse uithangborde nie; gen Engelse advertensies in Engelse koerante nie; gen Engelse boekhouers nie; gen Engelse rekenings nie; né, alles Hollans of Afrikaans. Net soos die

²¹⁾ „Weg en Werk,” p. 216.

Engelse winkels help om Engelse koerante, Engelse skole, en 'n Engelse samenlewing op die dorpe op te hou, so moet onse Boerewinkels omgekeerd werk om die Engelse element op die dorpe te belet om te heers; hulle moet die Afrikaner gees op die dorpe ophou teeno'er die Engelse" (6 Mei 1881).²²⁾

Maar die vernaamste van alles was nog dat die *Patriot* tal van Boeremense op die platteland aan die lees en aan die skryf gesit het. Sy rubriekindeling, soos hiervoor geblyk het, was heeltemal ingestel op die aktiewe medewerking van sy lesers; sy eenvoudige taal en Christelik-nasionale gees het spoedig vertroue ingeboesem, sodat die blad weldra bekend gestaan het as „Ons Koerant”; sy eie optimisme het aansteeklik gewerk en sy herhaalde aansporing om te skryf — „stuur julle gedigte, kêrels, ons sal die foute regmaak” — het nie op dowe ore geval nie. Soos 'n bevrydingskreet het die leuse „skryf soos jy praat” deur die land weerklink en die geknichalterde volksmenigte sy kop laat ophig om te luister; toe het man, vrou en kind plotseling die betekenis daarvan besef en na die pen gegryp om aan hul vreugde uiting te gee.

Natuurlik kon die resultaat nie veel meer wees nie as 'n byna kinderlike spel met rymklanke, elementêre volksdigting, onbeholpe lekkerrymkuns:

„Nou rym ons lekker, want nou kan
Gen Hollander of Engelsman
Ons met syn taal vermaak nie;

²²⁾ „Weg en Werk,” p. 217.

Ons Afrikaans klink net so mooi,
 Lat hulle mar met woorde gooi,
 Hull' sal ons tog nie raak nie."

* * *

„Wie had kon denk dat Afrika
 Ooit soveul digters had?
 Gedigte kom nog daaglik an,
 Hier's weer 'n volle blad!

Eers was die tong en hande vas,
 Gedagte werd gesmoor;
 Mar nou: dis ryme goed of sleg,
 'n Elk wil hom laat hoor.

Ons moedertaal was eers verag,
 Ja, daarmee werd gespot;
 Mar nou kryg weer ons taal haar reg,
 Dank, dank, o *Patriot!*"

By 'n waardebeplating van hierdie ongekultiveerde volksdigting moet die nadruk nie val op wát daar geskryf en hóe daar gerym is nie, maar wel op die feit dát daar in die alledaagse volkspraak geskryf en gerym is, en die taal gevolglik ook gelees is, op 'n veel groter skaal as ooit tevore. Om te kan skryf „soos jy praat," sonder inagneming van die grammatikale reëls en skoolse voorskrifte van die ou skryftradisie, moes vir die ongeskoolde volksmenigte 'n blye verrassing gewees het; en soos 'n kind sy eerste stamelklankies uitkraai om die pure genot daarvan, so was dit met hierdie eerste rym pogings:

„Afrikaans is vol gees
 Om gladweg te lees,
 Afrikaans is so plat
 Dat ons dit kan vat,
 Afrikaans is net lig
 Om lietjies te dig,
 Afrikaans is oek mooi
 Om woorde te gooi.

Kom, vrinde, kom by!
 Gooi Hollans op sy!
 Lat Engels mar bly!
 Ons taal moet ons kry.
 Ons taal is dit wêrd,
 Saal op mar jou pêrd.
 Kom agter ons aan,
 Lat Hollans mar staan.

Dag Lokomotief!
 Jou werk het ek lief.
 En groet uit myn naam
 Jou maters oek saam!
Albertus is myn naam,
 Ek werk nou oek saam,
Herholdt is myn van,
 Ek dig so's ek kan."

So word die omgangstaal aangewend tot skriftelike uiting van die vreugde en trots, word dit gesmee tot wapen van die spot en die satire, word dit allengs gevorm tot draer van die strydende gedagte en die skeppende verbeelding.

Die groot verdienste van *Die Afrikaanse Patriot* is dat dit vir die miskende volkstaal 'n pad oopgetrap het deur vooroordeel en teenstand heen na die boerewoning en die volkshart, om die sluimerende nasionale

gevoel daar nugter wakker te roep. Daardie pad, al was dit 'n kronkelspoor, het vir 'n volgende geslag die rigting aangewys na die uiteindelijke bestemming en sy taak soveel makliker gemaak.

6. *Eerste Afrikaanse Spraakkuns (1876)*

By 'n oorsig van die verdere werksaamhede van die G.R.A. moet in die eerste plek genoem word die opstel van 'n spraakkuns. Tot dusver het die enigste leidraad vir die skriftelike gebruik van Afrikaans bestaan uit die sewe spelreëls van Warc Afrikaner, gebaseer op die algemene stelreël: „Ons skryf soos ons praat.” Dit spreek egter vanself dat so 'n algemene stelreël, al het dit teoreties eenvoudig genoeg gelyk, in sy praktiese toepassing tot allerlei inkonsekwensies moes voer, en by geen twee skrywers enerslei resultaat sou vertoon nie. Want al dadelik moes sulke vrae ontstaan het soos: Maar hoe praat ons nou eintlik? Wat is die mees gangbare taalgebruik en mees algemene uitspraak?

Die G.R.A. het dan ook dadelik die behoefte gevoel aan 'n elementêre spraakkuns wat voorligting moes verskaf insake spelling en hoofsaak van die grammatika, met die oog op 'n meer eenvormige skryfwyse. Reeds op die stigtingsvergadering is 'n kommissie benoem wat onverwyld aandag aan die saak moes gee, en op die vierde vergadering (26 Febr. 1876) kon die eerste gedrukte eksemplare voorgelê word. Dit het verskyn onder die titel *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal*; ds. Du

Toit was die hoofsteller van hierdie eerste boekie wat op naam van die G.R.A. uitgegee is.

In die „Klein Woortjie Vooraf” word o.m. opgemerk:

„Di's mar Eerste Beginsels wat ons hier ge; di's nog nie een eintlikke Spraakkuns nie. Né, ons weet te goed dat gen taal, nes een swareweersten, somar kant en klaar uit die hemel val nie. Dit neem lank tyd om een taal goed te kry. Kyk mar Hollans en Engels; wat was dit eers en wat is dit nou? En heeltemal volmaak wort gen taal ooit nie. Want waar is een taal wat nie syn foute en gebreke en onregelmatighede het nie?

Daarom ge ons vereers mar Eerste Beginsels. Di's vër van volmaak af; dit weet ons goed. Want di's mar die eerste perbeerslag. En idereen wat kennis het daarvan weet dat dit gen gemaklikke werk is om die beginsels van een taal op te spoor nie. Mar dit durf ons tog gerus sê: Ons het hierin getoon, dat Afrikaans net so goed een taal is as enige taal van die wêreld. Ily het net so goed syn woorde, syn vorme, syn wette, ens. En ons daag enige vyand uit om te bewys dat dit nie so is nie.

Ons wil vooreers nog nie een Spraakkuns maak nes een jurkie om ver die Afrikaanse taal an te trek nie. Né, die taal groei nog altyd an, en dan is die jurkie net nou te klein en dan knel dit. Ons taal is nou nes een kind wat begin te loop, en nou ge ons die ‚Eerste Beginsels’ ver een leiband om an vas te hou en so goed te leer loop.”

Die werkie is eintlik maar 'n pamfletjie van 30 bladsye, waarin enkele hoofsaake van die Afrikaanse grammatika baie oppervlakkig behandel word. Tweederdes van die inhoud word gewy aan die buigingsleer en die res aan die herkoms van Afrikaans, spelling, sinsleer, leestekens en „om gedigte te maak.” Dit bevat foutiewe bewerings,

b.v. dat 'n taal „bestaan uit *woorde*, en *woorde* uit *letters*,” en dat ons dubbele ontkenning van die Franse vlugteling afkomstig is. Maar oor die algemeen getuig dit van betreklik noukeurige waarneming en taalkundige insig, en dit moes destyds 'n baie welkome hulpmiddel gewees het, want die eerste oplaag van 1000 eksemplare was binne 'n jaar uitverkoop. Dit is in 1882 in groter formaat herdruk, en ds. Du Toit het in 1897 'n uitgebreider uitgaaf daarvan besorg onder die titel *Fergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels*, waarvan 'n herdruk in 1902 verskyn het. In parallel kolomme word die Afrikaanse en Engelse tekste naasmekaar gegee, met kort oefeninge daarby.

Dat die eerste boekie van die G.R.A., behalwe as leidraad vir Afrikaans-skrywers, ook met propagandistiese bedoeling opgestel was, blyk duidelik uit die inhoud sowel as uit 'n gedig wat voorin voorkom onder die titel „Die Afrikaanse Taal,” waarvan die eerste en laaste twee verse lui:

„Gen Hollans, Duits of Frans,
 Gen Engels of Javans,
 Gen Kaffers of Boesmans,
 Al goi jy almal in die skaal,
 Ver ons kan hulle nooit ophaal
 Die ware Afrikaanse Taal.

Ofskoon gen een dit leer,
 Mar ongepermitteer
 Verfoes, verknoei, onteer;
 Ons Moedertaal blyf daarom goed;
 Ons Taal sit in ons murg en bloed,
 En groei nog op in te'enspoed.

En twyfel jy hieran?
 Myn liewe, goeje man,
 Vat jy die boek dan an!
 Ek wed as jy ons spraakkuns leer,
 Dat jy gen taal so hoog sal eer,
 Nou kom, seg: Top! man, en perbeer."

Die chauvinistiese strekking van hierdie rympie (dis uit die pen van ds. S.J.) is kensketsend van die nasionale volksdigting van die Patriottydperk. Verset teen die Engelse tydgees was aanleiding tot sulke oordrewe tendens-uitinge; daar moes gedemonstreer en geremonstreer word; daar moes dikwels oordryf en grootgepraat en lawaaigemaak word om die ingesluimerde volksgevoel uit die Engelse slaaproes wakker te skud. Soos al die ander geskifte, staan ook die letterkundige uitinge, sy dit in versmaat of prosa, in diens van die taalpropaganda, van die nasionale ideaal, van die godsdienstige moraal, van die algemene volksopvoeding. Alleen as sodanig kan en mag hierdie tendens-werk beoordeel word.

7. *Eerste Afrikaanse Geskiedenisboek (1877)*

Soos hiervoor geblyk het, was die plan om 'n Afrikaanse geskiedenisboek saam te stel, reeds ter sprake in die openbare briefwisseling tussen Ware Afrikaner en Klaas Waarzegger, Jr.²³⁾ Voor die stigting van die G.R.A. is dan ook 'n begin gemaak daarmee en verskillende persone, behalwe S. J. du Toit en Hoogenhout, het daaraan meegewerk, maar

²³⁾ Vgl. Hoofstuk III, par. 10.

ds. S.J. het die grootste aandeel gehad. In die eerste jaarverslag van die G.R.A. (19 Aug. 1876) word gemeld dat die boek binnekort verwag kon word:

„Hy het lank weggebly, want die Genootskap het briewe geskrywe na al die oorde van ons land, tot in Vrystaat en Transvaal, om van ooggetuie te vernem hoe alles gebeur is. Dis die oonthoud gewees. Mar nou het ons agter die waarheid gekom oek. Baing duistere sake sal op die manier nou an die lig kom. Mar binnen kort sal hy klaar wees. Daar is nou al anvrage van alle kante. Jammer dat ons, toen dit begin is, mar 500 lat druk het. Ons het toen nog nie gedenk dat die saak so'n vaart sal neem nie. Dit sal nou stellig te min wees.”²⁴⁾

Vroeg in 1877 het die boek verskyn onder die titel, soos deur Ware Afrikaner vroeër aan die hand gegee, *Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk*. Hierdie titel reflekteer nogeens die doelstelling van die G.R.A. Die verwagting van die eerste jaarverslag was nie sonder grond nie, want in die tweede jaarverslag (11 Aug. 1877) word gesê: „Ons Geskiedenis het gevlieg deur die land. Binnen 'n paar maande is die 500 uit die hand . . . Briewe van alle kante kom ons bedank ver die boek.”

Hierdie tweede boek van die G.R.A. was 'n flinke stuk baanbrekerswerk wat in 'n wesenlike behoefte kom voorsien het. Want hier word nou vir die eerste maal die geskiedenis van Suid-Afrika, van die ontdekking van die Kaap af tot 1877, van Afrikaanse

²⁴⁾ S. J. du Toit: „Gesk. v. d. Afr. Taalbeweging,” p. 67.

standpunt belig en deur Afrikaners te boek gestel. Dit lê voor die hand dat die eerste historiese werk van die Genootskap, temeer waar dit oor die vaderlandse geskiedenis handel, 'n sterk propagandistiese en selfs polemiese karakter sou vertoon. Want enersyds moes die Afrikaner se nasionale gevoel opgewek word, deur sy eie volksverlede tot hom te laat spreek in sy moedertaal, maar andersyds moes ook die wanvoorstellings van Engelse kant aangetoon en weerlê word. Hierdie tweeledige opset is ook duidelik in die werk te bespeur, maar terselfdertyd is daar 'n ernstige strewe na historiese waarheid merkbaar.

In die voorrede word o.m. gesê:

„Om dit *geskrewe* te kry het moeite gekos, want daar was gen genoegsame bronne om uit te put nie. Engelse, mar gen Hollanse Geskiedenis van ons land bestaan daar tot nog toe. En dat ons op die Engelse Geskiedenis nie so mar o'eral kan afgaan nie, sal elke leser wel sien voor hy ons boek uitgelees het. En die Hollanse wat daar is, is mar brokstukke

Mar daar is hy nou klaar, die Geskiedenis, so lank angekondig en verwag, an alle kante gevraag. *Weggestuur, verkoop, en gelees* sal hy gou wees, dit weet ons vooraf. En hy het deugde genoeg, by al syn gebreke, om vyande kwaad en vrinde bly te maak.

Gaat dan, papiere kindjie, en vertel an ons Landgenote wat hier al gebeur is van Bartholomeus Diaz hier gekom het, totdat hulle nou begin te praat van die Verenigde State van Suid-Afrika! Vertel die waarheid; bestraf die leugen; en bring die dade en lotgevalle van ons voorouers weer an die lig!”

Dis 'n goed gedokumenteerde werk wat getuig van ernstige bronnestudie en persoonlike navorsing. Dit is populêr geskryf; daar word nie net feite meegedcel nie, maar die skrywers gesels op gemoedlike toon met die lesers en lewer orals persoonlike kommentaar. So begin hulle die geskiedenis van die Voortrek as volg:

„Die uittrek van die Boere is seker een van die vernaamste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Kolonie onder die Engelse. Watter Afrikaner syn hart klop nie onstuimig in syn lyf nie as hy die redes van die uittrek bedenk? Hy is die naam van Afrikaner nie werd nie, wat onder die lees van al die verdrukking en die onreg en die rampe wat die arme Boere gely het kan koel bly.”

As voorbeeld van die aanskoulike verteltrant volg hier 'n fragment uit die beskrywing van die gebeurde by Slagtersnek:

„Deur die haastige manier waarop die galg opgerig is, blyk dit nou dat dit te swak is om die gewig en die doodsworstelinge van die 5 manne te dra. Daar sak die galg met hulle inmaak — onwillig om hulle te dra! Die arm ongelukkige vyf, nadat hulle langsaam weer bygekom is van die halwe verwurging en verstikking, slinger smekend na die offisier toe wat die uitvoering van die vonnis moes bywoon, en bid hom snikkend om genade. Die smeekgebed roer die harte van al hulle bloedverwante en vrinde. Hulle beskou dit dadelik as 'n tussenkoms van die Voorsienigheid, en begin oek hardop om genade te smee.

Mar die wreedaardige kolonel Cuyler het geen oor en geen hart daarvoor. Die galg wort gou-gou weer opgeslaan — die vyf wort weer gepak, en onder geroep en geweën van hulle familie en vrinde moes hulle een ver een die leer opklim en die strop om die hals kry.

Die laaste strale van die ondergaande son val treurig op die vyf sieltogende lyke, wat daar in die lug slinger, tot dat die laaste vonk van lewe uitgegaan is. Treurig, wenend en sugtend, sit hulle vrinde daar rondom die galg, as vasgenagel an die grond. Hulle kan nie weggaan voor hulle die einde gesien het nie.

Daar kom die laksman en sny die stroppe af. Snikkend vraag hulle nabestaande en vrinde om die lyke selwers te mag begrawe. Wreedardig wort hulle oek dit geweier. Onder die galg wort hulle begrawe."

En as bewys van hoe die skrywers dikwels met hul verhaal meeleeft, volg op bostaande beskrywing hierdie kommentaar:

„En terwyl ons onder hulle vrinde 'n o'eblik by hulle graf sit en nadenk, voel ons dat ons hart seg: Ween, Afrikaanders!—Hier lê julle vlees en bloed!—op die wreedaardigste manier gemartel. Verkeerd was dit om teen hulle o'erheid op te staan; mar hulle het dit tog waarlik nie sonder rede gedoen nie! Verkeerd was dit om die wapens op te vat; mar alleen omdat hulle te swak was! Skuldig was hulle, sê die aardse Regter! Mar wat sal die Hemelse Regter eenmaal sê?"

Hierdie sitate is genoegsame aanduiding van die aard van die werk. Geen nugter objektiewe weer-gawe van historiese feite nie, maar 'n warm menslike deelname aan die historiese gebeure, asof dit op die oomblik daar voor hulle afgespeel word. Dis vreemd dat 'n herdruk eers in 1895 verskyn het, hersien en bygewerk tot op datum deur dr. J. D. du Toit (Totius). Dis 'n werk wat die leser vandag nog boei.

8. *Die Afrikaanse Almanak (1877)*

Een van die mees gewilde uitgawes van die G.R.A. was *Die Afrikaanse Almanak, burgerlik en kerkelik*, waarvan die eerste in 1877 verskyn het. In die *Patriot* van 15 Nov. 1876 word aangekondig dat die almanak in die pers is en binnekort verkrygbaar sal wees:

„Dit sal 'n suiwer *Afrikaanse Almanak* wees, ver ons toestand en behoefte. Maansveranderinge, verduisteringe, ens., nes in ander Almanakke. Mar veel meer kry jy daarin. Kyk, die opgawe is nie mar net *kerkelik*, mar ook *burgerlik*, en nie alleen van die Kolonie, maar oek van Vrystaat, Transvaal, Natal en Diamandvelde, en nie van één kerk, mar van alle kerke.

Dan ver elken dag in die jaar is 'n *Drievoudig Snoer*, drie tekste uit die Bybel, 'n gebod, 'n gebed, en 'n belofte. En verder is daar wit papier tussen in om antekeninge te maak. En ver elken maand is 'n gedig juis ver die maand gemaak, na ons toestand.

Verder 'n party Leesstukkies, en daaronder die *Hugenote an die Kaap*, uit die *Patriot*. En 'n korte o'ersig van die geskiedenis van ons land, van die eerste Portugees hier gekom het tot nou toe.

Die Wapen van die Genootskap kom voorop. Dis die eerste boek, waarop dit gedruk wort, ens., ens.

Hou julle klaar! Dis die Almanak wat op elke Afrikaner syn tafel moet lê langes syn Bybel!"

Die almanak het begin met 'n oplaag van 1000 eksemplare wat elke jaar met dieselfde aantal vermeerder het, totdat sedert 1880 jaarliks 5000 eksemplare gedruk en versprei is. Veral vir die plattelandse bevolking was hierdie volksalmanak met

sy groot verskeidenheid van stof 'n ryke bron van nuttige inligting en voorligting.

Die gediggies vir die verskillende maande het 'n didaktiese strekking gehad, soos blyk uit die volgende vir Maart:

„Korter dage, langer nagte
 Moet ons al in Maart verwagte;
 Somer 's byna om.
 So vlieg onse lewensjare,
 Vol van sorges en besware,
 Tot ons Herfstyd kom.
 Almal stap ons na die graf,
 Mense val nes blare af.”

In latere uitgawes word sulke gediggies vervang deur Bybelverse of godsdienstige berymings op die wysies van bekende Psalms en Gesange. Verder het die almanak allerlei wetenswaardige leesstof aangebied. So kom in die eerste jaarnommers vry gereeld stukke van Ware Afrikaner oor die Hugenote voor wat uit die *Patriot* oorgedruk en ten slotte almal saam in die uitgawe van 1881 herdruk word. „Van verskillende kante is daarom gevraag om dit tog alles by mekaar te lat druk in één boekie, en daar het julle dit nou.”

Reeds in die eerste nommer het hy daaraan herinner dat dit in 1888 tweehonderd jaar sal wees sedert die Hugenote hier aangekom het en dat die feit herdenk behoort te word:

„Lat ons dan een gedenkdag hou, en een gedenkteeken oprig tot anderken van ons voorouers. Lat ons vooraf

daartoe bydra. Lat almal wat wil samewerk vooraf hulle name instuur. Dan rig ons 'n grote gedenkstuk op, met die name van al die families daarop en die datum wanneer hulle hier gekom het, en waar hulle eers gaan woon het. Die gedenkteken moet dan kom op 'n plek waar die meeste Hugenote gan woon het. Dit sal dan moet wees an die Perl of an Wamakersvly, of an Franshoek of an Groot Drakenstein, waar hulle eerste kerk gestaan het. Daaro'er kan julle nou denk en skrywe."²⁵⁾

Hierdie oproep is elke jaar herhaal, maar hoewel die plan byval gevind het, is daar niks gedoen om uitvoering daaraan te gee nie. Daarom kom Ware Afrikaner eindelijk in die almanak van 1881, aan die slot van sy reeks artikels oor die Hugenote, met 'n breedvoerig uitgewerkte voorstel voor die dag om in plaas van 'n monument 'n Hugenote-Gedenkskool op te rig, waarin die Afrikaanse taal tot sy reg sou kom en die Bybel 'n ereplek sou inneem. Begin 1882 is met die skool 'n begin gemaak op die plaas Kleinbos in Daljosafat, en sedert 1889 het dit 'n bloeiende inrigting geword, waarin 'n hele aantal seuns wat later vooraanstaande manne sou word, hul voorlopige opleiding geniet het, o.a. Totius, prof. D. F. Malherbe en dr. A. G. Visser.

Die wapen van die G.R.A. wat vir die eerste maal buite op die almanak voorkom, is geteken deur Von Wielligh, in oorleg met ds. S. J. du Toit en

²⁵⁾ In 1939 is eindelijk hierdie ideaal verwesenlik, toe 'n Hugenote-gedenkfees op luisterryke wyse gevier is in Stellenbosch, Franschhoek en die Paarl, en terselfdertyd 'n fonds van £20.000 gestig is vir die oprigting van 'n groot monument op Franschhoek. In 1912 is op Stellenbosch 'n Hugenotepaneel in marmar ter waarde van £1000 opgerig.

Hoogenhout. Dit vertoon in die middel 'n kruis, anker en hart as simbole van geloof, hoop en liefde, met die Bybel as sentrale motief; weerskante wapper twee vlae met die name van die huidige vier provinsies van die Unie van S.A. daarop; op die gedenkrol onderaan staan: „Die Genootskap van Regte Afrikaners, opgerig 14 Aug. 1875,” en heel boaan in groot letters: „Verenigde Suid-Afrika” — die groot ideaal van die Genootskappers — en daaronder die leuse: „Ver Moedertaal en Vaderland”; die geheel word omsluit deur 'n rank met druiwetrosse en 'n stoel met koringare, aan die binnekant waarvan voorkom die koppe van 'n perd, skaap, volstruis en bees, voorstellende landbou en veeteelt; heel onder word die druiwerank en koringstoel vasgeheg deur 'n diamant. Die wapen as geheel bevat dus 'n simboliese weergawe van die doel van die G.R.A. — „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land.”

9. *Afrikaanse Kinderboekies (1878)*

Dis 'n feit van betekenis dat die eerste boekie wat in Afrikaans die lig gesien het, nadat Pannevis en veral Hoogenhout vir die volkstaal begin propaganda maak het,²⁶⁾ vir kinders geskryf was, nl. *Die Geskiedenis van Josef (1873)*. Daarmee het Hoogenhout in die eerste plek 'n godsdienstige, maar tegelyk ook 'n nasionaal-pedagogiese doel beoog, soos o.m. blyk uit sy „Besluit”:

²⁶⁾ Vgl. Hoofstuk III, par. 8.

„Myn kinders mot nou nie alleen seh nie die geskiedenis van Josef was regte mooi en ons het hem soo goed kan verstaan, omdat hy in onse eige taal geskrywe is nie, maar julle mot ook net sulke goeje mense worde as Josef. Julle mot ook vergeve as een ander voor julle kwaad gedoen het. Dan mot julle ook op God vertrouw soo as Josef gedaan het, hoe dat dit ook met julle in die wereld gaan

Julle mot ook aan julle ander vrinde wat nie weet dat daar soo'n boekie in die Afirkaanse taal geskrywe is nie daarvan vertel, soo dat hulle ook dic storie van Josef in hulle eige taal kan lees.”²⁷⁾

Die Afrikanerkind moes in Josef nie alleen 'n navolgenswaardige voorbeeld sien nie; hy moes ook met die skrifbeeld van sy eie moedertaal vertrouwd raak en die deugdelikheid daarvan as skryftaal leer ken. En dat hierdie verhaal inderdaad aan sy doel beantwoord het, blyk uit die volgende getuienis van dr. N. M. Hoogenhout (seun van die skrywer), veertig jaar later:

„As kind was dit van die eerste lektuur, wat ik gehad het, en ik het so dikwels gehuil van droefheid en medelijde met Josef onder in die put, en van pure blydskap waar Josef hom bekend stel aan sij broers in Egypte, dat die boekie bij mij tenminste altijd die onaanvegbare posiesie van 'n trouwe vriend en ou-bekende sal inneem.”²⁸⁾

Dit verwonder ons dus nie dat die G.R.A. van die aanvang af ook aan die kind gedink het en in sy werkprogram die uitgawe van „skoolboekies” in die

²⁷⁾ P.V. 2, p. 101.

²⁸⁾ *Die Brandwag*, 1 Okt. 1910, p. 274.

vooruitsig gestel het nie. Daarby het hulle die oog gehad nie op die staatskole nie, waar Engels in die sewentiger jare nog alleenheerskappy gevoer het, maar op die menigte plaaskinders wat weinig of geen skoolopleiding kon geniet nie.

Die eerste skoolboekie is opgestel deur cerw. J. W. v. d. Rijst, lid van die Genootskap, en nadat dit deur 'n kommissie nagesien was, in 1878 uitgegee onder die titel *Spel- en Leesboek ver Afrikaanse Kinders, deur Oom Willem*. Dit was so opgestel dat die kind sonder veel hulp sou kon leer lees.

Die verskyning van hierdie boekie het weer groot opskudding verwek. Die uitwerking daarvan word deur G. R. von Wielligh as volg beskryf:

„Maar wat eintlik die stok in die bijnes van die vijandelike kamp gestee het, wat hulle laat rumoer het, was toen die Genootskap 'n *Spel- en Leesboek* uitgegee het. Toen moet jij hulle hoor blaas en spuug soos katte, want daardie ding sal die Afrikaanse taal te veel vorentoe help.”²⁹⁾

Hierdie kwaai begroeting van teenstanders sal ongetwyfeld daartoe bygedra het dat die oplaag van 1000 eksemplare binne twee maande uitverkoop was; in 1884 het 'n herdruk gevolg. Die optimistiese toekomsteloof van die Genootskappers blyk nogeens uit ds. S. J. du Toit se antwoord op die beswaar dat so 'n boekie tog nie veel sal uitrig nie, omdat Afrikaans nog geen plek op die skool het nie:

²⁹⁾ *Die Brandwag*, 1 Aug. 1912, p. 141.

„Duisende van onse kinders in die buiteland kom nooit op 'n skool nie. Die meeste veraf wonende Boere neem mar ver 'n tyd 'n skoolmeester in die huis, en weldra sal hulle dit uitvinde dat hulle kinders in Afrikaanse boekies in 'n maand meer leer as in 'n jaar in Hollandse of Engelse boeke. En dis juis die veragterde deel van onse bevolking, waarvoor Staat en Kerk nie sorg nie, wat ons wil ophelp. En dan hoop ons dat die dag nie meer veraf is nie waarop Afrikaans sal erkend wees op onse lagere of derde klas skole.”³⁰⁾

In 1879 verskyn uit die pen van Hoogenhout 'n tweede kinderboekie onder die titel *Eerste Afrikaanse Printjies Boeki vir Soet Kinders, deur Oom Jan wat Versies maak*, met 'n oplaag van 1500 eksemplare. Dit was bedoel vir kinders wat reeds kon lees. Hier sien ons weer die vaderlike vriend en raadgewer van kinders, soos hy hom reeds in sy Josef-geskiedenis openbaar het. Allerlei prentjies in die boekie word deur hom verklaar en dikwels 'n sedelesie daaraan vasgeknoop. So is daar 'n reeks waarin die kinders gewaarsku word teen „Skadelike Dinge” en 'n ander reeks waarin hulle aangespoor word tot „Nuttige Dinge.”

Die boekie bevat veel meer as wat die titel laat vermoed. Hoofsaak is nie die afbeeldings nie, maar wat Oom Jan alles daaraan vasknoop. Op ewe ongesogte as doeltreffende wyse word hier deur beeld en woord goeie sedes in die kindergemoed ingeprent; die volkseie word aangeprys en die volksvreemde

³⁰⁾ „Gesk. v. d. Afr. Taalbeweging,” p. 75.

afgewys; al geselsende word propaganda gemaak vir eie land, volk en taal. By die afbeelding van 'n lokomotief, byvoorbeeld, kry die kinders 'n sprekende verklaring van die skuilnaam van die *Patriot*-redakteur: „Dis di vuurwa, kinders! Dis hy, wat die hele trein trek. Hulle noem hom *Lokomotief*. En daarom het hulle di man, wat vóór trek ver ons Nasi, ons Taal en ons Land oek die naam gegé van *Lokomotief*. Hiy loop mos voor en trek almal agter hom an.”

By die afbeelding van 'n olifant wat met kapstewels aan voortstorm, slurp en stert in die lug, terwyl 'n wimpel oor hom wapper met die woord „beskawing” daarop, word opgemerk: „Net so lelik as di olifant lyk met syn kapstewels, net so lelik is di valse beskawing van teenswoordig. Net so bespottelik is 'n Afrikaner wat syn landsaard en taal en sede wil verwerp om 'n Engelsman of 'n Hollander te wees.”

Allerlei sosiale euwels word ter sprake gebring om die kinders daarteen te waarsku, terwyl opbouende lewenswaardes beklemtoon word. Verder word verskillende gediggies met 'n stigtelike of nasionale strekking uit die *Patriot* en die *Almanak* hier weer herdruk. In sy inleiding tot die tweede en vermeerderde uitgawe (1885) merk hy op:

„Daar moet glo regte baing soet kinders in ons land wees; want di eerste uitgawe van Oom Jan syn Prente Boeki vir Soet Kinders was een, twee, dri uitverkog. Deur baing ander werk kon di uitgewers dit ni dadelik weer herdruk ni.”

Hoogenhout het met hierdie kinderboekie ongetwyfeld kostelike opvoedingswerk in Christelike nasionale gees verrig.

10. *Eerste Versameling Afrikaanse Gedigte (1878)*

Daar is reeds op gewys hoedat die leuse „skryf soos jy praat” gekom het soos 'n bevrydingskreet om die Afrikaanse penne in beweging te bring, met die gevolg dat die oplewende nasionale gevoel, nog verder aangewakker deur die wederregtelike anneksasie van die Transvaal in 1877, uiting gevind het in 'n tot dusver ongekende rymlus om die eie moedertaal en vaderland in versmaat te verheerlik. Sodanig was die omvang van hierdie versproduksie dat in 1878 'n bloemlesing uit die *Patriot* en die *Almanak* saamgestel en uitgegee kon word onder die titel *Eerste Versameling Afrikaanse Gedigte*. In die voorrede lees ons:

„Die eerste voortbrengsels in alle tale was gedigte. Soos die gees van 'n nasie ontwaak ver syn taal, dan druk die gevoel sig uit in digmaat. Die oudste geskifte in alle tale is dan oek meestal poësie.

Net so is dit hier oek. Die eerste antwoord op die Oproeping van ons Genootskap an alle regte Afrikaners om te staan ver hulle Moedertaal en Vaderland, was 'n stroom van gedigte, gerig an *Oom Lokomotief*, die onbekende Redakteur van *Die Afrikaanse Patriot*. Die *Patriot* was dan oek altyd voorsien van 'n ryke voorraad gedigte en lietijs; en toen ons besluit, op die dringende begeerte van so veule voorstanders deur die hele land, om 'n eerste versameling van die gedigte uit te ge, was dit nie moeilik om genoeg te kry nie, mar om uit die grote voorraad 'n keuse te doen.”

'n Mens moet wel glimlag om die oordrewe lof wat sekere van die rymprestasies toegeswaai word. In die voorrede word verder opgemerk: „Ons is nog mar in die begin, en dus ver van die volmaaktheid.” Maar direk daarop word vir *Die Afrikaanse Volkslied* 'n status opgeëis, gelykstaande met dié van ander nasies. „En waarom sou *Helena* en *Eduard* nie 'n plaas kan hê naas ballades in andere tale nie? Wat kan 'n mens meer verwag van snaakse geestige gedigte as byv. *Moeilikheid om Liedjies te maak op 'n Boereplaas*? Laat imand perbeer om 'n beter gedig met 'n sedelike strekking te maak as *Jan Bantjies*.”

In die lig van toenmalige omstandighede kan dit egter as vergeeflike selfoorskating aangemerkt word; die skriftelike uiting van nasionale geesdrif in eie taal was op sigself al so 'n mooi verskynsel dat die letterkundige betekenis daarvan begryplikerwys te hoog aangeslaan sou word.

Op hierdie eerste het in die loop van die volgende jare nog sewe dergelike „Versamelings” verskyn, waaruit ten slotte in 1906 'n gesamentlike bloemlesing opgestel en uitgegee is onder die titel *Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld uit wat in di laaste 30 jaar ferskyn is, 1876-1906*.

In hierdie reeks „Versamelings,” waarvan die sewende en laaste in 1901 verskyn het, is duidelik waar te neem hoe die nasionale geesdrif in stygende lyn geleidelik toeneem, om sy hoogtepunt te bereik tydens die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog en die

gunstige afloop daarvan vir die Boeresak. Hierdie gebeurtenisse word treffend weerspieël in die derde versameling van 1882.

Maar dan volg 'n geleidelike daling; die nasionale geesdrif verslap om gaandeweg plek te maak vir soetsappige huislikheid, moraliserende godsdienstigheid en banale platvloersheid, totdat die Patriot-beweging ten slotte óndergaan as gevolg van die politieke omswaai omstreeks 1890 van die man wat die groot beweegkrag daarvan uitgemaak het, soos hierna verder sal blyk.

11. *Prysvrae* (1879)

In sy werkprogram het die G.R.A. ook prysvrae in die vooruitsig gestel, maar eers in die *Patriot* van 7 Junie 1878 word die eerste prysvraag aangekondig oor die onderwerp: „'n Oorspronklike Afrikaanse Geskiedenis, waarin onse huislike lewe, sedes en gewoontes, karakter en nasionaliteit, verlede en toekoms, taal en reg teeno'er vreemde indringers, ten volle gahandhaaf wort. So 'n Geskiedenis moet minstens 25 tot 50 bladsye beslaan van 'n boekie so groot as ons Almanak.”

Met „Geskiedenis” word hier bedoel 'n verhaal, waarvoor twee pryse toegeken sou word — £10 vir die beste en £5 vir die tweede beste; voor 1 Nov. 1878 moes insendings die *Patriot*-kantoor bereik.

Dit was weer Hoogenhout wat na aanleiding daarvan die eerste Afrikaanse novelle geskryf het, nl.

Catharina, die dogter van die Advokaat. Dit het in die laaste nommers van die *Patriot* van 1878 en die eerste van 1879 stuksgewys as bekroonde prysvraag verskyn onder Hoogenhout se ou skuilnaam, Klaas Waarzegger, Jr., en is daarna in boekvorm uitgegee.³¹⁾ In sy „Woordjie Vooraf” skryf hy o.m.:

„An myn waarde en seer geagte neef Lokomotief.

Ou Neef! Van tyd tot tyd het jy gevraag: ‚Waar is Klaas tog? Waarom laat hy syn stof nie sien nie?’ Hier is ik! Toen jy ‚n Pryspraak uitgeskrywe het, het ik so maar die plan gemaak om te perbeer of ik nog kan skrywe.

‚So, seg jy dalk, ‚neef Klaas wil *geld* verdien, hy wil *betaling* hê.’

Ne, foei, ou neef! dis nie myn bedoeling nie! Om jou te o’ertuige dat ik nie om jou £5 of £10 geskrywe het nie, maak ik jou bekend, as jy myn storie ‚n prys mog toeken, dat ik dit dan persent maak an die Afrikaanse saak.”

Dat dit Hoogenhout hier inderdaad te doen was om „die Afrikaanse saak” te help bevorder, blyk baie duidelik uit die verhaal self. Dis ‚n propagandageskrif van begin tot end, waarin die verengelste Afrikaner (advokaat X van Kaapstad) nie net veragtelik voorgestel word nie, maar ook tot ‚n vernederende val kom, terwyl die rasegte Afrikaner (oom Jan M van Welgelegen) op sy spogplaas as voorbeeldige modelmens geskilder word. Ook die verengelste predikante laat die skrywer kwaai deurloop, en hy skroom selfs nie om enkele bekende name uit daardie tyd te noem nie.

³¹⁾ Opnuut uitgegee deur die Patriotvereniging, met inleiding deur P. J. Nienaber; P.V. 2, 1940.

Dis egter opvallend dat die jongmense meer genade vind in sy oë. Die dogter van die advokaat heet in haar eie huis Kate, maar as sy op Welgelegen by haar skoolvriendin Lenie kom kuier, is sy Catharina. Sy voel hier ook meer tuis as by haar ouers, want haar ryk tant Kaatjie het haar laat leer en na 'n skool gestuur waar 'n Afrikaanse gees heers, en sy trou dan ook na veel wederwaardighede met oom Jan M se pronkseun David.

So is ook die kweekskoolstudent George 'n warme Afrikaner, hoewel sy vader, ds. A, so rooi is dat hy die stuipe wil kry vir „die ellendige *Patriot* 'n saak van die duiwel wat trag om te verhinder dat die alleen saligmakende Engelse taal verder vortgang moet maak.” Maar ten slotte sal George, so gou as hy proponent is, weer met oom Jan se spogdogter Lenie trou, al het sy vader liewer gesien „dat sy seun 'n vrouw in Skotland gaat haal het.” So kom alles dan op die ou end reg met die tradisionele „happy-ever-after”-slot.

Volgens dr. N. M. Hoogenhout is dit geen denkebeeldige verhaal nie. „Dit is jammer dat daar nog altijd geen name mag genoem word nie, anders sou 'n mens die saak sonder dockies om te draai kon uitleg en die persone kon aanwys op wie maar al te duidelik gesinspeel word.”³²⁾

Hierdie eerste Afrikaanse novelle is letterkundig van weinig betekenis, omdat die tendens te dik opgesmeer word, die skrywer se verhaaltegniek uiters

³²⁾ *Die Brandwag*, 1 Nov. 1910, p. 334.

swak is, en sy taal dikwels onbeholpe. Maar as kultuur-historiese dokument is dit van groot waarde, omdat dit nie net 'n helder lig laat val op die taalstrewende en nasionale ideale van die Patriotmanne nie, maar ons ook 'n vry volledige beeld te sien gee van die verengelste toestande op kerklike en maatskaplike gebied in die sewentiger jare.

12. *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* (1880)

Een van die belangrikste werke uit die Patriottydperk is die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vrind en vyand*, uit publieke en private bronne bewerk deur 'n Lid van die *Genootskap van Regte Afrikaners*. Dit is opgestel deur ds. S. J. du Toit, het sedert 4 April 1879 in afleverings in die *Patriot* verskyn, en is in 1880 in boekvorm uitgegee. In sy voorrede sê die skrywer o.m.:

„Herhaaldelik en van verskillende kante is ons gevraag om tog 'n kort verhaal te ge van die geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging van die begin af, met al die stukke daarby. Die versoek is billik, want in die begin was ons getal voorstanders mar min, 'n groot deel word nou eers bekend met die saak, en die wil graag weet hoe die hele beloop was. En selfs die wat van die begin af hulle andag daaraan gewy het, wil tog oek graag alles weer in geregelde volgorde lees, want dit gaat mar met koerante so, 'n mens lees dit en dan verslinger dit weer.

Daarom het ons besluit om aan die versoek te voldoen. Mar maklik is dit nie. Vereers al om al die oue koerante van so veel jare nou weer deur te gaan, om alles daaruit

te snuffel, is gen kleinigheid nie. Mar dan nog om die stof te bewerk, is nog moeiliker. Vereers kan jy nie mar alles opneem nie, dan kom dit te uitvoerig; nou moet jy eers die nodigste uitsoek. Verder moet jy onpartydig wees, en vrend en vyand lat reg wedervaar."

Die skrywer behandel agtereenvolgens enkele voorlopers van die Afrikaanse Taalbeweging, die aanleiding tot die stigting van die G.R.A., sy werksaamhede en uitgawes tot op datum, die opposisie teen en vooruitgang van die beweging, die politieke invloed van die *Patriot* en die vraag van 'n Afrikaanse Bybelvertaling.

Heelwat bronnemateriaal word hier herdruk, soos die *Zesde Gesprek tusse Oom Jan Vasvat en Neef Daantje Loslaat*, die eerste artikels van Ware Afrikaner oor *De Afrikaansche Taal*, die eerste openbare briefwisseling tussen hom en Klaas Waarzegger, Jr., die voorlesing van dr. Brill oor *De Landstaal*, die korrespondensie na aanleiding van Pannevis se brief oor 'n Afrikaanse Bybel, die manifes van die G.R.A., die voorlesing van hoofregter J. H. de Villiers oor die toekomstige taal van Suid-Afrika en hoofregter F. W. Reitz se weerlegging van Wirgman se bewering dat Afrikaans 'n „barbaarse patois" sou wees, by watter stukke telkens kommentaar gelewer word.

Hoewel die opset van hierdie werk histories van aard was, soos die titel ook te kenne gee, dra dit 'n sterk propagandistiese en selfs polemiese karakter. Die prestasies van die G.R.A. word geroem. „Baing grote en sterke vereniginge het nie uitgevoer wat die

swakke, gehate, en by vele veragte klompie mense gedaan het nie." En die Spraakkuns het die bewys gelewer, sê die skrywer, „dat die Genootskap lede en medewerkers het wat in taalkennis ver niemand in Afrika hoef agter te staan nie Gen enkele teenstander het dit dan oek gewaag om die boekie an te val of te weerleg nie, hoewel hulle daartoe uitgenodig was en die Genootskap 'n eksemplaar na alle koerante en leeskamers in ons land gestuur het Die geheel is 'n model van korthed en daarby volledighcid, eenvoudigheid gepaard met duidelikheid."

So word ook die rymprestasies van die Genootskappers hoog aangeslaan.³³⁾ Telkens word argumente van teenstanders weerlê, en veral word munt geslaan uit hoofregter De Villiers se lesing, waarby die geleerde „Juts" selfs „voor die regbank van die publiek" moet verskyn. „Kom nou hier, ons roep jou op, Milord! Vertel ons deur welke middels sal julle die landstaal uitroei, en Engels invoer?"

Aan die slot van die verhoor lees ons: „Dankie, Milord! Genoeg ver die slag. Jy kan nou mar gaan. Jy was dom genoeg om jou party te verklap. Gaan mar! Ons weet nou wat ons moet doen."

Met groot ingenomenheid word verder 'n verslag uit die *Patriot* aangehaal van 'n publieke vergadering op Montagu, waar veertien punte aangevoer was om die „Juts" se bewerings te weerlê. Aan die slot van die verslag word triomfantelik uitgeroep:

³³⁾ Vgl. hiervoor, par 10.

„Waar is die man om die 14 punte om ver te goi? Juts de Villiers kan gerus weer 'n predikasie hou in die Kaap om die punte te weerleg, as hy kan. Hy wou die Afrikaanse taal weggoi en Engels landstaal maak, sonder één gegronde rede; hier het hy nou 14 gegronde redes waarom Afrikaans landstaal moet wees. Lat hy die nou weerleg! Ons wag op syn antwoord.”

Spreekende van die teenstand wat die beweging moes ondervind, verklaar die skrywer dat dit hom te doen was om aan te toon:

„ . . . hoe pen en mond Afrikaans bestry het; hoe lis en geweld die beoefening van ons landstaal wou teenstaan; hoe hoogmoed en vooroordeel daarteen opgewek is; hoe koerante en tydskrifte as wapens gebruik werd; hoe veragting en smaad by beurte ter hand geneem werd; hoe predikant en skoolmeester, Engelsman en Hollander, ja eie landslui die oorlog verklaar het teen die arme pas gebore kindjie. Mar dit het nix gebaad . . .

In plaas van kwaad, het die teenstand an die saak onberekenbaar veel goed gedoen. Daar was net teenstand genoeg om die krag en geesdrif van die voorstanders altoos an te wakker, en om die belangstelling van buitelanders gaande te hou. Was daar geen teenstand, dan was die saak vandag stellig nie so vër as dit nou is nie.”

Daar moet egter een ernstige beswaar teen hierdie werk ingebring word, en dit is dat die skrywer sy eie aandeel in die beweging opvallend op die voorgrond stel en nie altyd reg laat geskied aan sy medestanders nie. Blykens sy voorrede wou hy „onpartydig wees en vriend en vyand lat reg wederveraar.” Dit het egter nie orals gebeur nie. Pannevis se betekenis en veral Hoogenhout se groot aandeel word nie na waarde

geskat nie, sodat die lig des te sterker op Ware Afrikaner moet val. Die anonieme skrywer klop homself feitlik op die skouer as „die man wat eintlik as advokaat opgetre het ver die regte van die Afrikaanse taal as skryftaal en volkstaal In suiwer Hollans het hy ver die Hollans lesend publiek die regte van syn moedertaal bepleit met tot nog toe onweerlegde en ons durf sê onweerlegbare bewyse.”

Daarteenoor maak hy die verkleinerende sowel as onjuiste opmerking dat Klaas Waarzegger, Jr., se bekende „Gesprekke” geskryf was „meer ver die grap” as iets anders. So word ook die belangrike aanvoerwerk van Hoogenhout insake ’n Afrikaanse Bybel³⁴⁾ maar heel terloops vermeld as „naamlose korrespondensie” wat nie van veel betekenis was nie, terwyl sy Josef-boekie niks meer as „voorbereiding” heet nie. Maar toe Ware Afrikaner op die toneel kom, het die saak ’n ander aansien gekry. „Hier werd die saak erns; hier gaat die voorbereiding as van self o’er in dadelike werksaamheid.”

Niemand sal iets wil afding op die groot verdienstes van ds. S. J. du Toit nie, maar dit staan eweneens vas dat daar geen ernstiger, meer doelbewuste en meer toegewyde strewer onder die Genootskappers was as Hoogenhout nie, en dat hy ’n jaar voor Ware Afrikaner reeds in die veld was as propagandis, skrywer en Skrifvertaler.

Du Toit se voorstelling van sake is dus nie vry te pleit van ’n sekere mate van selfverheerliking ten

³⁴⁾ Vgl. Hoofstuk III, 8.

koste van sy medestanders nie, al was hy ook die „reusefiguur” onder hulle. Ook is sy feite nie altyd ewe korrek nie, want hy praat meermale van twaalf persone op die stigtingsvergadering van die G.R.A., terwyl die notule slegs die bekende agt name vermeld.³⁵⁾ Nietemin bly hierdie werk 'n waardevolle bron van inligting insake die vroegste geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging.

Byna dertig jaar later (1909) het eers 'n tweede druk gevolg, aangevul deur 'n artikel uit die *Patriot* van 1895 oor „Ons werk en syn vrugte” en 'n lys van boeke wat deur die Patriotdrukkery uitgegee was gedurende die twintig jaar sedert die stigting van die G.R.A. Hierdie late herdruk, en veral die aanvullings, moes blykbaar dien om die leiers van die naoorlogse beweging (wat, soos later sal blyk, afsydig gestaan het teenoor ds. S. J. du Toit as gevolg van sy politieke omswaai) te herinner aan wat deur die Patriottbeweging tot stand gebring was.

13. *Afrikaans ons Volkstaal* (1891)

Nog 'n hoogs belangrike werk uit die Patriottydperk is *Afrikaans ons Volkstaal* — 71 *Theses of Stellinge, neergeleg en verklaar deur S. J. du Toit*. Op die eerste groot taalkongres in ons geskiedenis, gehou in Kaapstad op 31 Okt.—1 Nov. 1890, waar die bekende en nog bestaande S.A. Taalbond tot

³⁵⁾ Volgens Von Wielligh was die getal 12 'n onbewuste vereenselwiging met „die twaalf vissers van Galilea” wat uitverkore was om 'n nuwe godsdiens aan die wêreld te bring. („Baanbrekerswerk,” p. 19.)

stand gekom het, is hierdie Stellinge namens die opsteller voorgedra. Maar sy oortuigende pleidooi het daar geen gehoor gevind nie. Want die Taalbondmanne, al was hul doel ook die „bevordering van de kennis der volkstaal en aankweeking van een ontwikkelde nationaliteitsgevoel,” het destyds en nog lank daarna *Hollands* as „die volkstaal” van die Afrikaner beskou, terwyl ds. Du Toit daaronder verstaan het *Afrikaans*. Hy was hier dus aan die verkeerde adres; daarom het hy later die 71 Stellinge gemotiveer en toegelig en in 1891 in boekvorm laat verskyn onder bogenoemde titel.

Hierdie werk bevat ongetwyfeld een van die kragtigste pleidooie wat destyds ten gunste van Afrikaans gelewer is. Daarby getuig dit nie net van die skrywer se belesenheid en wetenskaplike insig in algemene taalverskynsels nie, maar weerspieël nogeens baie duidelik die taalstrewende en nasionale ideale van die Patriotmanne. Hy bepleit die bestaansreg van Afrikaans agtereenvolgens as *Taal*, *Moedertaal*, *Landstaal*, *Volkstaal*, *Skryftaal*, *Bybeltaal*, *Skooltaal* en *Kerktaal*. Die volgende voorbeelde kan dien om die aard van die stellinge te illustreer (in die spelling soos later gevolg):

- ..1. 'n Taal is 'n *organise*, ni 'n *meganise* ding ni; iits wat *gebore*, mar ni *gemaak* word ni; iits wat altyd *groe*i, en nooit *kant-en-klaar* is ni.”
- ..3. Dus kan di Taal ni *meer* of *minder* ontwikkel wees as di volk wat dit praat ni; en kan dus by di ontwikkeling van 'n nasi ni agterbly ni, mar oek

ni vooruit wees ni; hulle bly altyd gelyk.”
(President Reitz.)

- „5. Di Taal self is di hoogste wetgewer. Dus kan jy gen taalreels an 'n Taal voorskrywe ni, jy moet dit an di Taal ontleen. Di Skryftaal moet di Spreektaal volg, ni omgekeer ni.”
- „17. Tereg spreek ons van *Moedertaal* en *Vaderland*: di land is deur di vaders verwerf tot 'n erfdeel ver hulle seuns, mar di taal word deur di moeders an di kinders geleer en so in stand gehou.”
- „19. Di Engelse Meisiis-skole in ons land is di listigste en gevaarlikste anslag teen ons Moedertaal; dit verdring ons taal in di huisgesinne en vergiftig di fontein van ons nasionaliteit.”
- „21. Daar is mar een Moedertaal — di taal van di hart — waarin 'n kind die eerste indrukke ontvang.”
- „29. Di Taal is di Volk en di Volk is di Taal. Waar 'n *volk*, 'n *nasionaliteit* is, daar sal 'n *taal* wees. Taal en letterkunde hang onverbreklik same met nasionaliteit.” (Dr. Brill.)
- „35. Engels en Hollans het dan oek albei 'n bepaalde vyandige houding angeneem teen Afrikaans, en di jonge taal moes stry teen di twee gevestigde magte.” (Dr. Brill.)
- „36. Dis egter puur verniit om Hollans in Suid Afrika te wil herstel. Alle pogings daartoe was nog 'n mislukking.” (Dr. Changuion.)
- „43. Afrikaans het meer geskikheid daartoe, en oek meer lewenskrag tecno'er Engels hiir in Afrika as Hollans.” (Hoofregter Reitz.)
- „44. Afrikaans het sig dan oek nooit vyandig getoon teen Hollans ni, mar alle pogings tot behoud van Hollans teeno'er Engels ondersteun, in di o'ertuiging dat Hollans hiir tog di erfdeel is van Afrikaans.”

- „46. Hoe eerder Afrikaans as offisiële taal erkend word — waar Hollans dit nou nog is, en waar Engels te vèr di oppergesag angeneem het — hoe voordeliger ver di ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse nasionaliteit.”
- „48. 'n Taal is voertuig ver gedagte-wisseling wedersyds; om te *praat* sowel as om te *hoor*, om te *skrywe* sowel as om te *lees*.”
- „54. Deur Afrikaans te beoefen as skryftaal, goi ons di Hollanse letterkunde ni weg ni; di Afrikaner wat goed syn eie taal kan lees en skrywe, sal met meer vrug Hollans lees as di wat dit ni kan ni. Sodra ons 'n eie letterkunde het, waarin sig ons nasionale bewussyn afspigel, toon ons 'n nasionale ontwikkeling kragtig genoeg ver 'n eie beskawing. Mar solank as ons by Holland ter mark moet gaan ver geestesprodukte en alles daar moet gaan leen, praat ons vernit van 'n eie nasionaliteit.” (Dr. Brill.)
- „61. 'n Vreemde taal as skooltaal in te voer is gees-dodend, maak di kinders tot ape, leer hulle net om na te praat, soos papegaaië, sonder te verstaan wat hulle geleer het.”
- „64. Ons meeste kinders het so min tyd om skool te gaan, dat hulle net genoeg van Hollans en Engels leer om dit weer te vergeet, sodat hulle eientlik niks ken ni, terwyl as hulle di tyd in hulle moedertaal onderwys ontvang het, hulle heel wat nuttige kennis kon opgedaan hê ver hulle latere lewe.”
- „67. Di kanseltaal is hiir nog enkel Hollans in *vorm*, mar Afrikaans in *gees*, so vèr as dit doel tref.”
- „69. By kinderpreke moet ons predikante tog Afrikaans gebruik, om di harte van di jeug te raak.”

By die motivering van sy stelling put die skrywer ryklik uit die werke van taalgeleerdes soos Whitney, Max Müller, Roorda, Changuion, e.a. om sy eie mening te staaf. Ook die lesing van Brill en die verweer van Reitz verskaf heelwat materiaal. Hier volg enkele grepe uit sy motivering van 'n paar stellinge:

„'n Taal is ni soos 'n stoel of 'n tafel wat jy eenkeer kan klaar maak, soos jy dit wil hê, en wat dan net so bly ni. Né, 'n taal is nes 'n boom wat groei, en eers takke, en dan weer takke, en altyd meer takke gé. As 'n boom ni meer groei ni, is hy dood. So oek met di tale. Latyn is 'n doje taal, daarom bly dit net soos dit is. Mar Hollans en Engels is lewendige tale, en daarom groei en verander hulle nog al dag. Vergelyk mar Hollans en Engels van 200 of 300 jare gelede met di van vandag, en kyk dan! Daarom word 'n taal oek nooit kant-en-klaar ni. So lank as daar mense is wat so'n taal praat, ontwikkel en groei di taal nog altyd” (Stelling 1).

*

*

*

„Gen ondersteuning ni, mar teenstand moes di jonge Afrikaanse taalbeweging ondervinde van voorstanders van Hollans sowel as van Engels. Di Engelse was toen *Hollans* ni so vyandig ni. Di oue boom kon mar bly staan in di tuin. Hy sterf tog lanksaam weg. Te veul ruimte beslaat hy ni. En te lank sal dit tog oek ni meer duur ni. Laat hy mar nog di paar jaartjiis staan!—Mar daardi jonge boomp! Hy is nog mar klein ja, mar kyk hoe kragtig groei hy! Né, hy moet uit! Dit sal ni gaan ni. Net nou neem hy di hele tuin in. Slyp di byl; bring di graaf en di pik!

En di Afrikaanse boomp groei intussen langs di oue Hollanse stam op, en slaat sy arme vriendelik daarom heen

(Stelling 41), want hy voel solank as hy nog swak is, het hy di steun nodig. Di dikke wortels van di oue boom beskerm syn jonge wortels teen di Engelse byl; di stywe tak beskut syn jonge lote teen storme, en di oue boom sterf tog lanksaam weg, en net so vinnig neem hy di plek in. En di oue eikeboom in plaas van trots te wees op syn eie kind, wat so kragtig uit syn wortels opspruit en beloof eenmaal syn plek so wêrdig in te neem, stoot regtig syn eie kind af en seg: Né, weg! Jy trek net party van myn sap en vettigheid weg! Dis myn plek; ek wil hiir bly staan!

En tog groei di boomp op. Gen byl of pik doet hom skade ni. En an di ander kant, di oue boom sterf mar gedurig weg. Syn beskermers spit om hom, en goi mis, en lei water. Mar intussen trek di jonge boomp al di voordeel daarvan" (Stelling 35).

*

*

*

„Teeno'er Engels seg ons reguit: Hiir is twé tale in di land. Ons erken julle. Mar julle moet ons net so goed erken.

En teeno'er Hollans seg ons openlik: Teeno'er Engels staan en werk ons same; nou werk ons nog mé om di vorm van Hollans onse gesamenlike taal in di publike lewe en staatsbestuur erkend te kry. Mar daar sal ons ni altyd mé tevrede wees ni. Di dag sal kom, dat Afrikaans as Volkstaal sal moet erken worde; en sodra ons kans siin daartoe, sal ons dit eis oek. En dan hoop ons dat julle weer net so broederlik met ons sal samewerk teeno'er Engels" (Stelling 43).

*

*

*

„Ni om daarmé te koop te loop ni, mar tot 'n getuigenis, moet ons hiir onse werke van ons laat getuig. Ni samewerking ni, mar teenwerking het ons tot nog toe gehad van di voorstanders van Hollans in algemeen; ja, meer, was dit mar teenwerking, mar smaad, en hoon, en verguising.

En tog het dit ons nooit van ons standpunt kon afbring ni. Tog het di voorstanders van Afrikaans meer gedaan ver Hollans in Suid Afrika as di voorstanders van Hollans self. Di hardste pleitredes teen di oorheersing van Engels oer Hollans is van onse party uitgegaan. Van di *Patriot* is uitgegaan di Petisiis ver Hollans in di Parlement, op di Skole, in di Geregshowe, in Publike Kantore, by Spoorweg Stasi en Telegraaf Kantoor. Eers later is di voorstanders van Hollans by gekom.

Mar daarby het ons dit ni gelaat ni. Met verspreiding van Hollanse letterkunde het di *Patriot*-firma meer gedaan, met behulp van 'n paar honderd agente deur di hele land, as al di voorstanders van Hollans same. Di firma het Hollanse boeke self gedruk en versprei, sowel as uit Holland laat kom, by duisende. Skrywer hiervan het self meer as 'n dosyn werke in Hollans geskrywe, wat amper almal uitverkoop is, en waarvan party 'n tweede druk gesien het; — ja, soveul het hy in Hollans geskrywe, dat dit hom van sekere Hollanse kant tot 'n verwyd gemaak word, as of hy self ni geloof in Afrikaans ni, hoewel hy ten o'ervloede getoon het dat hy di een wil doen en di ander ni nalaat ni" (Stelling 44).

*

*

*

„Afrikaans moet erkend worde as offisiële taal. Dis wat ons as voorstanders daarvan nou an di orde stel. En daarvoor sal ons werk met alle kragte binne ons bereik. En hoe eerder ons dit kan verkry, hoe beter.

Vereers sal di meerderheid van di bevolking wat Afrikaans praat, sig moet uitspreek, dat hulle dit met ons eens is. Dus sal daar nog meer as tot nog toe op di volksgees in di rigting moet gewerk worde. Tot nou toe was ons doel net om di Afrikaner te laat verstaan: Jy het 'n taal; di taal praat jy; di taal is ver jou onmisbaar; di taal is ver jou di beste; skryf di taal nes jy dit praat.

Di grote werk het ons nou so vèr gebreng, dat ons reken dis nou di tyd om die tweede hoofgedagte by di volk te

laat ingang kry: Di taal wat jy praat in jou huis, en op di mark, en in di Raadsaal, en wat jy lees in jou koerant, di taal moet erken worde as offisiële taal in di Skool, in di Staat, in di Kerk, en oral.

Daartoe moet 'n begin gemaak worde met 'n Afrikaanse Taalkongres" (Stelling 16).

*

*

*

Hierdie sitate gee genoegsame aanduiding van die skrywer se toeligting van sy stelling. Sy redenering is nie altyd ewe oortuigend nie, maar soms selfs 'n bietjie naïef. So moet, byvoorbeeld, die feit dat die persoonlike voornaamwoord *ik* in Hollands met 'n klein, maar *U* met 'n hoofletter geskryf word, terwyl die gebruik in Engels net omgekeerd is (*I* teenoor *you*), as bewys dien van die „beskeidenheid" van die Hollandse teenoor die „aanmatiging" van die Engelse volkskarakter! En om aan te toon dat Afrikaans bo ander tale uitmunt wat betref suiwerheid, korthed en welluidendheid, word eenvoudig die aantal vreemde woorde in 'n willekeurige Hollandse en 'n Afrikaanse stuk prosa getel (Stelling 10), of van die eerste vyf verse in die Bybel in vyf verskillende tale die aantal letters (Stelling 11), of die aantal klinkers en medeklinkers (Stelling 14) getel, om dan daaruit sekere gevolgtrekkings te maak.

As ons egter in gedagte hou dat die skrywer geen geskoolde filoloog was nie, maar wel teoloog, verdien hy alle waardering vir die wyse waarop hy origins die Afrikaanse taalsaak hier gestel en bepleit het.

14. *Bybelvertaling*

Ons het reeds gesien hoedat die Afrikaanse Bybelgedagte, gebore by Pannevis in 1872 en nogeens herhaal in 1874, ten slotte deur toedoen van ds. S. J. du Toit gelei het tot die stigting van die G.R.A. in 1875. Maar die Genootskap het dadelik ingesien dat die tyd nog nie ryp was om so 'n groot taak as die Bybelvertaling aan te pak nie, hoeseer hulle ook al die belangrikheid daarvan gevoel het. Daar moes eers ander noodsaaklike werk verrig word; die volk moes oortuig word van die bestaansreg en deugdelikheid van sy taal; die taal self moes as skryfmedium beoefen en gevorm word; daarna eers sou die tyd aanbreek om met die Bybelvertaling 'n begin te maak.

Maar onderwyl die Genootskap besig was met die uitvoering van sy werkprogram, het Hoogenhout reeds in 1877 aanvoorwerk verrig deur 'n vertaling van *Markus* vir publikasie gereed te maak, blykens 'n manuskrip wat onder sy nagelate papiere gevind is en wat die volgende titel dra: „*Die Ewangelie volgens die beskrywing van Markus*. Na die Hollandse vertaling van die State Bybel. Uitgegeewe door eenige voorstanders van Bijbelverspreiding. Mark. 16 : 15, 1 Cor. 14 : 6, Openb. 7 : 9. Mog die Heer dit segen! — Gedruk by Smuts en Hofmeyr, 11 Kasteelstraat, Kaapstad, 1878.”³⁶⁾ In werklikheid is dit nie uitgegee nie.

³⁶⁾ P. V. 2, p. 28, en Gedenkboek, p. 145.

In die voorrede, gedateer Jan. 1878, lees ons o.m.:

„Onder afsmeeking van des Heeren bijstand en zegen, hebben wij deze vertaling van het Evangelie van Markus in het Kaapsch-Hollandsch vervaardigd, door ondervinding overtuigd zijnde, dat zulks voor duizenden in Zuid Afrika eene ware behoefte is. Wij hebben ons hierin zoo na mogelijk aan den tekst van den Hollandschen Staten-Bijbel, die hier algemeen in gebruik is, gehouden, en alle *onnodige* ‚platheid‘ vermeden. Wij bidden en hopen, dat deze proeve van Bijbelvertaling de voorlooper moge zijn van eene waardige overzetting der gansche Heilige Schrift.”

Hoewel daar geen dokumentêre bewyse voor bestaan nie, kan met veiligheid aangeneem word dat Pannevis een van die „voorstanders van Bybelverspreiding” was wat die vertaling onderneem het. Want Pannevis en Hoogenhout was boesemvriende en daar is voldoende bewyse van hul onderlinge raadpleging met mekaar oor allerlei sake³⁷⁾; ook weet ons hocseer die twee vriende hierdie saak op die hart gedra het.

Verder kan met sekerheid aangeneem word dat ds. S. J. du Toit geen aandeel in hierdie vertaling gehad het nie, anders sou die *Patriot*-drukkery dit uitgegee het; buitendien is die taal en spelling nie soos hy destyds geskryf het nie. Die feit dat dit nooit in druk verskyn het nie, vind sy verklaring in die volgende uitlating in ’n hoofartikel van die *Patriot* (27 Sept. 1878): „Party lede van die Genootskap wou al op hulle eie koste stukke van die Bybel in Afrikaans uitgegee hê, en die

³⁷⁾ „Eerste Skrywers,” p. 129.

Genootskap het hulle ernstig vermaan om dit nie te doen nie, omdat die saak te gewigtig is ver 2 of 3 om dit uit te voer."

Eers op die derde jaarvergadering van die G.R.A. (24 Aug. 1878) het die Bybelvertaling weer ernstig ter sprake gekom. Onder datum 7 Aug. 1878 skryf ds. Du Toit aan Hoogenhout: „En dan zal op onze volgende jaarlikse vergadering de grote vraag voorgelegd worden: *De Bijbel in het Afrikaans of niet!* Daarmee zal het Genootskap herleven of naar het graf gaan. De toekomst onzer gehele beweging hangt grotendeels daarvan af. Ik hoop de leden zullen allen tegenwoordig zijn, door het gebed voorbereid.”³⁸⁾

Hoogenhout kon egter nie op die vergadering aanwesig wees nie, maar in 'n brief wat voorgelê word, pleit hy ernstig vir die saak. Ten spyte van besware wat geopper word, besluit die vergadering „om in beginsel an te neem dat die tyd daar is om die Bybel in Afrikaans te vertaal.” Aan die bestuur word opgedra om 'n kommissie daarvoor te benoem. In die *Patriot* van 27 Sept. 1878 word breedvoerig op hierdie besluit ingegaan, die besware daarteen genoem en weerlê, die uitvoering daarvan bespreek en die samestelling van die vertaalkommissie aan die hand gegee. Op die vraag of die Nederlandse Statevertaling verafrikaans moet word, dan wel uit die oorspronklike tale vertaal moet word, lui die antwoord:

³⁸⁾ „Weg en Werk,” p. 286.

„Die Afrikaanse vertaling moet nie uit *Hollans*, maar uit *Grieks* en *Hebreeuws* gemaak worde; want die Apostels het nie in *Hollans* maar in *Grieks* geskrywe. En as jy wil weet wat 'n man eintlik meen, dan moet jy hom in sy eie taal hoor. Maak jy 'n vertaling van 'n vertaling, dan gaat jy al verder van die oorsprong, en eers is dit melk en water, mar naderhand is dit water en melk.”

En wat die vertalers betref, word voorgestel:

„Ons dink so'n kommissie moet uit minstens 4 lede bestaan. Twee daarvan moet in staat wees om die oorspronklike tale te verstaan, die Latynse, Hollanse, Engelse, Duitse en Franse vertalings te vergelyk, om sodoende goed en grondig uit te vinde wat eintlik in die oorspronklike staat. En die 2 ander moet niks anders ken as Afrikaans, sodat hulle die sin en mening in suiwer Afrikaans kan uitdruk.”

Daar sou egter meer dan tien jaar verloop voordat „die sukkelpad wat die Afrikaanse Bybelvertaling geloop het,” min of meer koers sou kry. Wel was die saak herhaaldelik in die loop van die tagtiger jare ter sprake op vergaderings van die G.R.A., maar veel verder as „voorbereidende stappe” het dit nie gekom nie. Want in 1882 is ds. S. J. du Toit benoem tot Superintendent van Onderwys in Transvaal en is sy tyd sodanig in beslag geneem deur velerlei ampspligte, dat die opdrag wat hy eindelik in 1885 van die Genootskap ontvang het om met die vertaling te begin, nie uitgevoer kon word nie. „Omtrent 8 jaar moes ek skole inspekteer deur die lengte en breedte van die land, sonder trein, sonder een enkele brug en met onrybare paaie; dan

nog die kantoorwerk; myn aanwesigheid in die volksraad solang die sit, en heelwat staatswerk. Tot die koms van Dr. Leyds was ek die vertrouwde raadgewer van Pres. Kruger." ³⁹⁾

Omstreeks 1886 het ds. Du Toit ook betrokke geraak in goudspekulasies en weldra 'n groot fortuin versamel (geskat op £140.000), waarop hy in 1889 sy betrekking as superintendent neergelê het om die volgende gelofte te kan nakom: „As di Here my segen binne 'n sekere tyd en tot 'n sekere bedrag, dat ek net genoegsaam daaruit myn huisgesin kon versorge, dan sou ek ver alle betrekkings bedank, en my wy an di Bybelvertaling." ⁴⁰⁾

Hy het dan ook 'n aanvang gemaak met die vertaalwerk, soos blyk uit die volgende brosjure wat in 1889 by die *Patriot*-drukkery verskyn het: *Di Bybel in Afrikaans — Dri Proewe*, bevattende eerstens 'n letterlike vertaling van 'n paar hoofstukke uit Génesis, tweedens 'n bewerking in historiese samehang van enkele ooreenstemmende hoofstukke uit 2 Samuel en 1 Kronieke, en derdens 'n vergelykende vertaling van enkele verse uit Lukas 11 in Oud-Hollans, Fries en Afrikaans. Verder word 'n historiese oorsig gegee van „wat in di saak al gedaan is, wat di verhouding van di skrywer is, en wat di plan van die werk is.”

Tydens 'n reis in Europa het ds. Du Toit egter sy hele fortuin verloor, sodat hy in 1890 as 'n

³⁹⁾ „Weg en Werk,” p. 238.

⁴⁰⁾ Dieselfde, p. 295.

behoefte man na die Paarl teruggekeer het om hom daar weer aan die *Patriot* te verbind en aan die Bybelvertaling te wy, 'n taak waarmee hy besig was tot aan sy dood in 1911.

In 1893 het eindelijk verskyn *Di Eerste Boek van Moses, genoem Génesis*. In die inleiding word 'n uiteensetting gegee van die vertaalmetode:

„Génesis is klaar. Di eerste boek van di Bybel kan ons nou al lees in ons moedertaal. Ons hoor dus al di grote werke Gods in di taal waarin ons gebore is verkondig.

Dis 'n vrug van veel arbeid en gebed. Di manier waarop ons nou werk is: alle Donderdag aande kom 'n kring van broeders by makaar ver di Bybelvertaling. Dit word geopen en gesluit met gebed, waarby in bisondere mate di teenwoordigheid van Gods Gees gevoel en erken word. Daarna sit ons om 'n ronde tafel elkeen met syn Bybel. Eén of twé het altyd di Bybel in di oorspronklike taal (Hebreeus of Grieks, en wel 'n kritise uitgaaf, wat di verskillende oue lesings gé), di andere het elkeen 'n aparte vertaling, soos di Hollanse Statevertaling, di egte Engelse vertaling, di Lutherse vertaling, di nuwe Hollanse en di nuwe Engelse vertaling, verder di vertalings van van der Palm, Lange, ens. . . . Ons getal was 5 tot 17 per aand, daar- onder 2 predikante, 1 sendeling, 3 onderwysers, 1 dokter, 1 Jood, ens.

Di manier van werk ver Génesis was só: Ds. S. J. du Toit vertaal vooruit. As ons samekom dan lees hy voor letterlik hoe dit in Hebreeus staan, woord ver woord, en letter ver letter. Waar belangrike of twyfelagtige woorde is, word dit opgeslaan en al di betekenis sekuur nagegaan in di beste woordeboeke. Dan gé hy ons hoe hy dit in Afrikaans uitgedruk het. Di vertaling word dan noukeurig vergelyk met di Hebreeus en met di verskillende ander vertalings

Nou is ons besig met Mattéus en op enigsins andere manier. Om ni teveul invloed op di andere broeders uit te oefen ni, maak Ds. du Toit nou ni meer vooruit 'n geskrywe vertaling ni. Ons vergelyk eenvoudig di oorspronklike teks met al di beste vertalings, oek wel met raadpleging van woordeboeke en verklarings waar dit nodig is

Ons gé di manier van bewerking so noukeurig op, dat ons broeders buiteaf kan siin, dat ons ni ligvêrdig te werk gaan ni"

In 1895 het verskyn *Di Evangelii vollens Mattéus*. In die voorrede lees ons o.m.:

„Na Génesis volg nou Mattéus in die Afrikaanse Bybelvertaling. Eers di eerste boek van di Oue, nou di eerste boek van di Nuwe Testament. Eers di grondslag van di geskiedenis van di wêreld en van di mensheid, nou di grondslag van di geskiedenis van di Verlosser en di verlossing. Di vertalers volg dus ni di orde van di Bybelboeke ni, maar vertaal wat di belangrikste lyk en gé dit dadelik uit, boek ver boek, sodat dit dadelik syn nut kan doen.”

Verder het verskyn *Openbaring* (1898), *Di Psalme* (1907), terwyl die volgende drie boeke in „Stemmen des Tijds” gepubliseer is: *Hooglied* (1905), *Handelinge* (1908) en *Markus* (1908); 'n deel van *Lukas* bestaan in handskrif. Hoewel ds. Du Toit hulp van medewerkers gehad het, is hierdie Skrifoorsetting grotendeels sy eie werk, en 'n opvallende kenmerk daarvan is dat hy nie net *vertaal* het nie, maar terselfdertyd ook *verklaar* het, sodat die verklarende aantekeninge dikwels meer ruimte in beslag neem as die teks self. Hier volg die teks van Psalm 23, en

ter vergelyking daaronder die teks van ons Afrikaanse Bybel van 1933:

„1 'n PSALM van Dawid.

Jehowa is myn Herder; my ontbreek niks ni.

2 Hy laat my lê in 'n wy fan jeugdige gras; Hy ly my sutjiis langs waters om te rus.

3 Hy sterkerk myn siel; Hy ly my in paje fan geregtigheid om sins naams wil.

4 Al gaan ek deur di kloof fan doodskadewe, ek frees gen kwaad ni; want U is met my; uw knopkiri en wandelstok fetroos my.

5 U dek 'n tafel foor myn angesig foor di oog fan myn teenstander; U salf myn hoof met oli; myn beker is o'erlopend fol.

6 Net goedheid en barmhartigheid sal my volg al myn lewensdage, en myn woning sal wees in Jehowa's huis fer lange dage.”

*

*

*

„1 'n PSALM van Dawid.

Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie.

2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.

3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.

4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskadewe, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my; u stok en u staf dié vertroos my.

5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.”

*

*

*

Die Bybelvertaling van S. J. du Toit het weinig daadwerklike belangstelling gewek by die algemene kerklike publiek. Daartoe sal faktore soos die volgende meegewerk het:

1. Die ou Statebybel was nog 'n gewaardeerde erfstuk in die Boerehuisgesin, en sy ereplek sou nie maklik prysgegee word nie.

2. Twee Sinodes het hulle teen 'n Afrikaanse Bybel verklaar, die Vrystaatse in 1885 en die Kaapse in 1886, wat natuurlik nie sonder uitwerking gebly het op die kerklike publiek nie; en soos later sal blyk, sou die Kerk ook die laaste wees om sy deure en kansels vir Afrikaans oop te stel.

3. Die merendeel van die Boerebevolking kon nog nie versoen raak met die skriftelike Afrikaanse taalvorm nie, nog te minder omdat ds. Du Toit se spelling al hoe meer in oordrewe fonetiese rigting verander het, soos blyk uit die sitaat van Psalm 23 hierbo, sodat sy skrifbeeld steeds verder van die ingeburgerde Hollandse skryftradisie afgewyk het en gevolglik 'n hindernis was vir die oog wat gewoon was aan die tradisionele skrifbeeld.

4. In sy strewe om so na moontlik aan die spreektaal te kom, het hy nie altyd rekening gehou met die gevoelswaarde van woorde nie, met die gevolg dat hy soms tot bepaald skokkende plathede gedaal het, soos blyk uit die onmoontlike *knopkiri* in die sitaat hierbo.

5. Die stigting van die S.A. Taalbond in 1890, en veral sy jaarlikse taaleksamens, het Hollands weer 'n nuwe status gegee in die suide en grootse verwagtinge gewek, terwyl Hollands in die noordelike republieke nog steeds die enigste offisiële taalvorm was.

6. Die onguns waarin ds. Du Toit later geraak het weens sy veranderde politieke koers, het vanselfsprekend ook ongunstig ingewerk op alles waarmee hy prominent verbonde was; Afrikaans het met sy persoon en koers vereenselwig geraak en as „Patterjots” in 'n slegte politieke reuk te staan gekom, soos hierna verder sal blyk.

Maar dit alles doen weinig af aan die feit dat S. J. du Toit op die veelbestrede gebied van die Afrikaanse Bybelvertaling meer as net verdienstelike aanvoorwerk verrig het. Soos niemand anders het hy die volk help rypmaak vir die latere gunstige ontvangs van die Afrikaanse Bybel; met veel moeite het hy die grond gebrak en die saad gesaai wat 'n volgende geslag met gejuig sou maai. Want al moes die vurig gekoesterde Bybelideaal van Pannevis en Hoogenhout, waaruit die G.R.A. gebore is, soveel jare op die agtergrond bly, omdat die Genootskap met ds. S. J. aan die spits alle aandag moes konsentreer op oortuigingswerk vir taal, nasie en land, was dit ten slotte S. J. du Toit wat onder beswarende omstandighede die laaste twintig jaar van sy veelbewoë lewe gewy het aan die voorlopige verwesenliking van daardie Bybelideaal, selfs toe die

bloeitydperk van die Patriotbeweging lankal verby was. En daarom — soos D. F. Malherbe dit treffend gesê het — „sluit die werk van die Genootskap ook soos 'n ring: Die Bybel in die volkstaal was sy eerste lewenskreet; die verskyning van Bybelboeke in Afrikaans sy laaste snikke.”⁴¹⁾

15. Eerste Afrikaanse Taalkongres (1896)

Reeds in 1891 het ds. S. J. du Toit in die voorwoord van sy *Stelling* die gedagte uitgespreek dat 'n „regte Afrikaanse Taalkongres” gehou moes word om samewerking te probeer verkry tussen Taalbondmanne en „Skryf-soos-jy-praat”-manne, en om verder te oorweeg of die tyd nie gekom het om Afrikaans as offisiële taal erken te kry nie.

Op 15 en 16 Jan. 1896, die 20e verjaarsdag van die *Patriot*, is eindelijk die eerste Afrikaanse Taalkongres in die Paarl gehou onder voorsitterskap van ds. Du Toit. Blykens die verslag van die verrigtinge, wat kort daarop in pamfletvorm uitgegee is, was daar ongeveer honderd persone uit alle dele van die land aanwesig, o.a. professore Lion Cachet en Postma van Burgersdorp en prof. Logeman van Kaapstad. Alleen Transvaal was, weens die beroering van die Jameson-inval aan die begin van daardie jaar, nie verteenwoordig nie.⁴²⁾ Die

⁴¹⁾ Gedenkboek, p. 118.

⁴²⁾ Uit Strydenburg alleen het negentien persone opgedaag, tien waarvan Badenhorste was. Dit was egter betekenisvol dat die name van sulke ou staatmakers en medestigters van die G.R.A. soos C. P. Hoogenhout en Oom Lokomotief op die presensielys ontbreek het.

besprekings het gegaan oor die verhouding van Afrikaans tot Hollands en Engels, oor kwessies van spelling en die uitgee van 'n tydskrif, en oor Afrikaans as Kerktaal en Skooltaal.

Aan die orde was allereers die vraag „of ons sal probeer om 'n tussentaal te maak tussen Afrikaans (soos di *Patriot* dit skrywe) en Hollans.” Dit was juis die vergeefse taak wat die Taalbondmanne in hierdie jare begin nastreef het, deur naamlik die „vereenvoudiging der Nederlandsche taal” vir gebruik in Suid-Afrika te propageer. Maar terwyl die Taalbond hom beywer het om die taal van Holland op 'n manier te probeer „verafrikaans,” het dit hier gegaan oor die moontlikheid om die taal van Suid-Afrika effens te probeer „verhollands.” Die eerste was natuurlik net so dwaas as wat die laaste sou wees, maar waar die Taalbondmanne die absurditeit van so 'n poging nie kon of nie wou insien nie, het die Patriotmanne dadelik die onmoontlikheid daarvan besef om „'n taal ver di volk te maak.”

Na 'n lewendige bespreking, waarby sommige sprekers ten gunste daarvan was om die taal van die „beskaafde Afrikaner” as norm te aanvaar, terwyl ander van mening was dat „di professors en geleerde manne bitji meer moet afkom” na die volk toe, is die volgende voorstel eenparig aangeneem: „Dat di Afrikaanse Taalkongres sig verklaar ten gunste van di beginsel skryf soos jy praat, dit wil sê om die beskaafde spreektaal van ons land tot grondslag te

lê en tot re'el van skryftaal en saam met ons volk te ontwikkel."

Wat die verhouding tussen Afrikaans en Engels betref, het ds. Du Toit „di uitgaaf van 'n vergelykende Taalkunde van en in albei tale en van 'n Woordeboek van Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans" bepleit. Hy het egter weinig steun gevind. Die kongres was van oordeel dat Engels reeds in 'n bevoorregte posisie verkeer en dat dit nie die taak van 'n Afrikaanse Taalkongres was om in belang van die Engelse taal op te tree nie; veeleer moes alle moontlike kragte ingespan word om Afrikaans vooruit te help deur „'n Afrikaanse Taalkunde en 'n Afrikaanse Woordeboek op te stel en uit te gé," waartoe dan ook 'n kommissie benoem is.

Ten opsigte van Afrikaans as Kerktal en die vertaling van die Bybel het daar eweneens sterk meningsverskil op die kongres geheers. Hoewel oortuig van die noodsaaklikheid daarvan, was o.a. prof. Lion Cachet van mening „dat di Bybelvertaling ni van di Kongres moes uitgaan, mar van di Kerk. Dit is 'n gewigtige werk. Di vergadering kon wel di saak bespreek, mar vertaling moes van di Kerk uitgaan." Ds. S. J. du Toit het sterk vir die saak gepleit. „Di oorsprong van di Afrikaanse taalbeweging was di vertaling van di Bybel, en spreker voel heilig o'ertuig dat as di drang ni daar was ni, dan sal daar vandag geen taalbeweging wees ni. Sal ons dan di fondament onder ons voete

wegneem? Di vertalers wil ni 'n Bybel met kerkelik gesag uitgé ni. Di tyd hoop hy sal later kom. Ver di teenwoordige wil ons dit net in di hande van ons volk gé, dat hulle kan lees en siin hoe dit gaan. Di kerkelike goedkeuring kom later."

Ds. M. Postma het verklaar dat hy die werk van ds. Du Toit hoog waardeer, maar „hy beskou dat di Taalkongres ni di liggaam is om 'n uitspraak o'er di saak te doen. As ons di geskiedenis nagaan, dan sal ons siin dat daar manne afgesonder werd om di werk te doen. Ons moet op di punt versigtig wees."

Na 'n warme bespreking is eindelik met enkele teenstemme die volgende voorstel aangeneem: „Di Kongres beskou dat Afrikaans ons Kerktaal moet worde, en siin met blydskap dat Ds. du Toit en andere reeds begin het met di vertaling van di Bybel. Di vergadering hoop dat hulle in di gees sal voortgaan totdat di tyd daar is om 'n Afrikaanse Bybel van kerkwege uit te gé."

Betreffende Afrikaans as Skooltaal is tot die volgende eenparige besluit geraak: „Di Kongres beskou dat Afrikaans onse skooltaal moet wees, mar daar ons nog ni di Afrikaanse skoolboeke het ni in di wetenskappe, so besluit di Kongres dat 'n Kommissi angestel worde om planne te beraam ver di uitgawe van skoolboeke, en an di volgende Kongres te rapporteer."

Eindelik het die kongres nog 'n kommissie benoem „om 'n Afrikaanse Tydskrif uit te gé al maande, met

di doel om ons Afrikaanse letterkunde an te kweek en ons nasi te ontwikkel." Die naam van die tydskrif sou wees *Ons Klyntji*, en staande die vergadering is ruim 500 intekenaars gewaarborg.

16. *Ons Klyntji* (1896)

Soos hierbo vermeld, is op die eerste Afrikaanse Taalkongres besluit tot die uitgawe van 'n letterkundige maandblad onder die naam van *Ons Klyntji*. Dit sou later blyk een van die vrugbaarste resultate van die kongres te wees. Op die gesellige byeenkoms, waarmee die verrigtinge van die kongres afgesluit is, was *Ons Klyntji* die middelpunt van geesdriftige belangstelling. Prof. Lion Cachet het op luimige wyse die heildronk ingestel op „di Klyntji wat vandag gebore is,” en dr. Hoffman, bekende medikus van die Paarl, het verklaar dat hy wel nie by die geboorte aanwesig was en dus nie kon sê of dit 'n mooi kleintjie was nie, maar hy hoop dit sal 'n sterk grootman word. „Dit lyk hom daarom of *Ons Klyntji* te veul vaders het, en dan gé dit verwarring af in di opvoeding. Hy wil dus hoop dat Prof. Cachet hom as di voog van *Ons Klyntji* sal laat ken.”

In Maart 1896 het die eerste nommer verskyn onder die leuse „Klyn begin — Anhou win” en onder redaksie van ds. S. J. du Toit. Die titelprentjie vertoon 'n babetjie temidde van boeke, skryfgereedskap, 'n suigfles en borslappie. Die eerste artikel lui as volg:

„ONS KLYNTJI SPREEK

Met hartkloppings waag ek dit om fir di eerste maal di drempel fan di deur o'er te stap; omdat ek self heel goed weet, hoeveul daar nog an my ontbreek. As ek dit self ni goed sou weet ni, dan sou daar frinde genoeg wees om my dit te fertel, want di tyding, dat ek an di kom was, het al heel wat anmerkings opgewek.

Di een sê: myn naam is ni goed ni; di ander: ek kan ni praat ni; di derde en di fiirde en di fyfde, ens., profeteer dat ek binne 'n paar maande sal dood wees, en so gaan dit an.

Gelukkig is ek ni fan 'n bange geslag ni. Myn ou broer *Di Patriot* moes oek al na di mening fan fele al lank dood wees, mar hy bly lewe; en daarom het ek oek hoop, om ni alleen te bly lewe ni, mar oek groot te worde.

Nou sal ek mar min fan my self sê. Fan geslag is ek 'n opregte Afrikaner, en ek weet, dat so lank as daar Afrikaners sal wees, sal meer as één deur fir my opestaan. Ek het myn folk liif en myn gehele volk sou my oek net gou-gou liif hê, as ni party mense di oge fan 'n gedeelte fan myn volk verblind, so dat hulle my fir 'n baster ansiin, terwyl ek juis 'n egte kind is.

Myn doel is: di lus en liifde fer ons moedertaal op te wek en an te kweek. Ek kan ni anders praat ni as ek geleer het, en dit is Afrikaans.

Al is ek klyn, tog hoop ek goed te kan gesels, en nou en dan 'n nuttige woordji te kan sê. Ek het 'n goeie godsdiinstige opfoeding gehad, en geleer dat di frése fer ons liwe Here di beginsel van di wysheid is. Ek sal ni preek ni, dit kan ek oek ni, mar myn opvoeding sal ek, hoop ek, ni fergeet ni.

Di ouers kan gerus hulle kinders en jonge mense met my laat omgaan; al is ek nou en dan 'n bitji plisirig, ek sal ni onbehoorlik wees ni.

O'er poletiek sal ek ni praat ni, mar as daar miskiin 'n woordji my ontfal, denk dan mar, dat 'n jonge mens partykeer onfersigtig is.

Met 'n goeie ferwagting begin ek dan myn loopbaan en hoop dat di ware Afrikaners my sal help en beskerm. Daar is baie Afrikaners, wat geleerd is en grote gawe het, as hulle my wil leer sal ek bly wees. As ons saam werk kan ons nog 'n grote folk worde en kan ek oek van 'n Klyntji tot 'n Grote Tydskrif worde. Ek eindig met di spreuk:

*Met God ver Faderland en Moedertaal."*⁴³⁾

Die naam van hierdie maandblad was seker 'n besonder gelukkige keuse, want dit het onmiddellik ingeslaan by die publiek, sodat die aantal intekenaars binne die eerste jaar reeds gestyg het tot 2700. Die eerste nommers bevat tal van gelukwense en welkoms-groete, waarby telkens op die naam gesinspeel word. Die volgende is uit die pen van Oom Jan (Hoogenhout); om begryplike redes laat hy tewens 'n waarskuwende stem hoor:

„Welkom, ‚Klyntji‘! is jy daar?
 Ons het lang op jou gewag!
 Dis al *Een-en-Twintig* jaar!
 Kom jy nou eers voor di dag?
 Sal hul nou met jou oek spot,
 Nes voor *Een-en-Twintig* jaar
 Met jou Pa, ‚di *Patriot*?
 Of kry jy dit ni so swaar?”

* * *

„Arri! dit het stryd gekos;
 Mar hy groei by tegenstand;
 Hy verweer hom vas en los —
 Is 'n mag nou in ons land.

⁴³⁾ Hier blyk duidelik hoe S. J. du Toit sukkel om sy fonetiese spelling konsekwent toe te pas. Vergelyk: *fir* — *fer* — *ver*; *fan* — *van*; *folk* — *volk*; *fergeet* — *verblind*; *klyn* — *eindig*; *poletiek* — *miskiin*; *opfoeding* — *opvoeding*. Later kry ons sulke vorme soos *fryhyd*, *fyltghyd*, *firfeel*, *firful*, *firfolg*, ens.

So sal dit met jou oek gaan;
 Blyf mar an syn leus getrou;
 Om ver Land en Volk te staan,
 En ons taal in eer te hou!"

Deur die naam het dadelik 'n intieme verhouding ontstaan. Die „kleintjie" geniet die voortdurende belangstelling van lesers; hulle verneem na sy welstand, verheug hulle oor sy groei, skryf briewe aan hom, stuur presentjies met sy verjaarsdag en vertel hoe hulle na sy koms verlang elke maand. Spoedig kom hy met agt bladsye meer leesstof, en ook die titelprentjie toon sy groei aan. Eers kry die kindjie 'n jurkie aan:

„Ek is so bly! Ek is so bly!
 Ek het 'n jurki nou gekry.
 Hy pas so glad en net.
 Di suigfles is oek nou opsy;
 'k Het speelgoed in di plek gekry;
 Ek word nou groot en fet.

Baing danki, ooms! Baing danki, Pa!
 Mooi skoon sal ek myn jurki dra,
 En soet sal ek oek wees.
 Myn lesers sal ek nou onthaal;
 Laat hul mar teken *en betaal*,
 Dan kan hul lekker lees."

Op sy eerste verjaarsdag word die jurkie vervang deur sy eerste pakkie klere en verskyn op die titelprentjie ook nuwe speelgoed. Weer spreek hy sy dank uit teenoor almal en laat dan volg:

„Wil jul nou weet wat ek begeer?
 Net een ding fraag ek en niks meer
 Nou ek fandag ferjaar:
 Kom, help een jaartji nog fer my,
 En idereen stuur tog daarby
 Nog een intekenaar.”

In die agste jaargang lees ons:

„Ek is nou 8 jaar oud, en daar sit ek nou al op myn Rywiil en fiits dat dit 'n lus is om an te siin. Ek het ni min angehou dat myn pa fer my so'n twewiler moet kry ni. Myn pa is 'n bitji nog fan di ouerwetse soort mense, wat ni fan al di nuwighede hou ni. En hy sê: dis 'n al te ygewyse ding; hy erger hom so as di wiilryers di strate en paaie so inneem. Dan sê hy weer: di wiilryery neem so sterk toe, dat di mensdom net noumar een dag sal ferdeel worde in twe klasse: foetgangers en wiilryers; en hy wil mar by di foetgangers bly, want daarvoor het hy syn foete gekry om me te loop.”

Sy fiets het hy darem gekry. „Mar een ding sê ek jou, om 'n fliigmasiin kom jy my nooit fra ni; dan haal ek di sambok uit; want jy weet jou ma sal dit nooit toelaat dat jy di fools na'aap ni en gaan fliig deur di lug ni.”

Ons *Klyntji* het dadelik begin met prysvrae uit te skryf oor verskillende onderwerpe. „Ons doel is om Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te vorm. Daarom sal ons di bekroonde prysvrae opneem, en van di ander opstelle oek soveul as dit wêrd is. Op di manier hoop ons goeie stukke te kry. Di *Patriot* het honderde geleer om te skrywe ver 'n koerant, Ons *Klyntji* moet tiintalle leer om goed te skrywe. Daarom sal op taal en styl net so goed gelet

worde as op di inhoud. Alles suiwer Afrikaans: vorm en inhoud" (*Ons Klyntji*, Maart 1896).

In die eerste nommer begin ds. S. J. du Toit met sy historiese roman *Di Koningin fan Skeba* as vervolgverhaal, terwyl G. R. von Wielligh in die vierde nommer begin met *Jakob Plattji of Sketse van Hotnots en Boesmans Lewe in Suid Afrika*, wat albei later in boekvorm uitgegee is. Nog 'n bekende medewerker was J. Lion Cachet. In die tweede nommer verskyn uit sy pen onder die skuilnaam „Neef Jan" die volgende gedig:

„DI AFRIKAANSE TAAL

Ek is 'n arme boerenoi,
 By vele min geag;
 Mar tog is ek van edel bloed,
 En van 'n hoog geslag.
 Uit Holland het myn pa gekom,
 Na sonnig Afrika;
 Uit Frankryk, waar di druiftros swel,
 Myn liwe mooie ma.

Hull' skel my uit ver Hotnots myd;
 Mar ek gé daar ni om;
 Want an myn lippiis kan jy siin
 Van wat geslag ek kom.
 Soet vloe di woordjiis uit myn mond;
 Dit het ek van myn ma;
 Mar as ek bid dan hoor je wel,
 Ek is 'n kind van pa.

Myn sussi, wat uit Holland kom,
 Di hou verniit haar groot:
 Di lug is al te skerp ver haar;
 Sy is al amper dood.

Di dokters kom nou by makkaar,
 Hull' maak te saam 'n 'Bond';⁴⁴⁾
 Mar tog met al di doktery
 Word sy nooit weer gesond.

Myn niggie met haar stywe nek,
 Di loop in rooi satyn;
 En baing jonkmans loop haar na;
 Sy denk hiir baas te syn.
 Mar as di awendurtji kom,
 Dan is di klomp by my.
 Dis 'hartji' voor en 'hartji' na:
 'Laat ons 'n bitji vry.'

As ek mar eers myn vryer het,
 'n Digter vol van moed;
 Een, wat my om myself bemin,
 En ni mar om myn goed;
 Wanneer di vryer tot my kom,
 Vat ek hom by di hand,
 En maak ek hom, hoe swak ek skyn,
 Nog koning in di land.

Want ek het onder in myn kis
 'n Ware towerstaf,
 Wat ek nog van myn ouma het,
 En niemand weet daar af.
 Hef ek di staf op, 'Moedertaal,'
 Dan volg di land my na;
 En ek is net nou koningin
 Van heel Suid-Afrika."

Dis seker een van die besgeslaagde gedigte uit die Patriottydperk, merkwaardig sowel om die mooi

⁴⁴⁾ Dis natuurlik 'n sinspeling op die stigting van die S.A. Taalbond, terwyl die niggie in rooi satyn Engels moet voorstel.

volgehoue allegoriese voorstelling as om die profetiese blik in die twee slotverse. Daar moes maar net 'n digter kom, soos Eugène Marais met sy *Winternag* in 1904 of Jan Celliers met sy *Vlakte* in 1906, om metterdaad die bewys te lewer dat Afrikaans tot alles in staat is waartoe hy wat dit gebruik, in staat is. Neef Jan se voorspelling is reeds bewaarheid; die „digter vol van moed” het die „arme boerenoi” uit haar vernedering opgehef en gekroon tot „koningin van heel Suid-Afrika.”

Ook het die laaste twee van Cachet se bekende *Sewe Duiwels* in *Ons Klyntji* verskyn; die eerste vyf het vroeër reeds in die *Patriot* die lig gesien. Verder bevat die blad bydraes oor die vaderlandse geskiedenis, populêr-wetenskaplike artikels oor die natuur, die sterreheem en die volke van die aarde; voorts 'n groot verskeidenheid van gedigte, oorlogsverhale, jagverhale, dierestories, vrystories, Boesmanstories, grappige anekdotes, sprokies, raaisels, ens.

Die prosa weerspieël dieselfde gees as die volksdigting; dis in die eerste plek volksliteratuur, uit en vir die volk, wat moet dien tot opwekking van die nasionale bewussyn, tot aangename vermaak en gesellige tydverdryf, tot nuttige lering en stigting, tot aanwakkering van leeslus en bevordering van skryfflus. En al besit die merendeel daarvan weinig of geen letterkundige waarde nie, mag ons die volksopvoedende en algemeen kulturele betekenis daarvan, vir skrywers sowel as lesers, nie uit die oog verloor nie. Net soos die *Patriot* het *Ons Klyntji*

ontsaglik veel daartoe bygedra om die volk te leer lees en skrywe.

Gedurende die eerste vyf jaar van sy bestaan het die blad 'n bloeiperiode beleef, maar ná 1900 tree 'n periode van verval in sowel wat sy gehalte as omvang betref. Tydens die oorlogsjare word die uitgawe selfs meer dan 'n jaar lank gestaak (Jan. 1902—Febr. 1903); en hoewel die redakteur die sewende jaargang (Maart 1903) met nuwe optimisme begin,⁴⁵⁾ blyk daar geen nuwe lewenskrag te wees nie. Die laaste twee jaargange is nie alleen onvolledig nie (van albei ontbreek die eerste drie nommers), maar meermale word ou kos weer opgewarm. So word die reeks artikels oor die Hugenote wat vroeër in die *Patriot* verskyn het en later in die Almanak herdruk is, nou vir die derde maal weer opgedis (O.K. IX). Ook heelwat vertaalde stukke kom voor. Die redakteur moet feitlik alleen die blad vul. Van die ou medewerkers lewer alleen Von Wielligh nog bydraes, en die laaste nommer bevat op twee bladsye na niks meer as dierestories uit sy pen nie.

Dis byna pateties om te sien hoe die redakteur sukkel om die blad aan die gang te hou en nuwe belangstelling gaande te maak. Maar die eertyds

⁴⁵⁾ „Dag, Oompiis en Tanniis, Niggiis en Néliis! Hiir is ek weer. Di oorlog en krygswet (Martji Lou) het fer my moeg gemaak. Mar nou het ek net 'n jaar gerus en begin nou met nuwe lus en moed en krag. Di baing briwe wat ek gekry het om te fra wanneer ek dan weer kom, was fer my slyend en anmoedigend . . . Ek groet al myn lesers dus met diselfde welwillendhyd soos froeger en hoop om diselfde hulp en frindskap fan hulle wederkerig te ontfang.”

lewenskragtige „kleintjie” blyk die slagoffer van 'n ongeneeslike kwaal te wees. Trots alle pogings tot herstel (nuwe prysvrae en herhaalde pleitredes met agterstallige intekenaars) word 'n kwynende bestaan voortgesleep tot hy eindelik in Des. 1906 die laaste snik gee.

17. Tweede Afrikaanse Taalkongres (1897)

Op 27-28 Jan. 1897 is 'n tweede Afrikaanse Taalkongres onder voorsitterskap van ds. S. J. du Toit in die Paarl gehou, waarvan eweneens 'n verslag in druk verskyn het. Nogeens was die verhouding van die drie tale — Engels, Hollands en Afrikaans — ter sprake. Na breedvoerige beraadslaging is verskillende voorstelle ten slotte in die volgende vorm saamgevat en aangeneem:

„Angesiin Hollans di offisi'ele taal is fan di Frystaat en Transfaal en oek erken is as sodanig same met Engels in di Kaapkoloni, en oek nog geag word di Kerktaal te wees, so erken di Afrikaanse Taalkongres met waardering alle pogings wat aangewen word tot behoud en bruikbaarmaking fan di Hollanse taal in Suid Afrika;

Aangesiin Engels di offisi'ele taal is fan di Kaapkoloni en Natal, en 'n grote deel fan ons landsbevolking, feral di handelsbevolking, di Engelse taal gebruik, so erken di Kongres di wenselikhed dat di Engelse taal oek geleer worde waar di omstandighede dit toelaat;

Mar angesiin Afrikaans di moedertaal is fan di o'ergrote meerderhyd fan ons bevolking, so blyf di Kongres by di beginsel neergeleg by di forige Kongres dat Afrikaans behoor erken en beoelen te worde as skryftaal, en selfs as offisi'ele taal, op staatkundige sowel as maatskappelijke gebiid, insonderhyd op di skole.”

Daar is egter geen middele aan die hand gedoen om aan die slotgedeelte van die kongresbesluit prakties uitvoering te gee nie, sodat dit eintlik maar net 'n vrome wens was. Ook *Ons Klyntji* het ter sprake gekom. By die redaksie was sekere besware ingekom, o.a. oor die opname van verdigte verhale soos *Di Koningin fan Skeba* en oor die feit dat die blad nie altyd buite die politiek gebly het nie. Die redaksie het verantwoording gedoen en wou graag die mening van die kongres oor sulke sake verneem. „Ons moet *Ons Klyntji* nou foor kry en hom knor as hy stout gewees het, en order gé hoe hy in di tweede jaar moet maak. Van 500 het hy nou omtrent 3,000 intekenare. Dan sal ook moet besluit worde of hy moet groter gemaak worde of tweemaal in di maand uitkom.”

Die besluit van die vergadering was dat die blad hom nie met „politiek en godsdiens” moes inlaat nie, maar origens op die ingeslane weg moes voortgaan. „Di fergadering ag dit wenselik dat O.K. fergroot worde of tweemaal in di maand uitkom, mar uit frees dat sodanige uitbryding straks di fortgang fan di tydskrif kan benadeel, laat di fergadering dit an di uitgewers o'er.”

Verder is allerlei griewe gelug oor onsimpatieke en selfs beledigende optrede van staatsamptenare, veral by die spoorweë en poswese, teenoor persone wat hulle van Afrikaans bedien. Die kongres het daarop 'n kommissie benoem om al sulke griewe in behandeling te neem „met opdrag om dit an di

behoorlike outorityte foor te dra, ten ynde dit ferhelp te kry.”

Eindelik is nog aan die vergadering proewe voorgelê en toegelig van die Taalkunde en Woordeboek wat in opdrag van die vorige kongres opgestel moes word en waarmee die benoemde kommissie besig was.

18. *Eerste Afrikaanse Woordeboek (1902)*

Reeds op die stigtingsvergadering van die G.R.A. is besluit om 'n Afrikaanse Woordeboek op te stel, maar hoewel enkele lede begin het met die aanlê van woordelyste, het die saak nie veel verder gekom nie. Op die eerste Afrikaanse Taalkongres is aan 'n kommissie opgedra om die saak nou in alle erns aan te pak, met die gevolg dat eindelik in 1902 die *Patriot-Woordeboek* verskyn het. In die „Foorberig” word o.m. gesê: „Wat ons gé is egter ni 'n uitloerige woordeboek ni; ons het ons toegeleg op korthyd gepaard met folledighyd, om 'n handige sakwoordeboek te kry. Daartoe kon ons ni uitdrukkinge gé ni; selfs samegestelde woorde het ons weggelaat waar di samestelling ni 'n andere betekenis kry deur di verbinding ni, of waar di samegestelde woord ni deur een woord in Engels uitgedruk word ni.”

In *Ons Klyntji* van Maart 1903 word met groot voldoening die verskyning van hierdie werk aangekondig:

„Soos di meeste lesers weet is dit di frug fan baing jare arbyd. Fereers het ons gebruik gemaak fan o'erlede

Mnr. Pannevis syn grote versameling, wat onder syn nagelate geskifte gekry en fan grote waarde is. So oek fan Mnr. Mansvelt syn *Idioticon*. Bowediin fan al di twintigjarige werk fan di *Patriot* en *Afrikaanse Almanak*. Mar feral het *Ons Klyntji* heel wat daartoe bygedra. Soos ons lesers weet het ons mos froeger 'n prysfraag uitgeskrywe fer di grootste versameling fan suiwer Afrikaanse woorde, dit wil sê, woorde wat in di Hollanse Woordeboek ni foorkom ni of in 'n andere sin in Hollans gebruik word. En ons het dan oek lange lyste met duisende woorde ontfang, soos ons froeger mégedeel het.

Di gefolg is dan oek dat ons nou 'n Woordeboek gé fan omtrent 16,500 woorde, waarfan ruim 1100 suiwer Afrikaanse, wat met skuinse letter gedruk is, met di Engelse betekenis daarby. Dan gé ons meteen uit watter tale di woorde afgely is, behalwe Hollans, omdat Afrikaans 'n dogter fan Hollans is en di meeste woorde uit Hollans o'ergeneem is Di boek beslaan 282 bladsye, klyne kwarto, in dubbele kolom, sterk ingebinde in linne band, en kos mar 2s. 6d.

Di nut fan di boek is seelfoudig. Fereers breng dit ons spelling nou meer tot eenformighyd, hoewel ons by enkele woorde waar werkelijk ferskil in uitspraak bestaan, alby spellings gé, soos *baing* en *banja*. Mar feral kom ons Woordeboek goed te pas fer Afrikaners wat wil Engels leer en Engelse wat ons taal wil leer."

Dit was dus eintlik nie meer as 'n Afrikaanse woordelys met Engelse ekwivalente nie, maar daarmee was die oorspronklike werkprogram van die G.R.A. ten slotte afgehandel.

19. *Ondergang van die Patriotbeweging*

Uit voorgaande historiese oorsig sal dit duidelik geword het dat die Patriotmanne, al was die eintlike werkers onder hulle maar 'n handjievul en al moes

hulle voortdurende teenkanting ondervind, ontsaglik veel tot stand gebring het in die vyftien-twintig jaar wat hulle saamgestaan het. En dit kon hulle alleen doen omdat hulle manne van die daad was, bedeel met 'n haas onuitputlike werkkrag en besiel met 'n onblusbare geesdrif en gloed van oortuiging vir die goeie reg van die taalsaak, waarvoor hulle feitlik dag en nag gewerk het.

Maar ons het ook gesien dat dit vir hulle veel meer was as net 'n taalsaak — dit was 'n volksaak. Want nie net het hulle propagandisties en polemies opgetree om die teenstander te probeer oortuig van die bestaansreg van Afrikaans as taal nie; hulle het ook die grondslag gelê van 'n volksliteratuur in die volkstaal en daardeur 'n ongeskoolde volksmenigte leer lees en skrywe op veel groter skaal as ooit tevore.

Hulle het nog meer gedoen. Deur die volk self aan die lees en skryf in sy eie taal te bring, het hulle 'n Boervolkse taaltrots en volksbewussyn wakker gemaak wat die waarde van die eie leer ken en hoogskat het bo die vreemde en uitheemse. Dit was die Patriotmanne wat die eerste groot ligbaken op die steeds duister wordende taalpad van Suid-Afrika ontsteek het; dit was hulle wat die eerste damwal teen die vloedgolf van verengelsing opgewerp het; van daardie klompie miskende manne het die eerste uitgegaan 'n besielende wekroep, 'n duidelike sifting, 'n vaste koers, 'n omlýnde program. Kortom — die Patriotbeweging het die Regte Afrikanerdom aan

homself ontdek en daardeur die vergevorderde angliseringsproses in sy vrye loop gestuit. Dit is die grootste en mees blywende verdienste van daardie eerste Afrikaanse taal- en volksfront in ons geskiedenis.

Maar ongelukkig het dieselfde „Ware Afrikaner” wat sedert 1875 aan die spits van daardie Afrikanerfront gestaan het, in 1890 van koers begin verander. En dit bring ons tot die treurige slotbedryf van die Patriotdrama, wat omstreeks 1900 sou uitloop op ’n katastrofe. Die verloop daarvan moet nou kortliks geskets word.

Na sy terugkeer uit Transvaal, om weer die redakteurskap van die *Patriot* op hom te neem (1890), het dit spoedig geblyk dat ds. S. J. du Toit nie meer so vriendelik gesind was teenoor wat hy vroeër as sy „nuwe vaderland” beskou het nie. Die eertyds „vertroude raadsman van pres. Kruger” word weldra sy felle teenstander wat skerp kritiek uitoefen op die Transvaalse regering oor allerlei „ongeregtighede” wat volgens sy mening herstel moet word, waarvan die onthouding van die veelbesproke uitlander-stemreg een van die vernaamste was. En om die verhoudinge nog verder te kom vertroebel, moes Cecil Rhodes juis in 1890 hoof van die Kaapse ministerie word, en daarby die steun toegesê word van die twee Afrikanerbondsvoormanne, J. H. Hofmeyr (Onse Jan) en S. J. du Toit met hul party, omdat hy hom dan as so ’n goeie Engelsprekende Afrikaner voorgedoen het.

Veral die *Patriot* se ondersteuning van Rhodes, juis omdat dit toevallig saamgeval het met sy bestryding van Kruger, het S. J. du Toit meer as ander Bondsmanne onder verdenking gebring by baie van sy lesers. Daar het nog ander sake bygekom, waarop hier nie nader hoef ingegaan te word nie, maar die gevolg was dat sulke vertroude staatmakers soos Oom Lokomotief en C. P. Hoogenhout in 1891 die *Patriot* vaarwel gesê het, 'n voorbeeld wat deur baie lesers gevolg is.

Toe kom op oujaarsdag 1895, soos 'n donderslag uit die blou lug, die berugte Jameson-strooptog, waardeur die verraderlike spel van die aartsimperialis Rhodes ontmasker word, want Jameson was maar sy instrument. S. J. du Toit het wel saam met die hele Afrikanerdom daardie daad van agressie ten sterkste veroordeel, maar toe die Bondsparty daarop besluit om met Rhodes en sy rowerspolitiek te breek, kon Du Toit hom daarmee nie vereenselwig nie. „We gingen en gaan niet mee met degenen die hun ganse politiek veranderden tengevolge van de Jameson-inval . . . We willen al het mogelijke doen om het gedane kwaad zover doenlik te herstellen . . . Maar laten we toe, als gevolg van het Jameson-komplot, dat onze partij vaneen gescheurd wordt, dan is dit een veel erger kwaad dan het komplot zelf.”⁴⁶⁾

Daarmee het die vader van die Afrikanerbond definitief kant gekies teen sy eie party en *vir* die

⁴⁶⁾ „Weg en Werk,” p. 524.

vyand van sy volk. Want vir iedereen was dit nou duidelik dat hierdie tweede aanslag op Transvaal se onafhanklikheid nie die laaste sou wees nie. „'n Ontsettende spanning, nie net in Transvaal nie, maar in die hele Suid-Afrika, het daar geheers, en Afrikaner-volksmanne — Kruger, Steyn, Hofmeyr, almal — moes ál hul aandag wy aan die vraag hoe om die dreigende inpalming van Naboth se wingerd en politieke verplettering van die Afrikanerdom te keer. Dis onder sulke omstandighede dat *Het Dagblad* gestig is.”⁴⁷⁾

Die redakteur van hierdie nuwe *Dagblad* was S. J. du Toit! Wat dadelik opval, is dat hierdie nuwe blad in Kaapstad uitgegee is, dat sy taal Nederlands was, en dat die inleidingsartikels ook in Engels verskyn het. Die redakteur het dus nou 'n drieloop-geweer tot sy beskikking gehad — die Afrikaanse *Patriot* in die Paarl en die Nederlands-Engelse *Dagblad* in Kaapstad. En daarby kom nog dit: „Ds. Du Toit s'n pen was 'n swaard; sowel vriend als vyand moes dit ondervind.”⁴⁸⁾

In die suide was hierdie swaard veral gerig teen Onse Jan en die skrywer se eie Bondsparty, in die noorde teen Oom Paul en die Transvaal — „het land der schandalen.” In 1899 het die Bond formeel besluit om S. J. du Toit as lid te skrap en die *Patriot* nie langer as Bondsorgaan te erken nie. Ondertussen het die oorlogswolke al digter oor

⁴⁷⁾ De Waal: „My Herinnerings van Ons Taalstryd,” p. 41.

⁴⁸⁾ „Weg en Werk,” p. 319.

Transvaal begin saampak. Twaalf dae voor die uitbreek van die oorlog publiseer S. J. du Toit sy „Afgesperste Getuigenis” in antwoord op briewe van verskillende kante wat hom vra waarom hy, wat die afgelope twintig jaar die nasionale herlewing gelei het, nou teen die groot meerderheid van sy volk gedraai het? Lewer dit nie vir hom die bewys dat hy verkeerd is nie? Die Gctuienis begin aldus:

„In de krisis welke ons land doorworstelt, sta ik onder mijn stamverwanten en geloofsgenoten tans bijna alleen, als weleer een Micha onder de 400 Achabs profeten (1 Kon. 22), of als een Elia onder de 400 Baäls-priesters (1 Kon. 18). Allen verklaren met één stem: Transvaal heeft recht in deze strijd, en komt het tot oorlog, dan zal God zeker aan haar zijde strijden.

Onze herhaaldelik uitgesproken overtuiging daarentegen is: Transvaal heeft ongerechtigheden die hersteld moeten worden; dit is wat Engeland eist; weigert Transvaal dit volhardend, en komt het tot oorlog, dan strijdt zij niet voor recht, maar voor onrecht, en kan dus op Gods hulp niet rekenen, en dan vrezen wij de ergste gevolgen; daarom roepen wij haar toe om toe te geven aan *Engelands rechtvaardige eisen* (ek kursiveer) en niet ten strijde te trekken.

En met deze verklaring zijn wij bereid het Godsoordeel af te wachten. Laat mij dan maar vrij intussen gespijst worden met brood der bedruktheid, ik durf met Micha zeggen: *Indien gij enigzins met vrede wederkomt, zo heeft de Heere door mij niet gesproken!*”⁴⁹⁾

’n Mens staan verstom oor die grenslose aanmatiging van hierdie orakel, en die durf daarvan

⁴⁹⁾ „Weg en Werk,” p. 331.

sou bewondering kon afdwing, was dit nie dat S. J. du Toit vroeër ook 'n slag die mantel van die profeet Micha omgehang het nie. Dit was presies twintig jaar tevore, toe hy as kampvegter vir die Boereszaak teen Engeland opgetree en gewaarsku het „as daar bloed sal vloei dat dit tot die regverdige God om wraak sal roep teen Engeland Die anneksasie was so mooi en slim o'erleg dat eenparig Engelse en Hollandse koerante almal die saak as afgedaan beskou en die Boere geraai het om mar te berus. Ons was toen *die enigste Micha onder die profete* (ek kursiveer) — die enigste wanklank in die akkoord. Terwyl algar eenstemmig roep: Berus! het ons volghou: Né, Transvalers, goedwillig julle onderwerp, nooit!”⁵⁰⁾

'n Mens vra jou af of Oom Paul dan ondertussen so swaar sou gesondig het en John Bull so 'n vleklose model van regskaapenheid sou geword het, met Rhodes se dolksteek na die hart van die Boerevolk as bewys daarvan? Maar een ding is in elk geval baie duidelik, en dit is dat hierdie twee Michas nie dieselfde persoon kon gewees het nie, want die laaste se getuienis is 'n direkte loënstraffing van die eerste s'n; geen twee uitsprake oor wat wesenlik dieselfde saak was, kon ooit meer lynreg in teenspraak met mekaar gewees het nie. Veeleer lê die gevolgtrekking voor die hand dat S. J. du Toit in die laaste geval nie Micha of Elia was nie, maar die handlanger van Agab by die inpalming van Nabot

⁵⁰⁾ „Weg en Werk,” p. 228.

se (Transvaalse) wingerd. Maar sy oordeel moes teen hierdie tyd reeds sodanig vertroebel gewees het deur vervreemding en verbittering, dat hy sake nie meer in hul juiste perspektief kon sien nie.

Teen hierdie historiese agtergrond gesien, word S. J. du Toit in sy laaste „donker periode” ’n diep tragiese figuur. Want hy skyn in die waan te verkeer dat hy nog altyd op sy ou fondament voortbou, terwyl hy in werklikheid met eie hande besig is om die volksgebou af te breek, waarvan hy self die argitek was. Die vanselfsprekende resultaat van hierdie onbegryplike frontverandering was dat hy die merendeel van sy eie volk van hom vervreemd het, soos ander leiers na hom ook gedoen het. Hy het die Pad van Suid-Afrika verlaat — daarom het sy eie Regte Afrikaners hom verlaat. By honderde het intekenaars vir die *Patriot* bedank, terwyl van sy getrouste medewerkers, waaronder sy eie broer, hom in die steek gelaat het. Alleen moet hy nou worstel, veral tydens die oorlogsjare, om sy kwynende organe aan die lewe te hou. Dit word ’n sukkelbestaan, totdat die *Patriot* in 1904 en *Ons Klyntji* in 1906 beswyk. In 1904 skryf hy:

„Het valt ons zwaar dit afscheidswoord neer te schrijven. Edoch het kan niet anders. De Paarlse Drukkers-Maatschappij is in likwidatie en weldra worden alle publikaties gestaakt, en moeten wij de pen neerleggen als hoofdredakteur van de *Patriot* gedurende 28 jaren, van de *Getuige* gedurende 26 jaren en van *Ons Klyntji* gedurende 9 jaren. Heel deze zaak is door ons opgebouwd met grote opofferingen; van een klein handpersje en een

klein maandblaadje tot een komplette Drukkers gelijk er weinigen in Z.Afrika bestaan. Ons werk van een leeftijd wordt hiermee nu afgebroken.

En waarom? Ja, hier moet juist het pijnlijk antwoord ons uit de pen: omdat wij in de laatste jaren geen genoegzame ondersteuning vonden en de bezigheid dus niet betaalt. En vanwaar dan dit gebrek aan ondersteuning? Omdat de meerderheid van ons Afrikaander volk ons de rug heeft toegekeerd." ⁵¹⁾

Wat 'n patetiese getuigenis uit die pen van 'n man wat die liefing van sy volk kon gewees het, as hy maar nie sy rug op daardie volk gedraai het nie! Maar — „Ds. Du Toit was 'n Ismael: sijn hand was teen almaal, en almaal sijn hand was teen hom. Dit was sijn roeping om alleen te staan en harde dinge te sê." ⁵²⁾

By die verdwyning van die *Patriot* het prof. Lion Cachet hom as volg uitgelaat:

„*Di Patriot* hadden wij vroeger lief en wij hebben altijd gezegd dat het staken van *Di Patriot* een nationale ramp zou zijn. Er is geen blad dat meer gedaan heeft om de Hollandse Afrikaners op te wekken om deel te nemen in het bestuur des lands dan dit blad. Het leerde velen lezen en terzelfder tijd leerde het velen schrijven. De Bond is het kind van *Di Patriot* en de gehele Afrikaanse beweging vond haar begin in de lezers en ondersteuners van dat blad. Het was bij uitnemendheid het blad der Boeren en ging zijn weg, niettegenstaande de bitterste tegenwerking van een gedeelte der Afrikaners. Het streed voor de onafhankelijkheid der Republieken: gaf de toon aan voor

⁵¹⁾ „Weg en Werk,” p. 341.

⁵²⁾ Dieselfde, in Voorwoord.

de strijd in de Transvaal (bedoel word die Eerste Vryheids-oorlog) met een woord — maakte ons Afrikaners

In de laatste jaren was het echter anders. *Di Patriot* verzette zich tegen het gevoel des volks, en niets was ons bitterder dan in dat blad, eertijds zo gewaardeerd, de stukken te lezen waarin ons volk beschuldigd werd van allerlei overtredingen en waarin de Engelse politiek geprezen werd

Nooit konden wij inzien hoe het mogelijk was dat een blad, zo wel geredigeerd en zo wel bekend met alles wat door het Engelse goevernement gedaan is, niet kon gevoelen de onrechtvaardigheid van de oorlog (bedoel word die Tweede Vryheidsoorlog) en niet kon inzien dat de bittere veroordeling der rebellen, om er het minst van te zeggen, onrechtvaardig was.”⁵³⁾

*

*

*

In die gedonder van die Engelse kanonne gaan die Patriotbeweging onder saam met die twee ou republieke — en daarmee oënskynlik ook die Afrikaanse taal- en volksaak. En by Vereeniging (31 Mei 1902), as die oorlogsrumoer oor die verlate vlaktes wegsterf, snik F. W. Reitz die hartseer saggies uit:

„Niet langer mag de vierkleur wapperen,
Met tranen gaven wij haar af.
Zij is met onze dode dapperen
Verdwenen in een eervol graf.

Gelukkiger zijn zij die vielen,
Toen nog die vlag werd opgebeurd,
Dan wij die met bedroefde zielen
Haar zagen in het stof gesleurd.

⁵³⁾ „Weg en Werk,” p. 334.

Voor haar is daar geen blijde morgen,
Wij scheid en van haar voor altijd;
In 't hart der Natie opgeborgen,
En aan 't verleden toegewijd." ⁵⁴⁾

Ja, oënskynlik was alles verlore. En tog het die ondergang van S. J. du Toit se beweging met sy organe juis die sprekendste bewys gelewer dat die nasionale gevoel wat daardeur in die lewe geroep was, reeds so diep wortel geskiet het dat die leier nie meer by magte geblyk het om sy volgelinge saam met hom 'n anti-nasionale koers te laat in slaan nie. En deur die louteringsproses van die byna driejarige vryheidstryd sou daar geestelike kragte ontketen word wat die hele Afrikanerdom oor die lengte en breedte van Suid-Afrika sodanig sou saamsnoer, dat daaruit 'n nuwe volksbeweging gebore sou word, groter en kragtiger en doelbewuster as ooit tevore in ons geskiedenis.

⁵⁴⁾ „Oorlogs- en andere Gedichten,” p. 69.

V

DIE TRIOMFERINGSPERIODE

1. *Ná Vereeniging — 31 Mei 1902*

Die tragiese slottoneel van die oorlogsdrama was afgespeel. By Vereeniging het die gordyn geval. Die laaste stukkie onafhanklike Boerebestaan was, ná 'n eeu van onreg, vernietig. Duisende krygsgevangenes het in oorsése ballingskap vertoef. Duisende vroue en kinders was soos vee in kampe saamgehoek — dié van hulle wat die oordeel oorleef het. Duisende welvarende Boeretuistes was in puin en as gelê. Die land was in 'n wildernis herskep. Swaar het die stilte van die dood oor die verlate landskap gerus

Jan Celliers het in sy bekende „Dis Al,” een van sy kortste maar veelseggendste digterlike uitinge, met een oogopslag die toestand aldus oorskou:

„Dis die blond,
dis die blou:
dis die veld,
dis die lug;
en 'n voël draai bowe in eensame vlug —
dis al.

Dis 'n balling gekom
oor die oseaan,
dis 'n graf in die gras,
dis 'n vallende traan —
dis al.”

Wat 'n aangrypende voorstelling van die verlatenheid van die landskap en die sieleweedom van 'n hele Boerevolk! Waar eenmaal so mooi gestaan het die vredige Boeretuistes, was daar nou slegs graftes graftes met gras begroei en oor alles heen die groot stilte van die dood die blonde veldgras verstyf in die greep daarvan die draaiende aasvoël 'n simbool daarvan.

En met geboë hoof en betraande oog staan hy daar by die graf in die gras, die balling wat uit krygsgevangenskap teruggekeer het — één van soveel duisende. Na jare van pynlike skeiding en sielsverlange het hulle teruggekom na die vaderland met die wete dat die vryheid verlore was, maar tog nog met die blye hoop op weersien in die hart. En al wat die meeste van hulle terugvind, is graftes, bouvalle, stilte, dood

Skrywer hiervan het so 'n „tuiskoms“ belewe op sy ou geboorteplaas langs die Mooirivier (Potchefstroom), een aand teen sonsondergang in Augustus 1902 Wie kan die gewaarwordinge van so 'n oomblik beskrywe? Daar was net een oorweldigende besef: ál die stryd was tevergeefs gestry, ál die leed verniet gely álles hopeloos verlore.

*

*

*

Maar toe het die wonder gebeur, die grootste wonder van daardie hele oorlogsdrama — die wonder van langsame heropstanding uit die puin van die oorlog van 'n skynbaar vernietigde Boerevolk. Die

digter Totius het dit deur 'n beeld van die ou transportpad so sprekend gesimboliseer in die doring-boompie wat deur 'n swaargelaaide ossewa platgetrap was, maar trots dodelike kneusing weer stadig orent gekom het:

„Sy skoonheid was verlore;
sy bassies was geskeur;
op een plek was die stammetjie
so amper middeldeur.

Maar tog het daardie boompie
weer stadig reggekom,
want oor sy wonde druppel
die salf van eie gom.

Ook het die loop van jare
die wonde weggewis —
net een plek bly 'n teken
wat onuitwisbaar is.

Die wonde word gesond weer,
as jare kom en gaan,
maar daardie merk word groter
en groei maar aldeur aan.”

Die twee ou republike was vernietig; die vierkleur en die oranjevlag was neergehaal; die spinnekopvlag het sy web gespan oor Transvaal en Vrystaat; Paul Kruger was 'n balling, Marthinus Steyn 'n invalide; John Bull se veroweraarsdroom was verweselik

Maar met die vernietiging van die twee laaste Boerestate was terselfdertyd ook die skeidslyne uitgewis wat Kolonialer van Transvaler en Vrystater as sodanig onderskei het. Uit die rokende puinhope

van die oorlog sou 'n groter Afrikanerdom herrys, deur vuur en bloed saamgesmee tot 'n dieper en waaragtiger besef van sy saamhorigheid en nasieskap as ooit tevore in ons geskiedenis. Voortaan sou daar net één gemeenskaplike Afrikanerfront in noord en suid bestaan wat die gesamentlike stryd om 'n eie volksbestaan met geestelike wapens sou hervat. En al het dit alle skyn gehad dat die finale triomf van die Britse veroweraar en sy taal in Suid-Afrika na 100 jaar eindelijk daar by die graf van die twee republieke kompleet was, sou weldra blyk dat hy die republieke verower het om Suid-Afrika te verloor. Want by daardie selfde graf begin ook die geestelike herrysenis wat binne 25 jaar sou uitloop op die triomf van die Afrikanerdom en sy taal. Dit sal in die volgende bladsye verder aangetoon word.

2. *Naoorlogse Taaltoestande*

Artikel vyf van die vredestraktaat van Vereeniging lui as volg: „The Dutch language will be taught in public schools in the Transvaal and Orange River Colony where the parents of the children desire it, and will be allowed in Courts of Law when necessary for the better and more effectual administration of justice.”¹⁾

Die medium van onderrig in die skole sou dus nie die taal van die Boerekind wees nie, maar die taal van die veroweraar, terwyl die „Dutch language” darem as een van die skoolvakke toegelaat sou

¹⁾ Eybers: „Select Const. Documents,” p. 346.

word, maar alleen op spesiale versoek van die ouers. Hierdie skynbaar grootmoedige toegewing was egter nog minder werd as die strokie papier waarop dit neergeskryf was. Want wat 100 jaar tevore by die oorgawe van die Kaap gebeur het, sou hier ook weer plaasvind — beloftes word gemaak met die stilswygende bedoeling om geen gevolg daaraan te gee nie. Engelse leerkragte sou weer ingevoer word om die Boerekinders wat die ontsettende oordeel van die sterfkampe oorleef het, te kom verengels.

Maar wat nog meer is, die volslae waardeloosheid van daardie papier-belofte blyk uit die sprekende feit dat lord Milner, Imperiale Grootbaas in Suid-Afrika tydens die jare 1897-1905, „the greatest of the builders of the British Empire,” reeds so vroeg as Nov. 1900 'n hoogs bekwame onderwys-ekspert na Suid-Afrika laat kom het om so spoedig moontlik met die angliseringswerk te begin. Dit was E. B. Sargent, „a genius as an educationalist, and worth his weight in gold” — soos Milner dit in 'n brief aan Chamberlain uitgedruk het.²⁾

In Febr. 1901 is Sargent benoem tot „Commissioner of Education for the Transvaal and Orange River Colony,”³⁾ en hy het sy taak met soveel vuur aangepak („the education, under Sargent, is going like a house on fire everywhere” — sê Milner verder in bogenoemde brief), dat teen die end van 1901 reeds 17,000 kinders in die kampskole onderrig

²⁾ „The Milner Papers,” Vol. II, p. 316.

³⁾ „The Times History of the War in S.A.” Vol. V, p. 254.

ontvang het, en met die vredesluiting op 31 Mei 1902 het die getal op 30,000 gestaan.⁴⁾

Dus reeds tydens die donker oorlogsjare, terwyl die burgers in die veld nog in 'n stryd op lewe en dood gewikkel was vir die behoud van hul onafhanklikheid, was die vyand reeds hard besig om hul uitgehongerde kinders in die kampe te verengels. Want „except for the religious teaching, which was given in Dutch, all the teaching was in English.”⁵⁾ Dit was in volkome ooreenstemming met Milner se uitgesproke angliseringsbeleid, soos uit die volgende uitlating blyk, gedateer 27 Des. 1900:

„Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else (ek kursiveer). Language is important, but the tone and spirit of the teaching conveyed in it is even more important. Not half enough attention has been paid to school reading books. To get these right would be the greatest political achievement conceivable. I attach especial importance to school *history books* (Milner kursiveer). A good world-history would be worth anything. At present children are only taught the history of South Africa, with at most a little English history, of the narrowest purely English type, thrown in. Everything that makes South African children look outside South Africa and *realize the world* (Milner kursiveer) makes for peace. Everything that cramps and confines their views to South Africa only (limits their historical reading, for instance, to Slagter's Nek and Dingaan's Day and Boomplaats and Majuba) makes for Afrikanderdom and further discord.”⁶⁾

⁴⁾ „The Times History of the War in S.A.,” Vol. VI, p. 35. Op p. 140 word die syfer 42,000 aangegee.

⁵⁾ Dieselfde, Vol. VI, p. 34.

⁶⁾ „The Milner Papers,” II, p. 243.

Hier het ons die onverbloemde openbaring van Milner se imperialistiese planne met die „Afrikanderdom,” en daarom was dit tipies-Britse huigelary om later by Vereeniging te verklaar en met sy eie handtekening te bevestig dat Hollands op die skole onderrig sou word as die ouers daarom vra, terwyl dit lankal by hom 'n uitgemaakte saak was dat dit alleen sou gebeur as Engels daardeur bevorder kon word.

Sargant het dan ook weldra begin met die invoering van Engelse leerkragte. In Aug. 1901 skryf hy aan Milner, wat toe net terug was uit Engeland, waar hy tydens 'n verlofbesoek van drie maande deur die koning tot die adelstand verhef was as beloning vir sy groot dienste aan die Empire:

„We must appeal to England and the brothers and sisters of those who have fought for the Empire, asking them to come over to carry out that part of the work which their kinsmen were not able to complete. Our military operations have resulted in the greater part of the boys now remaining in the camps, and I am convinced that we have no better opportunity than now to make them all English-speaking next year.

What we now require here are women, highly capable teachers with strong patriotism who would be willing to come hither and face the hardships of the camp life, in order to teach the children of the burghers our language and our ideals. Gradually these children should also be taught our great Imperial ideals.”⁷⁾

⁷⁾ Hierdie teks is 'n hervertaling uit Hollands, aangehaal in „Die Brandwag” van 15 Des. 1910, p. 418. Die beroep van Sargant self kon ek nie in hande kry nie.

Sulke taal moes Milner se hart van vreugde laat opspring het, en Sargant se beroep het dan ook so 'n uitwerking gehad op die „mensliewende” Britse onderwyswêreld dat rekrute oormekaar geval het om daaraan gehoor te gee, blykens die volgende mededeling van *The Times History of the War*:

„The response to the appeal, inspired by patriotism and a genuine desire to benefit the unfortunate victims of the war, was remarkable. In the early months of the year (dit was 1902) 200 highly-trained teachers from the United Kingdom, selected out of over ten times that number, and 100 from Canada, Australia, and New Zealand, as well as a small number of headmasters, began to arrive, and threw themselves into their new work with a devotion and an indifference to the discomforts of camp life which rapidly won for them the affection and respect both of the children and of the Dutch teachers already in the camps. With their arrival the attendance increased, and by the end of May reached a total, for all the camps, of nearly 30,000, a figure far in excess of the total school attendance for the two Republics before the war.”⁸⁾

Dit val sterk te betwyfel of die Sargant-rekrute so 'n welkome ontvangs gekry het as wat hierdie skrywer te kenne wil gee. Veel nader aan die waarheid sal 'n ander skrywer wees wat verklaar: „These teachers had come from England, Canada, and Australia, in gallant response to an appeal. But they had to face a Dutch public, hostile to teachers who could not speak their language. In the end failure had to be recognized.”⁹⁾

⁸⁾ Aldaar, Vol. VI, p. 55.

⁹⁾ „The Milner Papers,” II, p. 278.

Afwisseling in die eentonige kampelewe, van watter aard ook, moes vir die kinders natuurlik welkom gewees het, maar dit spreek vanself dat die moeders in die gegewe omstandighede 'n natuurlike agterdog sou gekoester het teenoor die ingevoerde skooljuffers wat net Engels kon verstaan, en dat dit derhalwe haas bonatuurlike takt en toewyding moes vereis het om hul vertrouwe te wen. Maar wat ook al die geval mag gewees het, oor een saak hoef daar nie die minste twyfel te bestaan nie, naamlik dat Sargant alle pogings in die werk gestel het om die oorgeblewe Boerekinders reeds tydens sowel as onmiddellik ná die oorlog met die groots moontlike spoed te herskep in nagmaakte Britjies. - Want sy eerste keurkommando van „highly capable teachers” is binne enkele jare na die vredesluiting gevolg deur nog etlike duisende „patriotic young women” uit alle oorde van die Britse Ryk, wat die verowerde republieke binnegestroom het om hierdie edele werk vir die Empire te kom verrig. Nooit was die Afrikanervolk meer blootgestel aan die angliseringsgevaar as in hierdie periode nie, juis omdat die toestande daarvoor so gunstig was en die hele diaboliese bedryf so pragtig gecamoufleer kon word onder die voorgewende dekmantel van „a genuine desire to benefit the unfortunate victims of the war.”

Dat daar 'n wesentlike gevaar bestaan het dat die Afrikanervolk sy identiteit kon verloor en heeltemal kon ondergaan in die vloedgolf van verengelsing, blyk verder uit die treurige feit dat baie Afrikaners

losgeruk is van die sterkste anker van ons volkslewe, die Boerekerk, en by Engelse Kerke aangesluit het. Verder het daar nog 'n ander magtige faktor in die spel gekom — Milner het die hele staatsdiens verengels. „Meanwhile Milner had also gathered round him that group of able young men, drawn from the Civil Service and elsewhere in England, who came to be popularly known as his *Kindergarten*.”¹⁰⁾

Die taal van die veroweraar het dus nou die groot voordeel gehad dat dit as oorheersende skooltaal en staatstaal die hele maatskaplike struktuur soos 'n suurdeeg kon deurtrek. Want die enigste vesting waar Hollands nog 'n houvas gehad het, die Boerekerk, het ook begin kapituleer, veral in Kaapland, soos hiervoor in hoofstuk twee reeds aangetoon is. En Afrikaans, die eintlike landstaal van die ou Boerebevolking, was sonder enige beskerming aan die genade van die Engelse weer en wind blootgestel. Die noodwendige gevolg was dat sowel Hollands as Afrikaans, vir sover hulle dan nog gehandhaaf kon word, weldra ernstig aangetas is deur die ongeneeslike Engelse taalsiekte wat algemeen bekend geword het as die anglisisme-kwaal, met die bykomende verskynsel van taalvermenging. Tal van voorbeelde sou aangehaal kon word, maar laat die volgende paar as illustrasie dien:

¹⁰⁾ „The Milner Papers,” II, p. 381.

„Nee, ou neef” — so het die ou oom op die stasie aan die skrywer verklaar — „die ding loop nou glad verkeerd met onse taal; party Boere praat nou alte wonderlik: hulle sê vir mes *neef*, vir neef *kussing*, vir kussing *Piet Louw*, vir 'n dooi perd *karkis* en vir groente *witslippel merries*.”¹¹⁾

Hier is iemand wat sy nood by die koerant kom kla:

„Warde Mister Edukteur,

Ons sou vraag een weinig plaats in u newspaper, om te wiet wie te blyme is voordat ons nou gesummon word voor die rations wat ons van die repatriation kry het. Wy heef gesoekt naar werkt en overal applications gemaakt, maar virniet — houserent is duur en moet wei ook rates betaal en taxes aan de munipalitei. Laas week ben wei met de baisekel na X gewees om te apply by die condokter van die road party, maar hy appoint net Engelschen en kassers”¹²⁾

Hierdie soort „opmixery” van twee en selfs drie tale het op skrikbarende wyse toegeneem. Dit was nie net die geval by minder ontwikkeldes nie, maar selfs in die beste Afrikaanse kringe en huisgesinne het dit hoe langer hoe meer 'n soort modetaal geword. Die oorheersende posisie van Engels het meegebring dat uitlatinge soos die volgende skering en inslag geword het in die alledaagse gesprekke van ontwikkelde jongmense, vir sover hulle nie uitsluitend Engels gepraat het nie:

„I say, Joey, jy weet, for the life of me, ek kan nie meer decent Dutch praat nie, isn't it funny?”

¹¹⁾ „De Volkstem,” 7 Jan. 1905.

¹²⁾ Dieselfde, 24 April 1907.

„Aag wat, Girly, ek worry my nie meer oor die language question nie, want mens kan dit tog nie avoid om die twee languages op te mix nie.’”

In huis en skool, in geselskap en briefwisseling, op die sportterrein, in die debatsvereniging, in winkels en kantore, op die spoorweë en orals in die staatsdiens, waar ook al — alles was weldra deurtrek van hierdie nuwe Engelse tydgees. Wie 'n betrekking wou hê, wie 'n vername figuur wou slaan, wie by die poskantoor en die winkel geholpe wou raak, en veral wie van sonde en ergernis ontslae wou wees — moes Engels praat. En dit was nie net die geval in die verowerde republieke nie, maar sedert jare reeds die normale toestand in die Kaapkolonie, waar baie families met goeie Afrikaanse name mettertyd totaal verengels geraak het, terwyl baie ander wat nog 'n skyn van Afrikanerskap probeer bewaar het, deur aan die Kerk van hul vaders getrou te bly, tog in die openbare lewe aan Engels die voorkeur gegee het bo „the taal” — soos Afrikaans met verkleinerende vriendelikheid bestempel is. Meer dan ooit tevore was die noodkreet van die Patriot-digter uit die sewentiger jare nou op die hele Suid-Afrika van toepassing: „Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jy sien en hoor”¹³⁾

5. *Eerste Tekens van Verset*

Dit was inderdaad donker op die volkshorison. Maar daar was gelukkig ook nog wagters op die

¹³⁾ Vgl. hfst. II, p. 67.

verbrokkelde Sionsmure; daar was nog profete onder die ontredderde volksmenigte wat nie gekroom het om 'n waarskuwende stem te verhef nie; daar was nog duisende uit die groot verdrukking wat geweier het om die knie vir die Engelse Baäl te buig en op sy altare te offer. Orals het stemme van protes opgegaan wat al sterker en luider geword het. So skryf pres. Steyn aan die bekende Boerevriend, William Stead:

„Wij verlangen dat Engeland het traktaat van Vereniging uitvoert, alsook de toenmaals gegeven beloften, door de Hollandse taal ernstig op de scholen te doen onderwijzen. Tans is dat onderwijs enkel schijn. Wij verlangen inderdaad gelijkstelling der beide talen.”¹⁴⁾

Maar toe dit blyk dat proteste niks baat nie, en dat selfs petisies aan die regering sonder uitwerking bly, het weer gebeur wat in soortgelyke omstandighede honderd jaar tevore gebeur het — daar het orals in die verowerde republieke privaatskole ontstaan op ou republikeinse grondslag. Vooraanstaande Kerk- en onderwysmanne van die vooroorlogse bedeling het 'n beweging in die lewe geroep vir „Christelik Nasionaal Onderwijs,” wat sodanig opgang gemaak het dat daar teen die end van 1904 reeds 200 C.N.O.-skole bestaan het met Hollands as voertaal, bygewoon deur ongeveer 6000 kinders, teenoor 30.000 op die staatskole. Maar die C.N.O.-skole moes van die begin af 'n opdraande stryd voer weens

¹⁴⁾ Deur „De Volkstem” (10 Maart 1906) aangehaal uit die „London Times” (13 Febr. 1906).

gebrek aan geldmiddele. Die ouers was deur die oorlog sodanig verarm dat hulle weinig kon bydra tot instandhouding daarvan, sodat die beweging grotendeels afhanklik was van bevriende steun uit Holland.

Herhaaldelik is dan ook pogings aangewend om staatsteun te verkry, aangesien in die meeste van hierdie skole, met groot opoffering van die kant van goedgckwalifiseerde onderwyskragte, net sulke goeie werk verrig is as in die bevoorregte staatskole. Maar Milner het beslis geweier, want sy angliseringsbeleid sou daardeur in gevaar gestel word. In 'n brief aan Chamberlain, gedateer 29 Sept. 1902, skryf hy:

„No help is being given to Voluntary Schools. I think it would be a great mistake to admit that principle. If once we began it I do not know where we should stop, and the National system, which we are trying to establish, and which, if successful, will do more than anything else to fuse the discordant elements of this community into one people, would be defeated by competing systems of Voluntary Schools, especially as they must inevitably be run on race lines. If different English denominations had their own schools, the Dutch Reformed Church would certainly run its schools everywhere — they will certainly do that to some extent in any case — and education would thus become a means of perpetuating, rather than obliterating, race distinctions.”¹⁵⁾

Daarop is pogings in die werk gestel om met die regering tot 'n ooreenkoms te geraak. Die C.N.O.-leiers was nie ongeneë om met Milner se sogenaamde

¹⁵⁾ „Milner Papers,” II, p. 278.

„national system of education” (arme misbruikte woord *nasionaal!*) akkoord te gaan en die privaat-skole onder staatsbeheer te plaas nie, maar dan moes hulle veral op twee beginselpunte tevrede gestel word. Eerstens moes gedeeltelik deur ouers benoemde skoolkommissies medeseggenskap kry by die aanstelling van onderwysers, en tweedens moes Hollands op gelyke voet met Engels behandel word. Sulke ongehoorde eise is natuurlik onverbiddelik van die hand gewys, want hoe kon nou van Alfred Milner verwag word om nie alleen sy Afrikaanse prooi los te laat nie, maar boonop nog die Engelse kind aan die gevaar van die gehate „Dutch predikants” bloot te stel? En watter waarde het daar nou eintlik in „Dutch” gesteek in vergelyking met die onvergelyklike „English”? Maar laat Milner self praat:

„To teach a Dutch child (d.w.s. Boerekind) English is to teach him something of the greatest possible value to him, and *which he would have to learn in any case* (Milner kursiveer) if he wanted to get on in life in any other line except the most backward forms of agriculture. *To teach an English child High Dutch is pure waste of time* (ek kursiveer). It is a very difficult language, which is absolutely useless to him except for its artificial use in official business, into which it has been introduced with a political object—the promotion of Africanderdom (hy doel hier op die offisiële erkenning van Hollands naas Engels in Kaapland sedert 1882). For ordinary life and intercourse with the common people it is no good at all, as the ‚taal’ (dit word in ’n voetnoot verklaar as *Cape Dutch patois*) is really almost a different language, and you might as well compel people to learn Chaucer in order to carry on business at the East End. High Dutch is simply

kept up in opposition to English, and the only object of making Englishmen learn it is to *make them pass under the Africander yoke* (ek kursiveer)."¹⁶⁾

Dus — as die Engelse kind in Suid-Afrika Hollands moet leer, word hom 'n groot onreg aangedoen, want dis nie net vir hom waardeloos nie, maar dit plaas hom „under the Africander yoke.” Maar as die Afrikanerkind geforseer word om Engels te leer, dan word hom 'n groot weldaad bewys, want dis 'n voorreg om die Engelse juk op jou nek te mag plaas. So redeneer die Britse imperialis.

Milner het hier verwys na Kaapse toestande, waar Hollands, toe hy daar aan die bewind gekom het, in teorie reeds offisiële afskeep-erkenning geniet het, en so iets moes in die noorde voorkom word. Daarom temeer lê dit voor die hand dat hy so 'n waardelose taal nie in die verowerde republieke sou duld nie, waar hy nou by magte was om die wet voor te skrywe. Maar in skere sin het hy tog volkome gelyk gehad wat Hollands betref, want wat sowel die Engelse as die Afrikaanse kind in S.A. nodig gehad het, was nie „High Dutch” nie, maar „Cape Dutch” — Afrikaans en Engels naas mekaar. Dit spreek egter vanself dat so 'n „patois” soos „the taal” ver benede sy verhewe waardigheid moes wees, waar Afrikaners self nog daarop neergesien het.

So moes die C.N.O.-skole, waarvan die getalle mettertyd sterk afgeneem het, maar sonder regering-

¹⁶⁾ „Milner Papers,” II, p. 42.

steun die ongelyke stryd volhou totdat die Transvaal en Vrystaat in 1906 selfregering gekry het en hulle onder 'n gunstiger staatsbeheer as dié van Milner geplaas kon word.

Naas die Hollandse Kerke het ook die S.A. Taalbond in hierdie jare 'n kragtige propaganda gevoer ter bevordering van Hollands, o.m. deur die invoering van die „Vereenvoudigde Spelling,” waarvan die bedoeling was om die Hollandse skryftaal nader aan die Afrikaanse spreektaal te bring. Maar al hierdie pogings om die angliserings-proses deur middel van Hollands te probeer stuit, hoe goed en ernstig ook al bedoel, sou op die duur vrugteloos blyk, en wel om die eenvoudige rede dat Hollands 'n boektaal was wat sedert geslagte nie meer in die volksmond geleef het nie, sodat dit vir die Afrikaner feitlik reeds 'n vreemde taal was. Daarteenoor het die lewende Engelse taal gestaan wat nou 'n besliste oorwig in die hele Suid-Afrika gehad het en waarmee alle kringe van die maatskaplike en veral ekonomiese struktuur in daaglikse aanraking gekom het. Daar was net een doeltreffende middel wat op die duur bestand sou blyk teen die magtige Engels. Dit was die lewende landstaal van die Boerevolk — Afrikaans.

4. *Herlewing van die Afrikaanse Taalgedagte*

Die Kerk- en onderwysmanne wat in hierdie jare die stryd teen Engels aangeknoop het, was almal manne van die ou garde wat nog aan Hollands

vasgehou het en soveel moontlik aansluiting gesoek het by Holland en sy literatuur. Vir hulle was dit die enigste moontlike wapen waarmee die hoof gebied kon word aan die toenemende Engelse gevaar, en die kanale waarlangs dit moes geskied, was die Kerk en die Skool.

Maar by 'n jonger generasie het weldra die lewendige besef posgevat dat die taktiek gewysig moes word en dat daar 'n radikale verandering moes kom in die propagandamiddels, anders sou dit 'n vergeefse stryd wees. Hulle het al meer tot die oortuiging gekom dat die groeiende nasionale gedagte sy natuurlike en spontane verwesenliking alleen kon vind in die taal van die hart — die Afrikaanse volkstaal — en hulle is in hierdie oortuiging gesterk deur die eerste sporadiese aanduidings van die komende geboorte van 'n eie letterkunde in die volkstaal.

Net soos by die begin van die Afrikaanse Taalbeweging is dit ook hier nie moontlik om presies te bepaal waar en wanneer en by wie die eerste herlewing van die Afrikaanse taalgedagte tot uiting gekom en vaste vorm gekry het nie, en ook hier is dit van minder belang as die feit self dat dit gebeur het. Aanvanklik is dit, in die eerste donker jare na die oorlog, soos verlore stemme wat daar roep in 'n woestyn van verknegting:

„Hoe lang moet ons nog swerf en stry
 en stil-swaar worstel met die dwang,
 en hoon en smaad en skimptaal ly:
 Hoe lang?

Van waar die arme siele kom
wat in geen eie toekoms staar,
en ons wil oplos in 'n vreemde drom:
Van waar?"¹⁷⁾

Maar hoe meer die dwang toegeneem het, hoe groter die gevaar geword het om opgelos te word in die „vreemde drom” — die uitlanderelement wat die verowerde goudland in groot getalle binnegestroom het — des te sterker en talryker en dringender het sulke stemme ook geword. En hulle het almal in dieselfde rigting gewys — Afrikaans. Dan blyk dit op 'n gegewe tydstip uit die pers dat oor die hele land 'n herlewing van die Afrikaanse taalgedagte aan die gang is; die los- en alleenstaande kragte kom in voeling met mekaar, begin planne beraam vir gesamentlike optrede — en die nuwe beweging is daar.

Onder die aanvoorders daarvan moet veral twee manne genoem word, J. H. H. de Waal in die suide en G. S. Preller in die noorde, wat 'n vaste koers ingeslaan en leiding gegee het, toe ander nog onseker rondgetas het na 'n bepaalde gedragslyn, soos straks nader aangetoon sal word. Maar naas hierdie twee moet nog meer persone genoem word wat in hierdie eerste naoorlogse jare vir Afrikaans begin pleit het in die verskillende blaaië, waaraan hulle destyds verbonde was of meegewerk het, te wete Johan Visser en ds. Willem Postma (*De Vriend*, Bloemfontein), J. S. M. Rabie (*De Afrikaner*,

¹⁷⁾ „De Volkstem,” 30 Aug. 1905.

Pietermaritzburg), D. P. du Toit (*De Middellandse Afrikaner*, Cradock), Eugène Marais (*Land en Volk*, Pretoria) en J. H. L. Schumann (*De Transvaler*, Fordsburg). Dan was daar nog tal van korrespondente uit alle dele van die land wat instemming betuig het, en natuurlik was daar spoedig ook 'n hele koor van teenstanders net soos in die dae van die *Patriot*.

Al hierdie manne het met steeds groter nadruk en oortuiging die een groot saak vooropgestel: Die volksbestaan van die Afrikaner is op die spel! Daar moet planne beraam word om die gevaar die hoof te bied, en dit moet gou gebeur, want die toestand word elke dag meer kritiek. Dis 'n saak van nasionale selfbehoud òf nasionale ondergang, van volkslewe òf volksdood, en daarom vereis dit ook nasionale redmiddels. En die eerste aangewese redmiddel is *die taal* wat in die mond van die volk leef; met die behoud daarvan sal die volk voortbestaan, met die verlies daarvan sal hy ondergaan, want sonder eie taal geen eie nasionaliteit en sonder eie nasionaliteit geen eie taal. Daarom is dit nutteloos om nog langer met Hollands te sukkel, want die Afrikaner is sedert geslagte al nie meer Hollander nie, waarom die taal ook vir hom vreemd geword het; en deur Hollands nog te wil propageer, word niks anders bereik nie as om Engels indirek in die hand te werk. Laat Hollands staan en red die verwaarloosde volks taal; praat en skryf dit, versorg en beskerm dit; maak dit tot draer van

die nasionale gedagte, tot skepper van 'n nasionale letterkunde, en verhef dit uiteindelik tot die status van offisiële landstaal.

Met tal van sitate uit die destydse Hollandse pers sou hierdie standpunt van die nuwe beweging nader toegelig kon word. Laat die volgende aanhaling uit *De Afrikaner* as tiperende voorbeeld dien:

„Al de voornaamste Hollandse kranten in Zuid-Afrika volgen de nieuwe spelling, goedgekeurd door de Taalkonferentie te Kaapstad. Wij zijn dus verplicht — of wij het willen of niet — hetzelfde te doen. En wij willen het maar al te graag! In de eerste plaats terwille van de eenvormigheid Maar dan ook en vooral, omdat deze vereenvoudigde spelling een eerste stap is op de weg, die leiden moet tot de vestiging van 'n eigen Zuid-Afrikaanse Taal en Letterkunde. Onze toekomst is Afrikaans of niets (iets later). Onze toekomst is niet Hollands en ook niet Engels, maar Afrikaans. Alle tekenen wijzen daarheen Ons ontbreekt nog 'n vol besef van onze meerderjarigheid. Maar wij gaan die weg op — Afrika wordt Afrikaans!”¹⁸⁾

Dit moet by die huidige geslag wat met Afrikaans opgegroeï het, bevreemding wek dat so 'n kerngesonde en vanselfsprekende standpunt nie onmiddellik algemene byval gevind het nie. Maar ons moet in gedagte hou dat die ou skryftaaltradisie baie diep gewortel was by die ouer generasie, en wat vandag as vanselfsprekend geld, was vir hulle destyds niks minder as die grootste revolusionêre dwaasheid nie.

¹⁸⁾ Aangehaal in „De Volkstem,” 4 Febr. en 3 Mei 1905. Die redaksie voeg daarby: „Zó moet 'n man mos praat!”

Die mees besliste teenstand sou dan ook nie van Engelse kant kom nie, maar van Hooghollandse kant, en dit sou nog baie jare van volhardende oortuigingswerk en selfs verbitterde stryd kos, alvorens die deugdelikheid van hierdie standpunt ingesien en erken sou word.

5. *De Goede Hoop* (1903)

Dis seker 'n ironiese feit dat die eerste naoorlogse orgaan wat doeltrewus vir Afrikaans propaganda sou maak, juis deur voorstanders van Hooghollands in die lewe geroep moes word. Onder beskerming van Onse Jan (J. H. Hofmeyr) en mev. Marie Koopmans-De Wet, twee leidende figure in Kaaplandse Afrikanerkringe, en ander vooraanstaande persone, het in Julie 1903 in Kaapstad tot stand gekom *De Goede Hoop, een Zuid-Afrikaansch maandblad voor Jongelieden*. Tot redakteur is benoem adv. J. H. H. de Waal, 'n oortuigde voorstander van Afrikaans, hoewel nog onbekend, wat hom reeds sedert die begin van die neëntiger jare onder die skuilnaam „Janni” vermaak het met politieke geleentheidsrypries in Afrikaans in die Kaapstadse blad, *Ons Land*.

Luidens die naam, het die oprigters van *De Goede Hoop* nog geloof gehad in die toekoms van Hollands in Suid-Afrika, en hoewel hulle met die oog daarop onbewus juis die verkeerde man aan die roer geplaas het, was dit 'n besonder gelukkige keuse wat die toekoms van Afrikaans betref het, sodat die Hollandse

naam inderdaad 'n onbewuste voorteken van komende gebeurtenisse kan heet — vir Afrikaans.

In sy „Inleidingswoord” het die redakteur oud en jonk uitgenooi om vir die blad te skryf en meegedeel dat bydraes na verkiesing in Hollands of Afrikaans gestel kon word. Die eerste nommer het reeds enkele Afrikaanse stukke bevat, maar hoewel nog geen vier van die 26 bladsye leesstof daarvoor afgestaan was nie, het 'n korrespondent uit Stellenbosch dadelik beswaar gemaak dat „er te veel Afrikaansch in het eerste nummer voorkomt,” want die blad was tog opgerig „om jonge Afrikaners in Hoog-Hollandsch te helpen opleiden.” De Waal het geantwoord „dat dit cen volksblad is en de redaktie, volgens belofte, geen stukken zal afwijzen, net omdat ze in het Afrikaansch geschreven zijn; dat Kaapsch-Hollandsch bij velen bijval vindt en hoe langer hoe meer als zelfstandige taal erkend wordt, en dat het niet zozeer het doel van de stichters is geweest om de lezers in het Hoog-Hollandsch voort te helpen, dan om leeslust op te wekken.”¹⁹⁾

Hy kom dan ook self in hierdie tweede nommer, weer onder die skuilnaam „Janni,” met 'n Afrikaanse toncelstuk, *Anjelina*, voor die dag, terwyl hy in die derde nommer sy voldoening uitspreek oor die toename van Afrikaanse bydraes. Hy sê o.m. (sy inleidingsartikels het aanvanklik in diplomaties gestelde Hooghollands verskyn):

¹⁹⁾ „De Goede Hoop,” Aug. 1905.

„Wat mij tot nog toe het meest in verband met dit blad heeft getroffen, is dat zoveel gedichten, grappen, enz., in de Afrikaansche taal geschreven zijn. Het lijkt alsof deze taal, die reeds tamelijk algemeen door Afrikaners als een zeer degelijke en deugdelijke *spreektaal* wordt erkend en aangenomen, ook als *schrijftaal* hoe langer hoe meer in den smaak valt.”

Daarom vind hy dit wenslik om 'n meer eenvormige spelling te volg; en om die Hollandsgesinde leser nie af te stoot nie, maar veeleer gunstig te stem, beveel hy as leidraad aan: „Spel volgens de uitspraak, maar wijk niet onnodig van de Hoog-Hollandsche spelregels af.” Dit was verstandige taktiek, want baie Afrikaners was nie soseer teen Afrikaans as taal gekant nie as teen die afwykende skrifbeeld daarvan, omdat hulle nou eenmaal gewoon was aan die tradisionele Hollandse skrifbeeld. Daarom het selfs die vereenvoudigde Hollandse spelling van die Taalbond soveel teenkanting ondervind. Verder was hy natuurlik bewus daarvan hoeseer die later sterk afwykende spelling van die *Patriot* meegewerk het om Afrikaans in diskrediet te bring.

De Waal het al gou agtergekom dat sy jong lesers die voorkeur gee aan Afrikaanse verhale, en aangesien hy hom op niemand kon beroep om in hierdie behoefte te voorsien nie, het hy besluit om dit maar self te probeer doen. „Daar ek egter self maar min romans in my lewe gelces het, dus betreklik weinig van die romantiek wis en my talente bowendien nie bra vertrou het nie, het ek dit vir my reputasie die veiligste geag om my naam vir die

algemene publiek te verberg en my maar weer Janni te teken." ²⁰⁾

Daar het nog 'n tweede oorweging bygekom: hy sou die op skool veronregte vaderlandse geskiedenis in aantreklike, verdigte vorm vir die jeug verwerk, „omdat ek 'n dubbele nasionale slag wou slaan." So het dit gekom dat die nood van Jannie de Waal 'n historiese romanskrywer gemaak het, waarby hy geen ander voorbeeld gehad het nie as Jacob van Lennep! Sedert Jan. 1904 het hy *Johannes van Wyk* as vervolgv verhaal in sy blad laat verskyn, en in 1906 is dit in boekvorm uitgegee as die eerste naoorlogse historiese roman.

In die Junie-nommer van 1904 het hy 'n lang pleidooi in versvorm ten gunste van Afrikaans gelewer, terwyl hy in die volgende nommer op die wenslikheid wys om die spelling deur 'n kommissie van taalgeleerde Afrikaners te laat vasstel, en verder die gedagte uitspreek dat 'n taalvereniging opgerig moes word „met het oog op het behoud en het voorthelpen van ons geliefd Afrikaansch."

Tot dusver het De Waal nog 'n versigtige propaganda-beleid gevolg en hom skuil gehou agter sy redakteurlike anonimiteit sowel as die skuilnaam „Janni," maar in die laaste maande van 1904 het hy openlik na buite begin optree as kampvegter vir Afrikaans. Aanleiding daartoe was die voorgestelde „Vereenvoudigde Spelling" van die Taalbond, wat dadelik 'n vinnige driehoekstryd veroorsaak het.

²⁰⁾ „My Herinnerings van Ons Taalstryd," p. 110.

Aan die een kant het voorstanders van „zuiver Nederlandsch” die Taalbondvoorstelle afgekeur (waarby hulle onder die waan verkeer het dat *spelling* die wese van die *taal* sou aantas en *mens* dus nie meer dieselfde sou wees as *mensch* nie!), en aan die ander kant voorstanders van Afrikaans, onder wie De Waal die voorvegter was.

In *Ons Land* van 3 Sept. 1904 het hy daarop gewys dat die Vereenvoudigers 'n onmoontlikheid beoog wat in die nugtere praktyk moes uitloop op 'n samesmelting van Nederlands en Afrikaans. Hy skryf o.m.:

„Als wij toch van de erkende Nederlandsche taal en spelregels moeten afwijken, waarom moet die afwijking net genoeg wezen om onze taal in een zeer gebrekkig Nederlandsch te veranderen? Waarom kan de afwijking niet, eens en voor altijd, zoo radikaal wezen dat ieder, die een zin in onze taal leest, dadelijk zal zeggen: Dat is geen *quasi-Nederlandsch* of gekunsteld Kaapsch-Hollandsch — dat is het zuiver Afrikaansch? In dat geval zouden wij zoowel de taal van Holland als die van Zuid-Afrika zuiver houden, in plaats van een mengelmoes van beide te maken.”

Ook in sy eie blad het hy die Vereenvoudigers bestry en o.m. gesê: „Hebben wij Afrikaners het niet moeilijk genoeg om zoowel Nederlandsch als Afrikaansch in dit Engelsche land in stand te houden? Laat de lieve Taalbond ons toch niet met een derde Hollandsche taal komen lastig vallen.” Dit het hom natuurlik die ongenocë van die Taalbond-voormanne (hulle was hoofsaaklik ook die kerklike leiers van daardie dae) op die hals gehaal,

en die gevolg was 'n lewendige polemieek in *Ons Land*, waarin hy skerp slaags geraak het o.m. met dr. W. J. Viljoen, bekende professor in Nederlands op Stellenbosch en aanvoerder van die Vereenvoudigers. Ook die waardige prof. P. J. G. de Vos van die Kweekskool, voorsitter van die Taalbond, het De Waal se optrede betreur en hom gewaarsku dat *De Goede Hoop* daaronder sou ly. Verder het die beheerders van sy blad hom versoek om geen taalpolemieek daarin te voer nie en voortaan ook minder Afrikaans daarin toe te laat. Aan die ander kant het baie Afrikaansgesindes hul instemming met sy optrede betuig.

De Waal het dus nou in die moeilike posisie te staan gekom dat hy noodgedwonge maar moes brick aandraai as hy nie heeltemal wou tou opgooi en sy blad prysgee nie. Maar daar was nog ander faktore in die spel wat 'n deurtastende optrede van hierdie oortuigde Afrikaanse taalman nie net baie bemoeilik het nie, maar aanvanklik feitlik onmoontlik gemaak het. Oënskynlik was die omstandighede vir 'n kragtige herlewing van die taalbeweging nêrens so gunstig as juis in Kaapland nie, want sedert 1875 was die Paarl reeds die brandpunt gewees van die stryd „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land”; buitendien het albei organe van die vooroorlogse beweging nog bestaan, al was dit ook 'n sukkelbestaan — *Die Patriot* tot 1904 en *Ons Klyntji* tot 1906. Daarom sou 'n mens juis verwag dat hierdie organe met nuwe lewe besiel moes geword

het en kragtige hulpmiddels vir die nuwe beweging moes gewees het. En tog het De Waal hulle nie alleen heeltemal links laat lê nie, maar moes hy in sy eie blad, soos geblyk het, baie versigtig te werk gaan met sy propaganda vir Afrikaans.

Waarom dan hierdie skynbaar vreemde gedragslyn? Die antwoord op hierdie vraag is reeds gegee aan die slot van die vorige hoofstuk — S. J. du Toit se politieke frontverandering. Die groot leier van vroeër het ontrou geword aan homself, aan sy volk en vaderland, hoewel hy nog sy moedertaal probeer dien het. Maar vaderland en moedertaal laat hulle nie van mekaar skei nie — saam eis hulle onverdeelde lojaliteit. S. J. du Toit se ontrou aan die vaderland het homself gewreek op sy skynbare trou aan die moedertaal; *Afrikaans* het vir baie mense 'n onafrikaanse kleur en geur aangeneem — dit het *Patterjots* geword.

Daarom kon De Waal nie op die *Patriot*-fondament voortbou nie, maar was hy genoodsaak om 'n terughoudende taalpolitiek te volg „totdat die *Patriot*-ruik wat daar nog aan Afrikaans gekleef het, 'n bietjie weggewaaie het.” Daarby kom nog sy persoonlike verhouding tot die stigter van sy blad (Onse Jan), die gesag van die Kerk en die Taalbond, 'n gevestigde Hooghollandse tradisie in die ou Kolonie — almal faktore wat remmend gewerk het. Daarom temeer moet aan De Waal hulde gebring word vir die groot dienste wat hy aan die Afrikaanse taalsaak bewys het. Ten spyte van kniehalers het

hy jare lank as redakteur van *De Goede Hoop* rigting gegee aan die nuwe beweging in die suide en veel daartoe bygedra om Afrikaans as skryftaal te bevorder. Soos later sal blyk, het hy ook 'n prominente aandeel gehad in die stigting en werksaamhede van die A.T.V.

Maar nie alleen as voorvegter vir Afrikaans sal sy naam in ere gehou word nie, want ook as skrywer en medeskepper van 'n volksletterkunde verdien hy sy beskeie plek. Al was hy geen kunstenaar in die engere sin van die woord nie, die nasionale nood het van hom 'n volkskrywer gemaak, getuie die twaalfstal historiese romans, verhale en toneelstukke wat uit sy pen gekom het, verskeie waarvan herhaaldelik herdruk is.²¹⁾ Veral sy eerste werke het as propagandamiddels uitnemende dienste bewys, toe daar nog geen Afrikaanse literatuur bestaan het nie. Met waarheid het Langenhoven, sy latere wapenbroer, van hom gesê:

„Toe ons ander nog geslaap het, was Jannie de Waal wakker; toe ons van tyd tot tyd moeg geword het, het hy volhard; konsekwent, van sy jong dae af, sonder berekening van voordeel of nadeel vir sy beroep of vir sy ambisie, het hy vir Afrikaans geywer. Dis my 'n voorreg om hier te erken dat hy in die Volksraad voortgebeur het toe ek, destyds sy kollega daar, teëgehou het.”²²⁾

²¹⁾ De Waal se *Versamelde Werke* is in praghand (agt bande) uitgegee deur die Nasionale Pers in 1939.

²²⁾ „L' Dienswillige Dienaar,” p. 142.

6. Laat 't Ons Toch Ernst Wezen!

Terwyl die Afrikaanse gedagte in die eerste naoorlogse jare sy vernaamste draer en woordvoerder in die suide gevind het in Jan de Waal, het dit so getref dat daar iets later in die noorde 'n bekwame pleitbesorger opgestaan het in die persoon van Gustav S. Preller, wat weldra die Afrikanerkragte aldaar sou mobiliseer en aanvoer in die nuwe offensief vir Afrikaans, waarmee De Waal reeds voel-voel aan die gang was.

Preller het 'n veel vaardiger pen gehanteer as De Waal, deurdat hy 'n Nederlandse agtergrond gehad het uit die ou republikeinse dae en gevolglik vry was van die opvallende anglisistiese invloede wat De Waal, weens sy Engelse agtergrond, nooit heeltemal kon ontgroeï nie. Daarby het Preller reeds joernalistieke ervaring gehad toe hy vir Afrikaans in die bres getree het. Sedert Sept. 1902 was hy redakteur van die weekblad *Land en Volk*²³) en sedert Maart 1903 sub-redakteur van die bekende Pretoriase blad, *De Volkstem*. Buitendien was hy vry van die kniehalters wat De Waal sowel van Patriot- as van Taalbond-kant belemmer het, deurdat hy die steun gehad het van sy hoofredakteur, dr. Engelenburg, wat die Vereenvoudigde spelling

²³) Hierdie blad het reeds voor die oorlog aan Eugène Marais, die later bekende digter, behoort. Na sy terugkeer het hy verlof gekry om die blad weer uit te gee, maar omdat hy maandelank nog aan malaria gely het, is die redaksie aan Preller opgedra. In sy „Historiese Opstelle” gee Preller 'n lewendige beskrywing van sy eerste joernalistieke ervaringe onder Milner se despotisme.

toegelas het lank voor die Taalbond offisiële sanksie daarvoor verkry het.

Daarom sou Preller se besliste en kragtige optrede eers werklik die Afrikaanse bal met onkeerbare vaart aan die rol sit, en sou hy byna onmiddellik bereik wat De Waal sedert twee jaar tevergeefs probeer bewerk het, naamlik 'n wydvertakte belangstelling wat tot doelbewuste aksie oorgaan en weldra uitloop op die stigting van nuwe taalverenigings in noord en suid.

Preller se joernalistieke werk het meegebring dat niemand beter op die hoogte was van die erbarmelike taaltoestande in die verowerde republieke as hy nie, want hy het elke dag te doen gekry met 'n massa korrespondensie uit alle kringe van die samelewing. Hollands het geen offisiële status meer gehad nie; van Afrikaans was daar hoegenaamd geen sprake nie; Engels het alleenheerskappy gevoer. Daarom het hy weldra tot die oortuiging gekom dat 'n kragdadige en deurtastende optrede met die dag noodsaakliker geword het, maar waar en hoe moes hy daarmee begin? Die antwoord op hierdie vraag het uit die suide gekom.

Op 6 Maart 1905 het J. H. Hofmeyr (Onse Jan) ten aanhore van die letterkundige vereniging „Ons Spreekuur,” op Stellenbosch 'n redevoering gehou oor die vraag: *Is 't ons ernst?* „Ernst met wat? Ernst met ons beweren, met het beweren van zo velen — dat zij, dat wij, de miskenning, verguizing, minachting, vertrapping van onze taal werklik

gevoelen, die betreuren, verlangen onze taal op te heffen, in eer te herstellen en al wat in ons vermoogen is daartoe bij te dragen? Hoe het met het Hollands op de scholen gaat, weet ge. Op de meeste wordt het volstrekt niet onderwezen, en op het gros van de scholen, waar het wel op de tijdtafel voorkomt, is het onderwijs daarin zo erbarmelik, dat niet één uit de tien leerlingen ooit in staat wordt 'n verstaanbaar briefje aan vader of moeder in eigen taal te schrijven" (met *eigen taal* word hier natuurlik nie Afrikaans bedoel nie, maar Hollands).

Onse Jan het die algemene toestand in die volgende woorde saamgevat: „*De hooggeroemde gelijkheid heeft nooit in de Kaapkolonie bestaan, was altijd min of meer 'n fiktie en is zulks nu nog meer dan ooit.*"²⁴⁾

Hier was Preller se geleentheid. In 'n strydvaardige betoog het hy op Onse Jan se redevoering gcreageer deur 'n reeks vervolg-artikels in *De Volkstem* (19 April—14 Junie) onder die opskrif: *Laat 't ons toch ernst wezen!* In Julie 1905 is dit in pamfletvorm uitgegee met die onder-titel: *Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse Schrijftaal*. Hierdie betoog kan beskou word as die manifes van die nuwe beweging, en daarom is dit nodig om dit enigszins breedvoerig te bespreek.

Is dit ons erns — met Hollands?

Laat dit ons tog erns wees — met Afrikaans!

²⁴⁾ „Zuid-Afrikaanse Prozabundel" (Hoekstra-Viljoen), p. 46.

Hier het ons nie net 'n volkome verskuiwing van aksent nie, maar 'n uitroep teenoor 'n vraag, beslistheid teenoor twyfel, die nuwe standpunt teenoor die oue. 'n Boer se geil mielieland word verwoes deur 'n swerm rooisprinkane, en ondertussen staan hy en peuter aan sy Hollandse tulpe in die broeikas wat maar nie wil aard nie. Hy is ernstig, maar op die verkeerde plek en met die verkeerde ding.

Preller dring meteens deur tot die kern van die hele saak. Ons moet ernstig wees, doodernstig — maar met ons eie Boeretaal:

„Al de z.g. Hollandssprekende Afrikaners spreken wat we nu kennen als 't Afrikaans, terwijl de overgrote meerderheid iets schrijft dat bestendig koers houdt tussen 't Nederlands der scholen, 't Afrikaans soas ons hom praat en 'n soort van Engels — een toestand die aan eerstgenoemde niet bevorderlik en voorzeker berekend is afbreuk te doen aan de gezonde ontwikkeling van 't Afrikaans. Deze toestand achten we hoogst onbevredigend, niet zozeer omdat 't Nederlands er geen baat bij heeft — die baat toch hebben we nog nooit buiten de school gezocht — maar omdat 't Afrikaans eronder lijdt.

In dat Afrikaans, diezelfde *kombuistaal* of *patois*, schuilt het geheimzinnig taalorganisme dat hier bij ons leeft en aardt. Dit moeten Afrikaners inzien, en hoe eer we zulks doen, hoe beter voor ons en voor degenen, die na ons rekenschap zullen opvorderen van onze rentmeesterschap. Afrikaans is nog nooit vijandig gezind geweest tegenover 't Nederlands, en kan of mag dit ook nooit zijn, want uit die oude en vaste stam moeten we onze kracht krijgen. Hebben we al eenmaal de vrome hoop gekoesterd, dat 't meer voor ons kon zijn — die hoop ontsproot uit wat tans in het verledene ligt, en het is ijdel, het is meer dan ijdel, het is zelfmoordend om ons nog langer daarmee te vleien.”

Hy formuleer dan sy nuwe standpunt in die volgende twee stellings, op grond waarvan hy tot twee gevolgtrekkings kom:

„1. De taal die in een land leeft, die in het ganse volk wortelt, heeft in dat land en onder dat volk de meeste kans op voortbestaan en laat zich niet uitroeien dan met de uitroeijing van het volk waarin ze leeft. De geschreven taal van enige nasie regelt zich onwillekeurig, of behoort zich te regelen, naar de gesproken taal van die nasie; anders lopen de twee naderhand zó ver uitmekaar, dat zij feitelijk afzonderlike talen zouden zijn.

2. Afrikaans wortelt diep en leeft gezond in de gehele Afrikaner nasie. Geen andere taal doet hetzelfde. Onze schrijftaal verschilt zó ver van onze spreektaal, dat voor 't gros der Afrikaners het geschrevene als een vreemde taal is, die zij zelf nagenoeg nooit schrijven.

Daarom heeft Afrikaans in Zuid-Afrika de grootste en beste kans op voortbestaan.

Daarom behoort onze schrijftaal veel nader bij 't Afrikaans te komen, dan waar zij zich tans bevindt.”

Preller erken dat dit ou waarhede is wat hy hier verkondig, maar sy doel daarmee is om aan sy eie landgenote te beduie dat hulle nie 'n doodsonde begaan as hulle aan hul diepste gevoelens skriftelik uiting gee in dieselfde spraak wat hulle so maklik van die lippe vloei nie, „insteede van met hun gedachten en al te verdwalen in een harnas, waar zij te klein voor zijn of dat voor hen te groot is.”
Want wat is taal?

„Het is geen samenstel van willekeurige regels en wetten, geen gedrukte ding, geen reeks zwarte merkies op papier,

doch het beeld der gedachten van het volk, een steeds veranderende diorama van het innerlik bewustzijn van de mens. 'n Taal wordt niet inmekaar gespijkerd, zoals men 'n stoel of 'n tafel maakt, doch groeit, en al groeiende verliest ze sommige dinge terwyl ze andere wint; veranderinge vindende voortdurend plaats, totdat de taal na verloop van jare er heelmaal anders uitziet: presies zoals het portret van 'n man op verskillende leeftydjden ook grote veranderinge vertoont."

Vervolgens word 'n hele reeks voorbeelde uit die geskiedenis aangehaal om te bewys hoe onuitroeibaar 'n taal is as dit eenmaal in 'n volk wortel geskiet het: Angelsaksies, Wels, Kelties, Kanadees-Frans, Pools, Vlaams, Afrikaans. As voorbeeld van die teenoorgestelde word gewys op Amerika, waar die oorspronklike Nederlands van „Nieuw-Amsterdam" totaal verdwyn het in die Amerikaans van New York. Opvallend, meen Preller, dat 'n mens juis daar onder vryheid taalondergang moet vind en in Suid-Afrika onder dwang taalhandhawing. Daaruit blyk dat 'n taal wel ten onder kan gaan, maar alleen as die volk geen kragtige pogings aanwend om dit te voorkom nie — 'n moontlikheid wat ook in Suid-Afrika bestaan het en nog bestaan.

Maar tot dusver het ons geskiedenis die bewys gelewer dat die Afrikanernasie vasbeslote is om sy taal te handhaaf, en daarmee sy volksbestaan. Want hoewel Engels sedert 1825 die heersende taal geword het in die Kaapkolonie, hoewel Hollands daar offisieel erken is naas Engels sedert 1882, hoewel Hollands die enigste offisiële taal was van die twee ou republieke, en hoewel Afrikaans van

sowel Hollandse as Engelse kant in S.A. stelselmatige teëkanting moes ondervind, het dit nietemin die spreektaal gebly van alle Afrikaners in noord en suid, en verder die spreektaal geword van honderde Engelse setlaars wat hulle sedert 1820 in die land kom vestig het. En as Hollands in die gewese republieke, met die beste kans van welslae, nie by magte geblyk het om die landstaal te word nie, hoeveel te minder kans bestaan daar nie nou ná Vereeniging nie? Hoeveel te meer rede om die ouderwetse harnas opsy te gooi en ons natuurlike wapen te gebruik in die opdraande stryd teen Engels, waar hierdie wapen byna honderd jaar lank bestand geblyk het teen die vreemde indringer van oorsee in die suide?

Maar by voorbaat verneem hy reeds die argument wat later holrug gery sou word: Is Afrikaans ook ons Bybel- en kanseltaal? Hy gee toe dat die beskawende invloed wat daarvan uitgegaan het en nog uitgaan, nie onderskat mag word nie. Maar dit bly beperk tot ons kerklike instellings en godsdienstige verrigtings. Sodra die predikant sy preekstoel verlaat, praat hy Afrikaans.

„Onze kerktal beslaat slechts een min of meer beperkte vakterminologie, die maklik aangeleerd, doch niet eigen is, en noodwendig aangevuld wordt, vooral in de mond onzer jongere predikanten, door zuiver Afrikaanse woorden en zegswijzen, en in de kinderpreek en op het zendingveld geheel overgaat tot het Afrikaans.”

Dat die kanseltaal inderdaad veel nader aan Afrikaans as aan Nederlands gestaan het, toon

Preller aan met feite wat nie weggeredeneer kon word nie. By geleentheid van 'n Sinodesitting in Pretoria het hy 'n tiental preke uit die mond van verskillende predikante in snelskrif laat afneem en dit vergelyk met preke uit ander dele van die land, en met hierdie gegewens voor hom verklaar hy „dat het resultaat beslist *geen* Nederlands was. Afrikaans leefde en wortelde erin, en worstelde om de boventoon zózeer dat 't 'n lust was om aan te sien, en dat zich bij mij de overtuiging vestigde dat een gezaghebbende vertaling van de Bijbel de doorslag zou geven aan Afrikaans als schrijftaal.”

Met tal van voorbeelde laat Preller sien hoe weinig die Afrikaner homself is wanneer hy in 'n vergadering probeer Hollands praat:

„Hij hakkelt, sukkelt en zoekt, en slaagt er bijna nooit in om iets goeds tevens mooi te zeggen Nee, laten we 't toch niet ontkennen: het Afrikaans wortelt diep in de Afrikaner nasie, zó diep dat 't onuitroeibaar is! In 't Afrikaans alleen is de Afrikaner in staat met de meeste kracht weer te geven wat er in hem omgaat, zijn natuurlikste gewaarwordingen, zijn innerlikste gedachten, zijn diepste gevoelens — het is de taal, die ook bij uitnemendheid hoort te wezen het voertuig zijner *op papier geschreven* gedachten.”

Met nadruk word gewys op die onhoudbare toestand van éen taal-om-te-skrif en 'n ánder taal-om-te-praat, waarom dan ook in Holland self reeds jare lank deur Vereenvoudigers geywer word om die verskil tussen die beskaafde spreektaal en die offisiële skriftelike afbeelding daarvan minder groot te maak,

omdat die laaste nie meer 'n juiste aanduiding is van die eerste nie. En hoeveel groter is die kloof tussen die twee nie hier by ons nie, omdat Afrikaans 'n ander taal geword het as Nederlands:

„Het heeft zich aangepast bij 'n ander klimaat, ander geschiedenis, andere behoeften en andere volksaard, en staat vandaag *naast* het Nederlands als het volmaakt portret van 'n ander volk. En wij lijden, wij *verliezen*, omdat het ons een fiseke ondoenlikheid is op te leven in de vreemde taal, die we vandaag onze schrijftaal noemen. Het Afrikaanse element wil spreken, doch wordt gedoemd tot 'n hakkelaar; het wil schrijven, doch is verlamd. Geschiedenis, natuur, levensaard heeft het bekwaamd en gebreid voor een strijd op leven en dood in een worstelperk, waarbinnen het moet en zal uitlopen op de maklikste taal; tegenover zich heeft het een weerpartij met 'n taal, die men in de praktijk spoediger leert dan enige andere mij bekende taal; zelf zijn we toegerust met de maklikste taal, die er vandaag op de wereld gesproken wordt, doch men wil hebben dat we onze lendenen zullen omgorden en sterk wezen — dat 't ons ernst moet zijn . . . met het oude harnas! Is dit nu raadzaam en verdedigbaar?”

Die onvermydelike gevolg daarvan is dat dan maar die toevlug geneem word tot Engels, selfs waar aan 'n Hollandse blad geskryf word. Preller haal drie voorbeelde uit meer aan van Afrikaners uit die voorste kringe van Pretoria wat hul briewe begin „met deze bedroevende belijdenissen: *As my Dutch is not sufficiently good — Pardon me for writing in English, but I can hardly rely on my dear taal — Hope you won't mind, old chap, but my Dutch grammar is too rusty to work, please translate.*” En

die meeste ingesonde stukke wat in Hollands gestel is, dra 'n naskrif met hierdie versugting: „Maak asseblief tog die foutjies reg.”

So 'n abnormale toestand kan nie langer geduld word nie. Daar moet 'n radikale verandering kom. Ons moet aanstuur op die skepping van 'n eie literatuur, want die volk lees nie, en daarin skuil die grootste gevaar vir ons taal. Dit help niks om verkeerd ernstig te wees en met 'n doofstom volk te raas nie. Gebruik die een middel wat bereken is om die oor van die ganse volk te bereik — sy eie taal.

As hom gevra word wat hy dan eintlik wil, antwoord Preller dat hy die werk wat die ou Genootskap van Regte Afrikaners begin het, wil voortsit, maar op 'n ander manier. Nie elkeen skryf soos hy praat nie, en ook geen suiwer fonetiese spelling nie, maar die ideaal moet wees die algemeen beskaafde spreektaal van die Afrikaner, en die spelling moet soveel moontlik aansluit by die vereenvoudigde Nederlandse spelling. As voorlopige gedragslyn lê hy neer: „Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen,” en besluit sy betoog as volg: „Het Afrikaans is onze Moedertaal, onze Landstaal, onze Volkstaal — help om het te maken tot onze Schrijftaal!”

Ten slotte word 'n oproep gerig aan almal wat dit met hom eens is, om hulle skriftelik met hom in verbinding te stel met die oog op die stigting van 'n Afrikaanse Taalgenootskap. En dan kom Preller

nog met 'n laaste troefkaart voor die dag, deur die pasverskene gedig, *Winternag*, van Eugène Marais aan die slot van sy pamflet af te druk as bewys dat dit geen hersenskim was om te praat van 'n toekomstige Afrikaanse letterkunde nie. Kort tevore het hy dit as volg aangekondig in *De Volkstem* (5 Julie 1905):

„Ons praat teunswordig banje van Afrikaans, en die molikheid om dit aan te neem as onze schrijftaal, en iets wat die voorstanders daarvan sterk, is die o'ertuiging dat dit 'n taal is wat hom net zo goed leen aan die lijnste uitdrukking van onze gedagtes, as enige taal onder die son — ver die Afrikaner bepaald meer as enige andere. In die vorige uitgawe is daar nog gepraat van 'n ‚niet gemodelleerde taal,‘ van die ‚twijfelachtige mogelijkheid‘ om onze gedagtes daarin uit te druk, van eentonigheid en wat dies meer zij; ver die wat zó smaal, laat ons hieronder volg 'n versie wat ons o'erneem uit die laaste uitgawe van onze plaatselike tijdgenoot, *Land en Volk*.

Die skrijwer daarvan — hij teken zij naam ‚Klaas Vakië‘ — is 'n ongeleerde Boer, wat nimmer en nooit Hollands zal kan schrijf nie, maar hij is ongetwijfeld 'n digter. Dit is maar net 'n brokkie, getiteld 'n *Winter Nag*, maar jij kan daarna luister:

Koud is die windjie,
 en schraall
 En blink in die dofflig
 en kaal —
 zó wijd as die Heer se genade —
 die velde in sterlig en schade.
 En hoog op die rande,
 verspreid in die brande,
 is die gras-zaad aan 't roere zo's wenkende hande.

O! treurig die wijsie
op d'ooswind se maat,
zo's die stem van 'n meisie,
in haar liefde verlaat!
In elk gras-blaar se vouw
blink 'n druppel van douw,
en vinnig verbleek dit tot rijp in die kou.

„Klaas Vakié' is een van die manne wat gaan beslis om Afrikaans te maak tot onze schrijftaal. As hij en manne zo's hij hulle daarop toeleg om te skrijwe, dan wil ons die man weer hoor wat praat van eentonigheid en zulke goeters.”

Dit was seker 'n gelukkige voorteken dat die verskyning van hierdie gedig saamgeval het met die begin van Preller se kampanje in die noorde, want dit was inderdaad 'n nuwe geluid, soos tot dusver in Afrikaans nog nie gehoor was nie. Daarom verwonder dit ons nie dat hy hier so 'n triomfantlike toon aangeslaan het nie, hoewel daarop gewys moet word dat dit darem 'n bietjie besyde die waarheid was om die ervare joernalis en advokaat, Marais, as 'n „ongeleerde Boer” voor te stel. Maar onder die veilige dekmantel van anonimiteit was dit minder aanvegbaar, terwyl sy lesers wel uit die gedig self sal afgelei het dat daardie uitdrukking nie alte letterlik moes opgevat word nie.

7. *Die Gras aan Brand*

Preller se oproep het onmiddellik weerklank gevind oor die hele land. In *De Volkstem* van 24 Junie 1905 berig hy dat briewe van alle kante binnestroom

om instemming te betuig met die voorstel om 'n vergadering te belê, ten einde 'n Afrikaanse Taalgenuotskap te stig. Dan plaas hy die volgende skrywe, onderteken deur 22 studente van die Teologiese Kweekskool op Potchefstroom:

„Die vuurtjie het reeds lang onder ons zo stadig aan gesmeul, maar nou is die gras aan brand! Die zaak van onze Moedertaal is nou bij ons 'n brandende kwessie geworde. Ons beloof graag alle steun met betrekking tot die voorstel, en ons stuur hiermede onze name as een lichaam.”

In dieselfde uitgawe word verder 'n artikel van „Jong Afrika” uit *De Vriend* (Bloemfontein) oorgeneem. Dit was die skuilnaam waaronder ds. Willem Postma, die latere dr. Okulis, 'n reeks artikels in die Bloemfonteinse blad geskryf het, terwyl Preller besig was met sy pleidooi in *De Volkstem*. Hy sê o.m.:

„Ik wil nog die dag belewe dat Afrikaans zij regte plek zal krij, en dat editeurs, predikante, advokate en die hele span 'n wedstrijd zal aanvang om Afrikaans te vereer en te gebruik, dat taalgeleerde zal navors om die taal behoorlik wetenschappelik te behandel, dat dichters en redenaars onze taal zal laat schitter met 'n glans ono'ertreffelik; dat jongelinge en meisies daar trots op zal wees om nie langer bijwoners te wees nie, maar baas van hul eie taal.”

In die uitgawe van 28 Junie skryf Preller verder: „Mannen van allerlei richting, Afrikaners, Hollanders, leden van alle drie onze kerkgenootschappen, predikanten, advokaten en vele anderen, melden zich aan voor deelneming aan de beweging

om een genootschap te stichten ter handhaving en veredeling van de Afrikaanse taal."

Veral vir Jan de Waal was hierdie onverwagte hulp uit die noorde baie welkom, omdat hy juis omstreeks dieselfde tyd genoodsaak was om breek aan te draai wat sy propaganda vir Afrikaans betref. Hy het Preller nog nie geken nie en, vreemd genoeg, onder die indruk verkeer „dat ek hier met 'n Nederlander, weer 'n Arnoldus Pannevis, te doen het.”²⁵⁾ Vandaar die volgende deltige Hooghollandse briefie (gedateer 27 Junie 1905):

„Ik zie in *Ons Land* van hedenmorgen, dat u een reeks van artikelen geschreven hebt, het goede recht van Afrikaans als spreek- en schrijftaal bepleitende. Mag ik u om de gunst vragen, mij één of meer van die artikelen te doen toekomen? Ik zou gaarne willen zien wat u eigenlijk onder 't woord ‚Afrikaans‘ verstaat. Ik zelf ben er sterk voor, dat ‚Afrikaans‘ tot schrijftaal wordt verheven. Ik heb zelfs een roman, *Johannes van Wyk*, erin geschreven. De vraag is maar, of wij overeenkomen op de vraag wat ‚Afrikaans‘ is. Voor mij is het de taal welke onze boerenbevolking spreekt. Als er een taalgenootschap opgericht werd om 't Afrikaans voort te helpen, zou ik er gaarne lid van willen worden.”²⁶⁾

De Waal was dan ook aangenaam verras om kort daarop 'n antwoord in Afrikaans van Preller te ontvang, al het „woorde en spelling in die brief my plek-plek alte Nederlandsagtig voorgekom.” So het die twee aanvoerdere in noord en suid met mekaar

²⁵⁾ De Waal: „My Herinnerings van Ons Taalstryd,” p. 164.

²⁶⁾ Brief in Preller-argief, in my besit.

in voeling gekom. Maar veral interessant is dit om te let op die eenaardige wisselwerking wat daar plaasgevind het. Taalbondmanne in die suide rig *De Goede Hoop* op met die doel om Hollands te propageer; De Waal „misbruik” dit om Afrikaans te propageer; hy word aan bande gelê. Preller word tot optrede aangevuur uit die suide, egter nie deur De Waal nie, maar deur Onse Jan, pleitbesorger van Hollands. Op sy beurt word De Waal se hande weer gesterk uit die noorde deur Preller se optrede. So kom daar gaandeweg ’n gemeenskaplike Afrikanerfront in noord en suid tot stand, waarby ook ingeskakel word die Vrystaat (*De Vriend — Postma, Visscher*) en Natal (*De Afrikaner — Rabie*).

Ook die vernaamste Hollandse kocrante²⁷⁾ in Suid-Afrika het Preller se optrede met ingenomenheid begroet en hul steun toegesê, behalwe natuurlik *Ons Land*, die mondstuk van Onse Jan en die Taalbond-voormanne. Maar van nog groter betekenis was die steun van bekende taalgeleerdes in Holland, soos dr. Hesseling, dr. Mansvelt, dr. Kiewiet de Jonge, dr. Kolléwijn, prof. Kern, e.a. Daardeur het die geliefkoosde argument wat jare lank nog volgehou sou word, naamlik dat die vervanging van die Hollandse skryftaal deur Afrikaans noodwendig sou beteken verbreking van die band met Holland,

²⁷⁾ O.a. die volgende: „De Vriend” (Bloemfontein), „De Afrikaner” (Pietermaritzburg), „Land en Volk” (Pretoria), „De Transvaler” (Johannesburg), „Goede Hoop” (Kaapstad), „Het Zuid-Westen” (Oudtshoorn), „Middellandse Afrikaner” (Cradock), „Victoria West Nieuwsbode,” „Re-Echo” (Humansdorp), „Nieuwe Tijd” (Aberdeen).

dadelik sy krag verloor. Want as die gebore Hollander (en daarby juis mense wat die belange van die Afrikaners op die hart dra) die voorkeur gee aan suiwer Afrikaans bo gekunstelde Hollands, watter figuur slaan die gebore Afrikaner dan wat die omgekeerde verkies?

So skryf dr. R. A. Kollwijn, die bekende propageerder van die Vereenvoudigde Spelling in Holland, in *De Amsterdammer*:

„Er is in de laatste tijd in Zuid-Afrika een krachtige beweging merkbaar, die het schrijven van het Afrikaans ten doel heeft: Afrikaans in plaats van Nederlands. Ook voor ons is de zaak, waar 't om gaat, van gewicht; misschien wel 'n beetje . . . onaangenaam. Maar 't zou onbillik zijn, meer met onze eigenliefde dan met 't belang van Z.A. rekening te houden . . . Dat óns het Afrikaans soms vreemd lijkt, plat, in sommige woorden en uitdrukkingen misschien kinderachtig — dat is geen argument. De fout ligt aan óns, aan onvoldoende vertrouwdheid met die taal . . . Het komt mij voor dat niets de Afrikaners zó kan verbinden, zózeer hun zelfvertrouwen kan sterken, als het besef dat hun Afrikaans niet is 'n minderwaardig dialekt, waarvoor zij zich eigenlijk moesten schamen, maar *de taal van 'n volk*: een taal, die gesproken, geschreven wordt met hetzelfde recht waarmee zich de Nederlander van 't Nederlands, de Engelsman van 't Engels bedient.”²⁸⁾

En dr. D. C. Hesseling, die bekende skrywer oor die ontstaan van Afrikaans, het reeds vroeër die volgende besliste mening uitgespreek:

„Wat ik niet voor mogelijk houd, wat naar mijne meening nog nooit is geschied en nimmer geschieden kan,

²⁸⁾ Oorgeneem deur „De Volkstem,” 4 Nov. 1905.

dat is, dat een schrijftaal die van buiten is aangevoerd en door een kloof van twee eeuwen gescheiden is van de gesproken taal, ooit het voertuig kan worden van een nationale letterkunde, het eenige betrouwbare bolwerk tegen de veldwinnende macht van het Engelsch. Er is naar mijn vaste overtuiging maar één middel om zulk een nationale letterkunde mogelijk te maken: het schrijven der volkstaal De Afrikaansche taal zal dan niet worden wat men thans van haar zou willen maken: een zusterspraak van de onze; zij zal blijven wat zij is: een bloedverwante van den tweeden graad — geen zuster, om mij bij dat beeld te bepalen, maar een nicht. Wij kunnen daar vrede mee hebben, want het kiezen is niet moeielijk tusschen een aardig, levend nichtje en een pop die de kleeren onzer zuster draagt.”²⁹⁾

Preller het natuurlijk dadelik ook teenstand ondervind. Van Hooghollandse kant was daar al goumense in die veld wat dit as hul dure plig beskou het om die vuur wat hy aangesteek het, sonder verwyl dood te slaan. 'n Lewendige briefwisseling het in *De Volkstem* ontstaan, en dis vermaaklik om sommige van die „argumente” vandag onder die oë te kry. „Willen de voorstanders van de Afrikaansche taal dan niet begriipen dat een taal het eenvoudige resultaat is van evolucie? Dat een taal niet aan 'n groepje menschen kan worden opgedrongen als 'n maaltje eten? Er zal hier gedurende eeuwen nog een fellen strijd gestreden worden tusschen de twee talen, en het zal gaan evenals in het dierenrijk, de wet van „survival of the fittest’ zal ook hier gelden”³⁰⁾

²⁹⁾ „De Gids,” 1897, I, p. 157.

³⁰⁾ „De Volkstem,” 8 Julie 1905.

So skryf 'n Hollander-teenstander, blykbaar salig onbewus van die feit dat hy hier juis ten gunste van Afrikaans redeneer. Hy vind Afrikaans „slordig,” omdat byvoorbeeld *t* in die woord *nasie* (waar dit totaal ontbreek) nie uitgespreek word nie! Dis „verfijnde gemakzucht” om te wil skryf soos jy praat; oor honderd jaar sal geen mens Afrikaans verkies bo Engels, omdat daar geen „lezenswaardige literatuur” sal wees nie; word Afrikaans skryftaal, dan sal Hollands spoedig in S.A. 'n vreemde taal word; Afrikaans sal teruggedring word na die kombuis; Engels sal spreek- en skryftaal word. Maar al duur dit nog honderd jaar, Afrikaans sal nooit skryftaal word nie, ensovoorts.

Op hierdie uitbarsting antwoord 'n Hollander-voorstander:

„Na vele jaren verblijf hier te lande, heb ik mij reeds lang de illusie uit 't hoofd gezet, dat Hollands, zoals in Nederland gesproken, hier de taal zal worden. 't Zal hier niet 'n vreemde taal worden, *doch is het!* Afrikaans daarentegen (niet het *patriots* van de *Patriot*) wordt veredeld door de grotere belangstelling in die taal van Afrika's beste zonen. Door het Afrikaans te veredelen en ook als schrijftaal aan te nemen, zal de invloed van Engels hier verminderen. 't Volk maakt de taal en de taal laat zich niet aan banden leggen. De taal van het Afrikaanse volk is Afrikaans en heeft als zodanig een grote toekomst. Spreekt dus al mijn hart voor Nederlands, mijn verstand zegt: in Afrika Afrikaans!”³¹⁾

Weer 'n ander vra: Wat van die kanseltaal, van ons Bybel en Gesangbundel? Dié kan tog nooit

³¹⁾ „De Volkstem,” 12 Julie 1905.

Afrikaans word nie. En dan moet Preller maar weer herhaal: Ons wil nie die Kerkspraak dadelik verander nie; laat Hollands in Kerk en Skool gehandhaaf word; ons soek voorlopig ons werkkring daarbuite onder die volk. „Dis wel ons ideaal dat 'n beskaafde Afrikaans eenmaal op die skoolbanke moet geleer en van die kansel sal gehoor worde, maar dit moct die gevolg wees van 'n erkende toestand, nie 'n middel tot 'n doel nie.”³²⁾

En die soveelste wil weet waar die Afrikaanse letterkunde is wat vir eksamens voorgeskryf kan word in die plek van die Hollandse. Hierop antwoord 'n voorstander:

„Is Afrikaans uw moedertaal,
waar is uw literatuur?
Die schatten, groot en rijk en klaar,
uit Neerlands voorraadschuur?

Mij moedertaal is Afrikaans!
Ik maak die literatuur;
ik dig en spartel met die pen,
al kijk jij nog so suur.”³³⁾

En Preller antwoord met die weervraag:

„Waar is die vrugte van al die jare van deftige gesukkel? Wijs ons dié en ons staan agter julle! Ons sê: Wat ons invoer, kan ons help, maar dit sal ons nie red nie; ons wil ons eie goedjies hê, en wat meer is, ons sal dit ook krij . . . En aangesien ons nou 'n dorre onvrugbaarheid aanskou in die bestaande toestand, met al sij kragte, nee, nog meer, aangesien ons 'n gestadige agteruitgang daarin bespeur—

³²⁾ „De Volkstem,” 6 Sept. 1905.

³³⁾ „De Volkstem,” 16 Aug. 1903.

wat sal uitloop op totaal *niks* — daárom klem ons ons vas aan Afrikaans, daárom blaas en spook en woel en werk ons op die enigste plekkie, waar ons lewe bemerk: bij ons Moedertaal!" ³⁴⁾

Preller het soms wanhopig geword dat hy moes argumenteer met mense wat van „taal” nie die minste benul gehad het nie. As hy hom boeglam geskrywe het om sy standpunt te verduidelik, dan kom daar op 'n goeie dag weer 'n brief, waarin hy die wete kry om uit te skei met sy „Hotnos-taal” en daarop aangedring word om „*het taal* toch asublief weer in ere te herstel, want Hollands *ben* een echte taal, terwyl Afrikaans onecht is.” ³⁵⁾

Ook die Engelse pers het hom vrolik gemaak oor die armelike Boeretaaltjie en die spot gedryf met „die verwarring wat die Afrikaanse taalbeweging in die toring van Babel teweeggebring het.” Daarin vind 'n sekere skrywer aanleiding om terug te spot met die beroerde spelling van die hooggeroemde Engelse taal. En dis nog nie al nie, want kyk nou net na die meervoudsvorming van hul woorde:

„Begin maar met *box*,
die meervoud is *boxes*,
maar die meervoud van *ox*
is *oxen*, nie *oxes*!
Ver één muis sê hul *mouse*,
'n nes vol is *mice*;
toch is meervoud van *house*
nog nooit gewees *hice*!

³⁴⁾ „De Volkstem,” 6 Sept. 1905.

³⁵⁾ Idem, 21 Okt. 1905.

As ik praat van *foot*
 en jij wijs mij jou *feet*,
 waarom is ons twee se *boots*
 tesame nie *beet*?

Die preekstoel se *brother*
 die praat van *sij brethren*,
 maar ver meer as een *mother*
 sê hij nooit *methren*.
 Hul manlike 'pronouns' is
he, his en *him*,
 maar verbeel jou 'n vrouwlike
she, shis en *shim!*"³⁶)

Preller het egter nie net bctooq en gepleit en gepolemiseer nie, maar ook opbouend te werk gegaan, deur dadelik in sy uitgawe van 28 Junie 1905 'n prysvraag aan te kondig onder die opskrif: „Wie kan stories vertel?” Insendings, waaroor besonderhede gegee word, sou ingewag word voor 1 Augustus. Die uitslag was bevredigend wat die aantal deelnemers betref, en hoewel die keuse van taalvorm vrygelaat was, het slegs dric van die nagenoeg honderd insenders hulle van Hollands bedien. Die gehalte van die stukke was minder bevredigend, en in sy bespreking daarvan sê Preller o.m.:

„Ons weet maar al te goed dat ons nog — of al (ons is nie seker watter van die twee nie!) amper op die heel onderste sport van die leer staan, en ons is dus tevrede om maar daarvandaan af te beginne opklim — opklim in die vaste o'ertuiging dat ons *sal* en *moet* opkom. Ons

³⁶) „De Volkstem,” 19 Aug. 1905.

kannie insien dat ons met 'n ballon of ander kunsmiddel daar sal kom nie. Partij wil hê ons moet eers 'n miljoen wees, vóór ons beginne, maar ons vrees dat selfs 'n begin dan nie meer nodig sal wees nie!"³⁷⁾ (Bedoelende dat dit dan te laat sal wees.)

Verder word deelnemers ingelig hoe hulle moet skrywe om meer as net 'n blote storie te lewer. As die skrywer self deurvoel en deurleef wat hy vertel, sal sy leser dit ook navoel. „Die volsinne moet so's 'n span breed gerugde osse agtermekaar trek, vas en gelijk weg, deur wikking en weging van die woorde, deur wegwerping van lelike, verslonste, mishandelde woorde en in die plaasstelling van woorde wat op hul plek is, so's die skakels van 'n trektouw — sterk en swaar genoeg en mooi.”

Maar net soos De Waal het Preller ook self die voorbeeld gestel, en met groter en blywender sukses. Op 15 Des. 1905 begin hy met 'n reeks artikels oor die groot Voortrekkerleier, Piet Retief, wat in Febr. 1906 in 'n boekie van heel beskeie omvang uitgegee is. Dit was die grondslag van sy tans alombekende werk wat voortdurend in omvang en betekenis toegeneem het, en waarvan die 6e druk reeds in 1909 en die 10e (veertiende duisend) in 1920 verskyn het. Dit het mettertyd 'n standaardwerk geword van oor die 400 bladsye, waarin ons Preller leer ken nie net as historikus nie, maar ook as taalkunstenaar. Dit was tewens die begin van 'n hele reeks *Voortrekker-mense* (ses dele) en ander

³⁷⁾ „De Volkstem,” 9 Aug. 1905.

historiese en letterkundige werke wat tot 'n paar dosyn bande aangegroci het, en op grond waarvan die Universiteit van Stellenbosch die skrywer in 1930 'n credoktoraat verleen het.

Gustav Preller se optrede in belang van Afrikaans het dus 'n veel groter uitwerking gehad as dié van Jan de Waal, sodat daar eers sedert 1905 werklik sprake kan wees van 'n nuwe *beweging*. As ons die eintlike betekenis van hierdie twee hoofaanvoerders in die nuwe Afrikaanse taalkampanje saaklik teenoor mekaar moes stel, dan het De Waal — om by die vuur-beeld te bly wat hierbo gebruik is — 'n eensame en soms smeulende wagvuurtjie teen die hange van Tafelberg aangesteek, terwyl Preller 'n landswyde veldbrand veroorsaak het, soos hierna verder sal blyk.

8. *Stigting van Afrikaanse Taalgenootskap (1905)*

Kort na die verskyning van Preller se manifes in pamfletvorm is in Pretoria en Bloemfontein twee voorlopige kommissies gevorm, die eerste bestaande uit dr. N. M. Hoogenhout, dr. M. S. Lingbeek, N. Hofmeyr, Eugène Marais en Preller; en die tweede bestaande uit ds. W. Postma, Joh. Visscher en D. F. du Toit (die ou Oom Lokomotief). Onder hierdie name tref ons dié van twee gebore Hollanders aan, Lingbeek en Visscher, waaruit blyk dat Afrikaans ook nou weer, net soos by die aanvang van die Patriotbeweging, die steun van Hollanders hier sowel as oorsee geniet het.

Onder die leus „Afrikaans praat en skryf, Hollands leer, albei lees!” het hierdie twee kommissies die taalsaak gepropageer en aangestuur op die stigting van 'n taalgenuotskap. Ondertussen het daar nog steeds van alle kante verdere blyke van instemming gekom. So skryf o.m. dr. D. F. Malan uit Heidelberg, onder datum 22 Aug. 1905:

„Al sinds vele jare — ik mag zeggen, sedert ik het eerst over onze taalkwestie begon na te denken — ben ik tot de besliste overtuiging gekomen, dat alleen de verheffing van het Afrikaansch tot onze schrijftaal het voortbestaan in Z.A. van de Hollandsche taal, in welke vorm ook, redden kan. Uw belangrijk, boeiend en overtuigend betoog in uwe brochure over deze zaak heeft mij daarom bijzonder veel belangstelling ingeboezemd. De beweging, opnieuw door u beziel, heeft mijne volle sympathie.”³⁸⁾

En Frederik Rompel, die bekende joernalis, skryf in die *Zuid-Afrikaansche Post* (17 Aug. 1905) o.m.:

„Preller is een meeslepend en geestdriftig advokaat. Waar hij pleit voor 't gebruik van 't Afrikaansch als schrijftaal met jeugdige gloed en innige overtuiging, ja zelfs met bewonderenswaardige belezenheid, daar erkennen wij in hem de eerlijke landszoon. Ieder die zijn werk leest, zal hem in zijn betoog gelijk geven en moeten erkennen dat voor 't gebruik van 't Afrikaansch als schrijftaal de tijd werkelijk is aangebroken. Uit dit gebruik kan voor 't behoud dier taal zeker niets dan goed voortkomen. Trouwens mannen van gezag, ook hier in Holland, hebben dit reeds lang erkend.”³⁹⁾

³⁸⁾ Brief in Preller-argief, in my besit.

³⁹⁾ In „De Volkstem,” 13 Sept. 1905, haal Preller een en ander aan uit hierdie artikel en betuig sy blydschap oor die steun uit Holland.

Sulke uitlatings het Preller se hande gesterk. Eindelik was sy organisasie sover dat 'n vergadering belê kon word, en op 13 Des. 1905 het in die *Volkstem*-kantoor 'n dertigtal persone, hoofsaaklik uit Pretoria, saamgekom onder voorsitterskap van dr. N. M. Hoogenhout. Ook was aanwesig Joh. Visscher (Bloemfontein), A. J. v. d. Walt (Potchefstroom), generaal Tobias Smuts (Ermelo), terwyl telegramme ontvang is van Totius en Jan de Waal.

Hoogenhout het kortliks die ontstaan en doel van die beweging ten gunste van Afrikaans as skryftaal geskets en nadruk gelê daarop dat dit nie teen Hollands gemik was nie; hulle sou Hollands op die skool steun en op die kansel beskerm, maar daarbuite die alledaagse omgangstaal beoefen en sterk maak met die oog op 'n eie letterkunde. Na verdere bespreking, o.a. insake 'n eie tydskrif, is formeel besluit tot die stigting van 'n taalgenootskap. Die konsep-statute is behandel en vir 'n jaar vasgestel, waarop die volgende bestuur gekies is: N. M. Hoogenhout (voorsitter), Izak van Heerden (sekretaris), A. J. v. d. Walt, Joh. Visscher, N. J. de Wet, F. T. Nicholson en G. S. Preller. Meerdere persone sou uitgenooi word om in die bestuur te dien, om dit verteenwoordigend van die hele land te maak. Ook is op die vergadering meegedeel dat ruim 300 persone uit Transvaal en 100 uit die Vrystaat hul instemming met die beweging betuig het.

Die statute lui as volg (in die oorspronklike spelling):

„NAAM. — Daar bestaan 'n vereniging met die naam van *Die Afrikaanse Taalgenootskap*.

DOEL. — Doel van die Genootskap is:

- (a) Afrikaners te o'ertuig dat Afrikaans onse taal is, en dat die deur Afrikaners als hul spreek- en skryftaal behoort gebruik te worde;
- (b) ontwikkeling van die Afrikaanse taal in suiwere vorm;
- (c) aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer Afrikaanse nasionaliteits-gevoel.

MIDDELE. — Die Genootskap sal trag om sij doel te bereik:

- (a) deur Afrikaners aan te moedig Afrikaans te spreek, te lees en te skryf in al die omstandighede van hul lewe;
- (b) deur te werk voor die oprigting van 'n Afrikaanse tijdskrif;
- (c) deur aanmoediging van verenigings voor die studie van die Afrikaanse taal en geskiedenis;
- (d) deur behulpsaam te wees met die uitgifte en verspreiding van goedkope Afrikaanse boeke en andere geskrifte;
- (e) deur prijse uit te loof of eervolle onderskeiding toe te ken voor opstelle en geskrifte in Afrikaans;
- (f) deur die versameling van oude en hedendaagse Afrikaanse letterkunde en publikasie daarvan naar gelang van omstandighede;
- (g) deur die onderwijs in die Nederlandse taal en Afrikaanse geskiedenis op die skole te help bevorder;
- (h) deur alle andere middele bij die hand te neem wat kan help om die doel van die Genootskap op wettelike en behoorlike wijze te bevorder."

Die verdere bepalings handel oor lidmaatskap, bestuur, vergaderings, ens. Een maal per jaar sou 'n algemene ledevergadering gehou word, waarop die bestuur 'n jaarverslag moes voorlê van die werksaamhede van die Genootskap.⁴⁰⁾

9. Kaapland Skrik Wakker

Preller se aktiewe optrede in die noorde het 'n heeltemal ander uitwerking gehad in Kaapland as dié van De Waal. Die Taalbondvoormanne het blykbaar besef dat dit iets anders was as die betreklik ongevaarlike propaganda in *De Goede Hoop*. Vandaar dat hulle onmiddellik stelling geneem het teen hierdie nuwe beweging.

In *Ons Land* van 29 Aug. 1905 rig prof. P. J. G. de Vos, voorsitter van die Taalbond, 'n „Open Brief aan de voorstanders van een Afrikaanse schrijftaal,” waarin hy op byna smekende toon 'n ernstige beroep op hulle doen om ter wille van die eenheid en eensgesindheid tog van hul voorneme af te sien. Hy verklaar dat hy „voorwaar geen vijand of verachter van 't Kaaps-Hollands” is nie, maar beskou dit 'n hoogs ongelukkige tydstip om juis nou 'n poging aan te wend om „de Afrikaanse spreektaal tot schrijftaal te verheffen.” Want dit beteken dat al die werk wat die Taalbond so pas ter erkenning van die Vereenvoudigde Spelling, en ten koste van veel onderlinge stryd, tot stand gebring het, weer ongedaan gemaak sal word; die beweging beteken 'n oorlogs-

⁴⁰⁾ Besonderhede ontleen aan gedrukte kopies van statute in Preller-argief.

verklaring aan al wat nog Nederlands genoem kan word; dit beteken versnippering van kragte en verbreking van die onmisbare band met Nederland. En veronderstel dat die beweging slaag, sal die Staat en die Skool en die Kerk dan aan Afrikaans erkenning verleen? „Maak u daarvan toch geen illusiën!” — so roep die professor uit. Nee, dit sal nie gebeur nie, en ons volk verlang dit ook nie, anders sou die Patriotbeweging meer sukses gehad het. Die hele saak „is mij en velen met mij een bittere teleurstelling.”

In dieselfde uitgawe van *Ons Land* skryf die redakteur, adv. F. S. Malan (De Waal noem hom die „handy man” van die Taalbond), ’n hoofartikel onder die opskrif: „Vecht niet in uw eigen kamp!” Daarin verklaar hy dat hy altyd bereid is „de rechten van onze taal (bedoel word Hollands) te verdedigen en te bepleiten, en waar nodig, voor die rechten te strijden teenover hen die haar aanranden, verontachtzamen of dood willen zwijgen. Maar we bedanken ervoor om in ons eigen kamp te vechten, of aan zodanig gevecht deel te nemen,” want daardeur word Engels net in die hand gewerk.

„Glad mis!” — antwoord Preller en vervolg dan:

„Ons soek g’n versnippering nie; ons wil g’n twis nie; ons wil ons Hollands nie loslaat nie; ons wil ons kerk en skool en regering nie vra om ’n toestand te erken wat nog nie bestaan nie.

Afrikaans is die fondamentsteen waar Hollands op rus in S.A.: die wat hul Afrikaans verag, het lang al opgehou om Hollands te steun, en die wat die meeste geheg is aan

Afrikaans, is die warmste ondersteuners van Hollands op skool, in die kerk, in die parlement, in die publiek, of waar ook al. Ons sukkel en werk met Hollands so hard en sover as ons kan — op skool. Dan hou ons op, en dan hou Hollands ook op. In die alledaagse lewe wat ons daarna intree, siet ons daar niks van nie, en ons is onbekwaam om daar iets aan te verander . . . met Hollands.

Engels o'eweldig ons die o'eblik wat ons die skool verlaat, baje keer in die skool al, in ons besigheid, in ons publieke lewe, en helaas, ver 'n groot deel al in ons private lewe ook!

Afrikaans gaat verlore; dit bederf veral in die dorpe tot 'n akelige mengelmoes van lelike dinge, en as dit eers eenmaal sóver kom, sal daar g'n dokter meer aan help nie; dan sal ons daarmee moet sukkel so's ons vandaag sukkel om Hollands te leer.

Dit wil ons keer! By daardie fondamentsteen wil ons beginne! Ons skole sal ons help deur Nederlands te onderwijs, ons kerke deur Hollands te handhaaf in die Bijbel, die Psalmboek en o'eral.

Maar kerk en skool is lang nie die enigste of allervoornaamste terreine, waar ons kan ijwer en werk ver ons taal; en geen van beide is die veld waarop 'n Afrikaanse Taalgenootskap sig wil beweeg. Daar is 'n ruime en vrugbare veld, wat nou nog braak lê: *ons volk, ons hele en gewillige volk!* Ons kan en mag nie toelaat nie dat 'n aansienlike deel daarvan langsamerhand verval tot 'n onkundige, onverskillige proletariaat, terwyl 'n ander deel o'erhel na . . . Engels.

Ons wil die *volk* perbeer bijkom, die opgegroeide, onwetende, maar opregte volk; en ons wil met hul praat deur middel van die koerant en die boek; ons wil hoor wat hul te sê het en wat hul denk, en só wil ons mekaar reg help en reg hou . . .

Dit wil ons doen op die enigste manier, waarop dit sonder wonderwerke dadelik — want tijd is kosbaar — kan gedaan worde: deur ons te bedien van die taal wat ons almal verstaan en almal lief het — *ons Moedertaal* . . .

G'n kloppartije, g'n rusie, g'n versnippering, maar net 'n appèl na ons volk, net die reg om langs die weg te werk." ⁴¹⁾

Ook die redakteur van *De Vriend* (Bloemfontein), Johan Visscher, gebore Hollander, trek in 'n warmgestelde Afrikaanse artikel onder die opskrif „Spookverskijnings” te velde teen die spoke wat die Kapenaars sien. Hy koster groot agting vir prof. De Vos en het baie simpatie met die strewe van die Taalbond, maar hulle sukkel tevergeefs om 'n taal wat nie meer deur die volk gepraat word nie, nog te „vereenvoudig,” want hy is al klaar dood! Daar is net een wapen — die natuurlikste en magtigste wat ons het — om die volk van verengelsing te red, en dit is die lewende spreektaal van Suid-Afrika. ⁴²⁾

Verder het ook *De Waal* in 'n lang brief gereageer op die hoofartikel van *Ons Land* (in dieselfde blad), waarin hy padlangs sy teleurstelling uitspreek oor die slappe houding van die redakteur, in wie hy altyd 'n kampvegter vir sy taal vermoed het:

„Ik heb mij vergist. Uw begeerte om eenige brave, welmeenende, doch te conservatieve Afrikaners, wier inzicht op taalgebied niet zoo breed is als het uwe, te behagen, heeft de overhand over u behaald . . . Verdeeling in een kamp is onwenschelijk, maar als het ééne gedeelte van het kamp weigert om te velde te trekken voor zijn rechten, moet dan ook het andere, ter wille van de eensgezindheid,

⁴¹⁾ „De Volkstem,” 6 en 9 Sept. 1905.

⁴²⁾ Aangehaal in „De Volkstem,” 9 Sept. 1905.

pligtsgevoel verzaken en doodstil blijven zitten? . . . Ter wille van eendracht en conciliatie heeft onze natie reeds meer dan genoeg opgeofferd. Als het zoo moet voortgaan, zal ze weldra niets meer overhouden dan, mogelijk, eendracht!"⁴³⁾

De Waal bedien hom hier opsetlik nie van die „Vereenvoudigde" nie, maar haal sy spelling uit die boonste rakke.

Met groot ingenomenheid het De Waal verder in die September-uitgawe van *De Goede Hoop* 'n bespreking gelewer van Preller se pleidooi, *Laat 't ons toch ernst wezen*, aan die slot waarvan hy o.m. verklaar:

„Wij erkennen ronduit dat wij in alles wat wij uit het opstel van den heer Preller hebben aangehaald, volkomen eens zijn met hem. Als onze natie niet haar taal, het onvervalschte Afrikaansch, als een degelijke, waardige, zelfstandige taal wil vereeren, en haar trapsgewijze — zoo iets gaat nooit snel — tot schrijftaal wil verheffen, zal niet alleen deze kostbare erfenis onzer ouders voor ons verloren gaan, maar ook van 't heerlijke Nederlandsch zal er in ons land niets overschieten. Deze twee talen gaan hand in hand. De beste vrienden van Nederlandsch in Zuid-Afrika vindt ge bij de voorstanders van 't Afrikaansch. Werkt men Afrikaansch tegen, dan werkt men Engelsch — en Engelsch alleen — in de hand. Daar is geen enkele Afrikaner in 't gansche Zuid-Afrika die 't Afrikaansch heeft laten varen, of zijn taal, en in vele gevallen ook zijn kerk, is Engelsch."

Maar hy waarsku Preller om nie te haastig te werk te gaan nie; eers in die omgang en briefwisseling

⁴³⁾ „My Herinnerings van Ons Taalstryd," p. 170.

van Afrikaans gebruik maak; eers 'n literatuurskep; dan sal Afrikaans vanself die plek inneem wat hom toekom. Preller haal bostaande aan, en laat dan daarop volg:

„*Stadig o'er die klippe* is een van die motto's van die voorstanders van Afrikaans as skryftaal.

Afrikaans skryf en praat, Hollands leer, albei lees is 'n ander, en 'n nadere aanduiding van die eerste, en ons geloof is: *Alles sal regkom*.

Laat ons dit herhaal: Ons Bijbeltaal leer ons in die skool en preek ons in die kerk, maar ons gaat ons nie langer skaam om ons Moedertaal te skryf en te praat nie.”⁴⁴⁾

Maar hoewel De Waal hom so openlik en beslis met Preller se optrede vereenselwig het, was hy juis daarom genoodsaak om nog meer as voorheen ernstig rekening te hou met Kaapse taalverhoudinge, soos blyk uit die volgende uitlating in 'n vertroulike brief aan Preller, gedateer Kaapstad, 25 Sept. 1905:

„Ek het di beweging, wat u met soveel vuur an di gang geset het, met baie bespreek, en ek moet u sê dat di meeste ni al te gunstig gesind is ni, ofskoon ek so nou en dan daarin slaag om een tot bekering te bring.

Adv. Malan het my gevra om glad gin diskussi oor di Afrikaanse taal in *De Goede Hoop* te laat plaasvind ni. 'n Paar predikante het te kenne gegee dat hulle ni *De G.H.* sal ondersteun as ek met myn ‚Africander Grammar‘ voortgaan ni. Mnr. A. J. S. du Plessis het my dringend versoek om di Afrikaanse kwessi te laat bly, en di ed. heer J. H. Hofmeyr (Onse Jan) meen ook dat dit bes is, dat ek die saak laat bly.

⁴⁴⁾ „De Volkstem,” 50 Nov. 1905.

Ek noem dit op om te toon hoe konservatief di mense nog hier is, en di ongeluk is, dat ek verplig is om van hulle gevoelens notisi te neem. Mar al voel ek my nou 'n beetji geknelter, sal ek daarim vir onse goeie saak gedurig werk

Wat u suggesti betref, om 'n takvereniging in di Kaap te stig, ek dink dat dit bes is om 'n beetji daarmee te wag. Laat di suurdeeg nog eers wat rys." ⁴⁵⁾

10. *Stigting van Afrikaanse Taalvereniging (1906)*

„Mar al voel ek my nou beetji geknelter, sal ek daarim vir onse goeie saak gedurig werk.” De Waal het sterkte geput uit die feit dat hy nie langer alleen gestaan het nie, maar voortaan kon reken op aktiewe medestanders in die noorde, veral in Pretoria, Potchefstroom, Bloemfontein en Pietermaritzburg; en dit het so getref dat daar weldra drie flinke wapenbroers in die suide sou opdaag om die Kaapse taalfrent te kom versterk.

Einde 1905 het ná voltooide studie uit die buitenland teruggekeer drs. A. I. Perold en D. F. du Toit Malherbe, en in Julie 1906 dr. D. F. Malherbe — toevallig al drie voortgespruit uit die vocëre kring van „Regte Afrikaners” in die Paarl — en hulle dadelik by De Waal aangesluit. „Dit het ons viertal nie lank geneem om te besluit nie dat stappe behoort gedoen te word om 'n vereniging ter bevordering van Afrikaans in die Kaap te stig. Die twee Malherbes het 'n vyftig myl van die stad gebly, maar die moeite om Saterdag Kaap-toe te reis om

⁴⁵⁾ Brief in Preller-argief.

hier met dr. Perold en my te kom krygsraad hou, was vir hulle g'n opoffering nie." ⁴⁶⁾

En as so 'n krygsraad afgeloop was, dan het De Waal op huisbesoek uitgegaan. „Ek weet nie of ek ooit in my lewe ernstiger gesukkel het om 'n onderneming te laat slaag nie Om vanuit die staanspoor sukses vir die te stigte organisasie te verseker, het ek o.a. al my nasionaal-gesinde vrinde onder die regsgeleerdes en geneeshere in die Kaap persoonlik, een vir een, gaan opsoek om hulle te beweeg om by ons aan te sluit. By meer as een het ek dit net opdraand gekry." ⁴⁷⁾

Die resultaat was 'n voorlopige vergadering van 'n negetal persone in De Waal se kantoor op 5 Okt. 1906, waar 'n kommissie benoem is, bestaande uit advv. De Waal en Wessel Roux en drs. Perold en Malherbe, om voorbereidende maatreëls te tref vir die stigting van 'n taalvereniging op 'n openbare vergadering wat 'n maand later in Kaapstad sou plaasvind.

Ondertussen het D. F. Malherbe die offensief begin in een van die mees Engels-georiënteerde dorpe van die suide, nl. Wellington, waar hy tydelik werksaam was aan die „Huguenot Seminary" — van alle plekke! Was dit toeval, of was dit 'n voorteken van komende dinge, dat die eerste skoot van die nuwe taalfront in die suide juis in die „Goodnow

⁴⁶⁾ „My Herinnerings van Ons Taalstryd," p. 190.

⁴⁷⁾ Idem, p. 191.

Hall" afgevuur moes word? En dit het gekom soos 'n bom uit die blou lug.

Op 12 Okt. 1906 het Malherbe voor 'n groot gehoor die vraag behandel: „Is Afrikaans 'n dialekt?“⁴⁸⁾ In 'n wetenskaplike betoog, uitgespreek met gloedvolle oortuiging in die deftige „Hoog-afrikaans“ van daardie dae, het hy die vraag ontkennend beantwoord en gepleit vir die aanvaarding van Afrikaans as skryftaal. „Ek is principieel te'en di idee van di vorming van 'n toekomstige skryftaal deur vereenvoudiging, dus deur toenadering van Hollands tot Afrikaans, want di so gewonne resultaat sal gebaseer wees op 'n *fondament wat in di lugt swewe*. Hoe vereenvoudigd ook di vormleer sal gemaakt worde, so moet dit geen Hollandse maar wel Afrikaanse vormleer en syntaxis wees, wat als *enige basis* ver 'n toekomstige skryftaal kan en mag aangenome worde.”

Hierdie deeglik gemotiveerde betoog van die jong taalgeleerde het ingeslaan en groot opskudding veroorsaak, veral in die kamp van die Vereenvoudigers. Hulle het dit beskou as 'n ultimatum wat onmiddellik beantwoord en onskadelik gemaak moes word, en die aangewese persoon om dit te doen, was prof. W. J. Viljoen van Stellenbosch, die hoofaanvoerder van die Vereenvoudigers. Hy het dan ook kort daarop, eweneens op Wellington, 'n redevoering gehou oor die snaakse vraag: „Wat is

⁴⁸⁾ Volledig gerapporteer in „Ons Land,” 18 Okt. 1906.

nu eigenlijk onze taal?"⁴⁹⁾ Volgens die professor was „Hooghollands, Vereenvoudigd Hollands, of Afrikaans, op de keper beskouwd, toch maar verschillende fazen van hetzelfde voorwerp, verschillende namen voor dezelfde zaak." Want daar is altyd verskil tussen spreektaal en skryftaal, en „wie van ons legt in de familiekring altans niet gaarne het stramme keurs der etikette af voor de losse huisjas? Men kan zich dus, evenals in alle beschaafde landen, ook te onzent in zijn gewone spreektaal blijven bedienen van een beschaafde vorm van onze volkstaal, zonder die voor schriftelike doeleinden in de plaats van het Nederlands te willen stellen." En deur die Vereenvoudigde Spelling het Nederlands nou so naby Afrikaans gekom, dat dit werklik onnodig was om die laaste ook te wil skryf. Daarom rig hy hom tot die „welmenende jonge vaderlanders, die zich ook tans weer zo sterk hebben uitgesproken ten gunste van het Afrikaans," met die vraag:

„Is 't nu wel in belang van onze nationale eenheid, is 't werklik ‚patrieties' om, na de strijd die we op taalgebied pas hebben doorgemaakt, kans tot verdeeldheid te geven onder zonen en dochteren van hetzelfde kleine volk, dat, alles tezamen genomen, nog niet eens het bevolkingscijfer uitmaakt van een kleine europese stad, en alzo koren op de molen te brengen van een wereldreus, die teenover ons staat, gereed om met de ijzeren voetsool ons te verpletteren?"

⁴⁹⁾ Volledig gerapporteer in „Ons Land," 3 Nov. 1906.

Sulke retorika het seker indruk gemaak op sy gehoor, maar 'n mens vra jou af of menigeen nie onwillekeurig moes gedink het aan Dawid en Goliath nie, al was die beeldspraak van die „molen” bietjie verward? Want die nugtere werklikheid was dan tog dat juis die *lewende volkstaal*, ontdaan van die belemmerende ou skryf-harnas en beliggaam in 'n eie volksletterkunde, die enigste doeltreffende wapen *kon* wees om die wêreldreus mee te lyf te gaan! Maar die professor se taalperspektief was sodanig benewel deur sy „Vereenvoudigde” bril, dat hy verder tot die volgende onsinnige stelling geraak het:

„Was het Afrikaans in eigen huis alleen meester, of waren alle Afrikaners bij *de keuze tussen Hollands en Afrikaans* (ek kursiveer) in hun wens min of meer eenstemmig voor het Afrikaans, dan zou er niet veel anders te zeggen zijn dan dat wij daardoor de geweldige invloed van een kultuurtaal prijsgeven. Maar wat nu is het geval? Dat er onder de Afrikaners ten opzichte van deze kwestie zelfs niet in de verste verte eenstemmigheid bestaat. Verreweg de meesten, en daaronder genoeg Afrikaners van naam en betekenis, aan wier liefde voor volk en taal zelfs niet door de vurigste patriotten mag worden getwijfeld, zijn besliste tegenstanders van de verheffing van het Afrikaans tot schrijftaal, sterker nog—*zullen in de keuze tussen Afrikaans en Engels onvoorwaardelijk de voorkeur geven aan het Engels* (ek kursiveer). In de strijd om het bestaan tegen Engels zal Afrikaans als schrijftaal dus niet slechts de kultuurinvloed van Nederland missen, maar wat nog veel noodlottiger is, ook de steun van onontbeerlike strijdkrachten alhier, en daaronder de kansel, met zijn machtige invloed.”

Prof. Viljoen was destyds dié gesaghebbende taalgeleerde in Suid-Afrika en sy mening het dus groot gewig gedra,⁵⁰⁾ maar 'n mens weet nie waaroor jy meer verbaasd moet staan nie — oor die voorstelling as sou Afrikaners 'n keuse moet doen tussen Hollands en Afrikaans (en dan in die laaste geval die kultuurinvloed van Hollands moet prysgee), of oor sulke allervoortrefflikste Afrikaners wat onvoorwaardelik hul moedertaal sou verruil vir Engels! Kon daar dan by sulke mense nog sprake gewees het van „liefde voor volk en taal”?

Dis seker 'n hoogs merkwaardige verskynsel om 'n Afrikaanse taalgeleerde in twyfel te sien verkeer aangaande die taal van sy volk, terwyl 'n vreemdeling uit Holland na 'n kort verblyf hier te lande tot die volgende slotsom kom:

„Waar men den geweldigen indruk van krijgt, dat is dit: dat de taal die een volk spreekt en waaraan een volk vasthoudt, niet door redeneringsargumenten kan worden bedisseld. Men leert begrijpen wat voor een levend, onverwoestbaar ding een landstaal is — machtiger dan de mensch en zijn ordonnancies. Men *kies*t geen taal, men *heeft* er een; heeft er een ingezogen, ingeademd, ingeprent.”⁵¹⁾

Maar wat prof. Viljoen se houding nog onverstaanbaarder maak, is die feit dat hy tien jaar tevore in sy doktorske proefskrif⁵²⁾ nie die minste twyfel gekoester het oor wat nou eintlik ons taal is nie, maar

⁵⁰⁾ Skrywer hiervan was destyds student van prof. Viljoen en kan getuig van die groot invloed wat hy op sy studente gehad het.

⁵¹⁾ Prof. J. A. van Hamel: „Uit het Zuid-Afrik. Gemeenebest,” p. 96.

⁵²⁾ W. J. Viljoen: „Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache,” Strassburg, 1896.

selfs 'n welsprekende pleidooi gelewer het ten gunste van Afrikaans en die Patriotbeweging! Toe was hy dit eens met die Genootskappers dat die spreektaal ook skryftaal moes word, want „vermochte sie den mündlichen Gedankenaustausch zu vermitteln, warum konnte sie nicht ebenso geeignet sein oder geeignet gemacht werden, sich zur Schriftsprache erheben zu lassen?“ (ek kursiveer). Toe het hy hul oortuiging gedeel „dass die afrikanische Sprache für das afrikanische Volk gut genug ist.“ Toe was dit geen bekrompe vaderlandsliefde om daarvoor te ywer nie, maar „vielmehr die gesunde Aeusserung eines sich kräftig regenden Nationalgeföhls.“ Toe was sy slotsom: „Das Ziel der Genootskap, das darin besteht, *eine eigene geschriebene zu der eigenen gesprochenen Sprache zu fügen, müssen wir in jeder Hinsicht billigen*“ (ek kursiveer); want daarmee „war für alle Zeiten der Grundstein einer echtnationalen Litteratur gelegt.“⁵³⁾

Dit was die jong promovendus van 1896 se standpunt. Maar die professor van 1906 het nie net die promovendus verloën en sy ou liefde versaak nie; hy was nou selfs bereid, as dit daarop aankom, om saam met ander „gocie” Afrikaners „onvoorwaardelik de voorkeur te geven aan het Engels.” En sóseer was die professor hom bewus van sy gesag en invloed, dat hy na afloop van sy redevoering op Wellington kon verklaar: „Ik ben

⁵³⁾ Aldaar, pp. 56-57.

juist betijds geweest om deze beweging de nekslag toe te dienen." Hy het dan ook gesorg dat sy toespraak volledig gerapporteer sou word op dieselfde dag waarop die toe reeds aangekondigde openbare vergadering van Afrikaans-voorstanders in Kaapstad sou plaasvind om 'n taalvereniging te stig; en daarmee, so het hy in sy oormoed gereken, sou die nuwe beweging finaal onskadelik gemaak of van die toneel weggeveeg word. Want as „ou dr. Wy-Jy” destyds een van sy altyd hoogdrawende orasies, by watter geleentheid ook, eenmaal besluit het met die gebruiklike „ik heb gezegd” — nou ja, dan was daar vir 'n gewone mens ook niks meer oor die saak te sê nie

Op 3 Nov. 1906 het eindelijk die sorgvuldig voorbereide vergadering van De Waal en sy helpers in die WichtsaaI, Kaapstad, plaasgevind onder voorsitterskap van prok. (tans dr.) J. G. van der Horst. Vooraf was in die pers aangekondig watter voorstelle, en deur wie, op die vergadering behandel sou word. Daar was 'n 70-tal persone uit Kaapstad en omstreke aanwesig, terwyl verskeie ander per brief of telegram hul instemming betuig het. So het ds. W. Postma van Bloemfontein laat weet dat oud-pres. Steyn die beweging toejuig, en Preller het getelegrafeer: „Van harte sukses met byeenkoms en beweging; keer Afrikaans en keer die see is één doen.”

Na 'n flinke voorsittersrede, waarin veral die *Cape Times* moes deurloop oor die valse munt wat

hy uit prof. Viljoen se toespraak geslaan het, is die rapport van die voorlopige kommissie deur De Waal voorgedra. Daarop het 'n geesdriftige bespreking gevolg, aan die slot waarvan die voorstelle goedgekeur en 'n vereniging tot stand gebring is onder 'n sterk hoofbestuur, bestaande uit: Prokureur J. G. van der Horst, advokate J. H. H. de Waal, H. S. van Zyl, L.V. (tans hoofregter), Wessel Roux, Roché Pohl; drs. D. F. Malan, D. F. Malherbe, D. F. du Toit Malherbe, A. I. Perold; ds. P. de Waal (Leipoldtville); mnre. P. Imker Hoogenhout en D. J. Brink (albei van Wellington). Later is nog bygevoeg adv. Henry Burton (Kaapstad), ds. G. L. van Heerde (Philadelphia), ds. (tans prof.) N. J. Brümmer (Drieankerbaai), mnr. W. A. Hofmeyr, prok. J. M. Theunissen (Prins Albert), mnr. J. H. Malan (Oudtshoorn), mnr. D. P. du Toit (Cradock), mnr. W. J. du Toit (Stellenbosch) en mnr. P. Hauptfleisch (Paarl).⁵⁴

Die statute, later in opdrag van die vergadering deur die bestuur opgestel en in pamfletvorm uitgegee, lui as volg (in die oorspronklike spelling):

„Di naam van di vereniging sal wees: *Di Afrikaanse Taal Vereniging*.

1. MOTIEF. — Di vereniging gaat uit van di standpunt, dat Afrikaans di taal van di Afrikaanse volk is, en om di rede deur ons volk erkend en ondersteund behoort te worde, en meen, dat di taal so vrij als moegelik van vreemde woorde en idioome moet gebruik worde.

⁵⁴) Die verrigtinge van hierdie stigtingsvergadering is breedvoerig gerapporteer in „Ons Land” van 8 Nov. 1906.

2. DOEL. — Di hoofdoel van di vereniging is om di gebruik van suiwer Afrikaans als spreek- sowel als skryftaal aan te moedig, en om meer liefde en waardering bij ons volk daarvoor op te wek.

3. MIDDELE. — Om di doel te bereik sal di vereniging trag om:

- (a) Afrikaanse ouers voor oog te hou dat, waar hulle Afrikaans als huistaal verwaarloos, daar groot gevaar is, dat Engels di huistaal van hulle kinders sal worde, en dat hulle nasionaliteitsgevoel daardeur verswakt sal worde;
- (b) daarvoor te ijwer, dat degelike onderwijs in Nederlands op ons skole sal gegee worde, daar Nederlands di hoofdbron van Afrikaans is; en dat niemand tot skoolinspekteur aangestel sal worde nie, tensij hij 'n behoorlike kennis van Hollands besit;
- (c) 'n strenge wetsbepaling te verkrij, dat niemand tot di civiele dienst sal toegelaat worde nie, tensij hij 'n redelike kennis van Hollands het;
- (d) di gebruik van Hollands als officiële taal deur afdelingsrade, municipaliteitsrade, ens., als wettig erkend te krij;
- (e) verdienstelike Afrikaanse boeke, liedere en andere geskrifte uit te gee en te versprei;
- (f) aan bevriende kocerante en tijdskrifte leesstof in Afrikaans te besorg;
- (g) kragtig saam te werk met alle andere vereniginge, wat speciaal vir di bevordering van Afrikaans ijwer, en ook in harmonie te werk met di Z.A. Taalbond, di A.C.V.V., di Z.A.O.U., en alle andere dergelike liggame, wat betref di uitbreiding van Hollands in ons land;
- (h) alle andere doeltreffende middele te gebruik vir di versterking, ontwikkeling en bevordering van di taal."

Die verdere bepalings handel oor lidmaatskap, hoofbestuur, takke en kongresse. Jaarliks sou 'n kongres gehou word, bestaande uit die hoofbestuur en afgevaardigdes van takverenigings.

11. *Die Nuwe en die Oue*

Met die stigting van twee nuwe taalorganisasies, die A.T.G. in die noorde (1905) en die A.T.V. in die suide (1906), was eindelijk die alleenstaande kragte saamgesnoer in 'n gemeenskaplike Afrikaanse taalfront met 'n doelbewuste program van aksie. Die nuwe beweging was nie langer 'n droom nie, maar 'n daad.

Die juistheid van die onderskeiding tussen *eerste* en *tweede* taalbeweging word soms in twyfel getrek, omdat dit dan maar dieselfde beweging met dieselfde doelstelling sou gewees het, wat slegs tydelik deur die Tweede Vryheidsoorlog onderbrek is, om daarna weer hervat te word. Daarom sou liever gepraat moet word van die eerste en tweede „fase” van die Afrikaanse Taalbeweging.

Wanneer egter gelet word op die mees kenmerkende aspekte van die twee „fases,” blyk al gou dat die tweede beweging geen voortsetting was van die eerste nie, maar inderdaad 'n heeltemal *nuwe taal- en volks- en kultuurbeweging* in die volste sin van die woord. Laat ons enkele opvallende aspekte kortliks teenoor mekaar stel.

(a) ONTSTAANSGROND

Bybelvertaling was die ontstaansgrond van die ou beweging, want al het die G.R.A. hom ook op ander terreine beweeg, het die Bybelgedagte tog die sentrale motief gebly en ten slotte ook hooftaak geword.

Die Tweede Vryheidsoorlog was die ontstaansgrond van die nuwe beweging. Volslae denasionalisering het die ontredderde Afrikanervolk na die oorlog in die gesig gestaar, en uit hierdie dringende nasionale nood is die reddingsbeweging gebore.

(b) DOELSTELLING

Teoreties het die G.R.A. sy doel so ruim gestel dat dit land en volk en taal moes omvat. Maar juis daarom kon dit ook niks meer wees as 'n toekomsdroom nie; die tyd was daarvoor nog nie ryp nie; buitendien was die uiters beperkte kragte en middele totaal ontoereikend vir die verwesenliking van so 'n grootse ideaal.

Die nuwe beweging het hom aanvanklik toegespits op slegs een saak — redding en ontwikkeling van die verwaarloosde en aan anglisering blootgestelde volkstaal, en skepping van 'n volkseie letterkunde.

(c) TAKTIEK

Die G.R.A. het feitlik die kar voor die perd gespan, deur dadelik by die Kerkdeur aan te klop en vir hom 'n taak op te eis wat alleen van die Kerk self kón en móes uitgaan. Verder het hy hom, by

monde van sy lyforgaan, weldra op politieke terrein begewe, aanvanklik wel met groot sukses, maar eventueel met noodlottige gevolge.

Die nuwe beweging het Kerk en Skool en Staat voorlopig heeltemal links laat lê en alle kragte gekonsentreer op die onbewerkte terrein van die alledaagse volkslewe. Soos Preller dit gestel het: „Ons wil ons Kerk en Skool en Regering nie vra om 'n toestand te erken wat nog nie bestaan nie Dis wel ons ideaal dat 'n beskaafde Afrikaans eenmaal op die skoolbanke moet geleer en van die kansel sal gehoor worde, maar dit moet die gevolg wees van 'n erkende toestand, nie 'n middel tot ons doel nie.”

(d) AARD EN OMVANG

Die ou beweging was gelokaliseer tot die Paarlse omgewing, met hoogstens 'n halfdosyn daadkragtige werkers. Dit het nooit werklik tot volksbeweging uitgegroei nie, maar hoofsaaklik 'n *Patriot*-beweging gebly en eventueel selfs verkwyn tot 'n „eenmansbeweging.” Ook die ou Genootskap het as sodanig weldra nie meer gefungeer nie, veral nadat sy aktiwiteite gekonsentreer was in die Paarlse Drukpersmaatskappy.

Die nuwe beweging, daarenteen, het feitlik uit die staanspoor 'n landswye omvang aangeneem, terwyl dit die onmiddellike steun van die mees vooraanstaande intellektuele kragte in die land geniet het, en daaronder baie wat aan Europese kultuurbronne gedrink het en derhalwe met gesag kon optree. Dit

was klinkende name, waaronder ook dié van bekende oorsése geleerdes, wat openlik gestel kon word teenoor die anonimiteit van die ou aanvoorders — 'n feit van groot betekenis.

(e) INSTELLING

Seker die opvallendste teenstelling tussen die twee bewegings vind ons in die houding van die jongeres teenoor die oueres. Onmiddellik na die stigting van die A.T.G. en die openbaarmaking van sy planne om 'n eie orgaan in die lewe te roep, is Preller namens die Paarlse Drukpersmaatskappy genader met die volgende aanbod: „Sou daar ni kans wees dat *Ons Klyntji* di orgaan fan julle fereniging kan worde? Natuurlik sal dit folkome frygelaat wees an Lede of di Bestuur om hulle spelling te folg.”⁵⁵⁾

Preller het die aanbod laat sirkuleer onder medestanders en hulle het eenparig afwysend geantwoord. Die volgende uitlatings is tekenend vir hul houding. J. S. M. Rabie (Pietermaritzburg) skryf: „Ik zou dit ook jammer vind als daar twee Afrikaanse tydskrifte naast mekaar moest bestaan. En toch kan daar m.i. van samenwerking met die Perelse span hoegenaamd geen sprake wees.”⁵⁶⁾ A. J. van der Walt (Potchefstroom) skryf: „Ik moet eerlik erken dat ik maar net danig schrikrig is ver enige zaak wat met die Perl of die overlede ‚Patriot‘ in betrekking staat. Ons zal onze beweging m.i.

⁵⁵⁾ Uit brief in Preller-argief, gedateer 28 Des. 1905.

⁵⁶⁾ Uit briewe in Preller-argief, Jan.-Febr. 1906.

sommer uit die staanspoor uit gaan belemmer en benadeel als ons 'Ons Kleintjie' onze orgaan zal gaan maak." ⁵⁶) Dr. N. M. Hoogenhout (Pretoria) skryf: „Give a dog a bad name and hang him,' sê die Engelsman. So is dit met die ou Pêrl-span. Ons kan óns onmoontlik aan daardie wiel laat bindc." ⁵⁶)

In dieselfde gees het die Bloemfonteiners geantwoord, en dit stem ook ooreen met De Waal se houding, soos vroeër reeds aangetoon is. In dieselfde jare dus, waarin die nuwe beweging gebore word en kragtig ontwikkel, sien ons die organe van die ou beweging wegkwyn en doodloop. Wel die sprekendste bewys dat ons dit hier nie te doen het met 'n hergeboorte van die oue nie, maar met 'n nuwe geboorte.

(f) S. J. DU TOIT NOGEENS

Dis byna pateties om te sien hoedat ds. S. J. du Toit hom inspan om die aandag van die jongeres op die Paarl te vestig. In 1906 verskyn by die Patriot-drukkery 'n bloemlesing *Afrikaanse Gedigte, byeenversameld uit wat in di laaste 30 jaar ferskyn is, 1876-1906*. Hierdie taamlik lywige bundel van 164 bladsye, gedruk in O.K.-formaat, moes klaarblyklik dien om die jongeres te herinner aan die „letterkundige" prestasies van hul voorgangers. Maar daar word nog meer pogings aangewend. Na die ondergang van *Ons Klyntji* in Des. 1906 gee S. J. du Toit die stryd nog nie gewonne nie, maar stig 'n nuwe maandblad, *Ons Taal*, wat feitlik maar

'n voortsetting was van *Ons Klyntji* onder 'n nuwe naam. In Mei 1907 verskyn die eerste nommer, waarin o.m. gesê word:

„Hier is ek! Ek kan daarom een of meer redes opnoem, waarom ek ferskyn. Eereers: hoewel die Afrikaanse Taalbeweging reeds meer as 30 jaar oud is, is daar op di ogenblik ni één tydskrif in di taal ni. *Ons Klyntji* het bestaan, mar wil ni meer kom ni. En feral nou met die nuwe beweging op taalgebied denk ek dit hoogs wenselik dat di beweging tog één tydskrif het, waarin net Afrikaans geskrywe word.”

Die redakteur neem dus op sy beurt nie die minste notisie van De Waal se Afrikaans in *De Goede Hoop* nie en verbind *Ons Taal* sonder meer aan die nuwe beweging wat hy as voortsetting van die oue beskou. Dit blyk verder uit die feit dat hy die ontstaan en historiese verloop van die ou beweging weer pertinent onder die aandag bring, deur sy in 1880 verskene *Geskiedenis fan di Afrikaanse Taalbeweging* weer as vervolgrecks in *Ons Taal* op te neem en daarna as herdruk uit te gee (1909). Verder word verrigtinge van die A.T.V. vermeld en selfs portrette geplaas van dr. D. F. Malherbe (voorsitter van die eerste A.T.V.-kongres, 1907) en dr. D. F. Malan (voorsitter van die tweede A.T.V.-kongres, 1908), terwyl van albei kongresse kort verslae geplaas word, sowel as die spelreëls wat op die tweede vasgestel is. Verskeie jonger kragte, o.m. Totius, Malherbe en Perold, werk ook aan die blad mee, maar met dit alles blyk *Ons Taal* geen nuwe lewenskrag te besit nie. Die laaste jaargang

(1909) voer 'n sukkel bestaan met telkens een nommer vir twee maande, terwyl die laaste nommer die maande Sept.-Des. moet dek. Dit is die laaste stuiptrekkings van die ou beweging wat sedert 1900 feitlik reeds sterwende was.

In dominee S.J. se *Geskiedenis* van 1909 (die laaste Bybelboeke het in 1908 verskyn) word dan nog ten oorvloede as aanhangsel 'n artikel uit die *Patriot* van 1895 opgeneem oor „Ons werk en syn vrugte” sowel as 'n lys van uitgawes van die *Patriot*-drukkery, wat met die volgende mededeling afgesluit word:

„Di firma D. F. du Toit en Co. Beperkt het dus gedruk, boeke klein en groot in Hollans 93,650 en in Afrikaans 81,000, same dus 174,650, waarvan nog maar 22,550 nog in voorraad is, sodat 152,100 verspreid is (bedoel word nie afsonderlike boeke nie, maar die totale oplaag). Bowendien is van die *Afrikaanse Almanak* 'n 56,000 en gebinde jaargange van die *Getuige* 'n 1200 versprei.”

Moet dit beskou word as 'n laaste afskeidsgroet, of 'n stille verwyf, of 'n triomfantlike teregwysing aan die adres van die afsydige jongeres? Twee jaar later is ds. S. J. du Toit oorlede.

(g) DIE NUWE GELUID

Maar nog die grootste verskil tussen die twee bewegings lê in die nuwe geluid wat daar weldra gehoor word by die aanvang van die tweede beweging. Dit begin reeds tydens die oorlog te drup, soos tranes uit 'n gebroke siel, as Joubert Reitz

in 1901 op Bermuda sy heimwee uitsnik in Engels!

„When the searchlight from the gunboat
 Throws its rays upon my tent,
 Then I think of home and Comrades
 And the happy days I spent
 In the country where I come from,
 And where all I love are yet;
 Then I think of things and places
 And of scenes I'll ne'er forget.
 Then a face comes up before me,
 Which will haunt me to the last,
 And I think of things that have been
 And of happiness that's past
 And only then I realise
 How much my freedom meant,
 When the searchlight from the gunboat
 Throws its rays upon my tent.”⁵⁷⁾

Wat 'n ironie dat die verowerde as balling in die verre vreemde geen ander medium tot sy beskikking het om sy diepste sielsbeweging uit te sê nie as die taal van die veroweraar! Wat 'n sprekende bewys van hoe diep die angliseringskanker reeds in die Afrikanersiel ingevreet was! Maar gelukkig was dit Preller gegee om die smaad af te wend en die eer van die eie taal te red deur sy treffende verafrikaansing van hierdie vers, waarin die nuwe geluid in nog skoner belewing opklink:

„Als die soeklig van die wagskip
 op mijn tent skijn in die nag,
 peins ik droef o'er huis en makkers,

⁵⁷⁾ F. W. Reitz: „Oorlogs e.a. Gedichten,” p. 66.

en die speel-tijd van weleer —
 skijn daar op die tentdoek beelde,
 wat mijn denke t'rug-voer vér naar
 ruigend veld in sonneweelde,
 waar eenmaal só mooi gestaan 't
 dié ou haardstee, dié ou thuiste
 en dan breek daar, of 't 'n hart is,
 snikkend déur mij siele-pijn —
 als die soeklig van die wagskip
 in die nag-uur op m'n tent-doeck skijn!"⁵⁸⁾

En dan kom plotseling soos 'n openbaring, in Julie 1905, „Klaas Vakie” se *Winternag*, met sy suggestief-klaende ritme en simboliese beelding, met sy „velde in sterlig en skade — so wyd as die Heer se genade,” met sy „winkende hande” wat roep om erbarming. En byna onmiddellik daarop volg Preller, onder die skuilnaam „Stoffie,” met die droefgeestige versugting *Hoe Lang?*

„Daar rijs soms stemme in die nag,
 wat fluister, eers gesmoor en bang,
 maar luider straks, skoon altijd sag:
 ‚hoe lang?’

Hoe lang moet ons nog swerf en strij,
 en stil-swaar worstel met die dwang,
 en hoon en smaad en skimp-taal lij:
 ‚hoe lang?’

Hoe lang verdra ons nog en wag,
 en tel die trane op ons wang,
 en duld en lij en treur en smag:
 ‚hoe lang?’

⁵⁸⁾ Inleiding tot Celliers se „Vlakte” bundel, p. 14.

Als volk, hoe lang sal ons nog kijn,
 eer ons deurgrond die dŭre drang
 tot vrij-wees, wat ons álmal drijf:
 „hoe lang?”

Van waar die lafaards wat daar meen,
 en ongestraf, met dom gebaar
 durf sê dat álles ijdel was voorheen?
 „van waar?”

Van waar die arme siele kom
 wat in g'n eige toekoms staar,
 en ons wil oplos in 'n vreemde drom?
 „van waar?”⁵⁹⁾

Hy slaan egter 'n veel hoopvoller toon aan in
More:

„More pluk ons blomme — more
 as die reen en mis eers o'er is,
 as die modder opgedroog is,
 as die son ons toe-lag — more!

.

Die reen en mis en wolke,
 wat ons son gekeer het gister,
 keer hom maar vandaag nog,
 maar ons wag ver more!”⁵⁹⁾

Dan verskyn op 12 Mei 1906 in *De Volkstem* die sublieme sang van die Afrikaanse veld — *Die Vlakte* van Jan Celliers — nadat dit 'n jaar lank onder sy papiere bly lê het. Hierdie gedig, in Switserland geskryf (waar Celliers destyds verblyf gehou het)

⁵⁹⁾ „De Volkstem,” 30 Aug. 1905.

onder die bevruggende inwerking van *The Cloud* van Shelley, het dus nog voor Marais se *Winternag* ontstaan. Die eerste strofe, soos dit oorspronklik verskyn het, lui as volg:

„Ik slaap in die rus van die eeuwe gesus,
 Ongezien, ongehoord;
 En dof en loom in mij zonedroom,
 Ongewekt, ongestoord.
 Tot die ijl-blouwe bande der vér-verre rande
 Schuif mij breedte uit,
 Wijd-kringend aan 't puur alomwelvend azuur,
 Dat mij zwijgend omsluit.”⁶⁰⁾

In hierdie voorbeelde hoor ons die nuwe geluid wat getuig van 'n geestelike herrysenis uit die puinhope van 'n oënskynlik verlore vryheidstryd — die triomfering van lewe oor dood. Voor die oorlog was so iets nog nie moontlik nie. By die ou Patriot-skool kon die taal, selfs in die beste rymwerk (soos in b.v. „Ek is 'n arme boerenôi”) niks meer wees as propagandamiddel nie; by die nuwe skool word dit al dadelik die draer van eie sielsbeleving. By die ou skool was dit 'n *dryfskrag van buite*, 'n patriotiese noodsaaklikheid, wat aangevuur het tot rympies waarin heftig protes aangeteken word teen angliseringsinvloede, rympies waarin die bestaansreg van eie taal en nasie bepleit word, rympies waarin die sluimerende volksgevoel en nasiebesef wakker

⁶⁰⁾ Die groot verskil tussen die nuwe en die oue by Celliers self blyk uit 'n vergelyking van sy naoorlogse gedigte met sy eerste rymwerk van 1894 wat nog die Patriot-stempel dra.

geskree word; kortom — propagandarympies met sterk uitgesproke nasionale tendens.

By die nuwe skool, daarenteen, is dit 'n *dryfkrag van binne*, 'n innerlike drang om te getuig van eie sielontroering, eie sielsverskeurdheid, eie natuurskoon, en ook eie volksverlede en volksideale ja, maar nou nie meer met bewus-propagandistiese bedoeling nie.

Die ou skool beskryf en vertel en sedepreek en maak lawaai; die nuwe skool skryf en beeld en suggereer en snik die hartseer uit. Die ou skool besit geen individualiteit, geen eie geluid nie. Soos die een rym, so rym die ander; hulle lyk almal op mekaar; hulle praat almal met een stem — die stem van die Genootskap. Die nuwe skool vertoon dadelik 'n groot verskeidenheid. Elkeen dra sy eie stempel, laat hoor sy eie geluid. Al ontbreek die naam ook, jy kan Celliers nie verwar met Totius nie, Marais nie met Leipoldt nie.

Dis nie meer die onpersoonlike volk wat rym nie, maar die enkele uitverkorenes wat die diepste wese van die volksiel blootlê. Kortom — rymelary maak plek vir kuns; die spotperiode word vervang deur die kunsperiode, propagandarymwerk deur 'n nuwe lente en 'n nuwe geluid.

(b) KRITIESE STANDPUNT

By die ou beweging was daar nog geen sprake van 'n bepaalde kritiese standpunt nie, gesteld selfs dat die kritiese vermoë bestaan het. Want hoofsaak was nie h^oe daar geskryf is nie, maar d^at daar

geskryf is. Maar by die aanvang van die nuwe beweging word dadelik ook die kritiese standpunt gestel, en daarby 'n merkwaardig moderne standpunt. En hier is dit weer Preller wat die toon aangee. Reeds as hy die uitslag van die eerste prysvraag aankondig, gee hy waardevolle wenke aan skrywers.⁶¹⁾

Maar dan lewer hy in *De Volkstem* van 16 Mei 1906 'n uitvoerige beskouing oor Melt Brink, die sogenaamde Afrikaanse „Vader Cats,” waarin nie net sy kritiese standpunt duidelik gestel word nie, maar ook 'n vernietigende oordeel gevel word oor Melt Brink. Hy formuleer sy standpunt as volg:

„Ons verwag dat daar binnen afsienbare tydruimte baje geskrewe sal worde in Afrikaans, en daarom perbeer ons om ons van die staanspoor af te plaas op 'n ruime, vrije werk-basis, — nie van ons eige skepping nie, maar o'ereenkomstig die opvatting daarvan in 'n ouere wereld van lettere en kuns, getoetst aan die intellektuele peil, sede en behoefte van ons eige volk. En van die standpunt af perbeer ons om 'n oordeel te vorm van die voortbrengele in ons eige Moedertaal. In alle ander opsigte is die oordeel net die uitvloeisel van eige gevoel en smaak, en dus iets suiwer persoonliks.”

Betreffende een van Melt Brink se „bekendste” werke sê hy o.m.:

„Ons het die 5000 vyfvoetige vers-regels van ‚Oom Gysbert van Graan’ afgeloop, en ons is nie in staat gewees om daarin één verhewe gedagte of één kiesse skildering te ontdek. Rijm was daar blykbaar die grote kuns; partijkeer

⁶¹⁾ „De Volkstem,” 9 Aug. 1905.

word dit die akeligste rijmelarij Als geheel maak dit op ons die indruk van 'n vergesogte aaneen-rijming van potsierlike Catsiaanse vermakelikhede, wat in realiteit, natuur of lewe, kant noch wal raak, 'n woorde geping-pong wat te weinig opregte lewenswaarneming uitstraal om als satire bestaande gebreke te kan geesel en te verbeter.

Die uitwerking daarvan — laat ons tog eerlik wees en dit ronduit seg! — moet skadelik wees voor die siel, nadelig voor die goeie smaak, demoraliserend voor ons opvatting van al wat skoon en waar is 'Oom Gysbert' is 'n karikatuur, en M.B. sijn blijspele is die ordinairste klugte met presies dieselfde strekking. Albei is ontaarde vorme van kuns kaleharie-dor van alle verheffende invloede. 'n Spotprent of karikatuur kan alleen dan 'n weldadige uitwerking hê, wanneer ons dit diensbaar maak aan verdiende spot, met die doel om te verbeter."

Preller wys ten slotte daarop dat Melt Brink met sy „grappigheid” en al niks anders doen nie as om Afrikaans onberekenbare skade te berokken. Sy oortuiging is dat daar veel hoër gemik moet word as die „ou Dorts-Afrikaanse skool, als ons iets wil uitvoer”:

„En God-dank, dit ontbreek nie aan tekens nie, dat daar baie is wat dit met ons eens is. Afrikaans — enkele Afrikaners het dit aangetoon met hulle gedigte — is vatbaar voor uitdrukking van ons subtielste lewensgewaarwordinge; waarom sal ons stilligj wanneer dit voor spot en skimp aangewend word? Te lang het ons dit gedaan, té groot is reeds die kwaad wat daardeur teweeggebring is. *Laat dit bekend word, dat ons nie langer enkel ons ou grappies en aardighede in Afrikaans wil verkoop nie (ek kursiveer).*”

Hier is vir die eerste maal in die geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging 'n man aan die woord

wat nie skroom om die snoeimes te hanteer nie, maar openlik die oorlog verklaar aan alle banale platvloersheid en gewilde „Afrikaanse” grappigheid, omdat dit nie net ’n belediging is vir sy taal- en nasietrots nie, maar ook lynreg in stryd met sy eie besef van die hoë roeping van die woordkuns.

Nog duideliker blyk Preller se streng-kritiese maatstaf, waar hy in ’n grondige bespreking van *Johannes van Wyk*⁶²⁾ selfs sy wapenbroer De Waal nie spaar nie, maar rondborstig op sy gebreke wys. „Afrikaans het tot hertoe groteliks gedien als ’n soort van trog, om al die o’erloop vulgariteit van die nasie op te vang.” Hy het dit nie teen „die realistiek, waar die bijwyle opstijg tot heerlike kuns, maar ik bedoel hier ’n dor-liederlike gevroetel in die onsmakelikste oppervlakkighede wat ons natuur en lewe in staat is om aan te bied, — iets wat nie alleen ‚heren predikanten,‘ maar iedere fijngevoelige Afrikaner met afkeer vervul.” Hierdie roman beskou hy as „een van die eerste blijke van ’n welkome reaksie daarop,” want dit bevat „niks opsetlik aanstoteliks nie.” Maar terselfdertyd wys hy op De Waal se tekortkominge:

„Die leser moet g’n monumentale mens-epos verwag nie, g’n fijne sielkundige uitrafeling van menselike deugde en ondeugde, g’n groot plasties vermoë, wat die werk sou deurhulwer met ’n lewendige mens-aseem, sodat jij jou helemaal kon inleef in die toestande aan die Kaap 130 jaar vóór die Groot-Trek — dis almal dinge wat kan kom, maar *Johannes van Wyk* is daar nog onskuldig aan.

⁶²⁾ „De Volkstem,” 18 Aug. 1906.

Dit is op s'n best 'n vernuftig inmekaar gewarde verhaal van 'n paar mense met hul haat, afguns en liefde, wat s'n 'boeiendheid' ontleen aan die manier waarop dit in mekaar geset is, aan die 'ontknoping' en aan 'n gemaklike verhaaltrant. Die mens-tragedie daarin blyf klein; jij voel meermale als die skrywer sijn stof helemaal meester was, hij iets groots kon voortgebring het — als hij sijn mense maar net meer lewe kon ingeblaas het!

Die romantiek is partijkeer voos, die stijlmiddele gebrekkig, die psychologie hopeloos vals, maar . . . dit verhinder alles nie dat ik in die skrywer sijn werk 'n warme pieëteit ontdek voor s'n onderwerp en voor die middele waarmee hij dit verwerk, dat sijn dialoogkuns doorgaans goed is en dat juis daaruit dikwils blyk hoe 'n sijnne opmerker hij kan wees — als hij maar moeite wil doen."

Preller wys verder op die gebrek aan historiese atmosfeer, waardeur o.m. 'n pragfiguur soos Adam Tas nie tot sy reg kom nie; op De Waal se anglisitiese Afrikaans en „'n klompie dekadente klankies, wat 'n mens alleen in die 'Boeland' hoor"; op afgerinkinte taalgebruik en ander tegniese foute. Hy spreek ten slotte die hoop uit dat De Waal in vervolg „'n groter liefde sal opvat vir sijn woord, vóór die afgebeulde, seerrug woord, wat waarlik tog nie meer kan nie. Die sal hij bêre en alleen gawe, ronde, hele woorde inspan, en mooi agtermekaar, so's 'n span breedgerugde vaarlands osse, wat gelijkgeweg beur om sijn mening te trek en te draag" Maar nietemin beveel hy *Johannes van Wyk* aan as 'n lesenswaardige boek, „want die allermooiste daarvan is dat dit ons eige is."

Hoe ver Preller, as kritikus, sy eie tyd vooruit was, blyk nog die oortuigendste uit sy treffende inleiding

tot Celliers se „Vlakte”-bundel (1908), waarin hy ’n woord van waardering wy „aan die ou tog-gangers van die eerste trek waardering vooral van die koërs, wat hul gevat ’t, hoe dof en dun hul voet-paadje ook”; en waarin hy sy vreugde uitspreek dat met die verskyning van hierdie eerste versbundel van die tweede beweging „die digter die voor-os juk laat val, na die more-skof van die tweede trek.”

Hy illustreer dan met enkele voorbeelde die groot verskil tussen die eerste trek wat „toentertyd uitgedraai ’t op ’n tengerige, treurig kroeserige strengetje verse,” en die nuwe geluid wat reeds met die môreskof van die tweede trek opklink as „voorbodes van ’n vérder gevorderde nasionale kunsgevoel, en ’n téderder liriek, wat nou verwesenlik word in hierdie verse-bundel van Jan Celliers.” In hierdie inleiding hoor ons tevens ook die nuwe prosageluid van die tweede beweging, as Preller in beeldende taal sy onwrikbare toekomsgehoof uitspreek:

„Dié wat in die more-lemier van hul nasie leef, voel die polsslag van ’n eige lewe klop, hoger en mooier als dié wat hul lewens-lig aanskouw eers met die ondergangs-son van dégenerasie en verval. Dáárom droom ons van ’n eige mooie taal, ’n eige groot letterkunde, ’n eige hoge beskawing; en werk ons in ’n onbegrensde geloof aan die lange dag wat kom”

(i) DIE ENIGSTE SKAKEL

Ons het gesien hoedat die ou beweging sy laaste stuiptrekkings gee in dieselfde jare waarin die nuwe beweging plotseling allerweë soos ’n skone lentebloei

uitbot. Saam met die stigter en besielers daarvan het dit vir goed van die toneel verdwyn. Alleen in een bepaalde opsig kan daar sprake wees van 'n hergeboorte daarvan, naamlik wat die herlewing van die Afrikaanse *taalgedagte* betref. Die enigste werklike skakel tussen die twee bewegings is die algemene taalkoers en taaldoelstelling, en alleen in hierdie besondere opsig kan die tweede beskou word as 'n voortsetting van die eerste. Maar dan ook deur nuwe leiers, op 'n nuwe manier, met nuwe middele, langs nuwe weë.

Die Tweede Vryheidsoorlog vorm hier die groot skeidslyn — daarmee eindig die ou bedeling, daarna begin die nuwe. Maar die oorlog was ook vroeër bestaande skeidslyne uit, sodat die *lokale* Patriot-beweging daarna vervang word deur 'n (in wese reeds) *Uniale* Volksbeweging.

Hierdie opsomming van die mees kenmerkende aspekte van die twee bewegings lewer m.i. voldoende regverdiging vir die onderskeiding tussen *eerste* en *tweede* beweging.

12. *Nou is dit Erns!*

Na die stigting van die A.T.V. (Kaapstad, 3 Nov. 1906) het die taalstryd in die suide in alle erns ontbrand, want ten spyte van prof. W. J. Viljoen se trotse bewering dat hy juis betyds op die toneel verskyn het „om deze beweging de nekslag toe te dienen,” het De Waal en sy wapenbroers nou eers aktief geword. Hulle was daarop uit om so spoedig

moontlik die hele suidelike Kaapland aan brand te steek, hoe die Taalbondmanne, met prof. Viljoen aan die spits, ook al bontgestaan het om die vuur dood te slaan.

Die A.T.V.-manne het selfs daarin geslaag om sedert Maart 1907 'n vaste A.T.V.-kolom in *Ons Land* tot hul beskikking te kry onder redaksie van De Waal, deur middel waarvan die beweging voortdurend onder die aandag van lesers gehou kon word. Daar was 'n bekwame klompie pen- en woordvoerders, by name advokate De Waal, W. J. van Zyl, Roché Pohl, D. G. Conradie, prok. W. A. Hofmeyr, en drs. A. I. Perold en D. F. Malherbe, wat gereeld daarop uitgetrek het om die vreedsame „Hollandse” rus in die omliggende dorpe te gaan verstoer, deur voorlesings te hou en nuwe takke te stig. So kla iemand uit Worcester: „Zoo heeft men dan, ten behoeve van de Afrikaansche Taal Vereeniging, een plotselingen inval gemaakt op onze stille samenleving, die tot hiertoe meestal tevreden was met haar gewone Hollandsche schrijftaal.”

Sulke verrigtinge is breedvoerig in die A.T.V.-kolom gerapporteer, wat dan weer opnuut korrespondensie uitgelok het teen die onrusstokers, die „A.T.Viste,” en hul bedrywighede. Die argumente teen Afrikaans, destyds met die grootste erns en oortuiging uitgespreek, klink vandag reeds volkome „middeleeus.”

By geleentheid van so 'n voorlesing deur adv. W. J. van Zyl in Kaapstad oor die vraag „Kan

Afrikaans 'n kultuur-medium worde?" is aan prof. Viljoen 'n skriftelike uitnodiging gerig, waarop hy o.m. geantwoord het:

„Ik zal van de uitnodiging geen gebruik maken, omdat ik het nut en de noodzakelijkheid van uw beweging niet inzie. Ik heb mijn taal veel te lief dan dat ik een beweging steunen kan, die berekend is de band van geestes- en taaleenheid met de bakermat onzer vaderen te verstoren. Wat onze taal tans nodig heeft, is m.i. niet beweging — we hebben reeds veel te veel beweging — maar rust en verpleging, m.a.w. het Hollands kome onder ons tot zijn recht in huis en school, in het maatschappelijke verkeer en het ambtelike bestuur van het land. Door telkens te tornen aan de vorm van onze taal, maken we ons slechts belachelik in de ogen van hen, die over een gevestigde taalvorm beschikken, alsof we zelve niet wisten wat onze taal eigenlijk is.”⁶³⁾

Die professor wou dus in die jaar 1907 nog die Afrikaners weer herskep in Hollanders! Maar daardie „band met de bakermat onzer vaderen” is destyds so veelvuldig gebruik dat dit naderhand geen die minste bindkrag meer besit het nie. Ondertussen het die „A.T.Viste” se bedrywigheid tot gevolg gehad dat binne 'n jaar reeds op 'n twaalfstal Kaaplandse dorpe bloeiende A.T.V.-takke tot stand gekom het. Sels prof. Viljoen se eie vesting, Stellenbosch, het ten slotte nie bestand geblyk teen 'n sorgvuldig voorbereide offensief van die A.T.V. nie. Lewendig vertel De Waal aan die slot van sy *Herinnerings* hoe die beslissende slag in hierdie sleutelposisie

⁶) „Ons Land,” 15 Aug. 1907.

gelewer is op die aand van 21 Okt. 1907, waarby sulke bekende figure soos prof. G. G. Cillié en Paul Roos tevergeefs vir die verdediging in die bres gesprong het. Staande die vergadering is 'n A.T.V.-tak van 44 lede gestig onder voorsitterskap van Tobie Muller. Die val van Stellenbosch vorm die beslissende keerpunt in die stryd vir Afrikaans aan die suidelike front. Voortaan sou die studente van Stellenbosch 'n leidende rol speel en van stap tot stap die Afrikaanse taalfakkel met onkeerbare geesdrif verder dra tot aan die uiteindelijke oorwinning.

Die A.T.V.-bedrywighede het bestaan uit persoonlike oortuigingswerk van lede, gereelde takvergaderings, voorlesings, konserte, gesellige aande, prysvrae, toneelopvoerings, e.d.m., waarvan veral die laaste uitstekend beantwoord het as propagandamiddel. Die A.T.V. was van sy ontstaan af 'n veel aktiewer en ook lewenskragtiger organisasie as die A.T.G. Uit die staanspoor het hy hom veral toegelê op die stigting van takke, bestaande uit minstens tien lede. De Waal verklaar in sy *Herinnerings* (p. 204): „Die vernaamste bepaling, die siel van die statute, was, na my oordeel, dat *takke* gestig kon word en dat van hierdie takke *bepaalde arbeid* te wagte was.”

Daarteenoor het die statute van die A.T.G. slegs die volgende bepaling bevat: „Waar vijf of meer lede in die nabijheid van elkaar woon, staat dit hul vrij 'n afgevaardigde te kies om hul te

vertegenwoordig op die algemene vergadering. Sulke afgevaardigde sal geregtig wees om soveel stemme uit te bring as daar handtekenings van lede op sijn geloofsbrief voorkom." Van takke was daar dus geen sprake nie. So het die noordelike genootskap in sy beste jare tot ongeveer 300 lede aangegroei, maar takke as sodanig het nie ontstaan nie. Die hoofbestuur was dus hier die enigste werklik aktiewe liggaam.

Die gevolg daarvan was dat die A.T.G.-jaarvergaderings, blykens persverslae, maar 'n matige bywoning van lede getrek het, terwyl die A.T.V.-kongresse glanspunte van die beweging in die suide gevorm het. Hierdie opvallende verskil vind sy verklaring daarin dat die A.T.V., soos hiervoor geblyk het, dadelik 'n opdraande stryd moes voer teen sterk Hollands-georiënteerde instellings soos die Taalbond en die Kaaplandse Onderwysersunie, wat intensiewe propaganda noodsaaklik gemaak het. Sulke georganiseerde teenstand het in die noorde nie bestaan nie, waarom die beweging daar ook 'n veel kalmer verloop gehad het. Die vernaamste opposisie teen Preller se optrede het dan ook uit die suide gekom, terwyl die noordelike weerstand al gou verslap het tot 'n min of meer passiewe of neutrale houding. Uit hierdie verskillende omstandighede het die verskil in taktiek voortgevloei.

Op 13 Aug. 1908 het dr. D. F. Malan (daardie jaar algemene voorsitter van die A.T.V.) sy beroemde voorlesing op Stellenbosch gehou oor die tema:

Het is ons Ernst. Daarin het hy vierkant stelling ingeneem teen die tweeslagtige Taalbond-strewe om Afrikaans wel as spreektaal te erken, maar Nederlands as skryftaal te behou, met die onvermydelike gevolg dat die meeste Afrikaners noodgedwonge die toevlug moes neem tot . . . Engels. Hy sê dan o.m.:

„Geef echter aan de jonge Afrikaander een schrijftaal, die voor hem gemakkelijk en natuurlijk is, en gij hebt daarmede een bolwerk opgeworpen tegen de verengelsing van ons volk, beter dan gevormd kan worden door taalverenigingen of taalkongressen, of zelfs door verbeterd taalonderwijs op de school.

Ik wil er verder op wijzen dat, waar wij altijd alleen Nederlands moeten schrijven en lezen, en waar de volkstaal gedoemd is om niets meer dan de spreektaal te zijn, dat de nadeligste invloed moet hebben op ons gevoel van eigenwaarde. Indien onze volkstaal nooit de draagster kan zijn van onze eigen literatuur en onze volkscultuur, wat betekent het anders, dan dat wij altijd door anderen aangezien zullen worden en altijd onszelf zullen aanzien voor een dialekt sprekend volk.

Verhef de Afrikaanse taal tot schrijftaal, maak haar de draagster van onze kultuur, van onze geschiedenis, onze nationale idealen, en gij verheft daarmede ook het volk dat haar spreekt. Houdt echter de volkstaal op de voet van een half beschaafd provinciaal dialekt, en gij houdt daarmede ook het volk op het peil van een half beschaafde, ongeletterde volksklasse.

De eis, dat Afrikaans altijd spreektaal alleen zal blijven, komt neer op de eis, dat het Afrikaanse volk altijd moet doorgaan voor een halfopgevoed volk, dat om zijn taal altijd het hoofd moet wegsteken, zodra het zich vertoont in de rij van beschaafde volken. De Afrikaanse taalbeweging is niets minder dan een ontwaking bij ons volk tot een

gevoel van eigenwaarde en tot de roeping om een waardiger plaats in te nemen in de wereldbeschaving." ⁶⁴⁾

Hy bepleit dan ten slotte samewerking tussen Taalbond en A.T.V., want in die praktyk is die verskil tussen die twee dit: „De Taalbond zegt: leer Nederlands, skryf Nederlands, en spreek Afrikaans. De A.T.V. zegt: leer Nederlands, skryf Nederlands als ge kunt en wilt, maar als ge niet kunt of wilt, skryf dan niet Engels, maar Afrikaans.” Hierdie helder en goedgeмотiveerde betoog het die skanse van prof. Viljoen se vesting nog verder laat verbrokkel.

„*Nou 's 't erns!*” — skryf Preller na aanleiding van dr. Malan se betoog. „*Is 't ons ernst?* — so werd daar op pessimistiese toon 'n jaar of vier gelede gevraag — amper moedeloos naas die bewyse van geringe vordering, àl die jare van ingespanne stryd, voor . . . Hollands.

„*Laat 't ons erns wees!* — was 'n antwoord, meer optimisties, voller van hoop en verwagting, voor Afrikaans. Laat 't ons tog eenmaal erns wees, met ons Moedertaal! En vandaag weerklink 't al, suiwerder, selfbewus en seker: *Dit is ons erns!* . . . met Afrikaans. En daar's rede voor die optimisme, daar's grond voor ons sekerheid! Want die nasie is ontwaak tot self-bewustheid . . .

„Taalbond en Taalgenuotskap werk naar mekaar toe, nie van mekaar af nie. In 'n nabije toekoms is

⁶⁴⁾ Hierdie voorlesing is in pamfletvorm deur die A.T.V. versprei. Aldaar, p. 5.

hul één, op die enigste grondslag waarop 'n gesonde nasionale ontwikkeling kan volg: 'n selfbewuste volk met 'n eige taal, wat 'n volmaak eige beskawing tegemoet gaat." ⁶⁵⁾

Die gevolg van dr. Malan se pleidooi was dat daar inderdaad, nog voor die end van 1908, 'n toenadering tussen beide partye plaasgevind het. Prof. Viljoen het nou blykbaar besef dat sy vermeende „nekslag” 'n groot misslag moes gewees het, want op sy voorstel het afgevaardigdes van die Taalbond en die A.T.V. 'n samespreking gehad, waar tot die besluit geraak is om die onderlinge stryd te staak en voortaan bymekaar te staan in belang van die Afrikaans-Hollandse taalsaak. Dit was 'n groot stap vooruit, omdat die onderlinge verdeeldheid nie net verlamrend gewerk het op wedersydse aktiwiteite nie, maar ook gesamentlike optrede teenoor Engelse invloede onmoontlik gemaak het.

Ondertussen het voor die end van 1908 die eerste digbundels van Celliers en Totius verskyn, waarvan pres. Steyn getuig het: „Ver mij is die cersteling van onse litteratuur so heerlik als die geluid van die eerste reendruppels na 'n langdurige droogte” (Voorwoord tot *By die Monument*). Hierdie bundeltjie is allerweë met die grootste ingenomenheid begroet. *De Volkstem* van 1 Des. 1908 bevat 'n bloemlesing van uittreksels uit 'n twintigtal resensies daarvan, die een meer opgetoë as die ander. So sê ds. W. H. Boshoff o.m.: „Ik kon mij tot dusverre

⁶⁵⁾ „De Volkstem,” 6 Nov. 1908.

nog niet verenigen met diegenen, die 't Afrikaans tot schrijftaal willen verheffen, doch moet eerlik erkennen dat, nadat ik deze versjes had gelezen en herlezen, ik mij gedrongen gevoelde om uit te roepen: Bijna bewogen! . . . Als het Afrikaans nog meer zulke produkten levert, behoeven de voorstanders ervan zich niet te schamen. Wij wensen de dichter geluk met wat hij ons heeft geleverd; wij vragen en zien uit naar meer."

Die tweede A.T.V.-kongres (Des. 1908) het dan ook in die teken gestaan van hierdie eerste letterkundige lentebloei. Na 'n bestaan van 250 jaar — so het dr. Malan in sy voorsittersrede verklaar — besit die Afrikanervolk nog geen eie literatuur nie. Wie sou durf beweer dat ons volk nie romanties, nie digterlik van aanleg is nie? Het ons dan nie voortgespruit uit Hollanders, Franse en Duitsers, volke met groot kunssin nie? Was ons natuur, ons geskiedenis nie ryke bronne van inspirasie nie? Hoe kom dit dan dat ons nog geen literatuur het nie? Die A.T.V. se antwoord is, aldus die spreker: „Die beeldhouwer is wel daar, sijn hand is op die marmar, maar die beitel ontbreek! Die skilderstuk is wel ingebrand in die siel van die volk, en die volk brand van verlange om die beeld op die doek te bring, maar die penseel en die verf ontbreek!”⁶⁶⁾

Daar was kunssin genoeg, maar tot hiertoe het dit ontbreek aan 'n eie taal en moes ons nog altyd 'n

⁶⁶⁾ „Ons Land.” 22 Des. 1908.

ander volk se taal gaan leen. Volk en taal was as tweeling gebore, onder dieselfde dak opgegroeï, in dieselfde stryd ontwikkel, en tog het hulle mekaar gedurende 200 jaar nie geken nie, eerder mekaar verag. Daarom was daar nog geen eie literatuur nie. Daarom wil die A.T.V. volk en taal nou met mekaar versoen, en as dit geluk, sou die volk met vrymoedigheid in sy eie taal skrywe en sou daar ook 'n eie literatuur ontstaan. Dan sou taalpropaganda ook vanself oorbodig word, want die literatuur sou die taal propageer. Die eerste resultate was bemoedigend. Met groot voldoening lees die spreker die titels af van 'n dertigtal boekwerke en werkies wat sedert 1903 in Afrikaans verskyn het.

Die vernaamste werksaamheid van hierdie kongres was die vasstelling van die spelling. Op die vorige kongres was 'n kommissie benoem om in oorleg met die noorde hierdie moeilike taak aan te pak. Sy rapport, wat die basis van bespreking uitgemaak het, was gegrond op die volgende twee beginsels: (a) *Respekteer die oog* en wyk dus so min moontlik af van die gebruiklike vereenvoudigde Hollandse spelling, (b) *respekteer die oor* en spel volgens die beskaafde Afrikaanse uitspraak. Ten spyte van meningsverskille is ten slotte besluit tot 'n min of meer eenvormige spelwyse (die Transvaal en Vrystaat was ook op die kongres verteenwoordig), wat na die kongres in pamfletvorm versprei is en taamlik algemeen ingang gevind het.

Volledigheidshalwe kan nog vermeld word die stigting van 'n *Afrikaanse Taal-Unie* in Potchefstroom (begin 1906) en 'n *Afrikaanse Taalgenootskap* in Bloemfontein (begin 1907). Die laaste het 'n kwynende bestaan gevoer en die volgende jaar reeds opgegaan in die veel lewenskragtiger *Onze Taal* wat onderafdelings gehad het vir musiek, sang, toneel en letterkunde. Verder het begin 1907 in Pretoria tot stand gekom 'n *Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging* onder leiding van Preller en mev. Engel-Wilson, wat verdienstelike baanbrekerswerk op die gebied van die Afrikaanse toneel verrig het deur geslaagde opvoerings op verskillende dorpe.

*

*

*

Die jare 1905-08 kan in tweërlei sin van die woord as die eerste *stormperiode* van die nuwe beweging beskou word. Ons neem 'n vasberade stormloop waar van die jonger garde op die gevestigde taalopvatting, diepgewortelde skryftradisie en blinde vooroordeel van die ouer garde, met 'n gevolglike lewendige, dikwels stormagtige, perskampanje, veral in die suide. Dit word opgevolg deur die stigting van nuwe verenigings in noord en suid, waardeur losstaande kragte gemobiliseer word met die oog op verdere aanval of verdediging. Daar word rekrute gewerf, wapenskouings gehou, krygsmiddele beraam, taktiek vasgestel, en ondertussen vind daar voortdurend skermutselings plaas tussen die twee partye. Eindelik volg 'n wapenstilstand; onderhandelings word gevoer, wat lei tot staking van vyandelikhede.

Nadat die onderlinge stryd gestaak is, die ouer en jonger garde mekaar die hand gereik en hul geledere gesluit het in belang van die gemeenskaplike Afrikaans-Hollandse taal- en volksaak, tree 'n periode van betreklike kalmte in, totdat 'n nuwe aanvoerder in die persoon van Langenhoven op die toneel sou verskyn, om in 1914 die tweede en beslissende stormloop te lei en tot aan die finale triomf van Afrikaans deur te voer.

13. *Stigting van Akademie (1909)*

Tydens die sittings van die Nasionale Konvensie in Kaapstad teen die end van 1908, waaruit ten slotte die Unie van Suid-Afrika gebore sou word, het die gedagte ontstaan om ook op taalgebied 'n sentrale organisasie in die lewe te roep, waarin al die bestaande taalorganisasies verenig sou kan word, met die oog op gesamentlike en gesaghebbende optrede in die toekoms. Dit was die regte tydstip daarvoor, omdat daar destyds 'n tot dusver ongekende gees van toenadering en samewerking op politieke gebied oor die hele land kenbaar geword het — die Unie-gees het in S.A. vaardig geword.

Na informele besprekings tussen Taalbond- en A.T.V.-leiers het op inisiatief van pres. Steyn, genl. Hertzog en Onse Jan op 5 Jan. 1909 'n konferensie in Kaapstad plaasgevind, o.m. bygewoon deur 'n aantal lede van die Nasionale Konvensie, waarop in beginsel besluit is tot die stigting van 'n Akademie. 'n Breë kommissie is benoem om

konsepstatute op te stel en verdere reëlings ter hand te neem.

Ondertussen was die vereniging *Onze Taal* (Bloemfontein) besig om 'n verteenwoordigende taalkongres aldaar te organiseer, eweneens met die doel om eenheid en samewerking tussen die verskillende organisasies in noord en suid te bewerkstellig. Op 1-2 Julie 1909 het hierdie kongres onder voorsitterskap van prof. A. Moorrees vergader, waarop al die bestaande verenigings sowel as die Afrikaanse Kerke en vernaamste persorgane verteenwoordig was, en aan hierdie kongres is die konsepstatute wat deur die Kaapse kommissie opgestel was, ter goedkeuring voorgelê. Na breedvoerige bespreking, waarby die menings aanvanklik sterk uiteengeloop het insake die aard van die voorgestelde sentrale liggaam, is ten slotte by meerderheidstem oorgegaan tot stigting van die *Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*. Uit 'n groslys deur die kongres opgestel, is daarop die eerste 30 van 'n moontlike 50 Akademiëlede gekies, nl. 12 uit Kaapland, nege uit Transvaal, sewe uit die Vrystaat en twee uit Natal.⁶⁷⁾

Doel van die Akademie was: „De handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren, en van de Zuid-Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst. Onder 't woord *Hollands* wordt verstaan: de beide taalvormen gebruikelijk in Zuid-Afrika.”

⁶⁷⁾ Die name kom voor in Jaarboek I.

Ter verwesenliking van hierdie doel sou die volgende middele aangewend word: Uitskrif van eksamens in taal, lettere, geskiedenis en kuns; uitskrif van prysvrae oor wetenskaplike onderwerpe; verlening van geldelike steun by die uitgawe van verdienstelike werke; inrigting van biblioteke, leesgeselskappe en populêre voorlesings; sorg vir lektuurverspreiding en doelmatige skooluitgawes; sorg vir gelykstelling van tale by universiteits- en ander openbare eksamens, e.d.m. Verder is vakkommissies ingestel vir die behartiging van eksamens, taal en lettere, reklame, affiliasie en waaksaamheid, wat telkens op jaarvergaderings rapport moes uitbring.⁶⁸⁾

Met die stigting van die Akademie het daar 'n definitiewe versoening tot stand gekom tussen die twee taalpartye, want onder die eerste dertig lede was nie net ingesluit bekende Kerk- en Taalbondmanne nie, maar ook Afrikaansvoorgegters soos De Waal en Preller. Die vroeëre teenstanders het dus nou medestanders geword. Soos ds. N. J. Brümmer dit kernagtig uitgedruk het in sy voorsittersrede op die derde A.T.V.-kongres (Des. 1909):

„Elkeen trek sijn eige voor met sijn eige ploeg, hou sijn oog op sijn eige span, maar is albei besig om dieselfde akker te ploeg. En als daar nog nou en dan een of ander Rip van Winkel uit sijn slaap opflikker en teen Afrikaans uitvaar, dan is dit maar die stuiptrekkings van 'n slang wat swaar vervel. Van sulke siekteverskijsnels is dit best om geen notisie te neem.”⁶⁹⁾

⁶⁸⁾ Volledige besonderhede is in die Jaarboeke te vinde.

⁶⁹⁾ „De Volkstem,” 30 Des. 1909.

Dit het egter nie beteken dat die Hollandse party nou 'n hartgrondige bekering ondergaan het en voortaan ook vir Afrikaans sou ywer, soos die Afrikaanse party vir Hollands gedoen het nie. Dit het ook nie beteken dat alle verdere botsings tussen die twee in die toekoms uitgesluit was nie. Dit het hoogstens beteken dat aktiewe verset teen Afrikaans gestaak is — hulle sou geen stok meer in die Afrikaanse wiel steek nie, maar ook geen skouer aan daardie wiel sit nie.

Weens sy eksklusiewe karakter (want dit het bestaan uit 'n beperkte aantal uitgesoektes) was die Akademie (en is dit tot vandag toe) geen volksorganisasie wat hom op die breë terrein van die volkslewe beweeg het nie, en derhalwe aanvanklik ook geen positiewe bate vir die Afrikaanse beweging nie. Eers met Langenhoven se optrede in 1914 sou die Akademie werkdadig gemaak word vir die Afrikaanse taalsaak. Sedert hierdie jaar het dit egter 'n belangrike rol gespeel, o.m. deur die vasstelling van die Afrikaanse spelling (1915), die uitgawe van 'n hoogs noodsaaklike *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (1918, vyfde hersiene en vermeerderde druk 1937), aangevul deur 'n *Lys van Afkortings* (1939), keuring van skoolboeke, verlening van deskundige taaladvies by die Afrikaanse Bybelvertaling, toekenning van die Hertzogprys vir belletristiese werk in Afrikaans en die Erepenning vir Beeldende Kunste.

Sedert die laaste jare is pogings in die werk

gestel om die doelstelling en werksaamhede van die Akademie op 'n breër basis ingestel te kry, sodat ook die natuurwetenskappe daarin betrek kon word. Eindelik kon wetgewing ingedien word om dit te verkry, want die Akademie besit regs persoonlikheid, en in 1942 het die Akademie 'n radikale hervorming ondergaan. Die naam is verander tot *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, bestaande uit twee Fakulteite, een vir Taal, Lettere en Kuns, en 'n tweede vir Natuurwetenskap en Tegniek, terwyl voorsiening gemaak is vir meerdere Fakulteite wat later in die lewe geroep mag word. Hollands het verdwyn; die taal van die nuwe Akademie is Afrikaans, sy hoofdoel die bevordering van die Afrikaanse taal, lettere en kuns en van die wetenskap. Sy ledetal het verdubbel en kan nou uitgebrei word tot 200.

Met hierdie uitbreiding en aanpassing by die ontwikkeling van die moderne tyd kan verwag word dat die nuwe Akademie in die toekoms 'n hoogs belangrike rol sal speel in ons Afrikaanse kultuurlewe.

14. *Die Brandwag (1910)*

Op 31 Mei 1910, presies agt jaar na die vrede van Vereeniging, is die Unie van Suid-Afrika gebore. Dit was 'n groot gebeurtenis — die uiteindelijke verwesenliking, in staatkundige opsig altans, van die grootse ideaal waarvan die ou Genootskappers reeds gedroom het.

Maar hoewel die Afrikanervolk die eer te beurt geval het om 'n *Boeregeneraal* van die Tweede Vryheidsoorlog, Louis Botha, aan die hoof van die nuwe staat geplaas te sien, was daar van die *Boeretaal* nog nie die minste sprake nie. Artikel 137 van die Uniegrondwet lui as volg:

„Both the English and Dutch languages shall be official languages of the Union, and shall be treated on a footing of equality, and possess and enjoy equal freedom, rights and privileges; all records, journals and proceedings of Parliament shall be kept in both languages, and all Bills, Acts and notices of general public importance or interest issued by the Government of the Union shall be in both languages.”⁷⁰⁾

Hollands het hier dus weer — lord Milner se pragtige Engelse droom ten ironiese spyt — offisiële erkenning naas Engels van staatsweë verkry in die hele Suid-Afrika — Natal en die verowerde republieke inkluis! Dit was op sigself inderdaad 'n skitterende oorwinning — agt jaar na Vereeniging! En al was Afrikaans nie, soos in die geval van die Akademie, onder Hollands inbegrepe nie, het die Boerevolk nietemin in Artikel 137 van die Uniegrondwet weer 'n vrybrief van sy eersgeboortereg gekry wat as die eerste stap beskou moet word tot die latere erkenning van die Boeretaal as offisiële landstaal naas Engels. En dit moet in die eerste plek gedank word aan die ferme optrede in die Nasionale Konvensie van daardie groot Afrikaner,

⁷⁰⁾ Eybers: „Select Const. Documents,” p. 552.

Marthinus Steyn, wat agt jaar tevore aan sy burgers gesê het en sy belofte ook gestand gedoen het: „Ek beloop julle ek sal my hand op geen papier sit waardeur ons onafhanklikheid sal vernietig word nie.”⁷¹⁾

Die een groot tekort van die nuwe beweging tot dusver was dat dit nog geen eie orgaan besit het nie. Reeds op die stigtingsvergadering van die A.T.G. was die saak ter sprake en is dit aan 'n spesiale kommissie opgedra om fondse daarvoor in te samel, maar op die derde jaarvergadering is meegedeel dat nog slegs 'n kwart van die benodigde bedrag gevind was. Onder die besef egter dat die eerste Uniedag ook deur 'n nasionale geloofsdaad gevier moes word, is op 31 Mei 1910 die eerste nommer van *Die Brandwag* die wêreld ingestuur. Dit was 'n veertiendaagse, mooi geïllustreerde blad, met die ondertitel: „'n Nasionaal Suidafrikaanse Tijdskrif v'r die Huisgesin.”

Die eerste nommers bevat 'n groot aantal briewe van gelukwensing en waardering van vooraanstaande Afrikaners, waaruit blyk watter groot betekenis aan sy verskyning geheg is. Die volgende uittreksels kan dien as enkele voorbeelde:

Pres. Steyn:

„Houd moed, 'n nuwe tydperk is aangebroke. Jong Zuidafrika is ontwaakt, en begriep zijn roeping. Moge *Die Brandwag* nooit slapende worden gevonden, zodat hij

⁷¹⁾ N. J. v. d. Merwe: „Marthinus Theunis Steyn,” Dl. II, p. 103.

dadelik kan waarschuwen als er iets nadert, dat voor ons volk gevaarlik is."

Genl. Hertzog:

„Het Afrikaanse volk, ontwaakt tot 't gevoel van eigen kracht, eigen waarde en zelfrespekt, verlangt zichzelf te zijn en niet langer gebukt te gaan onder 't juk ener uitheemse letterkundige alleenheerschappij. Wij willen 'n litteratuur, geschreven op Afrikaanse wijze, over Afrikaanse zaken, beskouwd uit Afrikaans standpunt en bezielde door Afrikaanse geest, geuit in de taal van Zuidafrika. Laat dát uw doel zijn, en de Zuidafrikaanse familie zal u haar dank betonen."

Genl. Beyers:

„Als Afrikaner is ik dankbaar dat ons Volk ontwaakt is van die naloperij en na-aperij van alles wat o'er die see tot ons kom, en ik wil vertrouw dat *Die Brandwag* een van die kragtige middele sal worde tot waardering van alles wat opreg Afrikaans is, en tot opbouwing van onse taal."

Totius:

„Ik is baje, baje blij dat ons nou 'n Brandwag krij. Ik hoop hij sal juis wakker staan als dit dag s'n kant toe gaan — dan bedreig gevaar ons die meeste."

Jan Celliers:

„Brandwag, hou
die wag getrouw:
slapers lê in lome rus,
van gevare onbewus,
ongewek tot strijd en strewe
in die kampperk van die lewe;
hoor hul woord: „die strijd 's gedaan,
waarom nou nog brandwag staan?
Brandwag, dubbel waaksaam nou!
Aan jou zorg is hul vertrouw."

Die tekenende naam sowel as artistieke uiterlik van die blad het dadelik ingeslaan. Op die titelblad kom in kleuredruk die forse gestalte van 'n brandwag in kommandopak voor, wat van 'n bosrant af, half verskuil agter bome, die terrein voor hom deur 'n verkyker waarneem.

Die redaksie, bestaande uit dr. Mortimer Malherbe en Gustav Preller, bygestaan deur 'n vyftigtal vaste medewerkers, verklaar in die eerste nommer o.m.:

„Die *Brandwag*, waarin saamgetrokken word t' werk van de beste pen-voerders uit ons Volk, heeft postgevat en salueert eerbiediglik alwie genegen is dit feit met enige belangstelling te bejegenen Hij heeft positie gekozen op 'n punt waar 't terrein alsnog onbewaakt bleef: het Afrikaner huisgezin Hij is vast vanplan om, met de hulp van alle goedgezinde Afrikaners, zich de plek te veroveren in 't Afrikaner-huisgezin, die tans ledig staat, of opgevuld is met vreemde kaf, als 'Home Notes' en 'Home Chat' en 'Home Journal,' enz. . . . Daarenboven wil dit tijdschrift trachten om leiding en koers te geven aan de vele zeer bekwaam gebleken Afrikaner-pennen, die ernaar streven of ervoor gevoelen, 'n eigen nasionaal-afrikaanse letterkunde te helpen groot-maken

Ons behoort aan g'n partij of seksie nie, en ons sal maar weinig aanleiding hê om ons te bemoei met die kleinlike kibbelarije van klieke of klasse. Ons is Hollandse Afrikaners, en voorsover ons dit is door ons taal, geskiedenis, godsdiens en tradisie, is ons vas vanplan om dit ook te blijf Ons erken en besig albei die vorme van Hollands, wat in ons wereld-deel gangbaar is, en ons moedig dieselfde aan bij al ons medewerkers.”

Met hierdie halfmaandelikse blad is op waardige wyse die ry van moderne Afrikaanse tydskrifte

ingelei. Ook hier word ons dadelik getref deur die groot verskil tussen die nuwe en die oue. In vergelyking met sy voorgangers was *Die Brandwag* van die staanspoor af sommer 'n pronkblad, sowel wat inhoud as illustrasie en tipografiese versorging betref. Van nou af het die nuwe beweging sy eie orgaan gehad, en wat dit gedurende sy twaalfjarige bestaan beteken het vir die Afrikaner-huisgesin, vir die vorming van Afrikaanse skrywers, vir die skepping van 'n eie literatuur, vir die Afrikaanse taalsaak in die algemeen — dit alles sal nie maklik te bepaal wees nie.

15. *Wij Zullen Handhaven (1911)*

Kragtens Artikel 137 van die Uniegrondwet was aan Hollands, soos reeds geblyk het, volkome gelyke status met Engels verleen as een van die twee amptelike tale van die Unie. Dit spreek egter vanself dat die konsekwente toepassing van hierdie tweetaligheidsbeginsel in die staatsdiens en by die onderwys glad 'n ander saak was as die teoretiese erkenning daarvan op papier. Daarom het die regering reeds tydens die eerste sitting van die Unievolksraad, op 25 Nov. 1910, ná wat deur die Engelse pers bestempel is as „the great and momentous language debate,” 'n gekose komitee benoem om ondersoek in te stel na die onderwysstelsels van die vier provinsies en aanbevelings te doen insake die beste wyse waarop hulle in ooreenstemming gebring kon word met die bepalinge van Artikel 137.

Dit was egter van die begin af te voorsien dat daar wrywing sou ontstaan en dat Hollands nie sonder stryd tot sy reg sou kom nie. Daarom was dit noodsaaklik dat die hande van die regering van buite af gesterk sou word, en die eerste om dit te doen, was die studente van Stellenbosch. Die inisiatief daartoe het uitgegaan van die plaaslike A.T.V.-tak, sedert sy stigting in 1907 een van die aktiefste skakels van die Afrikaanse beweging in die suide. Met die oortuiging dat wat vir *Hollands* teruggewen was, tog eerlank die erfenis van *Afrikaans* sou en moes word, het hulle die plaaslike Hollandse vereniging, *Ons Spreekuur*, stigting en troetelkind van prof. Viljoen, genader met die voorstel om gesamentlik 'n uitnodiging te rig aan alle kolleges en hoërskole in S.A. om afgevaardigdes te stuur na 'n taalkonferensie op Stellenbosch, ten einde wapenskouing te hou en middele te beraam hoe om die leuse „Wij zullen handhaven” prakties uit te leef.

Die aanvoerder van die studente was die later so bekende Nico van der Merwe, tot aan sy plotselinge en alom betreurde afsterwe in 1940 die siel van die Afrikaanse kultuurbeweging, stigter en voorsitter van die F.A.K. en hoofleier van die Voortrekkerbeweging. Op 24 Maart 1911 het hy voor die Stellenbosch-tak van die A.T.V. opgetree om die noodsaaklikheid daarvan te betoog dat die studerende jeug hom nou moes laat geld en o.m. gesê:

„*Carpe diem!* (Moenie wag nie!) is die woorde wat 1911 ons toeroep. Artikel 137, waarin als in één pil samegevat is alles waarvoor sovele van ons beste afrikaanse volksleiers in die verlede gestry het, maak dit imperatief. „Jullie het mos gekry, waarom huil jullie dan nog?” roep onse teenstanders ons toe Wat ons toegeken is, beteken niks als ons dit nie gebruik nie. En omdat ons nog nie weet die waarde van wat ons toegeken is, of die wyse waarop ons dit moet gebruik nie, daardeur is ’t dat die noodsaakelikeid ons dring om die basuin te blaas en studente naar die vegterrein te roep om posisies in te neem Studente, kom en laat ons krygsraad hou en ons aangord tot die stryd!”⁷²⁾

So het op 6-7 April 1911, onder voorsitterskap van prof. Moorrees, die eerste Studente-Taalkonferensie op Stellenbosch plaasgevind, bygewoon deur ’n sewentigtal afgevaardigdes uit noord en suid en tal van besoekers, in dieselfde C.J.V.-saal waar Onse Jan in 1905 gevra het: „Is ’t ons ernst?” en dr. D. F. Malan in 1908 geantwoord het: „Het is ons ernst!”

Prof. Moorrees het ’n oorsig gegee van die Hollandse taalstryd tot op datum, hulde gebring aan pres. Steyn vir sy aandeel insake Artikel 137, gewys op die moeilikhede wat die praktiese toepassing daarvan meebring, en besluit met hierdie woorde:

„De oude garde is gewillig plaats te maken voor een nieuw geslacht van strijders, met frisse krachten en met jeugdiger bloed. Blijmoedig, hoopvol, geven wij het vaandel in jongere handen over, vertrouwend dat gij het ongeschonden zult bewaren, dankbaar zo wij iets hebben

⁷²⁾ Die verrigtinge is in pamfletvorm gepubliseer. Aldaar, p. 3.

mogen bijdragen tot de opbouw van ons dierbaar zuid-afrikaans volk." ⁷³⁾

Toesprake is verder gelewer deur prof. W. Blommaert oor „De Vlaamse Beweging en de Studenten,” deur dr. D. F. Malan oor „Taal en Nationaliteit” en deur pres. F. W. Reitz oor „Die invloed van Geskiedenis op Volkskarakter,” afgewissel deur lewendige bespreking. Aan die slot is besluit om aan te dring op die erkenning van Hollands as medium by universiteitseksamens, op invoering van vaderlandse geskiedenis in die skoolleerplan, op ’n landswye viering van Dingaansdag as nasionale feesdag. Verder is ’n waaksaamheidskomitee benoem onder die naam *Studente-Werdkomitee*, met die opdrag om orals sulke komitees in die lewe te roep en verdere organisasie ter hand te neem.

Die volgende openbare optrede van die Werdkomitee het tot openlike botsing met die regering gelei, byna op ’n hofspraak uitgeloop en die reeds twyfelagtige harmonie van die Botha-kabinet swaar op die proef gestel. Die komitee het naamlik ’n groot Studentetaalfees teen die end van Sept. 1912 in Kaapstad georganiseer ter viering van die ercherstel van Hollands in Suid-Afrika. Al die voorbereidsels was reeds getref, ’n ooreenkoms met die spoorweë aangegaan insake spesiale treine teen spesiale tarief, waarvoor meer as 1000 studente en skoliere hulle

⁷³⁾ Pamflet. p. 14.

aangemeld het, die stadsaal gehuur, die program gedruk — toe plotseling uit Pretoria die spesiale spoorwegfasiliteite gekanselleer word. Proteste by die administrasie, telegramme aan genl. Botha, alles was tevergeefs — die taalfees sou dan 'n „politieke” betoging wees, strydig met Botha se konsiliasiebeleid, en daarom moes dit verhinder word.

Dit was soos olie op 'n vuur wat reeds hoog gevlam het. Die gevolg was 'n verontwaardigde protesvergadering op Stellenbosch, waar genl. Hertzog — hy sou een van die sprekers wees op die taalfees — verskyn het om op halfhartige wyse verskoning te soek vir 'n kabinetbesluit, waaraan hyself nie aandadig was nie. Maar prof. Moorrees het in onbewimpelde taal die regering beskuldig van troubleuk en magsmisbruik en sarkasties gevra:

„Was men bang dat de studenten van Stellenbosch de Kaapstad zouden bestormen met vliegende vaandels, roerende trommen en schetterende trompetten? Dat de veiligheid van de burgers van Kaapstad bedreigd zou worden? Was men bang dat de mooie winkelruiten met stenen zouden worden ingegooid? Het was bekend dat genl. Hertzog en ik zouden spreken. Was men misschien bang dat wij de stoet vooruit zouden vechten, genl. Hertzog met een rood vaandel in de hand en ik met een trompet aan de lippen?”⁷⁴⁾

Die saak het in die pers weerklank gevind en o.m. aanleiding gegee tot 'n beroemde spotprent van Boonzaier, waarin die regering voorgestel word rondom 'n tafel, Botha met 'n vergrootglas, waardeur

⁷⁴⁾ „Ons Land,” 24 Sept. 1912.

hy 'n heel klein babetjie in 'n fles met versterkwater sit en beskou, terwyl Hertzog hom skeef aankyk. Die fles dra die etiket „Gelyke Taalregte,” en Botha sê: „Maar kêrels, als julle die ding goed deur die vergrootglas beskou, dan lyk dit of dit 'n politieke gogga kan wees.”⁷⁵⁾

Die studente het die saak nie gewonne gegee nie, maar besluit om vroeg die volgende jaar 'n nog veel groter taalfees in Kaapstad te organiseer as die mislukte een sou gewees het. 'n Beroep is op die land gedoen om geldelike bydraes, ten einde die koste te help bestry, en so het op 1 Maart 1915 'n inderdaad skitterende feesviering plaasgevind wat afgesluit is met 'n optog van oor die 2000 na Van Riebeck se standbeeld. Hoogtepunt van die verrigtinge was die middagsamekoms in die Kaapstadse stadsaal, van hoek tot hoek gepak, waar o.m. prof. Moorrees en genl. Hertzog die woord gevoer het, en hoogtepunt van hierdie samekoms was die gevleuelde telegrafiese boodskap van pres. Steyn wat by monde van genl. Hertzog afgelewer en met onbeskryflike geesdrif ontvang is: „De taal van de veroveraar is in de mond van de veroverde de taal van slaven.”

Op inisiatief van die Werdakomitee het verder die eerste groot Helledagviering op 26 Maart 1916 plaasgevind, eweneens in die Kaapstadse stadsaal. Dit was nie toevallig dat die studente hul groot wapenskouings telkens dáár gehou het nie. Dit

⁷⁵⁾ „Die Voorloper,” 19 Sept. 1912.

was die enigste saal wat hul getalle kon bevat, maar die vernaamste beweegrede was dat die ou Van Riebeeck-stad die vernaamste Engelse vesting van die suide was, en daarom moes juis dáár hul kragte gemonster en hul handhaaf-wekroep gehoor word; die sielkundige uitwerking op deelnemers sowel as op toeskouers lê voor die hand. So het dan nogeens duisende per spesiale trein na Kaapstad gestroom. Na aanleiding daarvan skryf *De Unie* (Mei 1916):

„Zo iets was er nog nooit in ons land, duizenden jonge mensen, die de hele dag zaten en stonden te luisteren naar de geschiedenis van onze grote mannen! Dit was 'n gezicht om nooit weer te vergeten. Onze geschiedenis wordt op de scholen verwaarloosd en nu heelt men een andere manier gevonden om het jonge geslacht met zijn geschiedenis bekend te doen worden. Of dit de beste manier is weten wij niet. Maar wat wij weten is, dat het een zeer effektieve manier is.”

Ons sien dus hoedat die studente, by name die Stellenbossers, hulle in die eerste Uniejare kragtig beywer het vir die handhawing van Hollands ingevolge Artikel 137 van die Uniegrondwet. Maar in 1914 sou daar plotseling 'n nuwe leier in die suide opdaag wat voortaan alle aandag op Afrikaans sou konsentreer, en daarmee sou 'n heeltemal nuwe fase van die taalstryd intree.

16. *Afrikaans in die Skool (1914)*

Die jaar 1914 vorm die eerste monumentale tydbaken op die taalpad van Suid-Afrika. Langs

daardie pad — dit was in die begin niks meer as 'n dowwe voetpaadjie deur ruie veld nie — het ons in die loop van hierdie werk die een baken na die ander sien ontstaan, aanvanklik ruwe klippe met onbeholpe letterskrif, deur ongeoefende hand daarop uitgekap. Maar gaandeweg verander die voetpad in 'n rybare wapad, die wêreld word gelyker, die bakens groter, die skrif daarop vaster en duideliker, totdat ons na 250 jaar eindelijk by 'n sierlike monument kom wat vlakvoor die hoofingang van 'n groot skoolgebou staan.

Laat ons 'n oomblik terugkyk op hierdie bakenreeks wat die begin en koers van die taalpad aandui, soos dit uit die dynserige verlede opskemer:

„een gebroken spraek, seer krom en bij nae onverstandelyk” (1685);

„redensarten, die zuweilen recht lächerlich sind” (1732);

„eenvoudig en ongereguleerd geschreeven” (1775);

„een verarmde en bedorven spraak” (1802);

„the real South African patois” (1860);

Boeren-Kaapsch (1861);

Boerenhollandsch (1870);

Afirkaans (1873);

Patriots (1875);

Kaapsch-Hollandsch (1903);

Afrikaans (1905);

AFRIKAANS (1914).

Die laaste was meer as 'n baken — dit was 'n monument. En die oprigter van hierdie monument was C. J. Langenhoven, aan wie die onsterflike eer toekom dat Afrikaans eindelik sy eerste intree in die Uniale skoolwêreld gemaak het, waar Engels tot dusver in Kaapland en Natal, Hollands in die twee ou republieke, en albei in die Unie sedert 1910, die alleenheerskappy gevoer het. En daarmee is vir die eerste maal in die geskiedenis van ons volksbestaan amptelike erkenning verleen, wat die Afrikanerkind betref, aan die mees elementêre opvoedkundige beginsel, naamlik dat 'n kind sy eerste skoolonderrig sal geniet in die taal van sy moeder en huis en volk.

Langenhoven het self in sy laaste boek, *U Dienswillige Dienaar*, wat enkele weke voor sy dood verskyn het (1932), rekenskap afgelê van sy wording as skrywer en sy aandeel in die taalstryd. En die merkwaardige van sy eerste optrede lê daarin dat dit geen uitvloeisel was van wat voorafgegaan het nie. Hy het so-te-sê op 'n goeie dag uit die lug geval, want hy was nooit lid van die A.T.G. in die noorde of die A.T.V. in die suide nie — „inteëndeel, toe die V. en die G. op hulle bedrywigste was, was ek besig om, tussen Nederlands en Engels kiesende, pro-Engelse artikels te skryf en Afrikaans opsy te laat as sonder moonlike toekoms (p. 142) Met die werk van die A.T.V. en die A.T.G. was ek nie eens bekend nie; ek het nooit die verslae van hulle verrigtings gevolg nie en hulle had geen invloed op my nie (p. 145) En so was ek drywende, sonder

stoom, sonder kompas, sonder roer, sonder anker. Uit hierdie slaap soos van die dood is ek wakker geskok deur aanvalle" (p. 147).

Dit was die Hollandse pers wat hom aangeval het na aanleiding van 'n artikel wat hy in 'n Engelse blad geskryf het insake die tweetaligheidsprobleem, waarin hy hom uitgespreek het „teen die onbruikbare, onleerbare, in Suid-Afrika mors-dooie Hooghollands" wat nog altyd as „moedertaal" van die Afrikaner moes deurgaan. „En van daardie aanval af dateer my besieling om vir Afrikaans te stry. Dit het die moker-houe van my party-genote en kant-genote gekos om my warm te maak. En die geveg wat gevolg het, het self gesorg dat die warmte nooit weer afgekoel het nie" (p. 149).

So het dit gekom dat Langenhoven met *Ons Land* slaags geraak het — „die blad wat met vreeslike grootmoedigheid aangehou het om te betuig: „Onze houding teenover het Afrikaans is niet een vijandige" (p. 150) — met die doel om „die verwarring te ontwar" wat daar nog altyd bestaan het insake die Hollandse „moedertaal." Met ondubbelsinnige klaarheid het hy die saak as volg gestel:

„Hoe lank sal ons blij hink op twee gedagtes? Als Nederlands ons taal is, waarom praat ons hom nie? Als Afrikaans ons taal is, waarom skryf ons hom nie? Is die één te hoog om te praat en die ander te laag om te skryf? Dan is die posiesie eenvoudig dit (en uit die dilemma is mij eenvoudige breinvermoge ombekwaam om 'n uitweg te ontdek): v'r één soort gebruik is die taal van ons moeders nie goed genoeg nie, en v'r die ander soort gebruik is die kinders van ons moeders nie goed genoeg nie.

En met die posiesie, die soort bewijs wat ons gee hoe dat ons ons selfrespekt waardecr, staat ons voor die oog van die wereld als die één en enigste nasie op die aarde, wat v'r ons moedertaal moet strij, terwyl ons hom sonder strijd kan handhaaf; wat ons op die aansprake van ons moedertaal beroep, terwyl ons nie weet wat ons moedertaal is nie!

Met die beuselagtige en kinderagtige onbeslistheid, die lafhartigheid en papbroekerigheid wat die leiers bang maak v'r hulle volgelinge en die volgelinge v'r hulle leiers, het ons nou al dié trap van verwarring en onsekerheid bereik, dat wanneer ons aan onself die eenvoudige vraag stel, wat geen ander volk op aarde die minste twijfel sou hê om te beantwoord nie — wat enige ander volk dit belaglik sou vind om eens te vraag, die vraag: „Wat is ons moedertaal?” dan kan of wil ons geen antwoord daarop gee nie

Dit is v'r mij Afrikaanse hart nie 'n saak van roem nie, maar 'n saak van bittere skande en verdriet, dat ik dit moet nodig vind om mij moedertaal te verdedig teeno'er mij mede-Afrikaners, wat daarmee gebore en opgegroeï is, net so's ik.”⁷⁶⁾

Langenhoven het verder die opvatting bestry dat Afrikaans en Hollands twee vorme van dieselfde taal sou wees (soos o.m. in daardie selfde jaar nog voorgestaan deur J. J. Smith in sy inleiding tot Leipoldt se bundel *Oom Gert Vertel*), en die ooreenkoms tussen A.T.V. en Taalbond bestempel as 'n „naam-eenheid,” 'n „kastige eensgesindheid,” wat op 'n valse basis berus. Want „Afrikaans is die moedertaal van ons Afrikaners en behoort als sodanig sonder versuim erkend te word als die officiële skryftaal van Suid-Afrika.”

⁷⁶⁾ „Ons Land,” 15 Aug. 1911.

Dit was 'n nuwe stem hierdie; dit was revolusionêre taal wat die kunsmatige vredesatmosfeer aan die Hollands-Afrikaanse Uniefront op ernstige wyse kom verstoer het. *Ons Land* het groot geskrik en dadelik probeer om Langenhoven onskadelik te maak deur hom voor te stel as opponent van sowel Taalbond as A.T.V. Dit het gelei tot 'n lewendige polemiek wat 'n paar maande voortgeduur het. Daar was selfs besliste voorstanders van Afrikaans, soos adv. W. J. van Zyl, wat die tyd nog nie ryp beskou het om Afrikaans *offisieel* erken te kry nie, want dit sou beteken dat Hollands moes padgee, en ons besit nog geen eie letterkunde nie.⁷⁷⁾

Langenhoven het daarop geantwoord dat dit juis een van die dringendste redes was waarom ons dadelik moes begin, „omdat die gebrek aan erkenning van ons taal 'n smaad en 'n blaam is; omdat Afrikaners wat wil en kan skryf, onder die invloed van die veragting nog maar altyd gesukkel het om hulle gedagtes weer te gee in Nederlands.” Hy het daar niks teen dat Nederlands onder vreemde tale 'n ereplek inneem op skool in die hoër klasse nie, maar die kleintjies moet met Afrikaans begin, „of anders moet ons van moedertaal-onderwijs stilbly,” want ons begaan 'n misdaad teen hulle. Buitendien, hoe leer 'n mens swem en hoe leer 'n kind loop?⁷⁸⁾

Maar sulke drywers wat „briek aangedraai het teen die opdraand uit,” het Langenhoven net tot

⁷⁷⁾ „Ons Land,” 29 Aug. 1911.

⁷⁸⁾ „Ons Land,” 12 Sept. 1911.

groter aktiwiteit aangevuur. In 1912 het hy redakteur geword van die Oudtshoornse, halfweeklikse blad *Het Zuid-Westen*, en daarin het hy sy menings gepropageer „met 'n vuurspuwende geesdrif, somtyds met 'n woeste geweld van onbeteuelde taal, wat vir geen gesag of tradiesie of rang of stand teruggedeins het nie.”⁷⁹⁾

In 1914 het sy geleentheid gekom om die daad by die woord te voeg, nadat hy onbestrede verkies was tot Provinsiale Raadslid vir Oudtshoorn. Hy het Kaap-toe gegaan met die vaste voorneme om Afrikaans in die skool te kry. Lewendig vertel hy in *U Dienswillige Dienaar* van sy voorbereidings agter die skerms. Allereers het hy die A.T.V.-manne geraadpleeg, maar hulle het hom teleurgestel; hy moes liewer nog bietjie wag, want hy kon dalk verloor en dit sou 'n groot terugslag wees vir Afrikaans; die Akademie en die Kerk moes eers meer gunstig gestem word. Toe het hy losgebars:

„Nou kijk — het ik geantwoord — julle besadigde en verstandige virsigtigheid-aanraaiers; julle medewerkers wat die breek vasdraai teen die steil opdra'ende uit, staan julle nou eenkant opsj, en ik sal alleen te werk gaan. Ik sal nou voortvaar in mijn dolle rasernij sonder die onontbeerlike hulp van julle verstandige beraad; en ik sal die mosie voorstel al krij ik geen sekondant nie, al staan ik vir wat reg en waarheid is in die ganse Raadsaal stok alleen” (p. 203).

Nietemin het hy vooraf feitlik al die lede aan weerskante gepols om seker te maak van sy saak,

⁷⁹⁾ „U' Dienswillige Dienaar,” p. 155.

en toe op 23 April 1914 die volgende voorstel ingedien:

„Dat deze Raad zijn goedkeuring hecht aan de toenemende handhaving door het Onderwijs Departement van deze Provincie van het gezonde beginsel van onderwijs door medium van de moedertaal der leerlingen, zoals neergelegd in de Onderwijs Ordonnantie, en verder aanbeveelt dat dat beginsel verder uitgebreid worde door het gebruik van het Afrikaans-Hollands als medium op onze lagere scholen tot en met de Vierde Standaard, waar het Hollands volgens wet de voertaal is: Mits dat geen leesboeken, in het Afrikaans geschreven, voorlopig worden toegelaten tensij dezelve voorzien zijn van een getuigschrift van goedkeuring door een of meer personen van erkende bevoegdheid, daartoe benoemd door hetzij de Superintendent van Onderwijs, hetzij de Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst; en mits het gebruik van zodanige leesboeken niet toegelaten worde waar het betrokken schoolkomitee er bezwaar teen heeft.”

Dit was ten slotte so 'n vanselfsprekende maatreef dat dit feitlik sonder bespreking en sonder teenstem aangeneem is. Hierdie onverwagte sukses het nie sonder uitwerking gebly op die noordelike provinsies nie, want kort daarop is in die Vrystaat en Transvaal soortgelyke voorstelle ingedien en aangeneem. So het Langenhoven die kind van die veld en die trekpad en die plaas — Afrikaans — daar agter die vee, waar hy soveel geslagte lank aan die genade van son en wind en weer oorgelaat was, gaan haal en hom skool-toe gebring — „dit was die eerste stoot aan die wiel vir die grootste omwenteling in ons geskiedenis. Want 'n volk, soos 'n enkele mens, word deur sy siel geregeer” (U.D.D., p. 214).

Dit was egter nog maar die eerste stap oor die drumpel. Die besluit was geneem; dit het op die wetboek gestaan; maar nou moes dit ook uitgevoer word, en daarvoor was skoolboeke nodig. Dit was te voorsien dat die verskillende onderwysdepartemente hulle voorlopig nie erg warm sou maak vir hierdie saak nie, en daarom het Langenhoven weer die hulp van die A.T.V. ingeroep, wat nou geesdriftig bygespring het om vakmanne aan die werk te sit.

Op 2 Julie 1914 sou die jaarvergadering van die Akademie in Bloemfontein plaasvind. Langenhoven was die vorige jaar benoem tot lid, en hy het van die geleentheid gebruik gemaak om die saak daar verder te bepleit in een van die kragtigste en welsprekendste pleidooie wat ooit ten gunste van Afrikaans gelewer is, waarvan die slotwoorde lui:

„Dit was die allerlaaste pleidooi waarvoor ooit geleentheid of noodsaaklikheid moes bestaan het: die smeekstem van 'n Afrikaner met mede-Afrikaners om te erken wat syne en hulle s'n is, wat dit tog maar altyd sal bly, wat nie van die gehalte is om ons voor te skaam nie.

Te skaam nie, menere! Skande op daardie skaamte! dis ons kostelikste roem, ons hoogste besitting: die één enigste witmans-taal wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die seewater klaar gekom het nie, wat die spore van die lief en leed dra van alles wat ons en ons vadere hier deurleef en deurvorstel en deurtriomfeer het; die één band wat ons as nasie aan mekaar heg; die uitgedrukte siel van ons volk.“⁸⁰⁾

⁸⁰⁾ Hierdie pleidooi kom voor onder die titel *Afrikaans Ons Voertaal* in „Ons Weg deur die Wêreld,” Dl. III, en in „Versamelde Werke van Langenhoven,” Dl. X.

Met twee teenstemme het die Akademie sy goedkeuring geheg aan die Provinsiale Raadsbesluite insake Afrikaans en 'n kommissie benoem om onverwyld aandag te skenk aan die verskaffing van die nodige leermiddele. Daar sou egter nog 'n paar jaar verloop voordat die verskillende onderwysdepartemente self vir Afrikaans voorsiening sou maak in die laerskole.

*

*

*

In Langenhoven het ons seker een van die merkwaardigste illustrasies van die geweldige omwenteling wat die hele Afrikanervolk deurgemaak het ten opsigte van sy taal in die kort tydsbestek van een enkele generasie. In 1895 skryf hy as student op Stellenbosch 'n artikel in die joernaal van die *Union Debating Society* oor „The future language of South Africa,” waarin hy dit as sy oortuiging uitspreek dat Hollands en Afrikaans hier geen toekoms het nie, maar alleen Engels:

„English is now virtually a universal language, its literature is studied and admired by all civilised countries, it forms the commercial medium of the whole world; and, what should be a more weighty consideration, it belongs to us by right as British subjects. Dutch is scarcely spoken exclusively by a single family

In our opinion no greater injustice could be done to our country than by forcing upon us a worthless and insignificant language, especially after it has been clearly shown that the rising generation takes to English more easily and appreciates it more readily than Dutch.

There is a third competitor, namely *Africander Dutch*. Among its advocates the most prominent parties are certain inhabitants of the Paarl, whose love for the language in which they have been brought up makes one entertain the suspicion that their filial feelings have been better attended to than their education

For intellectual training Africander Dutch offers no scope, for it has no literature, and a very poor vocabulary (ek kursiveer). For international intercourse and as a trade-medium, English is superior to it; and for foreign trade it stands nowhere."⁸¹⁾

Veertig jaar later, kort voor sy dood, lê hy die volgende getuienis af:

„Dit sou my persoonlik allerminste pas om te praat van wat ek vir Afrikaans gedoen het. Wat my pas is om te streef na die verskuldigde besef van *wat Afrikaans vir my gedoen het*. *Hy het my geleer wat dit beteken om deur 'n oorweldigende hartstog beheers te word, om saligheid te win uit liefdediens, om die koninkryk van die hemele te vind in 'n lewensroeping op die aarde* (ek kursiveer), om 'n belang voor oë te hou wat oneindig groter is as my niks-beduidende eie belang.

In ons wonderlike Afrikaans, gebore uit die nederige behoeftes en die ongekunstelde siel van die onbevoorregte plattelander, die boer en die bywoner, die veewagter en die dagloner, waarin jy alles kan sê, van die laagste tot die hoogste, van die vuilste tot die reinste, van die lelikste tot die skoonste, beter as in al die hoog-ontwikkelde tale van die wêreld, *het ek gevind my pêrel van grote waarde waarvoor dit 'n goedkoop prys sou gewees het, as ek tot die betaling geroepe was, om al my ander besittings af te staan* (ek kursiveer)."⁸²⁾

⁸¹⁾ „Gedenkboek van die Unie-Debatsvereniging, 1876-1926,” p. 112.

⁸²⁾ „U Dienswillige Dienaar,” p. 271.

„For intellectual training Africander Dutch offers no scope” (1893).

„Hoe lank sal ons bly hink op twee gedagtes?” (1911).

„In ons wonderlike Afrikaans het ek gevind my pêrel van grote waarde” (1932).

Kan daar sprekender bewys gevind word van die *triomf van Afrikaans*?

17. *Ons Moedertaal (Julie 1914)*

Langenhoven se bestorming en plotselinge verowering vir Afrikaans van die eerste amptelike vesting het die bestaande godsvrede tussen die twee taalpartye met een slag vernietig. Die gevolg was dat die Hollands-Afrikaanse taalstryd opnuut opgevlam het, veel heftiger as ooit tevore, en dit sou weldra tot 'n grootskaalse offensief ontwikkel wat die een vesting na die ander sou platloop. Aanvanklik was daar 'n doodse stilte, asof geen van beide partye die werklike betekenis van die Langenhovenmosie kon besef nie; maar toe die stryd losbars, was dit soos 'n wolkbreuk. En weer was dit die Stellenbosse studente wat hulle die eerste met 'n woeste entoesiasme in die stryd gewerp het, want in Langenhoven het hulle die nuwe leier na hul hart ontdek. En dit is tekenend van die plotselinge frontverandering dat, waar hulle die vorige jaar nog 'n groot fees georganiseer het ter viering van die „Ereherstel van onze Moedertaal” (d.w.s. die

Hollands van Art. 137), hulle nou net twee woorde op hul vaandel geskryf het: „Ons Moedertaal” (d.w.s. die *Afrikaans* van die Langenhoven-mosie).

Op 15 Julie 1914 verskyn op Stellenbosch die eerste nommer van *Ons Moedertaal* as orgaan van die A.T.V., onder redaksie van J. J. Smith, T. B. Muller en G. C. Tomlinson. Strydvaardig is die toon van die eerste redaksionele artikel:

„Ons leef in tye wat inspirerend is vir elkeen wat syn moedertaal lief het. Sneller dan ons in onse meest entoesiastiese drome gewaag het om ons dit voor te stel, wen Afrikaans aan alle kante veld. Koerante (behalwe 'n paar verroeste remskoene) begin al meer plek te gee aan Afrikaanse stukke

Selfs sommige predikante begin al moed te vat om hul plig teenoor hul gehoor na te kom deur te preek (eweals Kristus gepreek het) in die eenvoudige, pittige, harttreffende taal van die volk, in plaas van hul diepste oortuigings te omsluit met die gelapte gordyn van 'n geykte, afgesaagde „amper-Nederlands.”

Maar die kroon is pas op alles gesit geword deur die offisiële erkenning van Afrikaans op skool deur die Provinsiale Rade van die Kaap Provinsie, Vrystaat en Transvaal. Die eerste vrugte van oorwinning het ons reeds gepluk, maar die smaak daarvan sal ons slegs voortdryf van oorwinning tot oorwinning, totdat Afrikaans tot syn volle onverkorte reg sal gekom 't op elk gebied in onse maatskappelik en politieke lewe, in alle kringe van die laëre en hoëre onderwys, ja ook in die meest eerbiedwaardige heiligdomme van die godsdiens. Nou is dus die tyd dat die A.T.V. kragtiger en meer onverskrokke dan ooit te vore moet optree”

Daar word dan ook onmiddellik 'n A.T.V.-kongres belê op Stellenbosch (24-25 Julie 1914), waar ná

geesdriftige beraadslaging die volgende eenstemmige besluite geneem word:

1. Dat die Sinodes van die Hollandse Kerke in S.A. in ernstige oorweging gegee word om die Bybel in Afrikaans te vertaal.
2. Dat die aandag van die N.G. Kerk gevestig word op die wenslikheid om Afrikaans naas Nederlands as offisiële taal te erken.
3. Dat onder die woord „Hollands” in Artikel 137 van die Uniegrondwet verstaan sal word Afrikaans sowel as Nederlands, en dat die regering versoek word om die nodige stappe te doen om hieraan prakties gevolg te gee.
4. Dat die Universiteitsraad versoek word om kandidate toe te laat om hulle by alle skool- en universiteitseksamens van Afrikaans te bedien as hulle dit sou verkies.
5. Dat 'n kommissie benoem word om 'n tweetalige Afrikaans-Engelse woordeboek op te stel, sowel as 'n Afrikaanse woordelys in die Akademiespelling.⁸³⁾

Terselfdertyd het die kongres deputasies benoem om hierdie besluite by die betrokke liggame in te dien en te bepleit.

Die gemoedere was reeds ernstig ontstem deur die toon wat *Ons Moedertaal* van die begin af aangeslaan het, en *Ons Land* het protes aangeteken

⁸³⁾ „Ons Moedertaal,” Aug. 1914, p. 34.

teen die „onhoffelikheid” om bekende Kerkorgane soos b.v. *De Kerkbode* te bestempel as „verroeste remskoene,” en teen die „gebrek aan piëteitsgevoel teen onze leraars en hoogerwaarde professoren” om van hul preke te sê dat „hul diepste oortuigings omsluiser word met die gelapte gordyn van ’n geykte, afgesaagde amper-Nederlands.”

En nou nog sulke drastiese kongresbesluite op die koop toe — dit was darem nou eenmaal te erg! Daar was ’n stortvloed van briewe in *Ons Land*.⁸⁴) Die „taalfanatisme van zulke revolutionaire taaldilettanten” wat selfs die Bybel nie meer ontsien nie, moes aan bande gelê word. Wat sou daar oorbly van „onze oude, schone en geliefde Hollandse taal,” as ’n taal wat „door indiese en mozambiekse kindermeiden verbasterd en ontaard is,” nou ons skryftaal moet word? As Afrikaans ons moedertaal is, dan het ons net soveel moedertale as moeders, want elke moeder praat anders. Dit beteken skending van die Bybel om dit in Afrikaans te vertaal, omdat jul eie woorde dan die plek van Gods Woord sal inneem. Dit sal onterend wees vir die Opperwese en aanstootlik vir die toehoorders om deur middel van *jy* en *jou* en *julle* aangespreek te word, want *u* is nie Afrikaans nie. „Afrikaans als voertaal wil zeggen: Weg met de Hollandse onderwijzers! Weg met de Hollandse Bijbel! Weg met de Hollandse predikanten! Weg met de verwantschap

⁸⁴) Vgl. „Ons Land,” 23 Julie 1914 en uitgawes van volgende maande.

met de Hollanders! De dood aan het Hollandse element in Zuid-Afrika!"

Die waardige prof. De Vos was werklik diep geskok deur sulke voortvarendheid, en net soos vroeër in 1905 laat hy 'n waarskuwende stem hoor. Dis vir hom duidelik „dat het tans een hopelose taak is de jeugd van ons volk er toe te brengen, het Nederlands als haar moedertaal te beminnen en aan te leren en vooral te spreken,” maar moet dit tog nie heeltemal oorboord gooi nie, want hoe sal die arme Afrikaanse kind dan sy Bybel kan lees en 'n preek verstaan? Op byna smekende toon besluit hy sy brief: „In het belang van de zaak die mij na aan het hart ligt, en met de meeste bescheidenheid zeg ik: Haast u toch langzaam!”⁸⁵⁾

Dit beteken: „Bly vinnig stilstaan!” antwoord die redaksie van *Ons Moedertaal*, „en so'n raad deug gaar nie vir 'n jeugdige Afrikanerdom wat die lewe in elke polsslag voel en wat die toekoms entoesiasies tegemoet sien.”

Ook Langenhoven het in 'n breedgestelde artikel prof. De Vos se argumente ontleed en aan vernietigende kritiek onderwerp. Hy het agterna verskeie „lelike taalfoute” in sy Nederlands ontdek, maar sy verskoning was dat sy werk „geen langsame haas toegelaat het nie; die honde sou hom gevang het.”⁸⁶⁾ Op tipies-Langenhovense wyse word die saak kernagtig aldus gestel:

⁸⁵⁾ Hierdie brief is herdruk in „U Dienswillige Denaar,” met Langenhoven se antwoord daarop.

⁸⁶⁾ „U Dienswillige Denaar,” p. 217.

„Laat ons dan nu eenmaal helder zijn op dit punt: dat onze eigen taal te niets-beduidend is voor schrijf-doeleinden, en dat wij te onnozel zijn om de andere taal die men ons wil leren, te beminnen of aan te leren of te leren spreken. De toestand van ons volk is dan inderdaad hopeloos. Wat wij hebben deugt niet, en wat deugt zijn wij te slecht om aan te nemen. Dus gaat men voort met de hopeloze taak om ons te onderwijzen waar men vooral weet dat het onderwijs tot hopeloze mislukking gedoemd is. En professor de Vos vermaant ons ernstig te blijven volharden op de weg die hijzelf hopeloos beschouwt

De professor vraagt vervolgens hoedat het kind dat tot de vierde standaard geen ander Hollands dan Afrikaans op school geleerd heeft, zijn Bijbel of enig ander Hollands boek zal lezen of een preek verstaan. Een harder oordeel over het gebruik dat tot op heden nog in onze Kerk in zwang is, heb ik nooit horen vellen dan er nu hier uitgesproken wordt door haar hoogleraar. Van geslacht tot geslacht heeft men nu een Hollandse Bijbel en Hollandse preken aan een volk gegeven waarvan de overgrote meerderheid geen vierde en zelfs geen tweede standaard onderwijs genoten heeft in enige taal hoegenaamd. Ik vraag dus de professor na: Heeft de Kerk, waarvan u hoogleraar is, nog al deze jaren volgens uw eigen getuigenis de zielen aan haar zorg toevertrouwd aldus met stenen gevoed in plaats van brood?

Voorwaar, dan wacht de Kerk een vreselijke verantwoording; en dan wordt het tijd dat zij zich van haar verkeerde weg bekere. Het is dan tijd, en meer dan tijd, voor de Kerk om te bezinnen of zij zich niet in de toekomst van de taal van het volk zal bedienen zoals Christus deed, en Afrikaans prediken. Mij dunkt het geen gering zelfverwijt voor een Kerk om bij monde van haar hoogleraar te belijden dat haar arbeid heeft bestaan in het verkondigen van onbegrepen lessen.”⁸⁷⁾

⁸⁷⁾ „U Dienswillige Dienaar,” p. 223.

Nog maandelank het die perspolemiekie voortgewoed, en dikwels het albei partye hul self-beheersing kwytgeraak, wat nie juis bevorderlik was vir oortuigende gedagtewisseling nie. Dis egter begryplik dat mense wat hul eie pad duidelik afgebaken gesien het, soms geprikkel moes word tot sarkastiese uitvalle waar hulle dag na dag dieselfde onbenullige vooroordele en wanbegrippe moes bestry.

Met onverminderde stryd lustigheid het *Ons Moedertaal* links en regs kopskote uitgedeel, al was die toon hier en daar 'n bietjie alte fel-sarkasties, soos blyk uit die volgende aanhalings: „Dis natuurlik belaglik vir die A.T.V. om hom te weer teen die magtelose woede van tandlose, op die stert getrapte honde, wat onmusikaal tjank van agter die beskermende tralies van 'n naamlose koerant-geskryf Daar het 'n muishond, van die spesies *Patrimonium Hollandicum*, in ons kraal onlangs ingesluip. Om die ding aan te val kan onaangenaam word. Ons sal hom maar liewers met 'n tang opsy stoot (dit was 'n Kaapstadse Hollander wat historiese aanvalle hier en in Holland teen die A.T.V. kwytgeraak het) Dit is jammer dat sommige jong Afrikaners nog ly aan die nasionale piep. Dit sit onder hul tong en hul kan maar nie loskom nie van die gevoel dat dit darem veel voornamer is om hul toehoorders en lesers met die draderige voosheid van 'n stokkerige amper-Nederlands te pyng, dan

om pront Afrikaans te gebruik" (O.M., Aug. en Sept. 1914).

Maar *Ons Moedertaal* het ook opbouende werk gedoen en veral die Afrikaanse Bybelgedagte weer prominent onder die aandag gebring. In die Sept.-nommer bepleit dr. B. B. Keet (een van die latere Bybelvertalers) in 'n besadigde maar oortuigende betoog die noodsaaklikheid van 'n Afrikaanse Bybel, waarvan die slot lui:

„Daardeur sal ons meewerk tot die kweking van meer waaragtige, meer werklike, meer innige godsdiens, terwyl ons taal die reinigende en verheffende invloed van die godsdiens sal ondervind en vir buitensporighede sal bewaard bly. En als ek dit seg, dan is dit nie om die godsdiens of die Bybel als propagandamiddel vir ons taal te gebruik nie, maar dit is 'n erkenning van die kragtige en suiwerende invloed, wat die Bybel oor alle tale laat blyk het. Ek kan my geen gesonder invloed oor die toekomstige bloei van ons taal voorstel nie, als juis die invloed wat die Bybel sal uitoefen. Daarom, die hand aan die ploeg en nie omkyk voordat ons doel bereik is.”

As gevolg van die politieke verwickelinge wat na die uitbreek van die Europese oorlog in S.A. ontstaan het, is *Ons Moedertaal* sedert Nov. 1914 tydelik gestaak. Vanaf Aug. tot Des. 1915 het dit weer sy verskyning gemaak, en in Mei 1916 is dit verenig met 'n groter blad, die tans nog bestaande *Die Huisgenoot*, wat sedert Nov. 1923 as geïllustreerde weekblad verskyn. Soos *Die Brandwag* in die noorde, het *Die Huisgenoot* in die suide onskatbare dienste aan die Afrikaanse taalsaak

bewys, en tot vandag toe is dit weens sy hoë joernalistieke peil een van ons beste tydskrifte.

18. *Afrikaans in die Kerk (1916)*

Die nuwe Afrikaanse beweging het van sy aanvang af, net soos die Patriotbeweging, sterk teenstand ondervind van kerklike kant. So skryf ds. Van Belkum, na aanleiding van Preller se eerste optrede, in die *Transvaalse Kerkbode* (3 Aug. 1905):

„De Booze met zijn bokspooten heeft weer een mooi spelletje met ons aan den gang. Hij heeft gezien, dat wij een schoot gelijk willen trekken en nu wil hij ons dat beletten. Maar hoe fluks is hij erbij om een in het oor te fluisteren: Jij moet seg ik wil nie Hollandsch leer nie, ik wil Afrikaansch skryf. Nu goed en wel, maar daardoor krijgen we in Afrika in plaats van twee talen drie, evenals bij de kerkvereniging drie kerken in plaats van twee.”

En ds. H. S. Bosman verklaar pertinent in *De Vereniging* (24 Aug. 1905):

„De Kerk zal nooit het Afrikaansch kunnen aannemen. Het verste dat zij zal willen gaan is de vereenvoudigde taal, zooals door *Ons Land* en *De Volkstem* gebruikt in de inleidingsartikelen

De regeeringen van Z.A. zullen een sterk wapen in de handen hebben, indien het Afrikaansch de taal moet worden. Zij zullen dan kortaf zeggen: zulk een patois laten wij niet toe op onze examens — en dan sterft onze taal geheel uit.”

In die suide weer spreek prof. De Vos sy „bittere teleurstelling” uit in ’n „Open Brief aan de

voorstanders van een Afrikaanse skriftaal" (vgl. par. 9 hiervoor), terwyl prof. J. I. Marais, eweneens van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, uit die hoogte in sy *Geref. Maandblad* (Sept. 1905) dekreet: „*De kombuistaal, die in Pretoria verheerlijkt word, is niet de taal van den ontwikkelde Afrikaner*” (ek kursiveer).

Sulke uitlatings is tekenend van die destydse kerklike standpunt van die ou garde. En die kerklike leiers het hierin glad nie alleen gestaan nie; dit was maar die tradisioneel-konserwatiewe opvatting van alle kerkvaste Afrikaners van die ou stempel. Dit was vir hulle niks minder as heiligskennis nie om aan die taal van die godsdiens, en alles wat daarmee saamhang, te gaan torring — laat staan nog die ou Statebybel! Dit sou dan ook die hoogste triomf van Afrikaans word dat dit ten slotte ook tot die gewyde heiligdomme van die Kerk en die godsdiens sou deurdring.

Selfs Langenhoven met al sy matelose geesdrif vir Afrikaans was aanvanklik, wat die vertaling van die Bybel betref, so ortodoks konserwatief as wat die mees verstokte Doppe ooit kon wees. Met sy eerste optrede in 1911 het hy dit duidelik vooropgestel dat hy, wat die Bybel betref, hoe onlogies en inkonsekwent dit ook al mag wees, so sterk deur sentiment beheers word dat hy sou weier om 'n vertaling daarvan te onderneem, sowel as van die Formuliere, Psalms en Gesange, selfs al sou die Kerk self hom versoek om dit te doen. Want die taal

van die godsdiens was aan sy hart geheilig deur sy vroegste herinneringe, en om dit te gaan verander, sou vir hom gelykstaan met heiligskenis en vir sy smaak 'n parodie wees.⁸⁸⁾ Hy was dan ook glad nie gediend met die Stellenbosse kongresbesluit van 1914 insake die vertaling van die Bybel nie, en het verklaar dat hy dit met alle mag sou bestry het as hy daar aanwesig was.⁸⁹⁾ Dat hy egter later tot ander insigte gekom het, blyk daaruit dat hy ten slotte een van die eerstes was om 'n Afrikaanse beryming van die Gesange te onderneem, waarvan 'n dertigtal in druk verskyn het (1922); en hy was diep gegrief dat die Kerk offisieel van hierdie werk geen notisie geneem het nie. „Met die minste aanmoediging sou ek ons hele Gesangboek stap vir stap vertaal het. Maar nie alleen het daar geen tweede druk gevolg nie, en sal hy seker nooit volg nie — die eerste druk het op die rakke bly lê, deur die Kerk doodswygend van die hand gewys.”⁹⁰⁾

Maar al was die ou garde van predikante aanvanklik byna sonder uitsondering beslis teen Afrikaans gekant, was daar aan die ander kant dadelik 'n hele aantal predikante van die jonger garde wat die nuwe beweging geesdriftig gesteun het. Onder die stigters van die A.T.V. was daar vier predikante, terwyl na die eerste A.T.V.-kongres nie minder as sewe predikante op die hoofbestuur

⁸⁸⁾ „Ons Land,” 12 Sept. 1911.

⁸⁹⁾ „Ons Land,” 11 Aug. 1914.

⁹⁰⁾ „U Dienswillige Dienaar,” p. 182.

verkies is nie. Ons hoef maar net name soos dié van dr. D. F. Malan, dr. J. D. du Toit en prof. N. J. Brümmer te noem, om die bewys te lewer dat Afrikaans die steun geniet het van vooraanstaande Kerkmanne.

Trou aan sy uitgesproke beleid, het die nuwe beweging hom egter streng buite die terrein van die Kerk gehou. Soos Preller dit nog op die 1916-jaarvergadering van die A.T.G. in sy voorsittersrede gestel het:

„Dis nooit ons strewe gewees om ons Kerk te betrek in ons taalstrijd nie. Inteendeel, toen ons Genootskap elf jaar gelede totstand gekom is, het ons gemeen om voordeel te trek uit die ervaring van die ou strijd van 1875, wat met die Kerk wou beginne, en juis op dié wijze baie kerkmanne teen die beweging in die harnas gejaag 't. Ons opvatting was gewees dat die Kerk vanself geleidelik sou volg. En dit was 'n verblijdende omstandigheid om nou reeds te kan konstateer hoe ons daarin nie verkeerd gesien 't nie. Die Kerk is besig om te volg.

Op die laaste algemene vergadering van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom werd 'n besluit aangeneem om 'n kommissie aan te wijs, ten einde te ondersoek in hoever en hoe die Belijdenisskrifte van die Kerk in Afrikaans kon oorgeset word. Op die laaste Sinode van die Ned. Ger. Kerk te Kaapstad was daar 'n beskrywingspunt, wat ten doel gehad 't om Afrikaans te weer uit die Kerk. Dié punt is nooit aan die orde gekom nie. Die opposisie het só sterk geblyk, vooral onder die jongere geestelike, dat 'n bespreking nie raadsaam geoordeel werd nie!

Die Hervormde Kerk, wat ons beweging in die begin heftig bestrij 't, is langamerhand meer passief geword, en ook daar ontbreek 't vandaag nie meer aan tekens van medewerking. Dieselfde geld van die Ned. Herv. of Geref.

Kerk in Transvaal, waarvan verskeie predikante nooit anders als Afrikaanse preke hou nie. En die bemoedigendste van alles was, dat gemeentes wat dié predikante een of tweemaal ons eie sagte, soetvloeiende taal hoor besig 't, ons taal waarmee hul soveel makliker die harte binnedring, 'n voorliefde daarvoor opvat, wat veelbelowend is vir die toekoms.

Die Kerk is en blij konservatief, en dis ook nie ons doel om gedurende óns lewe binne dié gewijde walle 'n taalomwenteling sig te sien voltooi nie." ⁹¹⁾

Maar met die eerste amptelike erkenning van Afrikaans in 1914 het daar 'n plotselinge verandering in die bestaande toestand ingetree, soos ons reeds gesien het, as gevolg waarvan nou ook met mening op die Kerkdeure geklop en om toegang gevra sou word vir Afrikaans. Dit begin met die A.T.V.-kongresbesluite van 1914, en onmiddellik daarop volg die pleidooi van dr. B. B. Keet vir *Die Bybel in Afrikaans*, waarin hy drie aspekte van die saak stel — „of 'n nuwe vertaling van die Bybel nodig was, hoe die werk moes verrig word, aan wie dit moes opgedra word” — dieselfde vraagpunte wat by die Sinode van Dordt in 1618-19 gestel was. Betreffende die laaste sê hy dan o.m.:

„Myns insiens behoort die oorsetting van die Bybel uit te gaan van die sinode van ons kerk; beter nog van die sinodes van die Hollandse kerke in Suid-Afrika, omdat hulle almaal één konfessionele grondslag het. Daardeer sal ons bewaar word van tyds- en kragverspilling, wat seker sal plaasvind als daar verskeie vertalings beproef word deur

⁹¹⁾ Uit Jaarverslag in pamfletvorm, p. 6.

partikuliere mense, of deur kommissies wat nie die gesag van die sinode agter hulle het nie. En die sinode is die beste bevoeg om te oordeel, wie die regte manne sal wees om so'n vertaling te bewerk. By die uitgawe van ons Statevertaling het dit so gegaan." ⁹²⁾)

Daarmee was die kernvraagstuk, waaromheen die hele eerste beweging gedraai het, waaruit dit trouens gebore was, vir die tweede maal definitief aan die orde gestel, sodat die eersvolgende Sinodes dit onder die oë sou moes sien. Dit het eerste gebeur op die Vrystaatse Sinode van Mei 1916. Ds. N. J. v. d. Merwe (met wie ons reeds as student in 1911 kennis gemaak het), destyds predikant van die gemeente Wepener, het die saak aanhangig gemaak. Na 'n warme bespreking het met vier teenstemme die volgende besluit geval:

„De Synode erkent het Afrikaans als officiële taalvorm op de kansel en elders, naast Nederlands. De Synode besluit tot het vertalen van de Bijbel in het Afrikaans en nodigt daartoe uit de samenwerking van de Gefedereerde Kerken en andere Hollandse Kerken in Zuid-Afrika. Zij draagt dit werk op aan 'n speciale kommissie, die in onderhandeling zal treden met de Synodale Kommissies van gemelde kerken, ten einde de kundigste en bekwaamste mannen daartoe te erlangen." ⁹³⁾)

Dit was 'n klinkende, dubbele oorwinning vir Afrikaans — nie net op die kansel nie, maar ook ten opsigte van die Bybel. En daarmee was inderdaad ook „die koeël deur die kerk"! Dit was nou enkel

⁹²⁾ „Ons Moedertaal," Sept. 1914, p. 65.

⁹³⁾ „Die Huisgenoot," Junie 1916.

'n vraag hoelank die ander Kerke nog weerstand sou kon bied. Die Transvaalse Verenigde Kerk het feitlik onmiddellik gevolg, teen die end van Mei 1916, al was sy houding minder definitief. Na 'n lang bespreking is met 52 teen 31 stemme besluit: „Dat de tijd gekomen is om Afrikaans als officiële taal van onze Kerk te erkennen, en de zaak worde verwezen naar de Raad der Gefedereerde Kerken.”⁹⁴⁾

'n Verslaggewer van *De Kerkbode* (15 Junie 1916) skryf na aanleiding hiervan: „De discussie lijdt niet aan doodscheid! De voorstanders van de zoetklinkende Afrikaansche taal zijn niet weinigen. Eigenaardig bijna, is het om predikanten te hooren spreken in het Afrikaansch, die anders goed Hollandsch gebruiken. Eigenaardig is het ook dat vele ouderlingen, die toch in de verste verte niet kunnen beweren dat zij Hoog-Hollandsch kennen, ten zeerste gekant zijn tegen het gebruik van Afrikaansch.”

Bogenoemde besluite het in Maart 1917 voor die Raad der Kerken gediens, en is deur hierdie liggaam nie definitief bekragtig nie, ook nie afgekeur nie, maar op die wag-'n-bietjie-lys aangeteken. Sy besluit het as volg gelui:

„Deze vergadering is van overtuiging, dat Nederlandsch nooit de spreektaal van ons volk worden zal, maar dat gelijk Afrikaansch sedert jaren het middel tot gemeenschap onderling onder ons volk geweest is, het dat blijven en al

⁹⁴⁾ „De Volkstem,” 30 Mei 1916.

meer worden zal; en dat gelijk het gebruik daarvan in de hoogste raadszalen van ons land meer regel dan uitzondering geworden is, dat ook uiteindelyk het geval zal zijn op de kansels van onze Kerk; en dat alles, omdat er levenskracht in het Afrikaansch is, welke aan alle verachting en veronachtzaming met wonderlyk sukses het hoofd heeft weten te bieden, en ook omdat in het Afrikaansch alleen bij velen de volksziel zich uit.

Deze vergadering acht echter, onder de tegenwoordige hachelijke toestanden, de tijd niet ryp thans bij de andere Synoden der Gefedereerde Kerken erop aan te dringen Afrikaansch ook als hare officieele taal te erkennen." ⁹⁵⁾

Twee jaar later het die Raad der Kerken egter by meerderheid van stemme geoordeel dat die tyd nou wel ryp was. Op 6 Maart 1919 is op voorstel van ds. J. F. Naudé van Roodepoort (dit was ook hy wat die saak op die vorige vergadering bepleit het) die volgende voorstel met 17 teen ses stemme aangeneem:

„Deze vergadering is overtuigd dat, waar Afrikaansch de taal van ons volk is en blijven zal; waar het gebruikt wordt tot in de hoogste volksvergadering; waar het tot medium van onderwys dient in de lagere en hoogere scholen en Universiteiten; waar het gebruikt wordt op zoovele onzer kansels en in alle kerkelyke vergaderingen, en waar het reeds als officieele taal van 't land en van sommige der Gefedereerde Kerken erkend is, — de tijd aangebroken is het algemeen als officieele taal van de Kerk te erkennen, en beveelt derhalve bij de andere Synoden der Gefedereerde Kerken aan, die het Afrikaansch nog niet als officieele taal naast het Hollandsch erkennen, de nodige stappen te doen ter verkryging van dit recht voor onze moedertaal." ⁹⁶⁾

⁹⁵⁾ „De Kerkbode,” 29 Maart 1917.

⁹⁶⁾ Aangehaal deur eerv. A. Dreyer in „Die Burger,” 27 Mei 1933.

Dit was 'n baie belangrike voorwaartse stap, want hoewel die Raad der Kerken geen wetgewende mag besit het nie, maar alleen adviserend kon optree, het hierdie liggaam tog die algemene kerklike opvatting verteenwoordig, aangesien dit saamgestel is uit die Moderature van die vier gefedereerde Kerke sowel as vooraanstaande lede van die verskillende Sinodes. Sy weloorwoë mening het dus groot gewig gedra, en daarom sou die volgende Kaaplandse Sinode verplig wees om nou ook tot 'n beslissing te kom insake Afrikaans. Waar al haar kinders reeds voor op die pad gewag het, sou die ou moeder nie langer sonder gegronde redes agter die bult kon vertoef nie; sy sou egter maar skoorvoetend volg.

Op die Sinode van 1915 wou die kerkraad van die moedergemeente Kaapstad nog gehad het dat die Sinode hom teen Afrikaans moes uitspreek, maar ds. F. X. Roome van Seepunt het gesorg dat die beskrywingspunt nie onder bespreking gekom het nie. Dit was ook hy wat in 1918 die Kaapstadse Ring beweeg het tot die volgende beskrywingspunt: „Dat de Synode gevraagd worde zich ten gunste van den Bijbel in Afrikaansch te verklaren.” En so is die saak dan eindelijk op die Sinode van Nov. 1919 aanhangig gemaak en na 'n bespreking van drie dae met 109 teen 74 stemme ten gunste van Afrikaans beklank.

Tot op die laaste het die ou garde manmoedig teenstand gebied, en selfs deur middel van 'n aantal petisies, met 7956 naamtekeninge (uit 129.000

lidmate van die Kerk), 'n vertwyfelde poging aangewend om die Sinode te beïnvloed. Maar die stormloop was te sterk. Die aanvoerder was dr. B. B. Keet, destyds predikant van Graaff-Reinet, wat deur sy besadigde maar besliste en kragtige optrede veel bygedra het tot die beslissing. Maar ook Langenhoven het veel daarmee te doen gehad, al was hy nie lid van die Sinode nie. Hy het 'n spesiale vlugskrif in deftige Hooghollands opgestel, onder die titel: *De Heilige Ennen van Rehun en Simsai* (Ezra 4), wat onder die lede van die Sinode versprei is. Daarin pleit hy nie langer nie, maar kom met 'n vernietigende aanklag:

„Komt aan, gij de Villiers's en Steytlers. Gij hadt er nu honderd jaar tijd voor — gij en degenen die het voorrecht hadden Hooghollands evengoed als gij, of beter, aan te leren — zoals de priesters in de Middeleeuwen het Latyn aanleerden. En wijst ons, mijne heren, waar gij gezaaid hebt? Waar is uw oogst? Het volk van Zuidafrika hongert te midden van de overvloed zijner mededingers. Ziet, zoals van gemelde priesters, is uw akker dor en onvruchtbaar gebleven. Ge hebt ons kultuurhuis voor ons woest gelaten: gij en uwer-gelijken, de bevoorrechten onder een onbevoorrecht volk, wier plicht het was geweest in onze bittere behoefte te voorzien.

Ge kunt mij geen enkel boek noemen — ook niet tot één toe — dat, door een Afrikaner in 't Hooghollands geschreven in al de tijd toen men, volgens u terecht, het Hooghollands onderwees en schreef en predikte, vandaag als een volksbezitting in de letterkunde leeft. En deze dorre landen van u voorbijgaande zijn *wij* begonnen — een korte halve generatie geleden — met onze gemene Kombuistaal. En de werken onzer schrijvers in het Afrikaans hebben ons nu reeds een eigen letterkunde bezorgd, zodat de Afrikaner ook

in de kultuurwereld zijn hoofd niet meer met schaamte hoeft te laten hangen." ⁹⁷⁾

Die volgende voorstel van dr. Keet het ten slotte die besluit van die Sinode geword:

„Waar de erkende officiële taal van onze Kerk de Nederduitsche is, daar spreekt de Synode het als hare meening uit, dat daaronder de Afrikaansche taalvorm naast de Nederlandsche begrepen word.

Het gebruik van het Afrikaansch als Kantseltaal word aan het oordeel van elken Kerkeraad overgelaten, met de sterke aanbeveling dat er rekening gehouden moet word met de gevoelens van allen die er teen gekant zijn, zelfs indien zij eene minderheid in de gemeente vorme, opdat er geen aanstoot gegee word." ⁹⁸⁾

Die onmiddellike gevolg was dat die Sinode hom 'n paar dae later (op 10 Nov. 1919) feitlik eenparig verklaar het ten gunste van die Afrikaanse Bybelvertaling, en 'n kommissie benoem het om in samewerking met die Sinodes van die ander Kerke hierdie saak onverwyld ter hand te neem. Onder tussen was deur die twee nie-gefedereerde Kerke soortgelyke besluite gencem, deur die Gereformeerde Kerk in 1917 en die Hervormde Kerk in 1919, sodat Afrikaans eindelijk algemene kerklike erkenning geniet het, en die groot taak van die Bybelvertaling nou met vereende kragte aangepak kon word.

⁹⁷⁾ Hierdie vlugskrif is herdruk in „Ons Weg deur die Wêreld,” Dl. III.

⁹⁸⁾ Aangehaal deur eerw. A. Dreyer in „Die Burger,” 27 Mei 1933.

19. Die Finale Oorwinning (1925)

Ons het reeds gesien watter belangrike rol die studente sedert 1911 in die suide gespeel het deur middel van die Werda-organisasie. Hierdie studentebeweging het hom later uitgebrei na die noorde, waar dit in 1916 ontwikkel het tot die *Afrikaanse Studentebond* (A.S.B.), waaruit eindelijk weer die huidige *Afrikaans-Nasionale Studentebond* (A.N.S.) gebore is.

In 1918 het die studente in noord en suid besonder aktief geword en aangedring op die erkenning van Afrikaans nie alleen as voertaal by die hoër onderwys nie, maar ook as studievak vir graad-doeleindes. Dit het o.m. gelei tot die instelling van die eerste twee afsonderlike leerstoele vir Afrikaans, die een op Stellenbosch (Aug. 1918) en die ander in Bloemfontein (Okt. 1918), met J. J. Smith en D. F. Malherbe as respektiewe eerste twee professore in Afrikaans sedert begin 1919.

Die studente-aksie, waaruit hierdie belangrike nuwe ontwikkeling voortgevloei het, was weer die gevolg van Jannie de Waal se optrede in die Volksraad. In Maart 1918 het hy die volgende voorstel daar ingedien:

„Dit Huis beskouwt dat voor de doeleinden van staatsadministratie Afrikaans worde inbegrepen onder Hollands als een van de officiële talen van de Unie.”

In Artikel 137 van die Uniegrondwet was daar sprake van „both the English and Dutch languages,”

en De Waal wou seker maak dat onder „Dutch” ook Afrikaans verstaan moes word. Sy voorstel is in die volgende geamendeerde vorm aangeneem:

„Dit Huis beskouwt dat Afrikaans word inbegrepen onder Hollands als een van de officiële talen van de Unie en dat dit beginsel erkend behoort te worden voor alle Staats- en officiële doeleinden, behalve in gevallen van Wetsontwerpen en Wetten van het Parlement en van officiële dokumenten van beide Huizen van Parlement, in welke gevallen slechts de vereenvoudigde vorm van Hollands gebezigd zal worden.”⁹⁹⁾

Dit was 'n baie snaakse besluit hierdie. *Hollands* sou voortaan — so het ons wetgewers verklaar — ook beteken *Afrikaans* „voor alle Staats- en officiële doeleinden” *buite*, maar nie *binne* die parlamentshuis nie. Dus vir die een afdeling en doel van die staatsdiens was Afrikaans goed genoeg, maar nie vir die ander nie; aan die een kant was Afrikaans onder Hollands inbegrepe, maar aan die ander kant was dit weer uitgesluit.

So het „dit Huis” — soos ons hoogste volksvergadering hom in Westminsterse „Hooghollands” betitel het — met sy inkonsekvente drietalige beleid voortgeboer tot 1924.

Onmiddellik nadat die Nasionale Partyregering aan die bewind gekom het, met dr. D. F. Malan as minister van onderwys, is hierdie saak weer aanhangig gemaak. Op 18 Febr. 1925 het dr. Malan

⁹⁹⁾ „U Dienswillige Dienaar.” p. 214.

in die Volksraad voorgestel dat 'n gesamentlike komitee van Volksraad en Senaat benoem word:

„om de kwestie te overwegen of, en indien wel, in hoeverre de Afrikaanse vorm van de Hollandse taal in plaats van de Nederlandse taal-vorm gebruik zal worden ten aanzien van Wetsontwerpen en Wetten van het Parlement, alsook ten opzichte van officiële dokumenten van beide Huizen; het Komitee bevoegd te zijn getuigenis te horen en stukken op te vorderen.”¹⁰⁰⁾

Hy het daarop gewys dat heelwat werksaamhede van die Volksraad reeds in Afrikaans geskied en dat dit eintlik in stryd is met die voorbehoud van die 1918-besluit. „Ek dink dat die grootste gedeelte van die volk en die merendeel van die lede van die Raad voel dat nou die tyd aangebreek het om daardie voorbehoud weg te neem en die volle vryheid te gee om Afrikaans by alle geleenthede inplaas van Nederlands te gebruik.”¹⁰¹⁾ Want as daar beweer word dat Afrikaans nog nie 'n vaste vorm aangeneem het nie, dan is dit 'n beswaar wat alle lewende tale geld, omdat hulle aan voortdurende verandering onderhewig is; wanneer 'n taal 'n absoluut vaste vorm aanneem, dan word dit 'n dooie taal soos Latyn. Daar bestaan geen twyfel meer, sê spreker verder, dat Afrikaans genoeg verskeidenheid en buigsaamheid van vorm en woordeskat besit om ons gedagtes suiwer uit te druk nie. Die bewys word gelewer deur die hoë peil wat ons letterkunde reeds

¹⁰⁰⁾ „Rapport van Gezamenlike Komitee op het gebruik van Afrikaans, No. 1, 1925,” p. ii.

¹⁰¹⁾ „Die Burger,” 19 Febr. 1925.

bereik het, deur die proefskrifte wat ons jong geleerdes aan oorsése universiteite in Afrikaans geskryf het, deur die instelling van professorate in ons taal, deur die gebruik daarvan in ons universiteite, kolleges en skole.

Sonder teenstem is die voorstel aangeneem en 'n komitee benoem, bestaande uit senatore Langenhoven, Reitz en Schweizer, en dr. Malan, dr. Nico v. d. Merwe en C. J. Krige. Die pers het natuurlik volledige publisiteit aan die saak verleen, en die gevolg was dat die penne weer in beweging gekom het om 'n klaaglied aan te hef oor „de uitvaart van het Nederlandsch.” So het o.a. 'n ou dominee werklik weemoedig geword:

„Om van de taal van onze voorvaders, de grondleggers van onze volkplanting, op wie we met recht trots mogen zijn, schielik afscheid te nemen, als van een stervende vriend of bloedverwant, is inderdaad aandoenlik

Niet alleen gaan we ons losscheuren van de lijne Nederlandse beschaving en rijke letterkunde, maar we gaan hier een verbasterd Afrikaans scheppen. Toen ik jong was sprak men hier zuiverder Afrikaans dan nu. Toen was het Afrikaans nog op Nederlandse leest geschoeid; nu meestendeels, of altans grotendeels, op Engelse”¹⁰²⁾

Weer 'n ander het dit as 'n ramp beskou dat Nederlands nou moes verdwyn uit die Kerk, die skole, die pers, die wetboeke, en betoog dat „de Afrikaanse woordenschat en de Afrikaanse gedachtenwereld nog heelwat moeten worden verrijkt,” voordat Afrikaans as selfstandige kultuurtaal diens sal kan doen; maar as die band met die ou

moederland nou heeltemal afgesny word, sal dit nie meer kan gebeur nie, en dan sal Engels heeltemal die oorhand kry in S.A.¹⁰²⁾

Skrywer hiervan het persoonlik nog vir oulaas vinnig slaags geraak met 'n paar van die „verroeste remskoene,” o.a. met dieselfde *Patrimonium Hollandicum* wat in 1914 deur *Ons Moedertaal* so onsag opsy gestoot was, en nou weer uit sy Rip-van-Winkelse slaap opgeffikker en teen Stellenbosch uitgevaar het, omdat ons dan daarop uit sou wees om Hollands dood te maak. Ek het o.m. geskryf:

„Die vrees vir 'n oorheersende Engelse invloed in die toekoms is bloot denkbeeldig. Want waarlik, as Engels met die geweldige voorsprong wat dit gedurende die laaste honderd jaar in S.A. op die volkstaal gehad het — toe ons nog met 'n kunsmatig aangeleerde Hooghollands (wat nie *Nederlands* was nie!) stroomop moes sukkel, toe ons eie taal in die kombuis verkeer het en Engels in die voorkamer, toe ‚opvoeding’ sinoniem was met ‚Engels leer,’ toe ons geen eie literatuur gehad het nie, toe Jong-Suidafrika hom nog nie bewus was van sy eie nasionale roeping nie — as Engels in daardie voordelige posisie gedurende 'n hele eeu nie by magte gewees het om die Afrikaanse beskawing te ‚verengels’ en die Afrikaanse taal te ‚verbaster’ nie, hoe sal dit dan nou plotseling moontlik wees? Nou dat Afrikaans eindelijk sy so lang ontbeerde eersgeboortereg verkry het, nou dat die Afrikaner eindelijk, ja eindelijk, nie meer 'n vreemdeling in sy eie land is nie, maar baas in sy eie huis?

Afrikaans wen grond, en saam met Afrikaans ook Nederlands. Daar word vandag aan ons Universiteit meer gedaan aan die studie van die Nederlandse Lettere as ooit

¹⁰²⁾ „Die Burger,” 9 Maart 1925.

tevore, en ook met veel meer werklike vrug as ooit tevore. Want vroeër, in my studentetyd, het ons dag en nag moes worstel met die Nederlandse GRAMMATIKA. En ons het dit geleer op 'n manier! Maar ten koste van wat? En ten behoeve waarvan? Om onberispelik Nederlands te kan praat? — Met wie, gesteld dat ons dit kon? En grammatikaal Nederlands te kan skryf? — Met watter doel, gesteld dat ons dit kon? Waar is die letterkundige vrugte van al daardie jare se deftige gesukkel? Wat het die vorige geslag nagelaat vir ons hongerende en dorstende jong Afrikanerdom?

Dis dus absoluut misleidend om te praat van die *uitvaart van Nederlands*, en van 'n 'losscheuren van de rijke Nederlandse letterkunde.' Want met die ontwaakte en steeds groeiende belangstelling vir ons eie ontlukende literatuur, en die wetenskaplike beoefening van ons eie verwaarloosde spraak, het ook die Nederlandse literatuur en die Nederlandse spraak vandag vir ons studente 'n betekenis wat dit vir óns vroeër nooit besit het nie." ¹⁰³⁾

Selfs Preller — vreemd genoeg! — het na 20 jaar, noudat die wa amper die laaste steil opdraand uit was, brik aangedraai. Hy het beswaar gemaak teen die syns insiens verkeerde taalpolitiek: „die veels te vroeë invoering van Afrikaans as voertaal van ons onderwys; te haastige vertaling van die Bybel, voordat die taal nog sy beslag gekry het, en nou weer die wetlike aanwending daarvan as taal van ons wetgewing. Hierdeur word Hollands verdring uit sy allerlaaste skuilhoek in ons openbare lewe” ¹⁰⁴⁾

Snaakse inkonsekvensie en absolute loënstraffing van sy eie standpunt van 1905. Toe het hy byna

¹⁰³⁾ „Die Burger,” 12 Maart 1925.

¹⁰⁴⁾ Aangehaal deur „Die Kerkbode,” 29 April 1925.

hartstogtelik gepleit: *Laat dit ons tog erns wees!* En noudat dit na twintig jaar werklik érnس geword het, was dit nog te vroeg . . . ?

Ondertussen was die parlementêre komitee met sy ondersoek besig. Hly het verskeie regsgeleerdes en taalgeleerdes ondervra (ek was een van die ondervraagdes), o.a. ook dr. W. J. Viljoen, die vroeëre kampvegter van die Taalbond, op hierdie tydstip S.G.O. van Kaapland. Die slotsom van sy getuienis was: „lk geloof dan ook, dat Afrikaans het voorgoed gewonnen heeft en veel gemakkeliker is en niet minder duidelik voor gebruik in onze wetten dan Nederlands.”¹⁰⁵⁾

Die bevinding van die komitee was dat daar geen twyfel bestaan insake die geskiktheid en doeltreffendheid van Afrikaans om as offisiële taal van die Unie erken te word nie, maar dat dit wel betwyfel kon word of Afrikaans ingesluit was onder die woord „Hollands”; daarom sou ’n verklarende wet nodig wees om hierdie twyfel weg te neem. Verder was die komitee van oordeel dat die regering dadelik voorsiening moes maak vir die opstel van ’n standaard-woordeboek in Afrikaans.

Nadat die verslag van die komitee deur beide Volksraad en Senaat afsonderlik, en daarby eenparig, aangeneem was, moes hierdie twee wetgewende liggame nog gesamentlik vergader om dit te bekragtig, want dit was ’n wysiging van die Grondwet, en daarvoor was ’n twee-derde meerder-

¹⁰⁵⁾ Komitee-Rapport, p. 17.

heid van die hele parlement nodig. Op 8 Mei 1925 het eindelijk hierdie historiese gesamentlike sitting van Volksraad en Senaat plaasgevind, waar met eenparige stem die volgende besluit op die wetboek geplaas is: „Het woord ‚Hollandse’ in artikel honderd-zeven-en-dertig van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, wordt hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten.” Dit het met ander woorde beteken: *Afrikaans word verklaar tot offisiële landstaal van Suid-Afrika naas Engels.*

Merkwaardig was die byna broederlike eenstemmigheid wat daar by hierdie unieke geleentheid geheers het, van Engelse sowel as Afrikaanse kant. In ’n welsprekende rede het dr. Malan die aanname van die wetsontwerp voorgestel en sy waardering uitgesprek vir die welwillende houding wat die Engelssprekendes teenoor hierdie saak ingeneem het. Hy het o.m. gesê:

„Dit is ’n groot gebeurtenis in die gedagtes van die Hollandssprekendes in S.A. omdat, as hierdie wet gepasseer word, Afrikaans tot sy eer kom en gekroon word. Daar is vir die Hollandssprekendes in S.A. eintlik maar een taal wat in die volste sin van die woord hulle eie is, en dit is die Afrikaanse taal. Dit is met die Hollandssprekende Afrikanerdom gebore en daarmee gegroei, en toon dieselfde lewenskrag as wat die volk hier in die land vertoon. Dit beteken ’n voldoening aan die diepste gevoelens en hoogste aspirasies van daardie deel van die Suidafrikaanse volk. Dit is die simbool van die volk, van sy bestaan. Die erkenning van die Afrikaanse taal en die kroning daarvan deur die hoogste wetgewende liggame in die land is die

simbool van die erkenning van die volk, die erkenning van sy status en vryheid.

As hierdie wet op die wetboek geplaas word, dan sal die Hollandssprekende gedeelte van die Suidafrikaanse volk vir die eerste maal voel dat hy ten volle erken word en in sy eie land ten volle vry en tuis is." ¹⁰⁶⁾

Langenhoven, wat hier ook weer die groot stukrag agter die skerms was, het sy toespraak as volg besluit:

„Ons het vandag 'n stuk werk gedoen wat in die hoogste belang van die land is. Dis 'n eer vir ons om hier bymekaar te wees in 'n byeenkoms wat onder ons konstitusie die verhevenste wetgewing van die land is. Dis 'n hoër eer dat ons hier bymekaar is vir die verhevenste verrigting — 'n verrigting wat sal lewe in die dae wat kom, wanneer die punte van stryd en teëstand van vandag verdwyn sal wees uit die herinnering van ons kinders en kindskinders." ¹⁰⁷⁾

So was aan die Afrikanerdom dan uiteindelik sy regmatige besit van staatsweë toegesê, 'n besit wat hom so lank wederregtelik onthou was — *die eersgeboortereg van 'n nasie*. En dit het toevallig so getref dat hierdie triomf van Afrikaans saamgeval het met 'n ander historiese gebeurtenis wat die luister daarvan nog verhoog het — die feestelike herdenking van die stigtingsjubileum van die ou Genootskap van Regte Afrikaners van 1875. ¹⁰⁸⁾ Dit was seker 'n merkwaardige sameloop van gebeurtenisse dat in dieselfde jaar waarin hierdie jubileum gevier is, ook

¹⁰⁶⁾ „Die Burger,” 9 Mei 1925.

¹⁰⁷⁾ „Aan Stille Waters,” p. 459.

¹⁰⁸⁾ By hierdie geleentheid is uitgegee 'n *Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners, 1875 1925*.

die kroon gesit kon word op die aanvoorwerk wat hierdie eerste voorvegters 'n halwe eeu tevore met soveel vasberadenheid aangevang het. Passender hulde aan die ou Genootskappers sou seker nie moontlik gewees het nie. Daarom sal 1925 in die geskiedenis van ons Afrikaanse volkstaal seker altyd bekend staan as die groot jubeljaar.

20. *Handhaaf en Bou! (1929)*

Met die finale en volledige amptelike erkenning van Afrikaans in 1925 was die taalstryd dan na vyftig jaar eindelik iets van die verlede — so was destyds die algemene gedagte. En nadat die feesgejubel tot bedaring gekom was, het die taalstryders binne en buite die parlement huis-toe gegaan met 'n begryplike gevoel van selfvoldaanheid, want daar sou voortaan ten langen leste pais en vrede wees in die land op taalgebied.

Die element van stryd, met die daarmee gepaard gaande mate van vyandigheid, het op die agtergrond getree om plek te maak vir 'n welwillende gebaar van Afrikanerkant teenoor die ander nasieman. Jy het jousef mos nou as sy gelyke beskou en miskien selfs, op grond van jou eie tweetaligheid, as sy meerdere; en daarom kon jy dit bekostig om by geleentheid nou ook „broadminded” te word, al was dit dan net om hom te toon dat jy tweetalig en hy maar eentalig was. En wat hy vroeër as 'n *reg* van jou geëis het — om naamlik sy taal met hom te praat — het jy hom nou uit pure hofflikheid en

dankbaarheid as 'n guns van jou kant aangebied. En hy het jou op die skouer geklop as die regte tipe van „Dutchman,” met wie hy baie goed sou klaarkom en regtig lekker sou saamwerk in die algemene landsbelang, as die „give and take”-beginsel maar altyd só toegepas kon word dat jy die gewer en hy die ontvanger sou bly.

In hierdie eensydige uitlewing van wat op sigself 'n mooi verskynsel was (en is, waar dit op wedersydse agting en lojaliteit berus en ook wederkerig tot uiting kom), het die groot gevaar geskuil van die nuwe gees van verbroedering wat al sterker sou word en eventueel op politieke terrein sou kulmineer in die noodlottige „samesmelting” van 1933, met al die bittere vrugte wat in die loop van jare tot op die huidige dag daarvan gepluk sou word.

Die uiteindelijke triomf van Afrikaans het dan ook weldra geblyk geen onvermengde seën te wees nie. Want hoewel albei tale kragtens wet nou gelyke status geniet het, het die konsekwente toepassing van die tweetaligheidsbeginsel in die praktyk voorlopig uitgebly, eensdeels as gevolg van reeds genoemde oordrewe tegemoetkoming van Afrikanerkant en anderdeels as gevolg van 'n grotendeels Engelstalige staatsdiens wat deur vorige regerings nagelaat was. En waar Afrikaans dan tog teen wil en dank tot sy reg begin kom het, was dit dadelik weer aan 'n nuwe ernstige gevaar blootgestel, naamlik anglisistiese verminking. Gelyke behandeling van die twee tale het aanvanklik uitgeloop op 'n werklik skrikbarende

taalgemors wat op die duur 'n noodlottige uitwerking moes hê op die Afrikaanse taalidoom. Kortom — offisiële sanksie het in die praktyk beteken offisiële verkragting van die een taal; *Afrikaans in die staatsdiens het beteken letterlik vertaalde Engels!*

So 'n toestand kon natuurlik nie geduld word nie, want wat beteken duurverkreë regte sonder behoorlike gebruik en handhawing daarvan? So moes dan maar opnuut baadjie uitgepluk en skouer aan die wiel gesit word om aan die tweeledige gevaar van taalveronregting en taalverminking die hoof te bied. En daarmee sou vanaf 1930 'n heeltemal nuwe stadium van die Afrikaanse beweging intree — *die Kultuurstadium.*

Op 24 Aug. 1929 het op Bloemfontein, onder beskerming van die S.A. Akademie, 'n verteenwoordigende Reëlingskomitee-vergadering plaasgevind, met die doel om planne te beraam vir die mobilisering van alle verstrooide en losstaande taal- en kultuurorganisasies in die land tot één groot Uniale volksorganisasie, en na ernstige bespreking tot die volgende besluit geraak:

„Die vergadering besluit om 'n Uniale konferensie op te roep onder die naam: Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie, met die doel om simpaticke verenigings en persone saam te bring vir die uitwerking van 'n gesamentlike program vir die handhawing van ons Taal op alle gebied en vir die positiewe ontwikkeling van ons Kultuur, met die oog op uitvoering daarvan deur middel van 'n sentrale verteenwoordigende bestuur en/of gekonsolideerde provinsiale taal- en kultuurorganisasies.”

Hierdie besluit is wyd en syd deur die Afrikaanse pers versprei, ondersteun deur 'n oproep waarvan die slot gelui het:

„Jong Suid-Afrika gaan wapenskouing hou van sy kultuurkragte. Nie met die klap van mouserskote nie, nie met die kraak van bomme en kartetse nie, maar met die warm sonnegloring van ons Afrikaanse liefde en met die stille almag van ons Afrikaanse Woord, gaan ons die stryd volstry. En waar soveel in naam van 'n eie kultuur vergader is, sal die God van ons Vaders in ons midde wees.”

Die gevolg was dat op 18-19 Des. 1929, twee dae na 'n indrukwekkende Voortrekkerhulde aan die voet van die Vrouemonument, by die 300 afgevaardigdes uit alle dele van die Unie en Suidwes in Bloemfontein vergader het ter konferensie. Die *Volksblad* het groot prominensie verleen aan die verrigtinge onder die volgende opskrifte: *Geesdriftige Kultuurstryders hou Krygsraad — Besielingswerk begin in Bloemfontein — Verdere Skof op Trekpad van die Afrikaner word ingelui met klinkende Liedere en ootmoedige Gebed.*

Daar het verskillende sprekers opgetree om al die aspekte van ons volkslewe onder die soeklig te bring, o.a. dr. N. J. v. d. Merwe (voorsitter van die konferensie), prof. Jan Celliers (Stellenbosch), dr. A. J. van Rhyn (Bloemfontein), prof. T. J. Hugo (Pretoria), dr. P. C. Schoonees (Vryheid), dr. D. F. Malan (Kaapstad), die kunsskilder Erich Mayer (Fouriesburg) en prof. E. C. Pienaar (Stellenbosch). Enkele aanhalings uit gelewerde toesprake kan dien

om die gees van hierdie eerste Kultuurwapenskouing te illustreer:

„Ek heet u welkom tot 'n kongres wat 'n verdere skof op die trekpad van die Afrikaner beteken. Daar lê 'n lang en swaar tog agter die rug en ons bring hulde aan die manne en vroue wat in die verlede gelei en gedryf en volhard het. Ons eer God Almagtig wat ons volk bewaar en gelouter het. Maar die trek is nog nie op 'n end nie

Ons hele volksverlede roep ons toe om vorentoe te beur — 'n verlede wat heldebloed geëis het, 'n verlede van moedersmart en kinderwee. Ek glo die gees van Paul Kruger, Marthinus Steyn en Christiaan de Wet sweef oor hierdie vergadering. Ek hoor die stem van duisende wat hul lewe gegee het vir die behoud van die Afrikaner:

„Sê vir hierdie volk hy moet optrek en sy erfenis in besit neem. Laat hy in Gods Naam nie nou gerus word en 'n vrede aanvaar wat gevaarliker gaan wees as die oorloë wat ons deurgemaak het nie. Die beloofde land is in gesig, maar dit gaan geloofsmoed, inspanning en volharding kos om daarvan in besit te kom” (Voorsitter).

„Al die mooi praatjies oor die verkryging van ons taalregte en die amptelike gelykstelling van Afrikaans met Engels, help ons geen bloue duit as die Afrikanervolk nie beslis en kragtig optree in verband met die algemene gebruik van sy taal nie. Daar is veels te veel lamsakke in ons kultuurstryd, veels te veel mooiweer-Afrikaners wat roerende dinge oor die taalstryd op die voorstoep kan sê, maar net Engelse boeke en koerante op die agterstoep lees

In verband met die kultuurstryd kan ons dit nie bekostig om 'broadminded' te wees nie. Ja, ons het geen reg om grootmoedig te wees nie. Dit is ons heilige plig om die hele, volle pond vlees op te eis” (Van Rhyn).

„Ons geestesgoedere is in gevaar van verwatering en verworping in die wildernis van na-aap en vernis, van

klatergoud en uitdraersrommel. Laat ons tog ophou om klein Engelandjies en Hollandjies in ons land aan die lewe te hou, en begin om S.A. raak te sien met die grondslag wat hy gegee het aan ons eie nasionale kultuur" (Hugo).

„In die stede en op die groter dorpe dryf ons mense langsamerhand weg van die verenigingslewe na die bioskoop. Die stadsmens wend hom af van die bietjie volkskultuur wat ons nog besit; in plaas van die naiewe volksliedjies, sluit hy 'n deuntjie uit die laaste sukses-revue; in plaas van die ouderwetse piekniekdanse, dans hy die laaste foxtrot uit Londen of New York Daar moet 'n verandering in die lewenshouding van die mense kom; hulle moet opgevoed word tot 'n begrip van die betekenis van eie geestelike goedere" (Schoonees).

„God wil die bestaan van afsonderlike nasionaliteite. Anders sou Hy die aarde net met Britte bevolk het. Maar dan sou die wêreld ook oneindig armer gewees het Ons voorvaders is in hierdie suidhoek van Afrika oorgeplant met 'n bepaalde doel en roeping en bestemming. Daarom mag ons nie ons volksbestaan vrywillig prysgee nie. Daarom word op ons die verpligting gelê om te handhaaf, orals en ten allen tye. Ons verlede, hede en toekoms eis dit van ons" (Pienaar).

Aan die slot van die tweedaagse verrigtinge is oorgegaan tot die stigting van die FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE (die tans bekende F.A.K.), onder die leuse: *Handhaaf en Bou!* Doel van die F.A.K. was die samesnoering van alle kultuurkragte oor die hele land met die oog op gesamentlike optrede insake handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal, en die beskerming en opbouing van 'n eie nasionale kultuur, gegrond op die godsdiens en tradisies van die

Afrikaner. Al die organisasies wat daar verteenwoordig was, sou voorlopig beskou word as lede van die F.A.K., tot tyd en wyl hulle formeel die aansluiting sou bekragtig of afkeur. Verder is alle organisasies wat nie verteenwoordig was nie, uitgenooi om met die F.A.K. te affiliceer. Staande die kongres is 'n Uitvoerende Komitee gekies, bestaande uit dr. N. J. v. d. Merwe (voorsitter), prof. T. J. Hugo en L. J. Erasmus (Transvaal), prof. E. C. Picnaar (Kaapland) en mev. E. G. Jansen (Natal). 'n Sentrale sekretariaat is in die lewe geroep, onder I. M. Lombard, met hoofkantoor in Johannesburg, wat moes dien as opvang- en uitsaaistase. Elke twee jaar sou 'n kongres gehou word.

Die Volksblad (19 Des. 1920) skryf na aanleiding van hierdie gebeurtenis o.m.:

„Soveel vurige en tog vasberade ywer, soveel spontane geesdrif en wilskragtige volksliefde as wat hier geopenbaar is, kan alleen gebore wees uit 'n onkeerbare drang in die hart van die Afrikaanse volk om te behou en uit te bou wat die hoogste besit van 'n volk is: sy kultuur. Driehonderd afgevaardigdes van byna ewe veel liggame, uit alle oorde in die Unie en tot selfs uit die verre Suidwes-Afrika en Rhodesië, was een van hart en een van sin — staatsministers en spoorwegklerke, skoolmanne en skaapboere, grysaards en jongelinge, manne en vroue — almal besiel met net een gedagte: om die Afrikaanse taal en die Afrikaanse kuns groot en sterk te maak. Niemand wat daar was, kan 'n oomblik twyfel aan die waarde van 'n kongres soos hierdie; dit was hartsterkend en verfrissend vir die siel.”

Die Uitvoerende Komitee het dadelik aan die werk gegaan en 'n breedvoerig uitgewerkte „Program van

Aksie" opgestel, waarin daar tot in die kleinste besonderhede aangedui is hoe gehandhaaf en gebou moes word. Die volgende uittreksel kan dien om die aard van die nuwe beweging te illustreer; daar moes geen halwe maatreëls wees nie:

„*Mondelinge handhawing van Afrikaans.*—Lede sal uitsluitlik Afrikaans besig:

- (a) As hulle telefoniese oproepe maak. (Onbeleefdheid of onbekwaamheid van die operateur moet dadelik by die posmeester gerapporteer word. Verneem later watter stappe teen die operateur geneem is.)
- (b) As hulle met *alle* regerings-, prowinsiale, munisipale of bankbeamptes te doen het. (Moenie met 'n Engelse antwoord op 'n Afrikaanse vraag tevrede wees nie. Rapporteer altyd onbekwaamheid.)
- (c) As 'n Afrikaner-amptenaar met sy kollega in die diens praat. (Gebruik Afrikaanse vakterminologie.)
- (d) As hulle aan sport deelneem. (Gebruik Afrikaanse sportterme.)
- (e) In die sosiale omgang. (Hou u taal suiwer.)
- (f) As hulle vreemdelinge aanspreek. (*Eers* Afrikaans, dan Engels, as dit absoluut nodig is.)
- (g) As hulle met dokters, prokureurs en ander professionele persone in gesprek is.
- (h) As hulle handelsake verrig. (Afrikaans het op handelsgebied 'n harde stryd te stry, veral in die groot sentra. Volhard hier in die gebruik van Afrikaans. Die invloed van die vrou is hier besonder sterk; bemoedig eggenotes en vriendinne dus om in die winkels uitsluitlik Afrikaans te praat.)

Aantekening: Mediese dokters, tandartse, aptekers, prokureurs, e.d.m., sal Afrikaans 'n groot stoot

vorentoe gee deur die taal in hulle wetenskaplike gesprekke in te voer.

Let Wel: Onder alle omstandighede — praat Afrikaans en eis Afrikaanse bediening!"

Soortgelyke voorskrifte is gegee betreffende die skriftelike gebruik van Afrikaans en die bevordering van Afrikaanse Kuns en Kultuur. Van hierdie program is binne 'n jaar tienduisend eksemplare versprei. Een van die eerste stappe was verder die instelling van 'n jaarlikse „Kultuurdag” wat op 31 Mei (die datum is opvallend) gevier moes word. Daarmee is 'n tweeledige doel beoog — om op 'n bepaalde dag oor die hele land die volk se aandag te konsentreer op sy eie geestesgoedere en terselfdertyd gelde in te samel vir 'n sentrale F.A.K.-kultuurfonds. Wenke is aan die hand gedoen hoe die viering van die dag ingerig moes word, en in 1930 is die eerste Kultuurdag taamlik algemeen gevier.

Jaar na jaar het die F.A.K.-hoofkantoor vlammende oproepe uitgestuur om tot die daad aan te vuur. So staan daar in die oproep vir 1931 o.m. die volgende:

„Ruim £1500 is reeds ingesamel vir die Kultuurfonds, en die F.A.K. verteenwoordig deur sy gefedereerde liggeme reeds 'n ledetal van nagenoeg 90.000. As die helfte van hierdie duisendtalle maar net deur één magwoord herskep kon word tot doelbewuste en vasberade *handhawers en bouers* deur woord en daad — wat 'n magtige en onkeerbare volksleër sou dit nie wees nie!

Kon daar maar 'n volksprofeet onder ons opstaan soos 'n Moses van ouds, om met bliksemende oë en donderende stem die volksgewete wakker te skud en aan te vuur tot

opstand teen die geestelike slawerny van ons huidige Egipteland!

Ons tweede Kultuurdag staan voor die deur. En nogmaals weerklink die leuse: *Handhaaf en Bou!* Dringender as ooit tevore kom ons tot u met die oproep: Sluit aan by die geleedere van die F.A.K. en spoor ander aan om dit te doen. Organiseer in u eie omgewing vir ons tweede Kultuurdag en doen dit vroegtydig.

Hoeveel van ons woon nog doodtevrede in Pappbroekland, aan slaap gesus deur die Lamsak-gees? Laat ons tog van alle kante en oorde as een man opstaan om met 'n verenigde front Pappbroekland stormenderhand te verower en die Lamsak-gees met wortel en tak uit te roei! Ja, *die Lamsak-gees is ons gevaarlikste volksvyand*, want hy dra in hom die dodelike kieme van selfvoldane tevredenheid, of niksbeduidende minderwaardigheid, of slaalse onderworpenheid. Hy wil almal te vriend hou, want hy is bang om aanstoot te gee. Hy het nie die moed om homself te wees nie; hy vind dit makliker om niks te wees nie. Hy kan nie sy eie man staan nie, want hy is ruggraatloos, beginselloos, sielloos!

Dis aan hierdie Lamsak-gees wat ons op Kultuurdag onverbiddelek die oorlog wil verklaar, want hy werk verlamrend en demoraliserend op ons hele maatskaplike en veral staatkundige lewe, van die laagste tot die hoogste kringe. Sien en hoor ons hom nie elke dag op ons strate, in ons winkels, op ons treine, in ons staatskantore, op ons sportvelde — ja, waar is hy nie?

Die F.A.K. wil hierdie volksvyand vankant maak. Daartoe word op die volgende Kultuurdag sy tweede groot Wapenskouing oor die hele land gehou, waarop al sy kragte saamgetrek en saamgesnoer word tot 'n verenigde aanvalfront en waartoe opgeroep word elkeen — man, vrou en kind — wat dit ernstig meen met homself en die toekoms van sy volk.

Laat ons op daardie dag soos een man opstaan om in eie omgewing die vreemde altare af te breek en die vreemde gode te vernietig. En laat ons in die plek daarvan

volksaltare oprig, ons offers daarop lê en met die vuur van heilige besieling aansteek, sodat oor die lengte en breedte van ons vaderland die rookkolomme sal opstyg as sinnebeeld van ons gemeenskaplike volksstrou aan die ideaal van 'n eie, vrye en selfstandige Volksges wat weier om slaaf te wees. En laat dan op daardie dag, as gevolg van ons offervaardigheid, duisende ponde ingesamel word vir ons Kultuurfonds, nie omdat geld ons hoofdoel is nie, maar omdat dit 'n onontbeerlike middel is tot bereiking van ons hoofdoel — die skepping van 'n eie Volkskultuur.

Werda Suid-Afrika!
 Ken jy die wagwoord?
 Hoor jy die magwoord? —
 Handhaaf en Bou!"

In die oproep vir 1934 lees ons o.m. die volgende:

„Die weg tot kulturele selfstandigheid is 'n lang trekpad. En dis 'n trekpad wat geen stilstand gedoog nie, omdat dit voortdurend opdraand gaan. As ons dus nie vooruitgaan nie, beteken dit dat ons agteruitgaan, dat ons weer prysgee wat reeds bereik is.

Met die offisiële erkenning van ons taal deur die skool en universiteit, die staat en kerk, is nog maar die toegang tot die beloofde land van kulturele vryheid oopgestel, is nog maar die moontlikheid daargestel om heer van ons houe en baas van ons plaas te word. Want nou wag ons nog die taak om die beloofde land binne te gaan, daarvan besit te neem, die Kanaäniete en Jebusiete en Enakiete uit te dryf, die afgodsaltare af te breek, ons eie tempels op te rig en die land te herskep in 'n skone tuiste vir die nageslag.

Maar — om die beeldspraak te laat vaar — wat beteken dit anders as om elke terrein van ons verknegte volkslewe stelselmatig en intensief te bearbei? Nie net ons taal moet gesuiwer word van vreemde elemente nie, nie net ons letterkunde moet opgebou en uitgebou word nie, nie net

ons leeslus en waarderingsvermoë moet aangekweek word nie, nie net ons eie lied en eie musiek moet geskep en beoefen word nie maar die huise waarin ons woon, die meubels wat ons gebruik, die prente aan ons mure, die boeke op ons rakke, die benaming van ons plekke — kortom, ons hele uitsig en gedagtegang en geestesgesteldheid moet 'n eie inheems-Afrikaanse gees vertolk, sodat die vreemdeling wat hier kom, geen oomblik in twyfel sal verkeer dat hy dit met 'n *Afrikaner* te doen het nie. *Ons nasieskap moet ons hoogste nasietrots wees!*

Kultuurdag herinner ons aan hierdie grootse taak wat nog voorlê en waartoe elkeen van ons geroepe is om sy eie steentjie by te dra. Die verwesenliking daarvan is nie moontlik sonder eendragtige samewerking, sonder eenheid en eensgesindheid van doel en strewe nie.

Kultuurdag bied ons die groot voorreg om te kan bou aan die volksgebou van die toekoms."

Die F.A.K. het verder 'n spesiale borsspeld-kenteken in brons laat vervaardig, bestaande uit 'n gebalde vuis, vertikaal bevestig aan 'n bundel horisontale stafies wat saamgebind was deur oranje-wit-blou bandjies, die kleure van ons nasionale vlag — die laaste 'n sinnebeeldige voorstelling van nasionale saamhorigheid en die eerste van nasionale vasberadenheid.

As gevolg van sy intensiewe en wydvertakte propagandadiens het die F.A.K. binne enkele jare na sy stigting ontwikkel tot 'n magtige volksbeweging wat ontsaglik veel daartoe bygedra het om die Afrikanervolk kultureel selfbewus en daadkragtig te maak. Sy jaarlikse Kultuurdagvierings en tweejaarlikse kongresse het glanspunte geword van kulturele aktiwiteit oor die hele land. Enkele van

die vernaamste resultate van sy bedrywighede kan verder as volg opgesom word:

(1) NUWE VERENIGINGS

Die F.A.K. het as spoorslag gedien vir die ontstaan van nuwe verenigings oor die hele land, waaronder sulke kragtige en later algemeen bekende organisasies soos die *Handhawersbond* (ingerig volgens die ou republikeinse kommandostelsel) wat soos 'n veldbrand oor die Transvaal versprei het, en die *A.T.K.V. van die S.A. Spoorweë en Hawens* wat so 'n algemene bekendheid sou verwerf met sy simboliese Ossewatrek tydens die Eeufeesjaar 1938. Verder het orals in stede en dorpe Skakelkomitees en Kultuurrade ontstaan, waardeur reeds bestaande plaaslike verenigings saamgesnoer is met die oog op gemeenskaplike optrede.

(2) VOORTREKKER-GEDENKTEKEN

In 1931 het die F.A.K. 'n sentrale komitee in die lewe groep wat hom spesiaal daarop toegelê het om 'n Voortrekkergedenkteken tot stand te bring wat tot in verre nageslagte as inspirasie vir die Afrikanervolk sou kan dien. Die Unieregering het later sy medewerking toegesê tot volvoering van hierdie grootse nasionale onderneming, waaraan tot einde 1941 reeds £120,000 bestee is. Op 16 Desember van die Eeufeesjaar 1938 kon te midde van onbeskryflike tonele op Monumentkoppie naby Pretoria die hoeksteen van die Voortrekker-Monument

gelê word in die aanwesigheid van die grootste volksmenigte wat nog ooit in ons land bymekaar gesien is.

(3) AFRIKAANSE LIEDERBUNDEL

Na jare van moeisame versamelaararbeid kon eindelik in 1937 die pragtige *F.A.K.-Volksangbundel* verskyn met oor die 300 liedere vir alle moontlike geleenthede. In die inleiding word o.m. opgemerk:

„Drie wense vergesel hierdie Volksangbundel:

- (a) Dat die liedere tot verruiming en veredeling van die lewe en tot waardering van al wat skoon is, mag bydra;
- (b) dat hulle sal help om die gevoel van saamhorigheid onder Afrikaners te versterk; juis daarom is sowat 275 van die liedjies vir saamsing bereken;
- (c) dat ons in die toekoms in skool, huis en vereniging, by samekomste, funksies en feeste 'n uitgebreider gebruik van ons eie liedere sal maak, en dat oor die algemeen veel meer en met 'n opgewekter sanglus gesing sal word, want in die verlede het ons as Afrikaners veels te min en nie met genoeg geesdrif gesing nie.”

(4) AFRIKAANSE VOLKSLIED

Een van die eerste sake wat die aandag van die F.A.K.-bestuur geniet het, was die verkryging van 'n offisiële Volkslied vir Suid-Afrika. Die eerste kongres (Kaapstad, Des. 1931) het hierdie voorneme bekragtig en aan die bestuur opgedra om daaraan uitvoering te gee. By daardie geleentheid het

dr. D. F. Malan £125 beskikbaar gestel vir pryse in verband met 'n Volkslied-prysvraag. Aangesien dit 'n saak was wat albei volksdele geraak het, moes die samewerking van Engelssprekendes verkry word. Na 'n verteenwoordigende konferensie tussen Afrikaans- en Engelssprekendes (Johannesburg, Sept. 1932) is besonderhede van die Volkslied-prysvraag in die pers aangekondig. Gedurende drie agtereenvolgende jare sou prysvrae uitgeskryf word, die eerste helfte van elke jaar vir tekste (Afrikaans of Engels of albei) en die tweede helfte vir toonsettings van bekroonde tekste. Uiteindelik sou dan uit al die bekroonde liedere 'n finale keuse gedoen word by wyse van 'n volksreferendum.

Daarop is 'n Keurkomitee benoem, bestaande uit mev. M. Jansen (Pretoria), prof. D. F. Malherbe (Bloemfontein) en W. J. Erlank (Johannesburg) van Afrikanerkant, en prof. P. Kirby (Univ. Witwatersrand), John Connell (stadsorrelis, Johannesburg) en mev. L. A. Reitz (L.V.) van Engelse kant, onder voorsitterskap van prof. E. C. Pienaar. Laasgenoemde het 'n skema van beoordeling opgestel en in Julie 1933 kon die uitslag van die eerste prysvraag in die Engelse en Afrikaanse pers aangekondig word.

Die resultaat was uiters teleurstellend. Van 55 ingekome liedere (21 in Afrikaans, 15 in Engels en 19 in albei tale) kon geen enkele vir 'n prys in aanmerking kom nie. Kragtens testamentêre beskikking kon *Die Stem van Suid-Afrika* van Langenhoven nie in 'n prysvraag meeding en dus

ook nie bekroon word nie. Die Keurkomitee het dit egter wel in aanmerking geneem en in sy verslag eenparig aanbeveel dat 'n prysvraag uitgeskryf sou word vir toonsetting en vertaling daarvan, met die oog op amptelike erkenning van staatsweë as nasionale Volkslied, en dat van verdere prysvrae afgesien sou word, omdat *Die Stem* nie maklik oortref sou kan word nie.

Die Langenhoven-boedel het egter beswaar gemaak teen sodanige prysvraag alvorens aan *Die Stem* amptelike erkenning verleen was. Ondertussen het verskeie toonsettings van hierdie lied ontstaan, en as gevolg van die groot publisiteit wat die saak in die pers geniet het, is die weg voorberei vir die amptelike erkenning van *Die Stem* (toonsetting M. L. de Villiers) in 1938.

(5) DIETSE STUDIEREIS

Nog 'n groot onderneming van die F.A.K. was die organisering van die *Eerste Dietse Studiereis na Suid-Afrika* (Julie—Sept. 1933), toe 'n twaalfstal Nederlandse studente hier ontvang en op 'n landsreis deur Suid-Afrika geneem is. Op hierdie eerste het nog verskeie dergelike reise oor en weer gevolg, waardeur die kulturele betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika nouer aangehaal is.

(6) AFRIKAANSE BOEKWEKE

Teen die end van 1935 en '36 is met groot sukses min of meer gelyktydig Afrikaanse boekweke oor die

hele land georganiseer. Die uitstillings was so ingerig dat dit 'n aanskoulike en oorsigtelike beeld te sien gegee het van die ontwikkeling van die Afrikaanse boek op alle gebiede van die Kuns en Wetenskap, sowel as van die dagbladders en tydskrif. Veral is werk gemaak van ou manuskripte, eerste uitgawes, briewe en portrette van skrywers. Die slagspreuk van die Stellenbosch-Skakelkomitee was: „Stuur vanjaar 'n Afrikaanse boek as Kersgeskenk!”

Die opvoedkundige en propaganda-waarde van sulke boekeweke kan nouliks oorskat word, tmeer waar dit gepaard gegaan het met spesiale voorlesings en persartikels oor die betekenis van die boek vir die kulturele lewe van die volk. Die doeltreffendste metode om die boek aan die man te bring, is om die man na die boek te bring.

(7) WOORDELYSTE

Die F.A.K. het hom dadelik ook daarop toegelê om die nodige middele met die oog op taalhandhawing te verskaf, deur Engels-Afrikaanse woordelyste deur vakkundiges te laat opstel onder die titel *Handhaaf-en-Bou-Reeks*. As eerste nommer van die reeks het verskyn *Motortermes* (Nas. Pers), opgevolg deur *Kruideniersware en Slagtersterme*, en verder 'n hele aantal nommers wat al die onderafdelings van sport dek sowel as ander terreine van die samelewing. Veral die Taalboukorps van die Handhawersbond het hierby uitnemende dienste verrig.

(8) RADIO

Jarelank is 'n intensiewe kampanje gevoer om Afrikaans tot sy reg te laat kom by die radiodiens. Met die African Broadcasting Company kon egter nie veel uitgerig word nie, maar nadat die Suid-Afrikaanse Omroep onder staatsbeheer in 1936 tot stand gekom het, is geleidelik verbeteringe aangebring veral met die oog op die platteland. In Okt. 1938 is eindelik, ten spyte van hewige proteste van Engelse kant, 'n volledig tweektalige diens ingestel, waartoe die Kaapstadse Skakelkomitee deur sy aktiewe optrede veel bygedra het.

(9) ALGEMENE KULTUURSAKE

Die F.A.K. het verder kunsafdrukke laat vervaardig van die werk van bekende Afrikaanse skilders; grammofoonplate van hoë kunsgehalte in die handel gebring; historiese boustowwe in verband met die Tweede Vryheidsoorlog versamel; 'n gedigte-siklus oor die Voortrek laat opstel (deur Totius) en laat toonset (deur Arnold van Wyk); die viering van nasionale feesdae gepropageer; kunswedstryde georganiseer; boeke en tydskrifte aan afgeleë Afrikaanse gemeenskappe in Rhodesië, Tanganjika en elders gestuur; die bevordering van die Afrikaanse toneel met raad en daad voorgestaan; jaarliks duisende briewe gerig aan staatsministers en staatsamptenare, aan provinsiale en munisipale liggame, aan sakemanne in alle vertakkinge van die handelswêreld e.d.m., om te protesteer teen veronregting of

verminking van Afrikaans as landstaal. So het die F.A.K.-hoofkantoor inderdaad ontwikkel tot opvang- en uitsaaistatie van die Afrikaanse kultuurlewe in al sy omvang, en 'n baie groot rol gespeel om die triomf van Afrikaans te verseker op alle terreine van die volkslewe.

In 1936 is die F.A.K. omgeskep in verbrede vorm tot 'n *Nasionale Kultuurraad* om alle Afrikaanse liggame te omvat (soos die Kerk, Akademie, Vroueverenigings, Helpmekaar, Saamwerk - Unie, A.N.S., A.T.K.V., Handhawersbond, Voortrekkers, Onderwysersorganisasies, e.d.m.), ten einde as alles-omvattende liggaam leiding en rigting te gee aan die verdere ontwikkeling van die Afrikaanse kultuurlewe op Christelik-nasionale grondslag.

21. Die Hoogste Triomf (1933)*

EERSTE STADIUM

In Mei 1916 het die eerste besluit ten gunste van 'n Afrikaanse Bybelvertaling in die Vrystaatse Sinode geval. Dit het geskied as gevolg van die kragtige inisiatief van ds. N. J. v. d. Merwe (die Werda-

* Tensy anders vermeld, is vir hierdie afdeling geput uit die volgende bronne:

- (1) C. W. M. du Toit: „Die Bybelvertaling in die Tweede Afr. Taalbeweging” (*G.R.A.-Gedenkboek*, p. 225), 1926.
- (2) J. D. du Toit: *Die Vertaling van die Bybel in Afrikaans* (Uitgegee deur die Alg. Dingaansfeeskom. van S.A.), sonder jaartal.
- (3) A. Dreyer: „Historiese Oorsig van Ons Bybelvertaling” (*Die Burger*, 27 Mei 1933).
- (4) P. J. Nienaber: *Die Geskiedenis van die Afr. Bybelvertaling*, 1934.

student van 1911). In 'n welsprekende Afrikaanse toespraak het hy die volgende drie vrae gestel en bevestigend beantwoord: Is die gebruik van Afrikaans by ons 'n dringende behoefte? Is Afrikaans skoon genoeg om die Bybel daarin oor te sit? Het die tyd daarvoor nou aangebreek?

Met vier teenstemme het die Sinode tot die Bybelvertaling besluit en 'n spesiale kommissie daarvoor aangewys, met die opdrag om die medewerking van die ander Afrikaanse Kerke te verkry. Hierdie kommissie het dadelik aan die werk gegaan, en hoewel alleen die offisiële steun van die Verenigde Kerk van die Transvaal verkry kon word, is in oorleg met enkele onoffisiële verteenwoordigers van ander Kerke in Nov. 1916 'n vergadering op Bloemfontein gehou en 'n skema van werksaamhede vasgestel.

Die Nederlandse Statebybel sou as grondteks dien, waaruit so getrou moontlik vertaal moes word. As vertalers is benoem: Dr. B. B. Keet, dr. J. D. du Toit en dr. T. B. Muller (Ou Testament); prof. F. Postma, ds. N. J. v. d. Merwe en ds. G. B. A. Gerdener (Nuwe Testament). Verder is 'n kommissie van reviseurs van sewe lede elk vir die Ou en die Nuwe Testament aangewys.

In April 1917 het die vertalers op Bloemfontein vergader en besluit om 'n tentatiewe vertaling van die Evangelie van Johannes en die Profete Jona en Hoséa klaar te maak en privaat te laat sirkuleer onder die reviseurs, ten einde tot eenvormigheid van taalgebruik en spelling te geraak.

In Julie 1917 het 'n tweede vergadering van vertalers op Bloemfontein plaasgevind, waar dele van die vertaalde boeke in behandeling geneem en besluit is om 100 afdrucke daarvan te laat maak ter verspreiding onder reviseurs, taaladviseurs en ander belangstellendes.

In Jan. 1918 het 'n derde vergadering in Kaapstad plaasgevind om die ingekome kritiek van adviseurs en reviseurs (sowat 30 in getal) te behandel en allerlei moelikhede insake wisselvorme, spelling en interpunksie te bespreek. Om gesondheidsredes moes ds. Gerdener hom aan die werk onttrek. Die vertalers was egter so optimisties dat hulle in 'n kort verslag aan die pers meegedeel het dat hulle meen om die werk „onder die seën van die Here in twee jaar se tyd klaar te hê.”

By 'n vierde vergadering op Bloemfontein in Julie 1919 moes hulle egter die plotselinge afsterwe van dr. T. B. Muller betreur, wat 'n groot verlies vir die saak beteken het. Hier is besluit om die Evangelies en Psalms so spoedig moontlik in druk te laat verskyn as proefuitgawe, en dele daarvan is in behandeling geneem. Kort na hierdie vergadering het ds. Van der Merwe na Europa vertrek met die oog op verdere studie, sodat daar nou slegs drie van die ses vertalers oor was.

Daar was dus reeds heelwat aanvoerwerk verrig toe die Sinode van die Kaapse Kerk, die laaste van almal, in Nov. 1919 besluit het om sy medewerking aan die Bybelvertaling te verleen. Noudat eindelik

eenstemmigheid bereik was, kon die werk met die vereende kragte van al die Kerke voortgesit word. Die koste tot dusver was gedra deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, dieselfde liggaam wat in 1875 afwysend geantwoord het op die brief van Pannevis. Die Bybelvertaling sou egter 'n veel groter taak blyk te wees as wat deur die eerste vertalers gemeen is, want in plaas van twee sou sestien jaar daardeur in beslag geneem word.

TWEEDE STADIUM

Die Gesamentlike Vertaalkommissie het in Julie 1920 op Bloemfontein vergader om verdere werksaamhede te bepaal. Dr. J. D. du Toit het as voorsitter en ds. C. F. Kies as sekretaris opgetree. Daar is oor die werkverdeling beraadslaag en 'n negetal vertalers aangewys vir verskillende Bybelboeke. Verder is aandag gegee aan die voorgenome proefuitgawe van die Evangelies en Psalms, en sekere algemene beginsels insake taalgebruik en spelling neergelê. Nogeens is as beginsel aanvaar: „Die Statevertaling word as fondament geneem van die Afrikaanse vertaling. Die doel is 'n Afrikaanse oversetting van die State-Bybel te gee en nie om 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die grondteks te bewerk nie.” Waar nodig, sou die grondteks egter geraadpleeg word.

In Sept. 1920 het hierdie Gesamentlike Vertaalkommissie nogeens op Bloemfontein vergader, waar opnuut reviseurs benoem en finaal besluit is tot die

voorgenome proefuitgawe, waarvan die B.B.B.G. die druk sou onderneem, ten einde die oordeel van reviseurs sowel as die algemene kerklike publiek oor die tot dusver gelewerde vertaling te wete te kom, met die oog op die verdere vertaalwerk. Met verlange is uitgesien na hierdie proefuitgawe wat teen die end van 1922 eindelik in Suid-Afrika aangekom het.

'n Gemengde ontvangs het hierdie eerste proefuitgawe te beurt geval. Aan die een kant is dit so gretig aangevra dat die eerste oplaag van 13,000 eksemplare byna onmiddellik uitverkoop was en 'n herdruk bestel moes word, en daar is ten slotte nie minder as 70,000 eksemplare verkoop nie. Maar aan die ander kant het dit ook dadelik baie skerp kritiek uitgelok, veral uit die pen van Langenhoven. In *Die Burger* (27 Jan. 1923) skryf hy o.m.:

„Heeltemal nog afgesien van godsdienstige oorwegings, is die taak van 'n Bybelvertaling, uit die blote oogpunt van kultuur en kuns — en as 'n mens dit in hierdie verband mag sê, van *prestige* — die gewigtigste werk wat daar vir enige nasie kan gedoen word. Die arbeiders wat daarmee belas word, moet werklik sidder: wie is ons, en wat is die kosbaarste offer in ons vermoë werd, om tot hierdie altaar te nader?

So 'n soort besef het my nog altyd beïnvloed toe ek deur die jare van ons Afrikaanse skryftaal-geboorte heen, my bietjie invloed gebruik het om te waarsku: Laat staan. Om my heen siende naar die waarskynlike werkers aan wie daardie taak sou toevertrou word, en met alle agting vir hulle bekwaamheid op ander gebied, het ek eenvoudig gesidder. Gesidder om hulle ontwil en in hulle plek. Ek was bang hulle sou nie bang genoeg wees nie. Ek was

bang hulle sou nie hoog genoeg staan om self-wantrouend te wees nie

Had hulle eenvoudig die State-oorsetting geneem, soos 'n sendeling wat in 'n Kaffertaal vertaal, dan was dit 'n ander saak. Maar hier kondig hulle aan die wêreld aan dat hulle, by die Statebybel verby, die oorspronklike teks in ag geneem het. Ek wonder of hulle, as 'n saak van blote geleerdheid, bevoeg is om volgens die jongste hoogte van geleerde ondersoek, te oordeel wat as die oorspronklike teks oral moet geld?

Maar die belangrikste saak by 'n vertaling is nie waaruit jy vertaal nie maar waarin jy vertaal. Dus jy het hier arbeiders nodig wat met Afrikaans vertrou is: in die eerste plaas mense wat instaat is om hom onfoutief te hanteer — vertalers wat geen skoolmeester met 'n blou potlood nodig het nie. Aan hierdie allerlaagste, allerelementêrste vereiste voldoen ons vertalers nie. Hulle skryf Afrikaans lomp, gebrekkig, onbeholpe

Ek praat nie nou eens van grammatikale dubbelsinnighede waarvan hulle werk eenvoudig wemel nie; van die oneerbied waarmee die Hoogste behandel word omdat Hy nie beskou word as hoogstaande genoeg vir ons Afrikaanse taalreëls nie; van eenaardige meervoude soos Fariseë nie. (Wat is die enkelvoud — Fari-meer, of Fari-oseaan?) Ek praat van die skreiende onmag om pad te vind, in die verhaaltrant, tussen die onvolmaak verlede tyd en die verlede gebruik van die teenwoordige tyd. Ek dink nie 'n gewone uitlander sou dit reg kry om lomper met hierdie vorme te werk te gaan as wat hulle te werk gegaan het nie.

En dis maar die allereerste beginsportjie hierdie. Vêr, onberekenbaar vêr, daarby verby vereis jy taalgevoel, letterkundige smaak, klankbesef, die waardering van ritme en welluidendheid. Jy het mos hier te doen met die hoogste diens wat van jou taal kan geëis word. En wat gee hulle ons? 'n Plat taal — regtigwaar, 'n kombuistaal.

Daar is een ding om voor dankbaar te wees. En dit is, dat ons Afrikaanse taalbeweging nie met hierdie vertaling begint het nie. Selfs nou, as die werk so deurgaans soos

hy aangevang is, sal hierdie vriende 'n groter terugslag aan die Afrikaans-saak gegee het as wat dit nog ooit in die vermoë van sy bitterste vyande was om hom toe te dien."

Daar is dadelik deur verskeie persone skerp gereageer op „die oorhaastige en onbeleefde kritiek van adv. Langenhoven, wat hom seker nie eer aangedoen het nie.” Dr. N. J. v. d. Merwe het o.m. verklaar:

„Ek sou die laaste wees om met minagting te praat van die kuns as kuns, of selfs as dienaar van die Godsdiens, dog die vertalers het boweal die plig te vervul om suiwer weer te gee wat in die teks staan, so letterlik moontlik. Kan hulle dit verrig in bondgenootskap met al die eise van die kuns — pragtig. Kan hulle nie, dan sien ek liever dat suiwerheid en waarheid ongeskonde bly en nie aan kunssmaak, wat maar 'n baie kieskeurige en wisselvallige godin is, opgeoffer moet word. Die religieuse eis staan by die vertalers van die Bybel nommer één” (*Die Burger*, 9 Febr. 1925).

Langenhoven het weer geantwoord en o.m. gevra:

„Waarom is daar dan getroue vertalings in ander tale bewerk wat nie gewronge en minder soetvloeiend is nie? Is Afrikaans die enigste taal waarin jy geen getroue vertaling kan maak sonder om 'n onletterkundige resultaat te verkry nie?

En as in die Hollandse, Duitse en Engelse Bybelvertalings so 'n hoë letterkundige resultaat bereik is, kan en mag ons nie met minder by 'n Afrikaanse Bybel tevrede wees nie.

Ek dink nie dis Afrikaans wat kortkom nie: dis die vertalers se Afrikaans wat kortkom. Hulle bewys hulleself onbeholpe met die gebruik daarvan, soos dr. van der Merwe in hierdie brief. En as hulle oor daardie gebrek kon

verbykom, sou ek my minder moeg maak oor hulle Hebreus en hulle Grieks" (*Die Burger*, 21 Febr. 1923).

Prof. J. A. du Plessis (Potchefstroom) het 'n hele reeks artikels in die Saterdag-uitgawe van *Die Burger* (vanaf 27 Febr. 1923) aan die proefuitgawe gewy, waarin hy in besonderhede die vertaling ontleed en die swakhede daarvan aangetoon het. Hy het groot waardering vir al die moeitevolle arbeid wat daaraan bestee is, maar dit sal in hersiening geneem moet word, omdat dit te onafrikaans is. Die vertalers sal moet loskom van die Nederlandse en liever die oorspronklike teks moet volg. Daar sal ook groter eenvormigheid moet kom.

Die kritiek was deurgaans ongunstig, wat die gehalte van die werk betref. Daar is gepraat van „stompstert-Hollands,” van „vis nòg vlees,” en sommige persone het reguit verklaar dat hulle so 'n Bybel nie wil hê nie en dan maar liewers by die oue sal bly. En dat hierdie besware nie ongegrond was nie, blyk dadelik as 'n mens die proefuitgawe naas die huidige teks lê en albei met die Nederlandse teks vergelyk. Jy kan feitlik voor die voet kies, maar laat ons enkele verse uit Matthéüs 25 (vs. 31-36) van al drie tekste na mekaar bekyk.

Nederlandse Teks:

„31 En wanneer de Zoon des menschen komen zal in Zijne heerlijkheid, en al de heilige engelen met Hem, dan zal Hij zitten op den troon Zijner heerlijkheid;

32 En voor Hem zullen al de volken vergaderd worden, en Hij zal ze van elkander scheiden, gelijk de herder de schapen van de bokken scheidt;

33 En Hij zal de schapen tot Zijne rechterhand zetten, maar de bokken tot Zijne linkerhand.

34 Alsdan zal de Koning zeggen tot degenen, die tot Zijn rechterhand zijn: Komt, gij gezegenden Mijns Vaders! beërf dat koninkrijk, hetwelk u bereid is van de grondlegging der wereld;

35 Want Ik ben hongerig geweest, en gij hebt Mij te eten gegeven; Ik ben dorstig geweest, en gij hebt Mij te drinken gegeven ;

36 Ik was naakt, en gij hebt Mij gekleed; Ik ben krank geweest, en gij hebt Mij bezocht ”

Proefuitgawe:

„31 En as die Soon des mensen in Sy heerlijkheid sal kom, en al die heilige engele met Hem, dan sal Hy sit op die troon van Sy heerlijkheid;

32 en voor Hem sal al die volke vergader word, en Hy sal hulle van mekaar skei, soos die herder die skape van die bokke skei;

33 en Hy sal die skape aan Sy regterhand stel, maar die bokke aan Sy linkerhand.

34 Dan sal die Koning sê vir die wat aan Sy regterhand is: Kom, geseënde van My Vader! beërf die koninkryk wat vir u berei is van die grondlegging van die wêreld;

35 want ek was honger en u het My te ete gegee; Ek was dors, en u het My te drinke gegee ;

36 Ek was naak en u het My gekleed; Ek was krank en u het My besoek ”

Huidige Bybelteks:

„31 En wanneer die Seun van die mens kom in sy heerlijkheid en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;

32 en voor Hom sal al die nasies bymekaargebring word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die skaapwagter die skape van die bokke afskei;

33 en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.

34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle toeberei is van die grondlegging van die wêreld af.

35 Want Ek het honger gehad, en julle het My iets gegee om te eet; Ek het dors gehad, en julle het My iets gegee om te drink ;

36 Ek was nakend, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek”

Dit hoef geen betoog nie dat die proefuitgawe „nòg vis nòg vlees” was — eintlik nog veel meer amper-Nederlands as amper-Afrikaans. Dat die werk geen byval gevind het nie (en hoe kon dit?), was vir die vertalers ’n groot ontnugtering en vir die hele Kerk ’n nog groter teleurstelling, omdat met soveel belangstelling daarna uitgesien is, soos blyk uit die groot afset daarvan. Maar ten slotte moes volmondig erken word dat die proefuitgawe ’n mislukking was en dat veel meer as net ’n radikale hersiening daarvan nodig was — die werk sou van vooraf aangepak moes word, en op ’n heeltemal nuwe grondslag. Verder het nou baie duidelik geblyk dat dit nie ’n taak was wat deur ’n willekeurige en voortdurend wisselende aantal predikante in hul afknyp-uurtjies verrig kon word nie. Daar sou omgesien moes word na die mees geskoolde en

kundigste manne, en hulle sou spesiaal vir hierdie hoogs gewigtige taak afgesonder moes word om hul onverdeelde aandag daaraan te kan wy. En dit bring ons tot die derde en belangrikste stadium van die Bybelvertaling.

DERDE STADIUM

(a) *Eindvertalers.* — In Julie 1923 het die Breë Kommissie vir Bybelvertaling, bestaande uit afgevaardigdes van die verskillende Kerke, weer op Bloemfontein vergader om te beraadslaag oor die verdere prosedure, en tot besluite geraak wat 'n nuwe wending sou gee aan die werk van die Bybelvertaling.

Die eerste belangrike stap was die volgende: „(1) Daar sal twee eindvertalers aangestel word vir die hele Bybel. By hulle sal die eindbeslissing lê na raadpleging met die kerklike rewiseurs. (2) Die reeds aangestelde vertalers sal met hulle werk aangaan en so gou moontlik die vertaalde gedeeltes aan die eindvertalers stuur.”

As eindvertalers is deur die vergadering aangewys dr. J. D. du Toit en dr. B. B. Keet. Albei het die benoeming aanvaar, mits hulle losgemaak kon word van hul professorale pligte.

Verder is ooreengekom om uit die oorspronklike tale van die Heilige Skrif (Hebreeus en Grieks) te vertaal, al sou dit veel langer tyd in beslag neem en ook veel groter inspanning van die vertalers eis. Die oorspronklike tale moes so getrou moontlik

oorgesit word in Afrikaans, maar die laaste moes ook so suiwer moontlik wees. Soos dr. Du Toit dit gestel het:

„Dit is dan ook verstaanbaar dat alleen wat vir ons volkome duidelik is, wat met ons heeltemal siels-een is, ons kan toespreek sonder hindernis of tussenkomende beletsel. Tussen die Woord van God en die siel moet daar 'n intimiteit bestaan wat alleen verkry kan word deur die toespraak en inspraak van die lewende moedertaal. Daarom het dan ook die Heilige Gees op die Pinksterdag die groot dinge van God nie laat verkondig in die taal van een nasie nie, maar in die tale van al die aanwesige hoorders” (*Die Vertaling van die Bybel in Afrikaans*, p. 10).

Daarom is op hierdie vergadering reeds sekere besluite gencem insake die Afrikaanse taalvorm, b.v. „om *Hom* i.p.v. *Hem* te gebruik. *Jy*, *jou* en *julle* sal konsekwent toegepas word, en *U* alleen gebruik word vir die Opperwese en wanneer 'n mindere 'n meerdere toespreek.”

Daar sou in die loop van die volgende jare nog tal van samesprekings en vergaderings volg; daar sou „berge van moeilikhede” ontstaan wat oorkom moes word. So het al gou geblyk dat dr. Keet nie heeltemal van sy professorale werk aan die Kweekskool op Stellenbosch losgemaak kon word nie, sodat dr. J. D. Kestell (Bloemfontein) in sy plek benoem is tot eindvertaler.

Vanaf Maart 1924 kon drs. Du Toit en Kestell nou hul onverdeelde aandag aan die werk gee. Hulle het nou ook 'n vaste sekretaris bygekry, nl. L. J. du Plessis van Potchefstroom, wat veel

daartoe bygedra het om eenvormigheid van taalgebruik in die vertaalde teks te bewerkstellig. „Elke vertaler het eers afgedoen dié gedcelte wat hom aangewys was. Daarna is die handskrifte gestuur aan die sekretaris wat nie alleen gesorg het vir 'n getroue aftiksel nie, maar ook eers, in oorleg met die betrokke vertaler, taalpunte geharmonieer het in ooreenstemming met wat tevore ooreengekom was” (Du Toit, t.a.p., bls. 9).

Weldra is egter gevind dat die taak vir twee manne te veel sou wees en is dr. H. C. M. Fourie (Hervormde Kerk, Johannesburg) as eindvertaler bygevoeg (1925). Eindelik het nog dr. E. E. van Rooyen (Kweekskool, Stellenbosch) bygekom (1926), sodat die eindvertalers sedert Maart 1926 bestaan het uit drs. J. D. du Toit, J. D. Kestell en H. C. M. Fourie as heelydse, en drs. B. B. Keet en E. E. van Rooyen as deelydse vertalers.

(b) *Taaladviseurs.* — In 1925 het die S.A. Akademie taalkundige hulp aangebied by die Bybelvertaling, maar eers sedert 1926 het die vertalers die voorligting geniet van 'n deskundige kommissie van taaladviseurs uit die Akademie, bestaande uit professore D. F. Malherbe, J. J. Smith, T. H. le Roux en S. P. E. Boshoff. Hierdie manne het seker, ten spyte van aanvanklike verskille insake allerlei taalkwessies en gebrek aan die nodige samewerking, eventueel veel daartoe bygedra om stabiliteit aan die Bybeltaal te verleen en 'n akademiese stempel daarop af te druk.

(c) *Dagbestuur en Fondse.* — In 1924 is 'n Dagbestuur op Bloemfontein in die lewe geroep — bestaande uit die predikant van die Ned. Ger. Kerk (destyds ds. P. Boshoff), die predikant van die Ger. Kerk (destyds ds. C. W. M. du Toit) en die bestuurder van die Nasionale Pers (destyds mnr. H. J. Otto) — om die administratiewe deel van die werk, veral wat die insameling van fondse betref, te behartig. Want die werk het algaande steeds groter uitgawes meegebring wat later nagenoeg £2000 per jaar behoort het.

Die B.B.B.G. het onderneem om die reis- en verblyfskoste van vertalers te dra, maar die Dagbestuur moes die nodige fondse vind om die heelydse vertalers te salarieer en ander uitgawes te dek. Dit het geskied deur kerklike kollekte en bydraes van die algemene publiek. In hierdie verband het mnr. Otto as sekretaris-penningmeester van die Dagbestuur onvermoeide ywer aan die dag gelê. Veral deur middel van 'n vyfpond-skema het *Die Volksblad* alleen £5200 ingesamel, sodat mnr. Otto begin 1928 aan die Breë Kommissie kon rapporteer: „Geen verdere insameling is nodig nie; ons het genoeg geld in hande.”

Hierdie Bybelvertalingsfonds het dit moontlik gemaak om in 1927 die dienste van 'n erkende Hebreeuse deskundige uit Holland te verkry, prof. dr. C. van Gelderen van die Vrye Universiteit van Amsterdam. Hy het ses maande in S.A. vertoef om die vertalers van die Ou Testament van advies te

dien en hom besonder ingenome verklaar met die hoë gehalte van die vertaalwerk.

(d) *Werkmetode.* — Hieromtrent sê dr. J. D. du Toit: „Nadat die hele Bybel vertaal en afgetik was, het die werk van rewiesie begin. Die vertalers van die O. en N. Testament respektieelik het toe só te werk gegaan, dat die een die werk van die ander noukeurig by die oorspronklike moes nalees. Waar 'n ander vertolking of klein wysiging nodig geoordeel is, is dit met potlood in die teks aangeteken. Daarop het die twee betrokke vertalers bymekaargekom om 'n gemeenskaplike lesing vas te stel. Is dit gebeur, dan het die verskillende stukke na die volle vergadering van vertalers gegaan, waar die vertaling uiteindelik sy finale beslag gekry het, sodat dit vir die pers gereed gemaak kon word deur die vertaler wat vir dié bepaalde deel verantwoordelik was” (t.a.p., bls. 9).

(e) *Heruitgawe van die Evangelies en Psalms.* — Omdat die kerklike publiek ongeduldig begin word het, is in 1928 besluit tot 'n voorlopige uitgawe van die Evangelies en die Psalms. Vermoedelik sal die bedoeling ook gewees het om die ongunstige indruk wat deur die proefuitgawe van vyf jaar tevore geskep was, weg te neem voordat die hele Bybel beskikbaar sou wees. Hierdie voorlopige uitgawe het in Junie 1929 in S.A. aangekom en dadelik veel meer byval gevind as sy voorganger. In die voorberig skryf dr. J. D. Kestell namens die vertalers:

„Hierdie nuwe vertaling van die vier Evangelies en Psalms word uitgegee ingevolge 'n opdrag van die Kommissie wat insake die Bybelvertaling die Hollandse Kerke van Suid-Afrika verteenwoordig. Liewers sou die vertalers met hulle arbeid voortgegaan het totdat alles voltooi is, om dan die hele Heilige Skrif in ons moedertaal aan die Suid-Afrikaanse Kerke aan te bied. 'n Vertaalwerk van so 'n omvang moet in sy geheel oorsien en beoordeel word. Ook vir die leser sou dit meer bevredigend gewees het as hy, by eerste kennismaking, sy lektuur oor die hele Woord van God kon uitbrei.

Ewenwel het voornoemde Kommissie geoordeel dat in die behoefte van die oomblik voorsien moet word. Die vermelding van die feit dat alreeds 70,000 eksemplare verkoop is van die proefuitgawe van die Evangelies en Psalms — 'n uitgawe wat hiermee van die boekmark sal verdwyn — is seker die mees afdoende bewys dat daar 'n sterk begeerte by ons volk ontwaak het om die Woord van God in sy eie taal te kan lees. Vandaar dat die vertalers van hulle vaste koers afgebuig het om eers die uitgawe van die vier Evangelies en Psalms te versorg

Die leser sal vind dat sekere geykte uitdrukkinge — Hollandse wendinge wat soms nog met voorliefde gebruik word, maar wat minder goed invoeg in ons eintlike taalbeweeg — deur die vertalers konsekwent in doodgewone Afrikaans oorgebring is. Hulle het gemeen, hoeseer hulle Nederlands ook hoogskat en as taalmoeder waardeer, dat dit 'n onreg is teenoor ons eie taal om 'n betreklik groot aantal vorme regstreeks uit die Hollandse Bybel oor te neem, terwyl tog ons Afrikaans ten volle instaat is om dieselfde begrippe minstens net so korrek en duidelik uit te druk.

Al wat dan ook van die Afrikaanse leser gevra word, is dat hy nie te haastig moet oordeel nie, maar homself tyd gun om aan die nuwe, en dus enigsins vreemdklinkende, terme gewoon te word. Ook die vertalers moes dieselfde proses deurmaak.”

Eindelik was in 1932 die groot taak voltooi, die finale revisie afgedaan, die finale drukproewe gekontroleer — die taak waaraan 16 jaar lank 30 uitgelese manne in meerdere of mindere mate meegewerk het — en met spanning is die tasbare resultaat daarvan afgewag. Hierdie spanning het toegeneem toe die volgende berig op 26 April 1933 in *Die Burger* verskyn:

„Die eerste besending van 10,000 Afrikaanse Bybels kom op 29 Mei met die Carnarvon Castle uit Londen in Kaapstad aan. Na die aankoms van die eerste besending sal daar elke week 10,000 Bybels met die posboot uit Engeland aankom, totdat aan die vraag voldoen is.”

Maandag, 29 Mei 1933 het eindelijk aangebreek — die dag waarop die Afrikanervolk die volledige Woord van God in sy eie taal sou ontvang, en daarom seker die mees betekenisvolle datum in ons hele geskiedenis. 'n Paar kiste van die eerste lading is dadelik afgehaal en later in die dag in die plaaslike kantoor van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in teenwoordigheid van 'n aantal verteenwoordigende belangstellendes oopgemaak.

Ds. F. X. Roome, voorsitter van die plaaslike B.B.B.G.-bestuur, het die Afrikaanse Bybel amptelik in ontvangs geneem en o.m. gesê: „Vandag kan die Afrikaanse volk vir die eerste keer die Bybel in sy eie taal opneem en betas en aan sy hart druk. Dit is vir ons rede tot innige dankbaarheid.” Hy het die eerste eksemplaar oorhandig aan dr. E. E. van

Rooyen, wat dit namens die eindvertalers in ontvangs geneem en verklaar het dat hy die aankoms van die Bybel beskou van ewe groot betekenis as die stigting van ons volksplanting in 1652, want daardeur word 'n nuwe tydperk ingelui.

Eksemplare is verder oorhandig aan dr. N. J. v. d. Merwe (wat in 1916 die eerste stoot gegee het tot die vertaling), ds. C. W. M. du Toit (seun van die eerste Bybelvertaler, ds. S. J. du Toit), mnr. H. J. Otto (die groot dryfkrag tot skepping van die Bybelvertalingsfonds), ds. P. G. J. Meiring (redakteur van *Die Kerkbode*), dr. A. Dreyer (Argivaris van die N.G. Kerk) en o.m. ook biskop Lavis van Kaapstad.

Op spesiale versoek van die redaksie het 'n aantal persone hulle in *Die Burger* van dieselfde datum uitgespreek oor die heuglike gebeurtenis. Die volgende is enkele aanhalings uit wat hulle gesê het:

Dr. D. F. Malan:

„Die verskyning van die Afrikaanse Bybel beskou ek as verreweg die grootste gebeurtenis in die lewe van ons volk, sowel op kulturele as op godsdienstige gebied. Dit was 'n valse idee dat die volkstaal die Bybel sou verlaag. Ons sal nou die teenoorgestelde ondervind, nl. dat die Bybel die volkstaal verhoog.”

Dr. N. J. v. d. Merwe:

„Een van die dinge wat my as Afrikaner nog altyd 'n ongemaklike minderwaardigheidsgevoel gegee het, was die feit dat ek nie die Bybel in my eie taal besit het nie. Vandag verdwyn daardie gebrek en die Afrikaner sal dit nooit weer ondervind nie. Hierdie ligstraal verdryf baie van die newele

wat die laaste tyd so swaar op die geestelike gesigseinder van ons volkslewe lê.”

Prof. M. C. Botha:

„Die betekenis van 'n Afrikaanse Bybel vir die opbou van ons taal en kultuur kan nie oorskakel word nie. Die Bybel is die enigste boek ter wêreld wat deur oud en jonk, groot en klein, geleerd en ongeleerd, gelees word. Die wonderlike, onvergelyklike skoonheid van vorm en inhoud wat ons daarin aantref, is en word deur alle woordkunstenaars oor die hele wêreld erken, en maak dit tot die ‚Boek der Boeken‘ ook op letterkundige gebied.”

Prof. E. C. Picnaar:

„Met die verskyning van die Afrikaanse Bybel bereik ons nie alleen die allergrootste mylpaal in die geskiedenis van Afrikaans nie, sien ons nie alleen die hoogste ideaal van die Taalbeweging verwesenlik nie, word nie alleen die kroon gesit op die aanvoerder van die ou Genootskap van Regte Afrikaners nie, maar op hierdie gedenkwaardige dag word die Volksboek by uitnemendheid, en daarby die Boek by uitnemendheid van alle volke, nou eindelijk ook vir ons volk beskikbaar gestel in sy eie taal, en daarmee aan die eertyds veronregte kombuistaal ook die volle rang verleen van kultuurtaal.”

Oor die hele land is die koms van die Bybel met die grootste geesdrif begroet, en die bestellings het sulke afmetings aangeneem dat die hoofkantoor in Kaapstad nie kon voorbly met die uitvoering daarvan nie. So het die kerkraad van George b.v. 3000 eksemplare bestel, met die doel om aan elke kind in die gemeente 'n Bybel present te gee. Hierdie voorbeeld het op baie plekke navolging gevind onder

die besef dat so 'n gebeurtenis maar eenmaal in die lewe van 'n volk kan plaasvind, nl. die invoering van die Woord van God in die taal van die volk. Op sommige plekke is die kas Bybels deur groot getalle belangstellendes op die spoorwegstasie afgehaal en in feestelike optog na die kerk gebring, en op ander plekke is dit in teenwoordigheid van groot skares oopgemaak.

Maar reeds lank voor die aankoms van die Bybel is allerweë gevoel dat so 'n groot gebeurtenis deur die hele Afrikanervolk op een bepaalde dag plegtig gevier moes word. Ten einde geleentheid te gee aan elke gemeente in Suid-Afrika om vooraf soveel eksemplare moontlik in hande te hê, is ten slotte deur die Dagbestuur van die Gesamentlike Bybelvertalingskommissie die Sondag van 27 Aug. 1933 vasgestel as die dag waarop die Afrikaanse Bybel deur die hele land amptelik en feestelik aanvaar sou word as die Bybel van ons Kerk en ons Volk. Teen daardie datum sou daar reeds 80,000 eksemplare deur die land versprei wees.

In Bloemfontein het die groot sentrale Bybelfees plaasgevind, omdat hierdie plek die uitgangspunt en 16 jaar lank ook die brandpunt van die Bybelvertaling gevorm het. Hierdie luisterryke plegtigheid is bygewoon deur die vyf eindvertalers, al die lede van die Gesamentlike Kommissie, verteenwoordigers van al die Kerke sowel as van baie gemeentes in die land. Dit was 'n skare van 5000 wat hom in die ruime Marksaal — die grootste in Bloemfontein —

om die Bybel geskaar het onder leiding van dr. J. D. Kestell. Die Moderator van die Vrystaatse Kerk, ds. P. S. van Heerden, het die feesrede gehou.

„Welkom, Afrikaanse Bybel, en geluk, Afrikaanse volk, dat u nou die Bybel in Afrikaans besit,” het die spreker ontroerd uitgeroep. „Die Bybel is vir ons dierbaar om die geskiedenis van ons volk, want hierdie Boek was die krag van ons volk, en is vir ons nou dierbaarder om sy taal. In ons eie taal verneem ons nou die gedagtes van God, die hoogste openbaring van sy wil, en hoor ons die ewige geruis van sy wonderlike liefde. In hierdie Boek is ewige dieptes wat beantwoord aan die ewige behoeftes van die siel. Vir ons almal wil dit die groot Lig wees op ons lewenspad”¹⁰⁹⁾

In die namiddag het 'n ewe groot skare van jongmense en kinders in die Marksaal vergader onder leiding van dr. J. D. du Toit en is die woord gevoer deur ds. H. P. M. Steyn, sekretaris van die B.B.B.G. Hy het o.m. die verwagting uitgespreek dat voor die end van die jaar 150,000 Bybels in ons land versprei sou wees. Die verrigtinge is opgeluister deur gewyde orkesmusiek en koorsange van hoë gehalte.

In Pretoria het 'n ewe indrukwekkende Bybelfees plaasgevind. Twee reuse-optogte, bestaande uit die lede van die nege gemeentes van die drie Afrikaanse Kerke in die stad, het in die namiddag van die oostekant en die westekant op die Kerkplein

¹⁰⁹⁾ „Die Burger,” 28 Aug. 1935.

toegestroom en in 'n digte drom die hele plein volgestaan toe genl. Hertzog, vergesel van burgerlike en kerklike leiers, op die verhoog aangekom het. Aan die Eerste Minister is namens die Pretoriase gemeentes 'n eksemplaar van die Afrikaanse Bybel deur ds. C. Murray oorhandig, en hy het dit namens die Regering vir die volk in bewaring geneem en die hoop uitgespreek dat hierdie Bock vir ons volk in die toekoms, net soos in die verlede, tot vaste rigskoer sou dien in sy verdere ontwikkeling.

Ook aan prof. S. P. E. Boshoff, Direkteur van Onderwys, is 'n eksemplaar oorhandig. In sy toespraak het hy gewys op die belangrike rol wat die Bybel gespeel het in die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk, waarvan twee van die belangrikste bestanddele, nl. Geus en Hugenoot, onsterflik geword het in die geskiedenis vanweë hul stryd om die Bybel en die geloof.

In Kaapstad is die historiese ou Moederkerk in Adderleystraat daardie Sondagmiddag gevul deur lede van al die Skiereilandse gemeentes om, onder leiding van dr. J. P. van Heerden, getuie te wees van die feestelike intog van die Afrikaanse Bybel op die kansel wat die langste van almal vir Afrikaans gesluit gebly het. In hierdie historiese atmosfeer het die plegtigheid meer die karakter aangeneem van 'n weemoedige afskeid van die ou Statebybel.

„In 1704, 229 jaar gelede, is hierdie historiese Grootte Kerk ingewy, en sedertdien is die ou Statebybel op die kansel gebruik. Vandag kom ons

om langs die ou Hollandse Bybel aan ons eie Bybel 'n ereplaas te besorg" — het dr. Van Heerden verklaar.¹¹⁰⁾

Ook ds. P. G. J. Meiring het 'n blik in die verlede gewerp:

„Aan die verlede dink ons met weemoed, omdat ons afskeid neem van die ou Statevertaling wat meer as 300 jaar gelede verskyn het en nog maar 15 jaar oud was, toe Jan van Riebeeck daarmee aan Tafelbaastrand aan wal gestap het.

Van hier het dit ons voorgeslagte na die binneland vergesel. Presies honderd jaar gelede het die Voortrekkers daarmee oor die Grootrivier getrek, en daar in die wildernis was dit 'n lamp vir hul voet en 'n lig op hul pad.

En nou word die ou Hollandse Bybel vervang deur 'n ander Bybel. Ons staan nou aan die begin van 'n nuwe dag, en met vaste vertroue moet ons die toekoms tegemoet sien. Ons vertroue is egter ook op die nuwe Bybel, want dit spreek tot ons in ons eie moedertaal."¹¹⁰⁾

Prof. D. G. Malan het gesê: „Waar ons op die punt staan om afskeid te neem van die ou Hollandse Bybel, mag ons nie vergeel wat dit vir ons in die verlede beteken het nie. Die Calvinistiese geloofsoortuiging van ons volk het ons daaraan te danke."¹¹⁰⁾

Stellenbosch het sy Bybelfees uitgestel, sodat sy twee eindvertalers (wat aan die sentrale fees op Bloemfontein moes deelneem) aanwesig kon wees. Dit het toe op 9-10 Sept. 1933 plaasgevind en nog 'n derde eindvertaler, dr. J. D. du Toit, het daaraan

¹¹⁰⁾ „Die Burger," 28 Aug. 1933.

deelgeneem. 'n Spesiale feesprogram is vir die geleentheid gedruk, met 'n portret van die eindvertalers daarin en die Afrikaanse tekste van die Psalms en Gesange wat by die verskillende dienste gesing sou word.

Die Saterdagavond-plegtigheid het onder leiding van die S.V.R. gestaan, en by hierdie geleentheid het prof. Pienaar die woord gevoer oor „Die Bybel as Boek van Skoonheid,” terwyl prof. Du Toit op geestige wyse vertel het van die moeilikhede van die Afrikaanse Bybelvertaler, waarby hy Afrikaans deurgaans as „seun” voorgestel het:

„Ons het gemeen ons kan die seun maar aan homself oorlaat, en ons het hom nie skool toe gestuur nie. Toe ons dit eindelik gedoen het, het ons hom binne perke gestel; maar toe ons weer sien, was hy bo by B.A. en M.A. uit.

In die Kerk het ons hom ook teruggehou. Wanneer Sondags boeke gevat is, moes hy maar buite by die volkies bly; daarom kon hy geen Bybeltaal praat nie. Hulle het aan die seun gesê hy mag nie in die kerk sê jy en julle nie — dis lelik. As Petrus met die diensmeisie rusie maak, dan moet hulle vir mekaar behoorlik sê U.

En toe hy klaar is met die 2e persoon, keer hulle hom vas met die 1ste en 3de — ek en hom is mos plat woorde; en dan ken hy ook geen grammatika nie.

Omdat hy so baie met die volkies gespeel het, moes hy versigtig wees met sy woordkeuse in die kerk, b.v. met die as van die verbrande koeie in Numeri, want „verbrande koeie” is mos dié wat pla om oor die draad te spring.”¹¹¹⁾

By die Sondagviering, waaraan al die professore van die Kweekskool as sprekers deelgeneem het, was

¹¹¹⁾ „Die Burger,” 11 Sept. 1933.

die Bybel nogeens die hoofteema, terwyl die kinders in die namiddag in feestelike optog na die Nuwekerk gegaan en o.m. twee Kanselbybels aan die twee plaaslike leraars oorhandig het.

So het dan in die groot Bybeljaar 1933 oor die lengte en breedte van Suid-Afrika die allergrootste Kerk- en Bybelfees in ons geskiedenis plaasgevind; en met hierdie fees het die Afrikaanse taal — sestig jaar nadat Arnoldus Pannevis die eerste Afrikaanse Bybel-gedagte in S.A. uitgespreek het — ook sy hoogste triomf gevier.

22. *Afrikaanse Psalm- en Gesangberyming* (1933-1943)*

Met die amptelike aanvaarding van die Afrikaanse Bybel deur al die Afrikaanse Kerke het vanself ook die verafrikaansing van die kerklike sangbundel 'n dringende noodsaaklikheid geword, en daarby vanselfsprekend die Psalms, as metriese vertolking van die Bybelsalms, die eerste aan die orde gekom.

(a) PSALMBERYMING

Reeds in 1920 het dr. J. D. du Toit (Totius), in opdrag van die Sinode van die Geref. Kerk, 'n aanvang gemaak met die beryming van die Psalms in Afrikaans, die eerste resultaat waarvan in 1923 verskyn het onder die titel: *36 Psalme in*

* Wat hier volg, is geen volledige geskiedenis van die Psalm- en Gesangeberyming nie, maar 'n beknopte samevatting van die historiese verloop daarvan.

Afrikaans, berym deur Totius; musiek bewerk deur F. W. Jannasch. Sedertdien is sy tyd egter sodanig in beslag geneem deur die Bybelvertaling dat die Psalmberyming voorlopig agterweë moes bly. Na voltooiing van die eerste het Totius in 1933 van sy Sinode 'n jaar verlof gekry om hom uitsluitend aan die Psalmberyming te kan wy, 'n taak waarvoor hy in besondere mate toegerus was deur sy voorafgaande vertaling van die Bybelsalms sowel as deur sy digterlike aanleg.

Die verskillende Afrikaanse Kerke het egter nou ook die noodsaaklikheid gevoel om samewerking te verkry wat die kerklike sangbundel betref, en na heelwat onderhandeling is eindelik in 1934 ooreengekom om Totius se beryming (wat toe reeds in vry gevorderde stadium verkeer het) as basis vir die gesamentlike Kerksangbundel te aanvaar, onderhewig aan keuring en goedkeuring van 'n gesamentlike revisiekommissie.

Terselfdertyd is teen die end van 1934 die hulp ingeroep van letterkundige adviseurs, met die doel om die beryming van Totius en ander ingekome tekste te beoordeel en te rapporteer insake die taal- en letterkundige sowel as algemeen estetiese gehalte daarvan. Vir hierdie doel is aangewys prof. G. Dekker (Potchefstroom) vir die Geref. Kerk, prof. E. C. Pienaar (Stellenbosch) vir die Ned. Ger. Kerk, en mnr. A. J. Coetzee (Witwatersrand) vir die Herv. Kerk.

Vroeg in 1935 is deur die literatore breedvoerige

skriftelike rapporte uitgebring oor die teks van 75 Psalms, waarin ook emendasies aan die hand gedoen is. Betreffende die basis van beoordeling het prof. Dekker hom as volg uitgespreek:

„By my beoordeling het ek uitgegaan van die standpunt dat 'n Psalmberyming, bedoel vir kerkgesang, vir die huisgesin, onderlinge samekomste en vir individuele stigting en troos, 'n ander karakter moet dra, aan ander vereistes moet voldoen, as suiwer persoonlike lirick. Dit moet veral aan die volgende vereistes voldoen:

- (a) Dit moet die ontroerde vertolking wees, nie slegs 'n berymde weergawe van die gedagte-inhoud nie, van die onberymde psalm.
- (b) Dit moet die gees, toon, stemming van die oorspronklike psalm vertolk.
- (c) Aangesien dit vir die gemeente bedoel is, moet dit bevatlik wees.
- (d) Aangesien dit die vertolking van die religieuse ontroering en van die geloof van die singende gemeente is, moet dit in sekere sin volksang wees: dit moet nie individualisties van taal, beeld of ritme wees nie.
- (e) Dit moet beantwoord aan die doel om gesing te word.”

Prof. Pienaar het na aanleiding van die gelewerde teks opgemerk:

„Ek besef volkome dat die basis van 'n Afr. Psalmberyming, sowel op grond van 'n langgevestigde tradisie in ons openbare erediens as van die bestaande en in menige geval geliefde toonsettings, voorlopig geen ander kon wees as die Ned. beryming nie.

Maar net soos ons Bybelvertalers gaandeweg hul oorspronklike uitgangspunt van *verafrikaansing* van die Statevertaling moes prysgee om ten slotte uit die grondteks te vertaal, sal ook die ideaal van 'n *suiwer Afrikaanse* sangbundel (as dit nie net 'n rymbundel wil wees nie, maar terselfdertyd ook 'n religieus-geïnspireerde kunstvertolking) nie bereik word langs die weg van *verafrikaansing* van die Ned. beryming of aanpassing by bestaande melodieë nie, maar alleen deur 'n *oorspronklike* versifikasie van ons eie prosateks en 'n oorspronklike toonsetting daarvan. Wat natuurlik nie die behoud van sommige besonder mooi melodieë hoef uit te sluit nie

Ons Psalmberymers, sy dit bewus of onbewus, skyn van die standpunt uit te gaan dat niks hier deug *wat nie rym nie*, of daarmee nou ook al die Afrikaanse taalstruktuur geweld aangedoen word, dan wel of dit geskied ten koste van natuur en waarheid en frisheid en skoonheid. So word die poësie van menige Dawid-psalm hier dikwels verongeluk enkel en alleen deur die rym. Daar is besonder gelukkige vondste te boekstaaf, soos b.v. Ps. 19 en 65, maar oor die algemeen gesproke, is die Afrikaanse Psalmberyming tot dusver nie veel meer nie as net 'n *beryming*."

In Mei 1935 het verteenwoordigers van die verskillende Kerke op De Aar vergader, waar ook bogenoemde twee literatore aanwesig was, om na aanleiding van bovermelde rapporte te beraadslaag oor die verdere prosedure insake voortsetting en voltooiing van die werk. Op hierdie vergadering is o.m. 'n vaste Revisie-Kommissie benoem, bestaande uit ds. P. B. Ackermann, dr. G. B. A. Gerdener, ds. P. H. van Huyssteen (vir die N.G. Kerke), ds. J. V. Coetzee (vir die Geref. Kerk), ds. J. G. M. Dreyer (vir die Ned. Herv. Kerk), die literatore

prof. dr. E. C. Pienaar, prof. dr. G. Dekker en prof. dr. J. D. du Toit (Totius) as *ex-officio*-lid.¹¹²⁾

Teen die end van Junie 1935 het die literatore oor die resterende teks gerapporteer, waarop die Revisie-Kommissie in Julie op Pretoria vergader het en nogeens in Oktober in Kaapstad, waar die werk sodanige voortgang gemaak het dat die afgewerkte manuskrip begin 1936 in hande van die drukkers gestel kon word. Eindelik het in Julie 1937 by die Nasionale Pers verskyn *Die Berymde PSALMS* (uitgegee deur die S.A. Bybelvereniging, Kaapstad).

Die Reviseurs sê in hul voorwoord o.m.:

„Die Kommissie van Reviseurs het, onder die besef van sy groot verantwoordelikheid en die belangrikheid van sy opdrag, sy taak ernstig opgevat, die berymings vers vir vers en reël vir reël baie noukeurig nagegaan en meermale ingrypende wysigings voorgestel in die teks wat aan hom voorgelê is.

Die Revisiekommissie wil sy waardering boekstaaf van die groot arbeid van Totius en sy dank uitspreek vir die hartlike samewerking met die Kommissie in hierdie saak, asook vir die vriendelike bereidwilligheid om so gunstig te reageer op voorgestelde emendasies.

Bowenal wens hy God te dank vir die besondere gawe en krag aan hom verleen om aan ons op so verhewe wyse die onsterflike Psalms in ons eie taal te vertolk.”

Totius self sê in sy voorwoord:

„'n Voorreg, groter as wat ek in woorde kan uitdruk, het my te beurt geval deurdat die Afrikaanssprekende Kerke, wat voortaan ook Afrikaanssingende Kerke sal wees, 'n

¹¹²⁾ „Notule van vergadering van die Gesamentlike Kommissie vir Psalmberyming gehou op De Aar, 23-24 Mei 1935.”

ritmiese bewerking van die Psalms uit my hande aanvaar het en dit vir kerklike gebruik geyk het.

Allereers aan God die dank wat my in staat gestel het om die werk te voltooi waarmee in 1920 'n begin gemaak is. Ek besef dat dit van die Here gekom het. Daarom is daar vir mense niks om te roem nie."

En die Musiekkommissie verklaar o.m.:

„Ons bied nou die Kerke 'n Psalmboek aan waarin die mees bekende wysies behou is en slegs die minder bekendes vervang is deur ander. Sommige van die melodieë is oorspronklike komposisies — die meeste daarvan van Afrikaanse komponiste — terwyl ander weer gekies is uit bestaande kerklieberbundels."

Hierdie Psalmbundel is deur die Gereformeerde Kerk feestelik ontvang en sedertdien daar in gebruik. Daarin kom ook voor „*Die Drie Formuliere van Enigheid en die Liturgie*, in Afrikaans vertaal deur die Bybelvertalers, in opdrag van die Gesamentlike Kommissie verteenwoordigende die drie Hollandse Kerke in Suid-Afrika."

(b) GESANGBERYMING

Met die Gesangberyming het dit minder voorspoedig gegaan, eensdeels deurdat die ervare dienste van 'n man soos Totius hier nie beskikbaar was nie en anderdeels deurdat daar telkens moeilikhede ontstaan het met die Hervormde Kerk, waardeur die voltooiing van die werk baie vertraag is.

Langenhoven was die eerste om 'n Afrikaanse bewerking van ons Kerkgesange te onderneem, 'n dertigtal waarvan in 1922 by die Nasionale Pers verskyn het onder die titel *Gesange in Afrikaans*.

Daarna het in 1924 by Brandt & Zoon in Amsterdam verskyn *Proewe van oorsetting van die Gesange-Bundel in Afrikaans*, deur J. F. E. Celliers, P. L. Louw en G. B. A. Gerdener, waarin 35 van die mees bekende Gesange voorkom. Dit was egter private ondernemings wat geen kerklike sanksie geniet het nie en daarom feitlik onopgemerk gebly het.

Die kerklike belangstelling vir hierdie saak het eers in 1924 ontwaak, toe die Kaapse Sinode aan die S.A. Bybelvereniging opdrag gegee het om 'n nuwe sangbundel in Afrikaans uit te gee, veral met die oog op die jeug, waarin behalwe liedere ook die mees bekende Psalms en Gesange opgeneem moes word. Die ander N.G. Kerke het hulle hierby aangesluit, en so is eindelik in 1928 'n Proefliederbundel deur die S.A.B.V. uitgegee, met 28 Psalms van Totius, 12 Gesange en 62 liedere, wat minder gunstig ontvang is.

Daarna het dr. G. B. A. Gerdener hom, in opdrag van die S.A.B.V., ses maande lank uitsluitend aan hierdie werk gewy, met die resultaat dat in 1931 'n tentatiewe uitgawe van *Die Nuwe Halleluja* kon verskyn, bevattende 75 Psalms, 100 Gesange en 230 liedere. Die Psalms was uit die pen van Totius, die Gesange en liedere hoofsaaklik die werk van Gerdener. Hierdie bundel (wat herhaaldelik herdruk, verbeter en uitgebrei is) was bedoel as „die vorming van 'n brug na 'n uiteindelijke, deur die Gefedereerde N.G. Kerke goedgekeurde, Gesangboek wat al die Psalms en Gesange sal bevat, en daarby

nog 'n ruim aantal Liedere, wat die leemtes in die bestaande bundel sal aanvul." ¹¹³⁾

Na voltooiing van die Psalmbundel is eindelijk in alle erns 'n aanvang gemaak met die Gesangberyming. Hieraan het die Geref. Kerk nie meegewerk nie, omdat soos bekend die Evangeliese Gesange nie by hierdie Kerk in gebruik is nie. Die werk sou dus nou alleen deur die N.G. Kerke en die N.H. Kerk voortgesit word.

In Sept. 1936 het die eerste vergadering in Kaapstad plaasgevind, bygewoon deur ds. P. B. Ackermann, dr. G. B. A. Gerdner, prof. B. B. Keet, prof. E. C. Pienaar, ds. P. H. van Huyssteen (vir die N.G. Kerke), dii. J. G. M. Dreyer, T. F. J. Dreyer en dr. Tj. Buning (vir die N.H. Kerk). Hier is 'n begin gemaak met hersiening van die 100 Gesange van die Nuwe Halleluja-teks, en verder 'n subkommissie benoem om die resterende 92 Gesange te bewerk om aan die volgende vergadering van die gesamentlike Revisie-Kommissie voorgelê te word. Prof. Pienaar het van sy Universiteit spesiale verlof gekry gedurende die eerste helfte van 1937 om saam met ds. Ackermann hierdie aanvoerwerk te onderneem.

In Julie 1937 het die tweede vergadering van die Kommissie van Reviseurs aan die Strand plaasgevind, waar die verteenwoordigers van die Hervormde Kerk egter nie opgedaag het nie ingevolge 'n sinodale besluit van genoemde Kerk (Mei 1937) „om die

¹¹³⁾ Voorwoord van die hoofvertaler.

samewerking met die Ned. Ger. Kerke insake die Gesangberyming voorlopig op te skort," luidens 'n skrywe van 28 Junie 1937 aan die S.A.B.V. Dit het geskied om redes wat tot eindelose korrespondensie aanleiding sou gee en wat derhalwe hier buite bespreking gelaat kan word. Die verteenwoordigers van die N.G. Kerke, bestaande uit prof. B. B. Keet, prof. E. C. Pienaar, ds. P. B. Ackermann, ds. E. G. Malherbe (Kaapse Kerk), dr. G. B. A. Gerdener (Transvaalse Kerk) en ds. P. H. van Huyssteen (Vrystaatse Kerk), het daarop besluit om met die werk voort te gaan.

As gevolg van samesprekings wat in die loop van die Eeufeesjaar tussen beide partye gevoer is, het samewerking weer tot stand gekom, waarop 'n reeks gesamentlike vergaderings van Reviseurs gevolg het op Bloemfontein (Febr. 1939), Oos-Londen (Julie 1939), Bloemfontein (Jan. 1940) en Gordonsbaai (Julie 1940), waar die werk eindelik finaal afgehandel is. Op hierdie slotvergadering was aanwesig: Ds. Ackermann en prof. Pienaar (Kaapse Kerk), dii. D. F. de Beer en R. J. Feenstra (Transvaalse Kerk), ds. P. H. van Huyssteen (Vrystaatse Kerk), dii. J. G. M. en T. F. J. Dreyer en prof. B. Gemser (Hervormde Kerk).

Heelwat van die ou Gesange wat minder bekend en tipies Nederlands van aard was, is ten slotte geskrap en vervang deur bewerkings uit die Nederlandse Vervolgbundel sowel as oorspronklike tekste van verskillende persone, terwyl op grond van

dringende noodsaak om die manuskrip so spoedig moontlik vir die pers gereed te kry, afgesien is van die insluiting van klassieke liedere ter aanvulling van sekere rubrieke.

Die uitgawe van die gesamentlike Psalm- en Gesangbundel is egter ten slotte weer vertraag deur geskilpunte insake auteurs- en uitgewersregte, en eers in Nov. 1942 kon die finale manuskrip aan die drukkers oorhandig word, nadat dit deur ds. P. H. van Huyssteen en prof. B. Gemser persklaar gemaak en deur prof. E. C. Pienaar gekontroleer was.

Op 15 Okt. 1942 het nog 'n laaste spoedvergadering op Pretoria plaasgevind om sekere deur prof. Pienaar voorgestelde emendasies te oorweeg. Kort voor hierdie vergadering is ds. P. B. Ackermann oorlede en kort daarna ds. P. H. van Huyssteen, waardeur die Kommissie van Reviseurs twee van sy getrouste lede verloor het. Van laasgenoemde is onder datum 6/11/1942 die volgende skrywe ontvang:

„Hierby stuur ek u die *absoluut* finale emendasies aangebring te Pretoria op 15/10/1942.

Wat my aangaan, sal dit my laaste woord wees, soos dit my voorkom. Ek het met soveel blydschap uitgesien na die verskyning van die Bock. Ackermann is daar nie meer nie. Ek lê weer in die bed, en my geneeshere het my gewaarsku dat my toestand baie kritiek is — daaraan onderwerp ek my as dit Gods wil is om my te neem en voel dankbaar dat ons vandag aan hierdie taak, waaraan soveel tyd en kragte bestee is, 'Finis' kan skrywe.

Dankie, broers, vir soete ure van vriendelike samewerking. Mag die Here vergewe waar dit nie altyd so mooi geloop

het nie, en mag Hy dit alles in genade toedek en die Gesangboek tot seën maak vir die volk in die toekoms en gebruik as 'n hulpmiddel om sy diepste godsdienstige gewaarwordings aan die voete van onse Here uit te stort.

Ek groet ul Vir julle vrede!"

Van die aanvang af, toe met die interkerklike taak van Psalmberyming begin is, het P. B. Ackermann as voorsitter en P. H. van Huyssteen as scriba van die Revisie-Kommissie opgetree, en dis my 'n behoefte om hier ten besluite my persoonlike waardering te boekstaaf vir die jarelange troue dienste wat hierdie twee toegewyde werkers aan die groot taak, veral van die Gesangberyming, bewys het. Hulle mog die voorreg nie smaak om die vrug van hul werk in druk te sien verskyn nie. Maar as die Gesangboek, die uitgawe waarvan deur die Nasionale Pers onderneem word, volgens verwagting teen die end van 1943 verskyn, sal dit die kroon op hul arbeid wees.

En daarmee sal ook die triomf van Afrikaans, wat die Kerk betref, volledig wees.

Stellenbosch,

Maart—Desember 1942.

